

**'n Gestruktureerde regsgefundeerde metodologie vir die
inkomste-kapitaal riglyne en verwante subjektiwiteits-
vraagstukke in die Suid-Afrikaanse inkomstebelastingreg**

Leon Swanepoel



**Proefskrif ingelewer vir die graad Doktor in die Filosofie
aan die Universiteit van Stellenbosch**

Promotor: Prof J.A. Matthee

Datum van inlewering: Maart 2002

HOOFSTUK 9

RIGLYNE: INKOMSTE- OF KAPITALE AARD VAN ONTVANGSTE

1	INLEIDING.....	270
2	GRONDSLAG VAN INKOMSTEBELASTINGWET	272
	2.1 Inleiding	272
	2.2 Wye terme	273
	2.3 Riglyne deur howe.....	274
	2.4 Statutêre en gemeenregtelike inkomste.....	276
	2.5 Objektiewe en subjektiewe riglyne	276
3	BRON OF ONTSTAANSREDE VAN ONTVANGSTE	277
	3.1 Inleiding	277
	3.2 Klassifikasie van aktiwiteite	279
	3.3 Transaksie-gebaseerde riglyne.....	280
	3.4 Ontleding en gevolgtrekking	281
4	OBJEKTIEWE INKOMSTE-RIGLYN	283
	4.1 Produktiewe aanwending van kapitaal	283
	4.1.1 Inleiding	283
	4.1.2 Verband tussen ontvangste en aktiwiteit.....	286
	4.1.3 Regsaard van onderliggende transaksie.....	288
	4.2 Standpunte van skrywers	289
	4.3 Meervoudige objektiewe riglyne.....	292
	4.3.1 Inleiding	292
	4.3.2 Aard van ontvangste	292
	4.3.3 Aard van bate.....	294
	4.3.3.1 Inleiding	294
	4.3.3.2 <i>Fructus</i>	295
	4.3.3.3 Vaste en bedryfskapitaal	296
	4.3.4 Metode van vervreemding	297
	4.3.5 Funksie van transaksie.....	298
	4.3.6 Regsaard van transaksie.....	299
	4.4 Ontleding en gevolgtrekking	299
	4.4.1 Inleiding	299
	4.4.2 Inhoud en trefwydte.....	301
	4.4.3 "Produktiewe aanwending"-vereiste.....	301
	4.4.4 Realisering van bate.....	302
	4.4.5 Realisering en aflossing van finansiële instrumente	305

5	BESIGHEID-RIGLYN	308
5.1	Inleiding	308
5.2	Formulering van besigheid-riglyn	310
5.3	Bedryf van besigheid	312
5.3.1	Inleiding	312
5.3.2	Algemene eienskappe	313
5.3.2.1	Gewone ervaring en ondervinding van mense	313
5.3.2.2	Kontinuiteit	315
5.3.2.3	Doelgerigte aktiwiteit	317
5.3.2.4	Vasgestelde middele	317
5.3.2.5	Kommersiële beginsels	319
5.3.2.6	Omvang van aktiwiteite	321
5.3.3	Ontleding en gevolgtrekking	322
5.4	Trefwydte van besigheid	324
5.4.1	Algemeen	324
5.4.2	Ontleding en gevolgtrekking	325
5.5	Winsmaak-doel	329
6	"BESIGHEIDSBEDRYWIGHEID IN UITVOERING VAN WINSBEJAGSKEMA"-RIGLYN.....	333
6.1	Inleiding	333
6.2	Transaksie in bedryf van besigheid	335
6.3	Selfstandige riglyn	336
6.4	Besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema	338
6.4.1	Inleiding	338
6.4.2	Besigheidsbedrywigheid	339
6.4.3	Winsbejagskema	342
6.4.4	Kritiese evaluering	348
6.5	Ontleding en gevolgtrekking	353
6.5.1	Besigheidsbedrywigheid	354
6.5.2	Winsbejagskema	355
7	SUBJEKTIEWE INGESTELDHEID VAN BELASTINGPLIGTIGE	357
7.1	Inleiding	357
7.2	Oorsprong in Suid-Afrikaanse regspraak	360
7.2.1	Inleiding	360
7.2.2	Regspraak	361
7.3	Ontleding en gevolgtrekking	368
8	"VASTE TEENoor BEDRYFSKAPITAAL"-RIGLYN	370
8.1	Inleiding	370
8.2	"Bedryf van besigheid"-voorvereiste	372
8.3	Eienskappe van die "vaste teenoor bedryfskapitaal"-riglyn	374
8.4	Subjektiewe ingesteldheid	375

8.5	Funksie van die "vaste teenoor bedryfskapitaal"-riglyn	376
8.5.1	Aard en omvang van besigheidsaktiwiteite	377
8.5.2	Skadevergoeding vir verlies van of beskadiging van bate	378
8.6	"Vaste teenoor bedryfskapitaal"-riglyn as primêre maatstaf.....	378
8.7	Ontleding en gevolgtrekking	379
9	SUBSTITUSIE-RIGLYN	381
9.1	Algemeen.....	381
9.2	Essensiële elemente	383
9.3	Funksie van plaasvervangende bedrag	384
9.4	Werklike aard van vervangende bate of bedrag	385
9.5	Substansiële deel van inkomste-produiserende struktuur	388
9.6	Vervreemding van reg op inkomste	390
9.6.1	Inleiding	390
9.6.2	Bron van inkomstestroom.....	391
9.6.3	Kousaliteit	393
9.6.4	Regs- en ekonomiese benadering	394
9.6.5	<i>Quid pro quo</i> van belastingpligtige	395
9.6.6	Produktiewe aanwending van kapitaal.....	395
9.6.7	Ontleding en gevolgtrekking	396
9.7	Subjektiewe ingesteldheid	397
10	SAMEVATTING	399
10.1	Bron-riglyn.....	399
10.2	Objektiewe inkomste-riglyn	400
10.3	Besigheid-riglyn	400
10.4	"Besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn	400
10.5	"Vaste teenoor bedryfskapitaal"-riglyn.....	401
10.6	Substitusie-riglyn	402

1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk sal aandag gegee word aan die inkomste- of kapitale aard van ontvangste of toevallings.¹ Daar sal in besonderhede

- i) ondersoek ingestel word na die uitgangspunte wat ten grondslag lê van die onderskeid tussen ontvangste van 'n inkomste- en van 'n kapitale aard;

¹ Daar sal verder in hierdie studie slegs na ontvangste verwys word, tensy dit vir doeleindes van bereiding noodsaaklik is om die onderskeid tussen die begrippe "ontvangste" en "toevallings" te beklemtoon.

- ii) probeer word om die riglyne of toetse² wat die howe in Suid-Afrika geformuleer het om 'n onderskeid tussen ontvangste van 'n inkomste- en van 'n kapitale aard te maak, te identifiseer en krities te evalueer;³
- iii) probeer word om die inkomste-kapitaal-riglyne in Nieu-Seeland en Australië te vergelyk met die Suid-Afrikaanse riglyne en relevante raakpunte te identifiseer; en
- iv) aandag gegee word aan die rol wat die subjektiewe ingesteldheid⁴ van die belastingpligtige in die toepassing van die geïdentifiseerde riglyne speel.

In hierdie hoofstuk sal verder probeer word om na oorweging van die relevante regspraak groter regsekerheid oor die volgende aspekte te verkry:

- i) die aard, inhoud en trefwydte van die verskillende riglyne wat die howe geformuleer het om vas te stel of ontvangste van "n inkomste- of kapitale aard is; en
- ii) die maatstawwe wat die howe geformuleer het deur na die kenmerke en eienskappe te verwys wat eiesoortig is aan die tipiese omstandighede wat daarop sal dui dat die riglyne wel bestaan.

Die oorkoepelende doel van dié hoofstuk is om 'n grondslag daar te stel waarvolgens 'n samehangende metodologie geformuleer kan word wat deur belastingpraktisyns aangewend kan word om op 'n logiese en konsekwente wyse die riglyne toe te pas wat die howe geformuleer het om die inkomste- of kapitale aard van ontvangste te bepaal.⁵

² In *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271 279 maak ar Smalberger die vig opm oor die aard van die verskillende toetse wat bestaan om die aard van ontvangste te bepaal: "There are a variety of tests for determining whether or not a particular receipt is one of a revenue or capital nature. They are laid down as guidelines only - there being no single infallible test of invariable apation." In die lig van hierdie beslissing van ar Smalberger sal primer in hierdie studie na "riglyne", en nie "toetse" nie, verwys word. Die howe en skrywers is egter geneig om sodanige riglyne as toetse te beskryf. Waar die begrip "toets" wel gebruik word, word dit as 'n sinoniem vir "riglyn" gebruik.

³ Nieteenstaande die uitgangspunt van r Friedman in *ITC 1540* (1988) 51 SATC 70 76 dat 'n uitvoerige oorweging van die verskillende hofbeslissings en toetse waarin 'n onderskeid tussen ontvangste van 'n inkomste- en van 'n kapitale aard getref is tot groter probleme en onsekerheid aanleiding kan gee, word daar aan die hand gedoen dat sodanige bespreking wel tot groter regsekerheid aanleiding kan gee. R Friedman verwys na twee aspekte wat tot probleme aanleiding kan gee: (i) Die toetse is nie onveranderlike standarde wat universeel aangewend kan word nie. Dit moet ook nie beskou word as dieselfde as statutêre verordeninge nie. Die verskillende toetse is bloot riglyne om 'n moeilike probleem op te los. (ii) Nie al die riglyne sal tot dieselfde gevolg aanleiding gee nie, alhoewel dit so behoort te wees.

⁴ Daar word aan die hand gedoen dat dit om lg rede reeds noodsaaklik is om vas te stel wat die inhoud en aanwendingsveld van die riglyne is wat die howe geformuleer het om 'n meer presiese omskrywing te gee van die aard en omvang van die statutêre feitestel wat aanwesig moet wees voor die voorgeskrewe regsgevolge sal intree. Sien die bespreking in hfst 3 par 5.4. Dit is ook noodsaaklik om te bepaal of die riglyne oor 'n tyd ontwikkel het.

⁵ Sien hfst 11 waar dié metodologie uiteengesit word.

2 GRONDSLAG VAN INKOMSTEBELASTINGWET⁶

2.1 Inleiding

Daar word aan die hand gedoen dat een van die regsbeginsels⁷ waarop die *Inkomstebelastingwet* gebaseer is, is dat 'n persoon wat kapitaal besit en dit produktief aanwend, op die opbrengs daarvan belas moet word.⁸ Die wetgewer het 'n regsreël geformuleer waardeur aan hierdie regsbeginsel uiting gegee word. 'n Omskrywing van die begrip "bruto inkomste" is in die *Inkomstebelastingwet* opgeneem. "Bruto inkomste" word in die algemeen omskryf om alle bedrae in te sluit wat aan 'n persoon toeval of wat deur hom ontvang word, behalwe ontvangste "van 'n kapitale aard". Ontvangste van 'n kapitale aard word nie in totaal belas nie. 'n Sekere persentasie van die netto kapitaalwins ten opsigte van ontvangste van 'n kapitale aard word belas.⁹

Bogemelde regsreël kan as volg geformuleer word: 'n ontvangste wat van 'n kapitale aard is, sal nie as "bruto inkomste" belasbaar wees nie. Dit wil sê, indien sekere statutêre feite bestaan (die ontvangste is van 'n kapitale aard), tree sekere regsgevolge in (slegs 'n sekere persentasie van die netto kapitaalwins van sodanige ontvangste is belasbaar). Die teenoorgestelde is dat ontvangste wat nie van 'n kapitale aard is nie, by bruto inkomste ingesluit word.¹⁰

⁶. Inkomstebelastingwet 58 van 1962.

⁷. Sien hfst 3 par 2.4 waar 'n onderskeid getref word tussen die begrippe "regsreël" en "regsbeginsel".

⁸. In *CIR v King* 1947 2 SA 196 (A), 14 SATC 184 194 gee hr Watermeyer 'n aanduiding van die beginsels waarop die *Inkomstebelastingwet* 31 van 1941 gebaseer was: "The taxes imposed by the Act are intended to be taxes upon persons, assessed in various ways upon the amounts of their incomes and upon amounts which are deemed to be part of their incomes. Now income, in the ordinary sense of the word, is the product or fruit of a man's labour or of his capital or of both." Hierdie benadering is ook bevestig in *COT v Booyens Estates Ltd* 1918 AD 576, 32 SATC 1026. Sien ook Derksen *Benadering* 284.

⁹. Die inleidende par van die omskrywing van "bruto inkomste" in a 1 bepaal: "bruto inkomste", met betrekking tot 'n jaar of tydperk van aanslag en in die geval van enige persoon, die totale bedrag, hetsy in kontant of andersins, ontvang deur of toegeval aan of ten gunste van so 'n persoon gedurende bedoelde jaar of tydperk van aanslag uit 'n bron in die Republiek of geag in die Republiek te wees, met uitsluiting van ontvangste of toevallings van 'n kapitale aard ..." (Beklemtoning bygevoeg.) 'n Sekere persentasie van die netto kapitaalwins van 'n ontvangste van kapitale aard is ingevolge a 26A saamgelees met die Agste Bylae belasbaar.

¹⁰. Sien hfst 3 par 2.2 waar die aard van 'n regsreël ondersoek word. Daar word tot die gevolgtrekking gekom dat alle regsreëls in die alg bepaal of voorskryf dat indien 'n bepaalde feitestel bestaan, sekere gevolge sal intree. Sien ook Evans *Statutory Interpretation* 52; Derksen *Benadering* 36; Van Zyl en Van der Vyver *Regswetenskap* 274; Eckhoff *Guiding Standards* 207.

2.2 Wye terme

Voorgemelde regsreël vorm die basis van die heffing van inkomstebelasting in Suid-Afrika.¹¹ Dit is duidelik dat dié regsreël 'n onbepaalbare verskeidenheid omstandighede moet aanspreek, naamlik waar ontvangste van 'n kapitale aard sal wees. Die wetgewer is nie alwetend nie en kan nie alle moontlike toekomstige feitestelle voorsien wat deur dié regsreël aangespreek moet word nie. As oplossing vir dié probleem maak die wetgewer van wye terme in die formulering van die regsreël gebruik. Sodoende word probeer om onvoorsiene omstandighede binne die trefwydte van die regsreël te bring.¹² Die sinsnede "van 'n kapitale aard" wat in die omskrywing van die begrip "bruto inkomste" in die *Inkomstebelastingwet* gebruik word, kan as so 'n wye term beskou word. Dit dien ook geen doel om te probeer om 'n alomskrywende definisie van die frase "van 'n kapitale aard" te gee nie. Dieselfde beperkinge geld ten opsigte van die wetgewer se vermoë om sodanige definisie te formuleer.¹³

Die wye formulering van die regsreël wat in wese die grondslag van inkomstebelasting in

^{11.} Die uitdrukking "van 'n kapitale aard" is deel van die heffingsbepaling (omskrywing van "bruto inkomste" in a 1 saamgelees met a 5(1)) tov normale belasting en die algemene aftrekkingsbepaling (a 11) in die *Inkomstebelastingwet*. Die heffingsbepaling in die *Inkomstebelastingwet*, nl a 5(1), verwys na "belasbare inkomste". Die omskrywing van "bruto inkomste" in a 1 is derhalwe deel van die heffingsbepaling tov normale belasting in die *Inkomstebelastingwet*.

^{12.} Sien hfst 3 par 3.4 waar 'n uiteensetting gegee word van die gebruik en uitleg van wye terme in wetgewing.

^{13.} Hahlo en Kahn *Legal System* 179 bevestig dié standpunt: "A striking example is the exemption from income tax of 'receipts or accruals of a capital nature', without any legislative definition of this phrase." Ingram *Income Tax* 14 verwys ook na die "wide language" wat gebruik is om die begrip "inkomste" in die *Income Tax Act* 41 van 1917 te omskryf. In *COT v Booyens Estates Ltd* 1918 AD 576, 32 SATC 10 verwys hr Innes ook na die wye omskrywing van die begrip "income" in die *Inkomstebelastingwet* 28 van 1914. Hy sê op 25: "So that the section imposing a tax upon all incomes, read in the light of the wide definition of that word covers practically the whole ground." Sien ook *CIR v Goodrick* 1942 OPD 1, 12 SATC 279 304 waar r Van den Heever die vlg stelling maak: "When income tax was first levied in South Africa the definition of 'income' was rather bald and so sweeping, if taken according to its literal meaning, that the Legislature could not possibly have intended to use it in that sense. In ascertaining the meaning of the Legislature, therefore, our Courts invoked notions expressed in the English Acts to distinguish between moneys accruing upon the realisation of capital assets and true income within the contemplation of the Legislature." In die *Margo-verslag* par 12.10 word gesê: "It is noteworthy that, although the distinction between capital and income is of cardinal importance in the South African system of income tax, the Income Tax Act makes no attempt to define these concepts comprehensively. There was good reason for this omission, namely that the legislature recognized the limitations inherent in any definitions that might have been attempted in this area." Dieselfde benadering is deur die Engelse wetgewer gevolg. In *Van den Berghs Ltd v Clark (Inspector of Taxes)*, [1935] AC 431 438 verwys lord Macmillan na die versuim om sekere basiese terme in die *Income Tax Act* 1918 in Engeland te omskryf: "The Income Tax Act nowhere define 'income' any more than they define 'capital'; they describe sources of income and describe methods of computing income, but what constitutes income they discreetly refrain from saying. Nor do they define 'profits or gains'; why as for 'trade', the 'interpretation' section to the [Income tax 1918] only informs us, with a fine disregard of logic, that it 'includes every trade, manufacture, adventure or concern in the nature of trade'."

Suid-Afrika vorm, gee egter aanleiding tot vaagheid.¹⁴ Die betekenis van die sinsnede "van 'n kapitale aard" is vaag omdat

- i) die uitdrukking in 'n gegewe omstandigheid meer as een betekenis kan hê;¹⁵ en
- ii) die grense van die betekenis van die uitdrukking nie vasgelê is nie. Dit dui nie duidelik genoeg aan in welke omstandighede 'n ontvangste van 'n kapitale aard is nie.¹⁶

2.3 Riglyne deur howe

Die gebruik van wye terme in die formulering van 'n statutêre regsreël veroorsaak dat aansienlike diskresie aan die howe gedelegeer word om die omstandighede te identifiseer waarin die wye term van toepassing sal wees.¹⁷ Daar word aan die hand gedoen dat die diskresie om die betekenis van die woorde "van 'n kapitale aard" vas te stel en dit spesifiek op 'n unieke en konkrete feitestel toe te pas, deur die wetgewer in Suid-Afrika aan die howe gedelegeer is.¹⁸

¹⁴. In *Lace Proprietary Mines Ltd v CIR* 1938 AD 267, 9 SATC 349 358 verwys hr Stratford na die omskrywing van "bruto inkomste" en maak die vlg opm: "So that, admitting the fact of the accrual, the enquiry is whether it is an income accrual or a capital accrual and, except for the admonition that accruals must fall into one category or the other, the definition is of no assistance whatsoever."

¹⁵. Sien die verskillende betekenis wat gegee is aan die frase "van 'n kapitale aard" in *CIR v Jacobsohn* 1923 CPD 221 227 en *CIR v George Forest Timber Co Ltd* 1924 AD 516, 1 SATC 20. In die *Jacobsohn*-beslissing gee r Van Zyl in oorweging dat die sinsnede "van 'n kapitale aard" nie tot vaste kapitaal beperk behoort te word nie. Hy huldig die mening dat die betekenis van dié frase omvattend is. Dit behoort vaste sowel as bedryfskapitaal in te sluit. In die *George Forest Timber*-beslissing bevind hr Innes dat die betekenis van die sinsnede "van 'n kapitale aard" nie so omvattend is dat dit bedryfskapitaal ook insluit nie. Vlg hom moet die betekenis van die frase "van 'n kapitale aard" uitsluitlik tot vaste kapitaal beperk word. Sien hfst 4 vir 'n meer volledige bespreking van die verskillende betekenis wat die howe in die Suid-Afrikaanse reg aan bg frase gee.

¹⁶. Selfs nadat die kernbetekenis van die uitdrukking vasgestel is, nl dat dit op vaste kapitaal dui, was dit vir die howe nodig om riglyne neer te lê om die grense van dié betekenis vas te stel. In *Rand Speculation and Finance Co Ltd v CIR* 1953 1 SA 348 (A), 18 SATC 325 333 verwys hr Centlivres ook na die probleem wat die howe het om sinsnedes soos "van 'n kapitale aard" uit te lê. Hy gee die vlg in oorweging: "It is in some cases an extremely difficult question as is evidenced by those cases in which there has been an acute difference of judicial opinion. The difficulty is occasioned by the fact that there is no statutory definition of the words 'of a capital nature'." Daar word egter aan die hand gedoen dat 'n statutêre definisie van dié frase nie die probleem sou opgelos het nie. Sien hfst 3 par 3.3 waar aandag gegee word aan die beperkings wat die wetgewer se vermoë beïnvloed om alomvattende regsreëls te formuleer.

¹⁷. Sien hfst 3 par 4.4 waar aandag geskenk word aan die kreatiewe funksie van die howe by die uitleg van wye terme. Sien ook *JH Bean (His Majesty's Inspector of Taxes) v Doncaster Amalgamated Collieries Ltd* [1942] 2 All ER 279 282 waar die hof in die konteks van die onderskeid tussen ontvangste van 'n inkomste- en van 'n kapitale aard na OW Holmes verwys: "As Mr Justice O. W. Homes said so often, it is the business of the courts to decide on which side of the line the particular case must be placed; with the result that the penumbra is always shrinking in width as the law draws the line more and more clearly."

¹⁸. In *Crowe v CIR* 1930 AD 122, 4 SATC 133 142 bevestig ar Wessels in die minderheidsuitspraak die

Die betekenisvasstellingsproses ten opsigte van wye terme het tot gevolg dat howe in opeenvolgende uitsprake bepaalde riglyne formuleer wat aangewend kan word by die toepassing van die regsreël wat die wye term bevat. Hierdie riglyne sou andersins aanvanklik deur die wetgewer geformuleer moet gewees het.¹⁹ Die Suid-Afrikaanse howe het riglyne neergelê waarvolgens vasgestel kan word of 'n ontvangste in bepaalde omstandighede belasbaar is of nie. Hierdie riglyne hou nie alleen verband met die betekenis van die sinsnede "van 'n kapitale aard" nie, maar gee ook 'n aanduiding van die omstandighede waarin 'n ontvangste van 'n inkomste-aard, en belasbaar, sal wees.²⁰ Die howe oefen hulle regterlike diskresie uit deur hierdie riglyne aan te wend.²¹

standpunt dat die howe uitsluitel moet gee oor die betekenis van die sinsnede "van 'n kapitale aard". Hy maak die vlg stelling: "If the economic meaning of income and capital were taken, then the one excluded the other. Income was what capital produced. It was a misnomer to speak of receipts of a capital nature, yet these were the words used in the statutory definition of gross income, and the Court had to give some meaning to them." Sien ook *Rand Speculation and Finance Co Ltd v CIR* 1953 1 SA 348 (A), 18 SATC 325 333 waar hr Centlivres in die konteks van onkoste as volg beslis: "In these circumstances, the facts not being in dispute, it becomes the duty of this Court to determine whether that expenditure is or is not of a capital nature." In *Lace Proprietary Mines Ltd v CIR* 1938 AD 267, 9 SATC 349 358 verwys hr Stratford na die riglyne wat die howe neerlê om die omskrywing van "bruto inkomste" uit te lê: "So that, admitting the fact of the accrual, the enquiry is whether it is an income accrual or a capital accrual and, except for the admonition that accruals must fall into one category or the other, the definition is of no assistance whatsoever. For guidance we must go back to what has been said in Booyens's case and subsequent cases." Sien ook *Constantia Heights (Pty) Ltd v SIR* 1979 3 SA 768 (A), 41 SATC 77 84.

- ¹⁹. Sien hfst 3 par 4 waar die proses van riglynformulering deur die howe ondersoek word. Sien ook Devenish *Interpretation* 14; Bennion *Statute Law* 143; Du Plessis *Statutes* 143; Labuschagne 1983 *THRHR* 433; Devenish *Interpretation* 6. In die Australiese saak *Premier Automatic Ticket Issuers Ltd v FCP* (1933) 50 CLR 268 sê *judge* Dixon dat die riglyne wat die howe formuleer in werklikheid 'n wye algemene stelling is wat nie 'n omskrywing van die begrip "inkomste" is nie, maar eerder beskou kan word as 'n verduideliking van die onderliggende beginsel. Hy sê op 298 die vlg: "The criterion ... was formulated by the courts in the absence of any statutory direction upon the way in which capital profits may be distinguished from income profits. So far as it lacks precision or is uncertain in its application, the cause is to be found in the powerlessness of the courts to do more than state a wide general proposition and to apply it as each case arose. The statement of the proposition was not a definition, but rather an explanation of principle."
- ²⁰. Sien in *COT v Booyens Estates Ltd* 1918 AD 576, 32 SATC 10 25 waar die vlg riglyne geformuleer is om tussen ontvangste van 'n inkomste- en van 'n kapitale aard te onderskei: "In a transaction of this nature, therefore, where profit has undoubtedly resulted from the disposal of the company's assets, we have to enquire whether profit has resulted from the productive use of capital employed to earn it, or whether it has resulted from the realization of capital at an enhanced value. In the former case it falls within the definition of income, and was rightly assessed; in the latter it remains capital, and is not liable to duty." In *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271 279 wys die hof daarop dat daar 'n verskeidenheid riglyne is: "There are a variety of tests for determining whether or not a particular receipt is one of a revenue or capital nature."
- ²¹. In *Setsokosane Busdiens (Edms) Bpk v Voorsitter, Nasionale Vervoerkommissie* 1986 2 SA 57 (A) 74-75 gee ar Boshoff die vlg uiteensetting van die begrip "regterlike diskresie": "Die woord 'diskresie' dui op die afwesigheid van enige vaste reël. Indien daar 'n vaste reël sou bestaan sou daar geen sprake van 'n diskresie kan wees nie. 'n Regterlike diskresie is 'n diskresie wat volgens erkende regsreëls en praktykreëls en op geregtelike gronde, nie om wispelturige nie maar gegronde redes, uitgeoefen word om reg te laat

2.4 Statutêre en gemeenregtelike inkomste

'n Tweeledige benadering kan gevolg word om die aard van ontvangste vir inkomstebelastingdoeleindes vas te stel. Eerstens kan 'n breë onderskeid tussen statutêre en gemeenregtelike inkomste gemaak word.²² Statutêre inkomste is ontvangste wat ongeag die werklike aard daarvan kunsmatig in die *Inkomstebelastingwet* as bruto inkomste ingeskryf is.²³ Die basis van gemeenregtelike inkomste is die algemene omskrywing van "bruto inkomste" in die *Inkomstebelastingwet*.²⁴ Hierdie kategorie van inkomste is gebaseer op bedrae wat volgens die gewone betekenis van die woord as "inkomste" beskou word, dit wil sê dit is bedrae wat inherent as inkomste beskou kan word omdat dit sekere eienskappe en hoedanighede openbaar.

2.5 Objektiewe en subjektiewe riglyne

Ten opsigte van gemeenregtelike inkomste kan twee tipes of kategorieë riglyne onderskei word wat die howe geformuleer het om te bepaal in welke omstandighede ontvangste van 'n kapitale aard sal wees, naamlik objektiewe en subjektiewe riglyne.²⁵ Objektiewe inkomsteriglyne hou verband met maatstawwe wat geheel en al onafhanklik van die subjektiewe

geskied ..." Sien ook Bell en Engle *Interpretation* 79 waar die vlg in oorweging gegee word: "By the use of some kinds of general words Parliament deliberately confers considerable discretion on those who apply the statute, thus enabling the courts to lay down rules for the exercise of this discretion."

- ²². Broomberg 1972 *SALJ* 445 447 is van mening dat daar inderdaad 'n "common law"-element is wat verband hou met die belasbaarheid van inkomste. Daar word aan die hand gedoen dat "common law"-inkomste die begrip is wat Broomberg gebruik om ontvangste te beskryf wat inderdaad as inkomste beskou kan word ingevolge die gewone betekenis van woord. In die sin dat "common law" beteken oorgelewerde reg wat nie aan wetgewing ontleen is nie, word in oorweging gegee dat die terminologie wat Broomberg gebruik geregverdig is. Sien Hahlo en Kahn *Legal System* 132 wat in oorweging gee dat die uitdrukking "common law" o m beteken: "... the whole of the law of a country that does not originate from the legislation of that country". Sien hfst 4 vir 'n uiteensetting van die betekenis van die begrip "inkomste" en die ekonomiese en geregtelike benadering wat as grondslag kan dien om die betekenis van die begrip "inkomste" te bepaal.
- ²³. Sien ontvangste gelys in par (a)-(n) van die omskrywing van "bruto inkomste" in a 1 van die *Inkomstebelastingwet*. In *CIR v Milstein* 1942 TPD 57, 11 SATC 279 288-289 maak r Millin die vlg stelling: "It is true the Legislature sometimes gives examples of what it means by the general words of a definition; but if (a) to (d) were intended as examples of receipts and accruals not of a capital nature, they would certainly be a very odd collection of examples. It is in every way the most reasonable view of the section to say that the Legislature intended the things mentioned in paragraphs (a) to (f) to be included in gross income whether or not they were receipts or accruals of a capital nature."
- ²⁴. A 1 van die *Inkomstebelastingwet*. Sien ook Broomberg *Tax Strategy* 150 waar na die "common law" toets verwys word.
- ²⁵. Broomberg 1972 *SALJ* 447. Broomberg 1998 *Tax Planning* 69 wys daarop dat regters en regsgeleerdes in Suid-Afrika versuim het om in die konteks van die onderskeid tussen inkomste en kapitaal 'n duidelike onderskeid te tref tussen objektiewe en subjektiewe toetse en die tipes subjektiewe ingesteldhede wat by 'n belastingpligtige teenwoordig kan wees.

ingesteldheid van die belastingpligtige funksioneer.²⁶ Die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige speel egter 'n kardinale rol by die toepassing van subjektiewe riglyne. Dit beteken nie dat subjektiewe riglyne uitsluitlik die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige as grondslag het nie. Dit mag nodig wees om die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige op 'n objektiewe wyse vas te stel deur omringende omstandighede in ag te neem.²⁷

Daar sal verder in hierdie studie probeer word om aan die hand van die onderskeid tussen objektiewe en subjektiewe riglyne die verskillende riglyne te bespreek wat die howe geformuleer het om te bepaal in watter omstandighede ontvangste van 'n kapitale aard sal wees, al dan nie.

3 BRON OF ONTSTAANSREDE VAN ONTVANGSTE

3.1 Inleiding

Die bron van 'n ontvangste is nie slegs van belang om die belastingjurisdiksie te bepaal waarbinne inkomstebelasting op die ontvangste hefbaar mag wees nie. Die bron van 'n ontvangste uit 'n inkomstebelastingoogpunt is ook belangrik om die aard van 'n ontvangste te karakteriseer. Dit wil sê, om te bepaal of die ontvangste van 'n inkomste- of kapitale aard is.²⁸

^{26.} Sien par 4 waar die objektiewe inkomste-riglyn wat die howe geformuleer het in meer besonderhede bespreek word. Die moontlikheid dat sekere inkomste inherent van 'n inkomste-aard kan wees, word ook in Australië erken. King 1980 *Tax in Aust* 8 gee in oorweging dat rente altyd inkomste sal wees. Hy gee die vlg uiteensetting: "Unlike certain other types of receipts whose character must be determined according to various tests, interest derived will always be income within ordinary concepts though it be received by a taxpayer other than in the course of the carrying on of a business, though it be received in connection with an isolated transaction, though the transaction be one at a low rate of interest and irrespective of the motive of the taxpayer (i.e. notwithstanding that the taxpayer had some benevolent or philanthropic motive)."

^{27.} Avery Jones 1983 *BTR* 9 wys daarop dat baie min dinge algeheel subjektief is. Gewoonlik is dit 'n kombinasie van subjektiewe en objektiewe faktore. Broomberg 1972 *SALJ* 450-461 probeer om die omringende objektiewe omstandighede wat die howe oorweeg om die werklike subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige te bepaal, te kategoriseer. Hy identifiseer die vlg ag kategorieë: die persoonlikheidsfaktor, die faktor van kwaliteit, die faktor van verkryging, die faktor van verwante aktiwiteite, die faktor van kolaterale aktiwiteite, die faktor van finansiering, die faktor van realisasie, en omgewingsfaktore. In *ITC 1185* (1972) 35 *SATC* 122 123 gee r Miller 'n goeie opsomming van die verhouding tussen subjektiewe en objektiewe faktore: "It is no difficult matter to say that an important factor is: what was the taxpayer's intention when he bought the property? It is often very difficult, however, to discover what his true intention was. It is necessary to bear in mind in that regard that the *ipse dixit* of the taxpayer as to his intent and purpose should not lightly be regarded as decisive. It is the function of the court to determine on an objective review of all the relevant facts and circumstances what the motive, purpose and intention of the taxpayer were."

^{28.} Sien Wheatcroft 1957 *BTR* 313 wat na "sources of wealth" verwys. Sien hfst 4 par 2.4.4.

Die begrip "bron" beteken die ontstaansrede²⁹ waarom die belastingpligtige die bedrag ontvang. Die ontstaansrede van die ontvangste hou verband met die werk of aktiwiteit wat die belastingpligtige verrig om die bedrag te ontvang. Dit is die *quid pro quo* wat hy in ruil vir die ontvangste gee.³⁰ Eenvoudiger gestel: Wat het die belastingpligtige gedoen om die ontvangste te verdien?³¹ Hierdie aktiwiteit of werk van die belastingpligtige kan verskillende vorme aanneem, naamlik:

- i) 'n besigheid wat hy bedryf;
- ii) 'n onderneming wat hy beoefen;
- iii) 'n persoonlike poging van 'n geestelike of fisieke aard; of
- iv) die aanwending van kapitaal deur
 - (a) dit self te gebruik om inkomste te verdien; of
 - (b) die gebruik daarvan aan iemand anders beskikbaar te stel.³²

Daar is skrywers wat van mening is dat by die karakterisering van 'n ontvangste dit nie soseer die aard van die *quid pro quo* is wat bepaal moet word nie. Die aard van die transaksie waaruit die ontvangste voortvloei, moet eerder ondersoek word. Laasgenoemde is na bewering van deurslaggewende belang om die ontvangste te karakteriseer.³³

²⁹. Die Engelse begrip "originating cause" word in Afrikaans vertaal met "ontstaansrede".

³⁰. Sien *CIR v Lever Bros and Unilever Ltd* 1946 AD 441, 14 SATC 1 18-9: "... that the source of receipts, received as income, is not the quarter whence they come, but the originating cause of their being received as income, and that this originating cause is the work which the taxpayer does to earn them, the *quid pro quo* which he gives in return for which he receives them. The work which he does may be a business which he carries on, or an enterprise which he undertakes, or an activity in which he engages and it may take the form of personal exertion, mental or physical, or it may take the form of employment of capital either by using it to earn income or by letting its use to someone else. Often the work is some combination of these."

³¹. Sien *Tuck v CIR* 1988 3 SA 819 (A), 50 SATC 98 113 waar ar Corbett die vlg uiteensetting gee: "In a case such as the present, however, it seems to me that most problems of characterisation could appropriately be dealt with by applying the simple test indicated by Watermeyer CJ in the passage quoted from his judgment in the *Lever Bros*-case (*supra*) viz by asking what work, if any, did the taxpayer do in order to earn the receipt in question, what was the *quid pro quo* which he gave for the receipt?"

³². Hierdie uiteensetting stem in wese ooreen met die standpunt van ar Schreiner in die minderheidspraak in *CIR v Lever Bros and Unilever Ltd* 1946 AD 441, 14 SATC 1. Hy sê op 16: "Generally it may be said that a source of income is either (a) some personal activity of the tax-payer, or (b) some property over which he has rights, or (c) a combination of both. With a few possible exceptions ... the taxpayer obtains his income from other persons (a) because he renders them services, or (b) because they have the use of his property, or (c) because he carries on in the world of commerce and industry profit-producing activities involving in various combinations the transfer of the ownership in property or the grant of its use or the rendering of services."

³³. Meyerowitz *Income Tax* par 8.11 gee in oorweging: "*Ex hypothesi* only an enquiry into the object (origin and end) of the receipts or accruals in question is capable of ascertaining the capital or revenue nature. In other words, it is not so much the nature of the *quid pro quo* for the receipt or accrual as rather the nature of the transaction from which the receipt or accrual flows to which one must resort when determining the issue."

In beginsel word hierdie standpunt ondersteun. Daar word egter aan die hand gedoen dat dié ondersoek, naamlik na die aard van die *quid pro quo* en die aard van die transaksie, nie onderling uitsluitend en onafhanklik is nie. In teendeel, hierdie ondersoek is in der waarheid nou verwant en ondersteunend van aard. Die aard van dit wat die belastingpligtige gee, kan as 'n onontbeerlike hulpmiddel beskou word om die aard van die transaksie waaruit die belastingpligtige die bedrag ontvang, te bepaal. Die ondersoek na die *quid pro quo* fokus op die aktiwiteit wat die belastingpligtige verrig en kan as sodanig 'n aanduiding gee van die tipe transaksie wat betrokke is. Dit kan ook 'n aanduiding gee van die relevante riglyn wat in die betrokke omstandighede aanwending behoort te vind.³⁴

3.2 Klassifikasie van aktiwiteite

Vroeër is aangedui dat die karakterisering van die aard van 'n ontvangste opgelos kan word deur vas te stel wat die belastingpligtige gedoen het om die ontvangste te verdien. Die belastingpligtige verrig 'n bepaalde aktiwiteit wat daartoe aanleiding gee dat hy 'n bedrag ontvang.³⁵

Daar word verder aan die hand gedoen dat dit in die inkomstebelastingreg moontlik is om die volgende klasse van aktiwiteite te identifiseer:³⁶

- i) Aktiwiteite wat geklassifiseer word deur die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige wat die aktiwiteit verrig het, te oorweeg. In sodanige omstandighede kan die doel waarmee die belastingpligtige die aktiwiteit verrig het 'n deurslaggewende rol speel.
- ii) Aktiwiteite kan geklassifiseer word deur die gevolge of resultate van die aktiwiteite te oorweeg. 'n Voorbeeld van die tipe is waar die resultaat van die aktiwiteite van die belastingpligtige ooreenstem met tipiese aktiwiteite wat die bedryf van 'n besigheid daar sal stel.
- iii) Aktiwiteite kan geklassifiseer word deur te beoordeel of dit nou verwant is aan bepaalde aktiwiteite of funksies.³⁷

³⁴. Sien par 2.3 waar in oorweging gegee is dat die premis wat die riglynformulering deur die howe ten grondslag lê, die klassifikasie is van die onderliggende handelinge wat tot die ontvangste aanleiding gee.

³⁵. Sien hfst 6 waar die belangrikheid van die ware aard van die regshandelinge waaruit die ontvangste of onkoste voortspruit, beklemtoon word.

³⁶. Sien Blum 1967 *U Chicago L Rev* 496.

³⁷. Hierdie riglyn kan die verwantskap-riglyn genoem word en hou verband met insidentele ontvangste wat as 'n reël dieselfde aard of karakter aanneem as die "hoofontvangste". Hierdie riglyn het aanvanklik 'n rol gespeel by die karakterisering van wisselkoerswinste. Die wisselkoerswinste het dieselfde aard of karakter aangeneem as die winste van die transaksie waarmee dit verband gehou het. Sien Meyerowitz en Spiro

- iv) Aktiwiteite kan geklassifiseer word bloot op grond van die feit dat 'n bepaalde aktiwiteit verrig is. Dit is byvoorbeeld waar die belastingpligtige sy kapitaal produktief aangewend het deur die gebruik daarvan aan 'n ander persoon beskikbaar te stel.

Daar word verder aan die hand gedoen dat 'n kombinasie van bogemelde klasse van aktiwiteite ook kan bestaan. 'n Aktiwiteit kan geklassifiseer word deur te oorweeg of die bepaalde subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige daarop gerig is om 'n aktiwiteit te verrig wat nou verwant is aan 'n bepaalde aktiwiteit of funksie.

3.3 Transaksie-gebaseerde riglyne

Die aktiwiteite van die belastingpligtige gee aanleiding tot spesifieke transaksies. Daar word aan die hand gedoen dat die premis wat die riglynformulering deur die howe ten grondslag lê, inderdaad gebaseer is op 'n klassifikasie van die onderliggende transaksies wat tot die ontvangste aanleiding gee. Die ontwikkeling van die verskillende riglyne om te bepaal in welke omstandighede ontvangste van 'n inkomste- of van 'n kapitale aard sal wees, is beïnvloed deur die tipe transaksie³⁸ waaruit die ontvangste voortspruit. Die oorkoepelende

Income Tax par 436 126-127. A 241 van die *Inkomstebelastingwet* reël nou die inkomstebelastingaard van wisselkoerswinste. Weens hierdie feit word die verdere toepassing van dié riglyn nie in detail verder bespreek nie. Die verwantskap-riglyn word ook in die Australiese inkomstebelastingreg toegepas. Sien *Taxes Co (Australasia) Ltd v FCT* (1940) 63 CLR 382 469-469 waar bevestig word dat waar 'n wisselkoerswinst of -verlies gemaak word op die prys van handelsvoorraad sal dit van 'n inkomste-aard wees. Sien verder *Avco Financial Services Ltd v FCT* (1982) 150 CLR 510 530 waar die aard van wisselkoerswinste en -verliese wat 'n finansieringsmpy oorweeg is. By die toepassing van hierdie riglyn is dit van kardinale belang om die aard van die onderliggende "hoofontvangste" met sekerheid te bepaal. Daar word aan die hand gedoen dat die moontlikheid bestaan dat die verwantskap-riglyn ook aanwending kan vind by termyndekkingstransaksies waar afgeleide finansiële instrumente gebruik is. Waar 'n afgeleide finansiële instrument in 'n termyndekkingstransaksie gebruik word om 'n kapitaalbelegging te beskerm, sal die wins wat uit die afgeleide finansiële instrument voortspruit van 'n kapitale aard wees. Sien Waincymer *Australian Income Tax* 226. 'n Termyndekkingstransaksie hou verband met 'n bate, aanspreeklikheid of finansiële verpligting wat beskerming bied teen die nadelige veranderinge in die waarde van, of kontant-vloei uit, ander beleggings of finansiële verpligtinge. Sien die omskrywing van die begrip "hedge" in Steinherr *Derivatives* 286.

³⁸. Sien hfst 6 waar die belangrikheid van die werklike regs aard van 'n transaksie vir inkomstebelastingdoeleindes bespreek word. Sien ook Meyerowitz *Income Tax* hfst 8, veral die indeling van die hfst. Daar word aan die hand gedoen dat Meyerowitz aan verskillende tipes transaksies aandag gee en in samehang daarmee verskillende riglyne identifiseer wat dui op die inkomste- of kapitale aard van die ontvangste wat uit die transaksies voortvloei. Hy identifiseer basies vier riglyne, wat omskryf kan word as: die "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn, die substitusie-riglyn, die verwantskap-riglyn (oorspronklik in Meyerowitz en Spiro *Income Tax* par 436 126-127) en die "inherente inkomste"-riglyn. Die vlg stelling van Meyerowitz *Income Tax* par 8.130 8-35 bevestig voorgemelde uitgangspunt: "The rule has been applied in respect of the surrender of segments of ownership rights, such as the grant of a servitude. It would, however, appear that, since the subject-matter of a contract of sale maybe a right, the true legal relationship is one of sale. The proper test should there, therefore, be whether there was an operation of business in carrying out a scheme of profit making." (Kursivering bygevoeg.) Hierdie uitgangspunt word ook in *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54

standpunt waarop die transaksie-gebaseerde riglyne steun, is dat dit slegs moontlik is om die inkomste- of kapitale aard van 'n ontvangste te bepaal indien die werklike aard van die transaksie waaruit die ontvangste voortvloei, vasgestel word.³⁹

3.4 Ontleding en gevolgtrekking

Daar word in die Australiese⁴⁰ en Nieu-Seelandse⁴¹ regspraak ook erkenning verleen aan die sogenaamde teenprestasie-riglyn om die aard van ontvangste te bepaal. Hierdie riglyn stem in wese ooreen met die bron-riglyn. Daar word voorgestel dat die aard van die bedrae in die hande van die ontvanger bepaal kan word deur op 'n nugtere en verstandige wyse te oorweeg wat die belastingpligtige in ruil daarvoor moes gedoen het. Die essensie van die riglyn is dus ook die ontstaansrede van die ontvangste.

Die resultaat van die ondersoek na die ontstaansrede, dit wil sê die werk of aktiwiteit wat die belastingpligtige verrig, dui nie sonder meer op die inkomste- of kapitale aard van 'n ontvangste nie. Dit kan eerder beskou word as die aanvanklike stap wat deur die hof geneem word om die ondersoek na die inkomstebelastingaard van 'n ontvangste te inisieer. Hierdie aanvanklike stap het betrekking op die onderliggende transaksie waaruit die ontvangste voorspruit. Dit is van kardinale belang dat die aard van die ontvangste-generende transaksie vasgestel word aangesien dit die grondslag vorm van die verskillende riglyne wat die howe geformuleer het om die aard van die ontvangste vir inkomstebelastingdoeleindes te bepaal.⁴²

SATC 271 279 bevestig. Die hof wys daarop dat daar 'n verskeidenheid riglyne is: "There are a variety of tests for determining whether or not a particular receipt is one of a revenue or capital nature. They are laid down as guidelines only - there being no single infallible test of invariable application ... The appropriate test in a matter such as the present is a well established one. The receipts accruing to the Trust will be revenue if they constitute 'a gain made by an operation of business in carrying out a scheme for profit-making' ..."

³⁹. Meyerowitz *Income Tax* par 8.11 8-4: "Ex hypothesi only an enquiry into the object (origin and end) of the receipts or accruals in question is capable of ascertaining their capital or revenue nature." In *Modderfontein B Gold Mining Co Ltd v CIR* 1923 AD 34, 32 SATC 202 206 beklemtoon hr Innes die belangrikheid van die werklike aard van 'n transaksie om die kapitale aard van 'n ontvangste wat waaruit voortspruit te bepaal: "The definition of taxable income in Act 41 of 1917 section 6 is very wide; it is based upon the total amount of receipts and accruals other than those of a capital nature. The share of bewaarplaats moneys received by the company during the year 1918 was, therefore, liable to normal tax, unless it was of a capital nature. And it will be convenient to deal with that question at once. The result must depend not so much on the form as on the real character of the transaction; and it is necessary, therefore, to consider the originating circumstances." Sien ook *KBI v Snyman en Webster* (1994) 56 SATC 149 157.

⁴⁰. Sien *Hayes v FCT* (1956) 96 CLR 47 56; *Rotherwood Pty Ltd v FCT* (1994) 29 ATR 120 143.

⁴¹. Sien *Reid v CIR* [1986] 1 NZLR 129 waar die hof op 138 beslis: "These were contractual receipts and it is a matter of assessing in a common sense way what the appellant was to do in return." Sien ook *CIR v City Motor Service Ltd* [1969] NZLR 1010 1025.

⁴². Die vlg ontstaansredes kan op verskillende riglyne dui om die aard van 'n ontvangste vir

Verskillende riglyne kan toegepas word ten opsigte van verskillende ontstaansredes vir 'n ontvangste, byvoorbeeld:

- i) Die ontstaansrede vir 'n ontvangste kan wees dat die belastingpligtige die gebruik van sy eiendom aan 'n ander persoon beskikbaar gestel het. In sodanige omstandighede is dit nie nodig om te oorweeg of die belastingpligtige 'n besigheid bedryf het om die aard van die ontvangste te bepaal nie. Daar kan bloot oorweeg word of die belastingpligtige sy kapitaal produktief aangewend het.⁴³
- ii) Die ontstaansrede vir die ontvangste kan 'n bate wees wat die belastingpligtige vervreem het. In sodanige geval sal dit nodig wees om vas te stel of die belastingpligtige 'n besigheid bedryf het of by 'n besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n skema van winsbejag betrokke was.⁴⁴

Die howe in Suid-Afrika het voor die *Tuck*-beslissing⁴⁵ nie uitdruklik na die ontstaansrede van 'n ontvangste in die konteks van inkomste of kapitaal verwys nie.⁴⁶ In die lig van die potensiële wyer aanwending van die ontstaansrede-ondersoek word aan die hand gedoen dat dit nie slegs beperk behoort te word tot omstandighede waarin daar 'n werkgewer-werknemer-verhouding tussen die partye bestaan nie.⁴⁷ Daar word voorgestel dat die howe

inkomstebelastingdoeleindes te bepaal: (i) die produktiewe aanwending van kapitaal; (ii) die arbeid of vernuf van die belastingpligtige; (iii) die bedryf van 'n besigheid; (iv) die uitvoering van 'n skema van winsbejag; en (v) die vervanging van 'n bedrag wat inkomste in die hande van die belastingpligtige sou gewees het. In *Modderfontein B Gold Mining Co Ltd v CIR* 1923 AD 34, 32 SATC 202 206 verwys hr Innes na die noodsaaklikheid om die "originating circumstances" te oorweeg by die bepaling van die werklike aard van die transaksie. Sien par 3.

^{43.} Sien par 4 waar die objektiewe inkomste-riglyn bespreek word.

^{44.} Sien par 5 waar die besigheid-riglyn bespreek word.

^{45.} *Tuck v CIR* 1988 3 SA 819 (A), 50 SATC 98

^{46.} Die advokaat vir die belastingpligtige in *Moolman v CIR* 1954 2 SA 560 (A), 19 SATC 127 129 voer aan dat die ontstaansrede-toets toegepas behoort te word om die aard van 'n ontvangste te bepaal. Dit was ongelukkig nie vir die appèlhof nodig om die meriete van hierdie argument te oorweeg nie. Die hof het op ander gronde tot die gevolgtrekking gekom dat die ontvangste van 'n inkomste-aard was. In *Modderfontein B Gold Mining Co Ltd v CIR* 1923 AD 34, 32 SATC 202 206 verwys hr Innes wel na die "originating circumstances" om die aard van die transaksie te bepaal waaruit die ontvangste in oorweging voortgespruit het.

^{47.} In *De Villiers v CIR* 1929 AD 227, 4 SATC 86 87-88 is die betekenis van die woorde "in respect of" oorweeg. Ar Stratford verwys na die moontlikheid dat die redes vir 'n betaling in sommige omstandighede onseker kan wees. Gemengde redes of motiewe kan tot die betaling aanleiding gee. In sodanige omstandighede is dit nodig om die dominante rede te bepaal wat werklik die rede vir die betaling is. Hy sê: "In some of those cases the reasons for the payment were somewhat obscure, the circumstance in particular instances making it difficult to ascertain whether or not consideration of past services was the governing reason for the payment. That difficulty must always exist where mixed motives or reasons were at work. ... But if any principle was to be extracted from those decisions it was simply that when dual considerations were in play it was necessary to look to the dominant one as affording the true reason for the payment. So that in each case it was a question of drawing the correct inference from all the circumstances of the payment and inferences

deurlopend en uitdruklik as 'n aanvanklike stap by die oorweging van die inkomste- of kapitale aard van 'n bepaalde ontvangste die ontstaansrede daarvan vasstel. Sodanige benadering sal lei tot groter regsekerheid, want dit sal die howe in staat stel om die korrekte riglyn te identifiseer wat gebruik moet word by die transaksie wat plaas gevind het om die aard van die daaruit voortspruitende ontvangste te bepaal.⁴⁸

In Australië is daar 'n potensiële probleem geïdentifiseer met die vereiste dat daar 'n voldoende noue verband moet bestaan tussen die betaling en die inkomste-genererende aktiwiteite van die belastingpligtige voordat die bedrag inkomste sal wees. Die verband-vereiste skep 'n probleem met die toepassing van die "inkomste-produiserende aktiwiteit"-riglyn.⁴⁹ Daar is veral onsekerheid of die oorsaaklikheid betrekking het op die onmiddellike of uiteindelijke oorsprong van die betaling. Hierdie onsekerheid kan veral ontstaan waar daar sprake is van 'n vrywillige betaling wat nie op 'n regsverpligting gebaseer is nie. Daar word aan die hand gedoen dat hierdie probleem opgelos sal word deur 'n waarde-oordeel wat die hof sal vel om die relevante oorsprong van die betaling te bepaal. Hierdie benadering word ook in Nieu-Seeland bevestig. Daar is aangedui dat die aard van die bedrae in die hande van die ontvanger bepaal kan word deur op 'n nugtere en verstandige wyse te oorweeg wat die belastingpligtige in ruil daarvoor moes gedoen het.⁵⁰

4 OBJEKTIEWE INKOMSTE-RIGLYN

4.1 Produktiewe aanwending van kapitaal

4.1.1 Inleiding

Daar word aan die hand gedoen dat die howe slegs een riglyn geformuleer het wat 'n uitsluitlik objektiewe maatstaf daarstel waarvolgens die aard van 'n ontvangste bepaal kan word.⁵¹ Hierdie maatstaf is gebaseer op uiterlik waarneembare faktore wat volgens die howe

drawn in other cases on different facts did not greatly assist." Emslie en Jooste 1989 *SALJ* 292 294 onderskryf hierdie standpunt. Hulle verklaar dat wanneer die inkomste- of kapitale aard van 'n ontvangste ondersoek word, daar altyd gevra word: Wat het tot die ontvangste aanleiding gegee, dws, wat was die ontstaansrede daarvan? Volgens hulle is dié ondersoek so voor die hand liggend dat die howe dit "ongemerkt" doen.

⁴⁸. Die standpunt van Emslie en Jooste 1989 *SALJ* 294 word ondersteun. Hulle wat voer aan dat wanneer die inkomste- of kapitale aard van 'n ontvangste oorweeg word, moet altyd gevra word wat tot die ontvangste aanleiding gegee het, of wat is die ontstaansrede of oorsaak vir die bedrag wat ontvang word. Hulle sê op 295: "At this stage the point being made is simply that it is the underlying causa which triggers the application of the tests for capital or revenue."

⁴⁹. Sien die kritiek van Grbich, Bradbrook en Pose *Revenue Law* 70 115-116.

⁵⁰. *Reid v CIR* [1986] 1 NZLR 129 138.

⁵¹. Daar word aan die hand gedoen dat hierdie riglyn in wese neerkom op die toepassing van die doel (beginsel)

daarop dui dat 'n ontvangste inherent inkomste is. Die grondslag van dié objektiewe inkomste-riglyn is die omskrywing van inkomste wat regter Wessels in die hof *a quo* in *Commissioner of Taxes v Booyens Estates Limited*⁵² gee. Regter Wessels omskryf inkomste as bedrae wat verkry word deur kapitaal produktief aan te wend.⁵³ In die appèlhofuitspraak verwys hoofregter Innes goedkeurend na regter Wessels se omskrywing en kwalifiseer dit verder. Hy brei nie die riglyn as sodanig uit nie, maar wys op verdere faktore wat daartoe kan bydra om die maatstaf met groter sekerheid toe te pas. Hy wys daarop dat inkomste soms die produk van geïnvesteerde kapitaal is en soms deur die arbeid en vernuf van die ontvanger verdien word.⁵⁴

Die hof het aangedui dat die kapitaal wat produktief aangewend word verskillende vorme kan aanneem, naamlik:

- i) bedrae wat aan die belastingpligtige verskuldig is of waarop hy geregtig is;⁵⁵
- ii) regte om 'n sekere gepatenteerde proses te gebruik;⁵⁶

van die *Inkomstebelastingwet* as 'n uitleghulpmiddel om die aard en inhoud te bepaal van die regsreël wat in die algemene omskrywing van "bruto inkomste" vervat is. Sien hfst 3 par 5.4. Derksen *Benadering* 296, 300 beskou ook die doel van 'n wet as 'n objektiewe uitleghulpmiddel wat sonder inagneming van die bedoeling van die betrokke individu toegepas moet word.

^{52.} *COT v Booyens Estates Ltd* 1918 AD 576, 32 SATC 10.

^{53.} Sien die omskrywing wat hy op 15 gee: "Income is, as a rule, revenue derived from capital productively employed." In hierdie studie sal verder na dié riglyn as die objektiewe inkomste-riglyn verwys word. Daar is ook soms na die boom-en-vrugte-metafoer verwys om dié riglyn aan te dui. Sien *CIR v Visser* 1937 TPD 77, 8 SATC 271 276. Ryan *Income Tax in Australia* 15 bevestig in die konteks van die Australiese inkomstebelastingreg dat sekere tipes ontvangste inherent van 'n inkomste-aard is. Hy sê: "Ordinary concepts would also include as income revenue derived from capital. Rents, royalties and annuities, interest from investments and dividends on shares in companies, are clearly income." Sien ook in die Nieu-Seelandse inkomstebelastingreg in *Smout v CIR* [1982] 1 NZLR 154 158 waar die boom-en-vrugte-metafoer as die "true income rule" bevestig is. Die fondse-vloei-konsep lê die objektiewe inkomste-riglyn ten grondslag. 'n Kardinale aspek van die objektiewe inkomste-riglyn het betrekking op die afsondering of losmaking van die betaling, byvoorbeeld rente of huurgeld, van die onderliggende kapitaal. Sien hfst 4 par 2.3.1 en par 2.4.2.

^{54.} Hy sê op 25: "Profit or gain may be made in many ways; men may earn it by their labour, by their wits, by their capital. Many of the forms of profit specified in the definition are the product of skill or labour; but, speaking generally, profit otherwise derived must be in whole or in part of the product of capital if it is to be of the nature of income, and thus included in the definition." Broomberg *Tax Strategy* 51 verwys na die feit dat die inkomste van 'n professionele persoon inherent die produk van sy vernuf is. Hy sê: "[T]he income of a professional practice is, inherently, the fruits of the labour of the professional practitioner, the products of his skill, wit, intellect and so forth."

^{55.} In *ITC 92 (1927)* 3 SATC 238 het die belastingpligtige sy woonhuis verkoop en op die uitstaande koopsom rente verdien. Die rente was inkomste omdat dit voortgespruit het uit die produktiewe gebruik van 'n bedrag waarop die belastingpligtige geregtig was. Die hof beslis op 239: "That was putting a sum of money to which he was entitled to a productive use. The productive use was the interest, and that interest was income."

^{56.} Sien *Vacu-lug (Pvt) Ltd v COT* 1963 2 SA 694 (SR), 25 SATC 201 waar die belastingpligtige die regte om 'n sekere gepatenteerde proses te gebruik 'n ander mpy "onderverhuur" en vergoeding as teenprestasie

- iii) 'n opsie-ooreenkoms wat 'n eienaar van eiendom aangegaan het om die eiendom te verhuur nadat die huidige huurkontrak verstryk het,⁵⁷ en
- iv) regte ingevolge 'n tribuutooreenkoms ten opsigte van myneienendom met die opsie om die eiendom te koop en die reg om die myn te ontgin.⁵⁸

Dit is nodig om 'n onderskeid te tref tussen die kapitaal en vernuf van 'n persoon omdat die begrip "kapitaal" in 'n ekonomiese sin nie die liggaam, kapasiteit om te werk of denke⁵⁹ van 'n individu insluit nie.⁶⁰ Die howe dui aan dat kapitaal iets is wat in 'n ekonomiese of inkomstebelasting sin werklik waarde verkry. 'n Individu se energie, persoonlikheid of opvoeding het potensiele waarde, maar dit kry eers uit 'n ekonomiese of inkomstebelastingoogpunt waarde wanneer dit in 'n professie aangewend word.⁶¹

Die howe het verskillende omstandighede geïdentifiseer waar die vernuf, kundigheid en arbeid van 'n belastingpligtige aanwend is om bedrae te verdien. Die howe het soms die omstandighede waar 'n persoon sy vernuf aanwend om inkomste te genereer wyd toegepas. Waar 'n persoon vergoed is vir sy onderneming om:

ontvang. Die regte is nie uit en uit vervreem nie. Hr Beadle bevind dat die vergoeding beskou moet word as die vrugte van kapitaal wat produktief aangewend is.

^{57.} Sien *ITC 721* (1951) 17 SATC 485 489.

^{58.} Sien *COT v Rezende Gold and Silver Mines (Pvt) Ltd* 1975 1 SA 968 (RAD), 37 SATC 39 waar hr Beadle daarop wys dat die ooreenkoms in wese daarop neergekom dat Rezende Gold die eiendom vir 'n tydperk van twee jaar verhuur het met 'n opsie aan die huurder om die eiendom gedurende die tydperk te koop. Hy maak die vlg opm op 42: "In essence, therefore, what this agreement between the parties amounted to was an agreement which was little different from a lease of property for 2 1/2 years with an option to purchase that property at any time, subject to the condition that if the option to purchase that property at any time is ultimately exercised everything paid by way of rent by the lessee will be set off against the purchase price."

^{59.} Sien *Millin v CIR* 1928 AD 207, 3 SATC 170 waar hr Solomon op 172 sê: "Her calling consisted in writing works of fiction for profit. It was a business which did not depend upon capital within the ordinary meaning of that term, but simply upon her own brains." Hierdie standpunt is ook in die Australiese reg in *FCT v Hatchett* (1971) 125 CLR 494 497 bevestig.

^{60.} Wat die standpunt betref dat 'n persoon se kapasiteit om te werk nie kapitaal is nie, is die vlg stelling van *chief justice Latham* in die Australiese saak, *Hallstrom (Pty) Limited v Federal Commissioner of Taxation* (1946) 72 CLR 634 64 insiggewend: "All persons have a right to carry on a lawful business, whether they manufacture refrigerators, boots or anything else. A right enjoyed in common with all persons is not a capital asset of any single person." R Melamet het met goedkeuring na voorgemelde saak in *ITC 1528* (1991) 54 SATC 243 250 verwys. Daar word in oorweging gegee dat die kapasiteit van 'n persoon om te werk om dieselfde rede nie as 'n kapitaalbate sal kwalifiseer nie. Wheatcroft 1957 *British Tax Review* 315 huldig ook die mening dat die reg nie die menslike liggaam of verstand as kapitaal beskou nie.

^{61.} In *CIR v Visser* 1937 TPD 77, 8 SATC 271 gee r Maritz op 276-277 die vlg omskrywing van kapitaal: "If we take the economic meaning of 'capital' and 'income', the one excludes the other. 'Income' is what 'capital' produces, or is something in the nature of interest or fruit as opposed to principal or tree. ... Now, although a man's education, his energy, his personality, or his eloquence may have a potential value, such education etc., only becomes a factor in the economic or income tax sense when it acquires a real value. His education becomes of real value when he puts it to use, for example, by adopting a profession. His profession may then

- i) nie 'n spesifieke handeling te verrig nie; en
 - ii) sy invloed uit te oefen sodat iemand anders 'n bepaalde handeling sal verrig,
- het die hof dit beskou as 'n produk van die vernuf en energie van die persoon.⁶²

Die vergoeding wat 'n belastingpligtige ontvang vir die kapitaal wat hy produktief aanwend kan ook verskillende vorme aanneem. Waar 'n belastingpligtige 'n bedrag uitleen en as vergoeding rente ontvang sowel as 'n gedeelte van die wins wat die inlener met die verkoop van sekere eiendomme gemaak het, sal die totale bedrag as die direkte vrugte beskou word wat vir die aanwending van die leningskapitaal ontvang is.⁶³

Dit is duidelik dat die faktore wat vir die toepassing van die objektiewe inkomste-riglyn oorweeg moet word, objektief bepaalbaar is en dat die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige nie 'n deurslaggewende rol speel om die aard van die ontvangste te karakteriseer nie. Die grondslag van die riglyn is 'n bepaalde objektiewe aktiwiteit, naamlik die produktiewe aanwending van kapitaal of die arbeid en vernuf van die belastingpligtige. Die verrigting van 'n objektiewe aktiwiteit bring as sodanig mee dat sekere gevolge intree vir die belastingpligtige, naamlik die verkryging van bedrae wat inkomste is.⁶⁴ Dié objektiewe faktore is op sigself deurslaggewend. Die objektief waarneembare maatstaf is bloot of die bedrae uit die produktiewe aanwending van kapitaal ontvang word of uit die arbeid en vernuf van die belastingpligtige verdien word. Dit wil sê, bedrae wat deur die produktiewe aanwending van kapitaal of deur die arbeid en vernuf van die ontvanger verdien word, sal, onafhanklik van die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige, inherent van 'n inkomste-aard en belasbaar wees.

4.1.2 Verband tussen ontvangste en aktiwiteit

Die objektiewe inkomste riglyn hou verband met sekere aktiwiteite, naamlik die produktiewe aanwending van die kapitaal of arbeid en vernuf van die belastingpligtige. Om die

be likened to a tree, and his earnings from his profession to the fruit of the tree."

^{62.} In *CIR v Visser* 1937 TPD 77, 8 SATC 271 277 het 'n persoon aan Visser 'n belang aangebied in 'n maatskappy in ruil vir die onderneming om: (i) nie weer self sekere mynopsies op te neem nie; en (ii) sy prokureur te versoek om hom met die verkryging van die opsies by te staan. R Maritz kom tot die gevolgtrekking dat die belang wat Visser ontvang het 'n produk van sy vernuf en energie was. Die bedrag is sodanig as inkomste belas.

^{63.} Sien *ITC 165* (1930) 5 SATC 82 waar die hof op 85 beslis: "The appellant has employed the capital lent to the company productively, and that capital sum is unaffected by the payment of the sum at issue, which is the direct fruit of such employment of capital."

^{64.} Blum 1967 *U Chicago L Rev* 496 wys daarop dat aktiwiteite geklassifiseer kan word deur die vlg te oorweeg: "[A] classification based on the mere occurrence of the act." Sien ook par 3.2 waar die klassifikasie van aktiwiteite oorweeg is.

gevolgtrekking te kan maak dat 'n bedrag wat die belastingpligtige ontvang die resultaat is van 'n bepaalde aktiwiteit, of reeks aktiwiteite, noodsaak ook die oorweging van die verband wat tussen die ontvangste en die betrokke produktiewe aktiwiteit bestaan. Indien daar 'n direkte verband bestaan tussen die ontvangste en die betrokke produktiewe aktiwiteit sal die hof die afleiding maak dat die bedrag verkry is uit die produktiewe aanwending van die kapitaal of arbeid en vernuf van die belastingpligtige.⁶⁵ Dit moet duidelik blyk dat die bedrag uit hoofde van die aktiwiteit verkry is wat die produktiewe aanwending van die kapitaal of arbeid en vernuf van die belastingpligtige daargestel het.⁶⁶

Daar word aan die hand gedoen dat die nouheid van die verband wat bestaan, beoordeel kan word deur die bron of ontstaansrede van die bedrag te beoordeel. Die ontstaansrede gee 'n aanduiding van die aktiwiteit of handeling wat die belastingpligtige verrig vir die bedrag wat hy ontvang.⁶⁷ Die objektiewe inkomste-riglyn verwys ook na die verkryging van bedrae deur die aanwending van kapitaal. Die betekenis van die begrip "verkry" in die regspraak ondersteun die uitgangspunt dat die ontstaansrede van 'n bedrag oorweeg moet word om die

^{65.} In *ITC 117* (1928) 4 SATC 70 was die belastingpligtige 'n versekeringsvertegenwoordiger wat 'n prys van 'n versekeringsmpy ontvang het omdat hy die grootste getal premies geskryf het. Die prys het in direkte verband met sy arbeid en vaardigheid gestaan en is by sy inkomste ingesluit. Die hof sê op 70: "... if it was borne in mind that income, generally speaking, might be said to be the product of one's capital, wits or labour ... In other words it stood in *direct relationship* to his labour and wits." En op 70-71: "If he did not go out of the way to secure the largest sum assured, and the largest premiums paid, the prizes would not have been given to him. Therefore, it seemed to the Court that the sum which appellant had received was a *direct result* of his labour." (Kursivering bygevoeg.) In *ITC 976* (1961) 24 SATC 812 het 'n joernalis literêre pryse ontvang vir poësie en 'n drama wat hy geskryf het. Die toekenning was so nou verwant aan die gebruik van sy arbeid en vernuf as 'n skrywer van poësie dat dit inkomste daargestel het. Die hof sê op 814: "The reward was so *closely connected* with the use of his labour and wits as a writer of poetry that it constituted income in his hands." (Kursivering bygevoeg.) Vir 'n soortgelyke benadering in die Australiese inkomstebelastingreg, sien Parsons *Income Taxation in Australia* par 2.161-2.162.

^{66.} In *CIR v Lunnon* 1924 AD 94, 1 SATC 7 het die hof beslis dat die gratifikasie wat Lunnon se werkgewer aan hom betaal het bloot 'n skenking was. Die skenking is nóg deur Lunnon se kapitaal geproduseer nóg deur sy arbeid of vernuf verdien. Daar word aan die hand gedoen dat hr Innes as 'n faktor by die toepassing van die "produktiewe aanwending van kapitaal"-riglyn, die verwantskap oorweeg het tussen die bedrag en die dienste wat Lunnon as werknemer gelewer het. Hy kom tot die gevolgtrekking dat die bedrag nie vir gelewerde dienste betaal is nie. Daar was geen verpligting op die maatskappy om Lunnon te betaal vir dienste wat gelewer is nie, want hy was alreeds ten volle vergoed vir die dienste wat hy aan die maatskappy gelewer het.

^{67.} Sien *Modderfontein B Gold Mining Co Ltd v CIR* 1923 AD 34 43-44, 32 SATC 202 waar hr Innes op 206 na die ontstaansomstandighede verwys. Hy sê: "The definition of taxable income in Act 41 of 1917 section 6 is very wide; it is based upon the total amount of receipts and accruals other than those of a capital nature. ... The result must depend not so much on the form as on the real character of the transaction; and it is necessary, therefore, to consider the *originating circumstances*." (Kursivering bygevoeg.) Sien ook *KBI v Snyman en Webster* (1994) 56 SATC 149 157. Sien verder par 3 waar die relevansie van die ontstaansrede van 'n ontvangste as 'n faktor geëvalueer word om die inkomste- of kapitale aard van 'n bedrag te bepaal.

gevolgtrekking te kan maak dat dit verkry is uit die produktiewe aanwending van kapitaal.⁶⁸

4.1.3 Regsaard van onderliggende transaksie

Daar word verder aan die hand gedoen dat die objektiewe inkomste-riglyn slegs toegepas kan word indien daar sekerheid bestaan oor die werklike regsaard of substansie van die transaksie waaruit die bedrag ontvang word.⁶⁹ Daar moet eerstens sekerheid oor die wese van 'n transaksie verkry word voor daar vasgestel kan word of die bedrae wat ontvang word die produk van geïnvesteerde kapitaal is of deur die arbeid en vernuf van die ontvanger verdien word.⁷⁰ Enige poging om die objektiewe inkomste-riglyn toe te pas voordat definitiewe sekerheid oor die werklike aard van 'n transaksie bestaan, is waardeloos.⁷¹ Die rede hiervoor is dat ontvangste kan voortspruit uit 'n sekere tipe transaksie, byvoorbeeld die verkoop van 'n bate⁷² of die vervanging van 'n bedrag of bate,⁷³ waar die toepassing van die objektiewe inkomste-riglyn nie deurtastend genoeg is om die inkomste- of kapitale aard van die ontvangste te bepaal nie.

Alhoewel sekerheid oor die regsaard van die transaksie 'n voorvereiste vir die suiwer toepassing van die objektiewe inkomste-riglyn is, is dit nie die riglyn op sigself nie. 'n Riglyn wat die howe formuleer gee 'n meer presiese omskrywing van die aard en omvang van die

⁶⁸. Sien *CIR v D & N Promotions (Pty) Ltd* 55 SATC 89, 1993 (N) waar die hof die betekenis van die frase "derived from farming operations" oorweeg. R Levinsohn verwys na die woordeboekbetekenis van die begrip "derived" en na regspraak waarin die betekenis van die frase "from which revenue is derived" oorweeg is en sê op 93 94 die vlg: "According to the dictionary definition 'derive' means 'to come from something as its source'. (*The Shorter Oxford English Dictionary* vol 1 p 525.) ... What is significant is that the learned Chief Justice [Hr Innes in *Port Elizabeth Municipality v Union Government* 1918 AD 237 op 244] emphasised the direct relationship between the revenue earned and the source thereof."

⁶⁹. Sien hfst 6 waar die werklike regsaard van 'n transaksie in die algemeen en in die konteks van die inkomstebelastingreg bespreek word.

⁷⁰. Sien *Vacu-lug (Pvt) Ltd v COT* 1963 2 SA 694 (SR), 25 SATC 201 206 waar die mpy die regte om 'n sekere gepatenteerde proses te gebruik aan 'n ander maatskappy "onderverhuur" en vergoeding as teenprestasie ontvang. Die hof bevind dat die regte nie uit en uit vervreem is nie, maar produktief gebruik is. Die ooreenkoms wat deur Vacu-lug aangegaan is, openbaar die eienskappe van 'n onderverhuring en nie van 'n verkoop en uit en uit sessie van regte nie. Hr Beadle bevind dat die vergoeding beskou moet word as die vrugte van kapitaal wat produktief aangewend is. In *COT v Rezende Gold and Silver Mines (Pvt) Ltd* 1975 1 SA 968 (RAD), 37 SATC 39 42 is ook bevestig dat die regsaard van die betrokke ontvangste-genererende transaksie die grondslag gevorm het van die riglyn wat toegepas is. Die tribuutooreenkoms wat die belastingpligtige aangegaan het, het in wese neergekom op 'n verhuur van die eiendom. Die huurgeld is 'n produk van kapitaal wat produktief aangewend is en moet as sodanig as inkomste beskou word.

⁷¹. Hierdie standpunt word ook duidelik ondersteun in die Australiese reg. In *COT v Orica* (1998) HCA 33 maak *chief justice* Brennan die volgende opm: "In my respectful opinion, much of the difficulty in this case has arisen from the erroneous identification of the relevant transaction."

⁷². Sien par 4.4.4 waar die objektiewe inkomste-riglyn by die realisering van 'n bate bespreek word.

⁷³. Sien par 9 waar die toepassing van die substitusie-riglyn bespreek word.

statutêre feitstel (of 'n ontvangste van 'n kapitale aard is) wat aanwesig moet wees om die voorgeskrewe regsgevolge te laat intree.⁷⁴ 'n Riglyn sal 'n aanduiding gee van die rede waarom die statutêre feitstel, naamlik dat die ontvangste van 'n kapitale aard is, aanwesig is. Die regsraad van die ontvangste-generende transaksie gee nie 'n aanduiding van die rede waarom 'n ontvangste van 'n inkomste- of kapitale aard sal wees nie. Die regsraad van 'n transaksie sal eerder 'n aanduiding gee van die vorm wat die produktiewe aanwending van kapitaal kan aanneem.

Die objektiewe inkomste-riglyn openbaar in wese 'n tweeledige maatstaf. Eerstens behoort die werklike regsraad van die transaksie waaruit die bedrag ontvang word, bepaal te word.⁷⁵ Tweedens behoort die inkomste- of kapitale aard van die bedrag wat uit die transaksie voortspruit, bepaal te word deur die objektiewe inkomste-riglyn toe te pas, naamlik of die bedrag uit die produktiewe aanwending van kapitaal verkry is.

4.2 Standpunte van skrywers

Daar is verskeie skrywers wat die standpunt onderskryf dat 'n ontvangste inherent van 'n inkomste-aard kan wees. Hulle verwys egter nie uitdruklik na 'n objektiewe inkomste-riglyn nie. Die afleiding kan egter onomwonde gemaak word dat hulle die inherente inkomste-aard van sekere tipes ontvangste erken en op 'n objektiewe inkomste-riglyn baseer. 'n Bedrag wat uit hoofde van die produktiewe aanwending van kapitaal ontvang word, word as inkomste beskou, welke vorm dit ook al aanneem of wat die oogmerk van die belastingpligtige ook al mag wees.⁷⁶

De Koker verwys na die objektiewe-riglyn as die algemene basis waarop die howe 'n ondersoek na die inkomste- of kapitale aard van 'n bedrag baseer.⁷⁷ De Koker beklemtoon

^{74.} Sien hfst 3 par 5.4 waar riglynformulering deur die howe bespreek word.

^{75.} Sien hfst 6 vir 'n bespreking van die belangrikheid van die werklike regsraad van 'n transaksie en die toepassing daarvan op die inkomstebelastingreg. In *CIR v Lunnon* 1924 AD 94, 1 SATC 7 stel hr Innes dit duidelik dat die regsraad van die transaksie eerstens oorweeg moet word. Hy sê op 8: "The first thing to be determined was the legal nature of the grant." Wat betref die eerste komponent van die objektiewe inkomste-riglyn, nl die vasstelling van die werklike regsraad van die transaksie, word aan die hand gedoen dat die subjektiewe ingesteldheid van die partye wel 'n rol kan speel. Wanneer die hof die regsraad van 'n transaksie oorweeg moet die werklike bedoeling van die partye vasgestel word. Sien *Zandberg v Van Zyl* 1910 AD 302 309; *CCE v Randles Bros and Hudson Ltd* 1941 AD 369, 33 SATC 48 57-58. Avery Jones 1983 *BTR* 9 wys daarop dat baie min dinge algeheel subjektief is. Gewoonlik is dit 'n kombinasie van subjektiewe en objektiewe faktore. Daar word aan die hand gedoen dat dieselfde gesê kan word van dinge wat objektief is.

^{76.} Sien par 4.4.4 vir die uitsondering tov die toepassing van dié riglyn by die realisering van 'n bate.

^{77.} Sien par 3.1 3-5 waar hy verwys na konsepte wat voortspruit uit aanhalings uit sekere hofbeslissings. Hy verwys na *COT v Booyens Estates Ltd* 1918 AD 576, 32 SATC 10; *Lace Proprietary Mines Ltd v CIR* 1938 AD 267, 9 SATC 349 en *Overseas Trust Corporation Ltd v CIR* 1926 AD 444, 2 SATC 71 en die frase wat 'n

egter nie dat die objektiewe riglyn die grondslag vorm van die onderskeid tussen ontvangste van 'n inkomste- of 'n kapitale aard in die Suid-Afrikaanse inkomstebelastingreg nie. Hy koppel nie die inkomste-aard van rente, huurgelde en tantieme aan die bedoeling van die belastingpligtige nie.⁷⁸ Hy maak nie uitdruklik melding van bedrae wat weens die toepassing van 'n objektiewe inkomste-riglyn as van 'n inkomste-aard beskou word nie. Dit is egter duidelik dat hy van mening is dat bedrae wat ontvang word vir die gebruik van 'n bate, in wese van 'n inkomste-aard is. Volgens hom is dit voor die hand liggend.⁷⁹ De Koker verklaar ook uitdruklik dat inkomste die produk van 'n persoon se arbeid, vernuf en energie is.⁸⁰ Hierdie omskrywing van De Koker val binne die objektiewe inkomste-riglyn.

Wat burgerlike vrugte betref, bevestig Meyerowitz⁸¹ die objektiewe inkomste-riglyn. Hy huldig die mening dat huurgeld, rente en dividende burgerlike vrugte is en as sodanig as inkomste kwalifiseer. Dié burgerlike vrugte is welvaart wat geproduseer word deur die produktiewe aanwending van kapitaal, soos 'n gebou, aandeel of leningskapitaal. Meyerowitz verwys nie in dié konteks uitdruklik na die uitspraak van regter Wessels in die *Booyens Estate*-saak⁸² nie, maar as gesag vir sy standpunt haal hy regter Wessels se omskrywing van die begrip "inkomste" aan, naamlik dat inkomste as 'n reël uit die produktiewe aanwending van kapitaal verkry word. Meyerowitz⁸³ verwys bloot in die konteks van die "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn; na die frase dat "the income must be derived from capital productively employed". Hy beklemtoon nie die feit dat die objektiewe riglyn die

omskrywing gee van die objektiewe riglyn, nl "revenue derived from capital productively employed" kom in al die aanhalings voor.

^{78.} De Koker *Silke* par 3.1 3-3: "Very often the determination whether a receipt or an accrual is of an income or a capital nature will be obvious. Thus amounts received by a taxpayer for allowing the use of an asset to some other person, for example, interest, rents, royalties, all partake of the nature of income and fall within the definition of gross income. As long as the amount is received for the right of use of an asset without any change in ownership of the asset, it is in the nature of income ..."

^{79.} As gesag vir sy standpunt verwys hy na die onderskeid wat r Wessels tref in sy uitspraak in die hof *a quo* in *COT v Booyens Estates Ltd* 1918 AD 576, 32 SATC 10 tussen inkomste en kapitaal. Hy sê op 15-16: "It is true that there is no definite test that can always be applied in order to determine whether a gain or profit is income or not, but it may safely be asserted that the revenue or profit which is derived from a thing without its changing owners is rather to be considered as income than as capital. On the other hand the profit which is derived from a thing when it changes owners is rather of the nature of capital than of income."

^{80.} De Koker *Silke* par 3.41 3-91 sê: "Income is the product of a man's labour, wits and energy. Any remuneration obtained as the result of exercise of his personality and eloquence is also in the nature of income."

^{81.} Sien Meyerowitz *Income Tax* par 8.142: "In the case of civil fruits there is a receipt or accrual when the rents, interest or dividends become due and payable. When they are received or accrue they will be income, being the wealth produced by the capital productively employed e.g. the building, share, loan, etc."

^{82.} Wat die basis vorm van die objektiewe inkomste-riglyn.

^{83.} Sien Meyerowitz *Income Tax* par 8.20.

grondslag vorm om die onderskeid tussen ontvangste van 'n inkomste- en 'n kapitale aard nie. Hy dui verder ook nie aan dat die "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn bloot neerkom op 'n uitbreiding van die objektiewe riglyn nie. Dit wil sê dat die "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn maatstawwe stel wat aandui onder welke omstandighede die realisasiewins wat by die vervreemding van 'n bate gemaak word as 'n bedrag beskou word wat verkry word uit die produktiewe aanwending van kapitaal.⁸⁴

Urquhart⁸⁵ maak ook die afleiding dat bedrae wat vir die gebruik van bates ontvang word in die algemeen van 'n inkomste-aard is.

Broomberg⁸⁶ erken ook die inherente inkomste-aard van huurgeld. Huurgeld is burgerlike vrugte, synde vergoeding wat deur die uithuurder verkry word vir die beskikbaarstelling van die gebruik van sy bate.

Williams⁸⁷ verwys na die gemeenregtelike beginsel dat inkomste somtyds die produk van geïnvesteerde kapitaal is en somtyds deur die arbeid en vernuf van die ontvanger verdien word. Dié skrywer verleen erkenning aan die onafhanklike bestaan van die objektiewe inkomste-riglyn, alhoewel hy nie die objektiewe aard daarvan uitdruklik beklemtoon nie.

Dit is uit die voorafgaande duidelik dat die genoemde skrywers bedrae wat vir die produktiewe aanwending van 'n bate ontvang word, inherent as van 'n inkomste-aard beskou. Hierdie inherente inkomste-aard van sodanige ontvangste word nie deur die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige beïnvloed nie en kan as sodanig as "objektiewe inkomste" geklassifiseer word.

Die feit dat sommige skrywers die objektiewe riglyn⁸⁸ direk koppel aan die "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn kan daartoe aanleiding gee dat die objektiewe riglyn nie suiwer toegepas word nie. Waar 'n bate nie vervreem word nie, is die toepassing van die objektiewe riglyn nie afhanklik van die vraag of die ontvangste verkry is in die bedryf van 'n besigheid of die uitvoering van 'n skema van

^{84.} Sien par 4.4.4 waar die realisasie van 'n bate in die konteks van die objektiewe riglyn bespreek word.

^{85.} Urquhart *Income Tax* par 5.1 5-3: "Sums received for the use of assets are generally of a revenue nature, for example interest, rents and royalties ..." Sien ook par 5.4.11 waar Urquhart die vlg stelling tov rente maak: "In most cases interest, an amount received for the use of money, will be clearly of an income nature."

^{86.} Broomberg *Tax Strategy* 75: "Now, the immediate tax consequence of a lease, to the lessor, is that all rental, representing the consideration he receives for the grant of the use of his property, is inherently in the nature of income: it is civil fruit and as such it is taxable in the recipient's hands."

^{87.} Williams *Law and Practice* par 5.3 78. As gesag verwys Williams na *COT v Booyens Estates Ltd* 1918 AD 576, 32 SATC 10 en *CIR v Lunnon* 1924 AD 94, 1 SATC 7.

^{88.} NI dat "inkomste" bedrae is wat uit die produktiewe aanwending van kapitaal verkry word.

winsbejag nie. Indien die besigheid-riglyn of "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn sonder meer toegepas word waar 'n bedrag deur 'n belastingpligtige ontvang word, kan dit tot regsonsekerheid aanleiding gee, want 'n bedrag kan verkry wees deur kapitaal produktief aan te wend, maar die feitestel wat bestaan sal nie noodwendig die afleiding regverdig dat die belastingpligtige 'n besigheid bedryf het of by 'n skema van winsbejag betrokke was nie.

4.3 Meervoudige objektiewe riglyne

4.3.1 Inleiding

Skrywers in die Suid-Afrikaanse inkomstebelastingreg het verskillende "toetse" geïdentifiseer wat na bewering aangewend kan word om die aard van ontvangste objektief te bepaal. Hulle voer aan dat die resultaat van sodanige riglyne objektief op inkomste dui. Die volgende objektiewe toetse is geïdentifiseer:⁸⁹

- i) die aard van die ontvangste;
- ii) die aard van die bate wat verkoop word;
- iii) die funksie van die transaksie;
- iv) die metode van vervreemding; en
- v) die regs aard van die transaksie.

Daar word aan die hand gedoen dat die onderskeid wat tussen objektiewe en subjektiewe riglyne in die konteks getref word, regsgefundeer is. Daar word egter in oorweging gegee dat die identifisering van bogemelde vyf objektiewe inkomste-toetse nie op 'n suiwer formulering van die objektiewe inkomste-riglyn gebaseer is nie. Hierdie kategorisering van die verskillende "objektiewe" toetse lei tot 'n onnodige komplisering van die onderskeid tussen objektiewe en subjektiewe riglyne aanleiding gee en verwarring kan stig.⁹⁰

4.3.2 Aard van ontvangste

Daar word aangevoer dat die vorm waarin 'n belastingpligtige die teenprestasie vir die vervreemding van sy eiendom ontvang, absoluut deurslaggewend kan wees om sy belastingaanspreeklikheid te bepaal.⁹¹

⁸⁹. Sien Broomberg 1972 SALJ 447: "There are at least five tests for income which operate quite independently of intention." Sien ook Urquhart *Income Tax* par 5.1 5-5 5-6.

⁹⁰. Broomberg 1972 SALJ 447 448 maak self die opm dat die objektiewe inkomste-riglyne wat hy geïdentifiseer het verder ondersoek moet word. Hy sê: "No doubt there are other categories of objective income, and the categories silhouetted here themselves cry out for research and questioning."

⁹¹. Sien Broomberg 1972 SALJ 447. As gesag vir sy standpunt verwys Broomberg o m na *Modderfontein B Gold*

Daar word aan die hand gedoen dat die aard van die ontvangste, naamlik dat dit huurgeld is,⁹² nie opsigselfstaande die inkomste- of kapitale aard daarvan aandui nie. Die feit dat die werklike regs aard van die transaksie 'n huurkontrak is en dat die aard van die ontvangste dus huurgeld is, beteken nie dat dit sonder meer inkomste is nie. Huurgeld op sig self is nie inkomste bloot omdat dit huurgeld is nie. Huurgeld is inkomste omdat dit die inherente eienskappe van inkomste openbaar. Hierdie inherente eienskappe word beliggaam in die objektiewe inkomste-riglyn, naamlik dat bedrae wat uit hoofde van die produktiewe aanwending van kapitaal ontvang word, inkomste is.

Waar 'n belastingpligtige 'n vaste kapitaalbate realiseer en in ruil daarvoor 'n sekere persentasie van die jaarlikse wins van die besigheid van die koper ontvang, is die ontvangste nie inkomste bloot omdat dit as besigheidswins die karakter van inkomste het nie.⁹³ Daar word aan die hand gedoen dat die objektiewe inkomste-riglyn suiwerder toegepas sal word indien die werklike regs aard van die transaksie in oorweging eers bepaal word. Waar 'n vaste kapitaalbate vervreem word en die verkoper as teenprestasie die reg verkry om te deel in die wins van die besigheid van die koper is die regs aard van sodanige ooreenkoms inderdaad 'n ruilooreenkoms. Die verkoper het die kapitaalbate vir 'n ander kapitaalbate geruil, naamlik die reg om 'n deel van die wins van die besigheid te ontvang.⁹⁴ Dit wat die

Mining Co Ltd v CIR 1923 AD 34, 32 SATC 202 en *Deary v Deputy CIR* 1920 CPD 541, 32 SATC 92. In hierdie gedeelte word nie aandag gegee aan die omstandigheid waarin die aard van die ontvangste die vorm van jaargelde aanneem nie. Daar word erken dat die aard van die ontvangste in sodanige geval wel deurslaggewend kan wees om die inkomste-aard daarvan te bepaal.

^{92.} Sien *Modderfontein B Gold Mining Co Ltd v CIR* 1923 AD 34, 32 SATC 202 waar die reg om die bewaarplaats te ontgin, saam met ander eiendom verhuur is. 'n Sekere gedeelte van die mynwinste wat gedurende die jaar gemaak is, is aan die belastingpligtige uitbetaal. Die hof beslis die ontvangste *sui generis* is wat in wese ooreenstem met huurgeld.

^{93.} Sien die uiteensetting wat r Benjamin in *Deary v Deputy Commissioner for Inland Revenue* 1920 CPD 541, 32 SATC 92 gee. Hy baseer sy bevinding op die Engelse hofbeslissing *Jones v IRC* 121 LT 611 en haal die volgende gedeelte aan as gesag vir sy standpunt: "On the other hand a man may sell his property nakedly upon the share of the profits of the business and if he does that I think that the share of the profits of the business would be undoubtedly the price paid for his property; but still that would be the share of the profits of the business and would bear the character of income in his hands, because that is the nature of it ... I therefore think that what one has to do is to look and see what the sum payable really is."

^{94.} Sien Meyerowitz *Income Tax* par 8.155; De Koker *Silke* par 2.16. Sien ook die opmerking wat r Wunsh in *CIR v Cactus Investments (Pty) Ltd* 1997 (T), 59 SATC 1 op 48 tot die *Deary*-saak maak: "I suggest ... that what Deary received for the goodwill of his business in *Deary v Deputy Commissioner for Inland Revenue*, 1920 CPD 92 was a right to a share of the profits, which on the facts of the case, was a receipt or accrual of a capital nature and that the share of the profits, when accruing or paid to him pursuant to the right, was income on which he was correctly taxed." Sien ook *Hersov's Estate v CIR* 1957 1 SA 471 (A), 21 SATC 106 116 waar hr Centlivres bevestig dat dit wat ingevolge 'n ruilooreenkoms ontvang word, dieselfde aard aanneem as dit wat geruil is. Hy beslis: "The amounts receivable under clause 2(a), (b) and (c) of the agreement unquestionably take the place of the remuneration previously provided for and in my opinion those amounts must be regarded as having the *same character* as the amounts which were receivable under

verkoper ontvang (die reg om te deel van die wins van die besigheid) sal 'n ontvangste van 'n kapitale aard wees indien die verkoper nie 'n besigheid bedryf het deur dié soort bates te vervreem nie.⁹⁵

Daar word in oorweging gegee dat die besigheidswins wat ontvang word, sal voortspruit uit die produktiewe aanwending van 'n kapitaalbate, naamlik die reg om die besigheidswins te ontvang. As sodanig behoort die bedrag wat ontvang word objektief inkomste te wees.⁹⁶

4.3.3 Aard van bate

4.3.3.1 Inleiding

Daar is skrywers wat aanvoer dat bedrae wat as teenprestasie by die vervreemding van sekere bates ontvang word, onbetwisbaar inkomste is, byvoorbeeld *fructus* wat verkoop word.⁹⁷

Daar word ook aangevoer dat die onderskeid tussen vaste en bedryfskapitale bates die grondslag is vir 'n suiwer objektiewe inkomste-riglyn om die aard van die bedrag wat by die

clause 7(a), (b) and (c) of the memorandum." (Kursivering bygevoeg.) Daar word aan die hand gedoen dat die grondslag van hierdie benadering die besigheid- of "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn is. Die ruiltransaksie gee aanleiding tot 'n vervreemding van die betrokke bate daarom moet vasgestel word of die transaksie bloot 'n realisering van 'n kapitaalbate teen 'n verhoogde waarde was en of dit 'n handeling was wat in die loop van die bedryf van 'n besigheid aangegaan is. Sien *COT v Booysens Estates Ltd* 1918 AD 576, 32 SATC 10 26 en *Californian Copper Syndicate v Harris* (1904) 5 TC 159 165-166. Sien verder par 4.4.4 en par 5.4 waar die beperkings op die aanwending van die objektiewe inkomste-riglyn en die besigheid-riglyn onderskeidelik bespreek word.

⁹⁵. Broomberg *Tax Strategy* 43 verwys bv na persone wat 'n besigheid bedryf deur besighede te verkoop.

⁹⁶. Sien *Sacks v CIR* 1946 AD 31, 13 SATC 343 353 waar hr Watermeyer hierdie benadering onderskryf. Hy wys daarop dat die reg wat 'n vennoot uit 'n vennootskapoooreenkoms kry om in die vennootskapwins te deel van 'n kapitale aard is. Die bedrae wat uit hoofde van dié reg verkry word, sal van 'n inkomste aard wees. Hy sê: "But in this reasoning, if I understand the learned Judge correctly, he seems to have overlooked the fact that the "right to profit" with which he was dealing was not income. It arose out of the partnership agreement and was a right of a capital nature. If any "amount" accrued to Sacks by virtue of that right such "amount" was income, but the right itself, was not."

⁹⁷. Broomberg 1972 *SALJ* 448. As gesag vir sy standpunt verwys Broomberg na *CIR v George Forest Timber Co Ltd* 1924 AD 516, 1 SATC 28. Brincker 1993 *De Rebus* 615 verwys ook na die moontlikheid dat die aard van 'n ontvangste belangrik kan wees om 'n onderskeid tussen inkomste en kapitaal te tref. Hy gee die vlg in oorweging: "Die deurlopende gedagte in hierdie tipe beslissings skyn te wees dat die ontvangste van 'n kapitale aard is indien die *merx* deel van die *corpus* of die kapitaalbate van die verkoper vorm, terwyl die ontvangste van 'n inkomste-aard is indien dit voorheen deel van die *fructus* uitgemaak het." In die verband verwys Brincker na *ITC 1471* (1989) 52 SATC 96 en *ITC 740* (1951) 18 SATC 219. In voorgemelde sake het die aard van die voorwerp wat die belastingpligtige vervreem het, die inkomstebelastingaard van die teenprestasie wat hy ontvang het, beïnvloed. In eg geval is beslis dat bousand wat 'n boer verkoop het, deel van die *corpus* van die plaas uitgemaak het. Dit het dus neergekom op die realisering van 'n vaste kapitaalbate met die gevolg dat die teenprestasie van 'n kapitale aard was. In die tweede geval het 'n boer 'n bedrag ontvang as teenprestasie vir water wat hy verkoop het. Die water is as 'n produk van die plaas beskou, wat daartoe aanleiding gegee het dat die teenprestasie van 'n inkomste-aard was.

realisering van 'n bate ontvang word, te bepaal.⁹⁸ Die objektiewe inkomste-riglyn wat geïdentifiseer word, blyk te wees dat die bedrag wat by die realisering van 'n bate ontvang word van 'n kapitale aard sal wees indien objektief vasgestel is dat die bate in die hande van die belastingpligtige van 'n vaste kapitale aard was.

4.3.3.2 Fructus

Die opbrengs wat met die realisering van 'n bate verkry word, sal na bewering onbetwisbaar inkomste wees indien die bate *fructus* is.⁹⁹ Daar word aan die hand gedoen dat die aard van 'n bate wat gerealiseer word nie noodwendig deurslaggewend is om die aard van die opbrengs te bepaal nie, selfs al is die bate in wese *fructus*.¹⁰⁰

Daar word verder in oorweging gegee dat die objektiewe inkomste-riglyn, naamlik "revenue derived from capital productively employed", as 'n maatstaf nie deurtastend genoeg is om die aard van die opbrengs by die verkoop van 'n bate te bepaal nie.¹⁰¹ 'n Ander riglyn behoort by

^{98.} Urquhart *Income Tax* par 5.1 5-5 5-6 gee in oorweging: "While it is considered that the actual approach taken is to determine whether, on an objective basis, the capital employed constituted fixed or working capital, as the terms have been defined above, this is not often acknowledged in the judgements."

^{99.} Broomberg 1972 SALJ 448 sê: "It seems that amounts received in consideration for the sale of certain types of asset are indelibly marked for tax liability. For example, whenever *fructus* is sold, the revenue from the sale is income." Broomberg 1972 SALJ 448 vn 13 verwys na *CIR v George Forest Timber Co Ltd* 1924 AD 516, 1 SATC 20 as gesag vir sy bg standpunt. Daar word egter aan die hand gedoen dat die verkoop van die bome in die *George Forest*-saak nie die opbrengs belasbaar gemaak het bloot omdat die bome *fructus* was nie. Die verwerkte bome is in die loop van die mpy se gewone besigheid verkoop. Dit het meegebring dat die opbrengs belasbaar was. Hr Innes beslis op 22: "But the property was actually dealt with in accordance with the purpose for which it was acquired: namely, the production of revenue through the channel of the company's ordinary business. The trees were felled, the timber was put through the saw mill and the planks or logs when they came from the mill were sold as portion of the ordinary stock-in-trade." Daar kan tot dieselfde gevolgtrekking gekom word tov die beslissing in *ITC 782* (1953) 19 SATC 410. In dié saak het die belastingpligtige, 'n skaapboer, die wol verkoop van skape wat hy geërf het. Die hof beslis op 413: "In this case the view of the Court is that the sale of the wool was carried out in the ordinary course of the appellant's business as a sheep farmer and carried out with a view to profit-making and that he is liable on the proceeds of the sale of that wool." Die opbrengs wat met die verkoop van die wol ontvang is, was dus nie van 'n inkomste-aard bloot omdat die wol *fructus* was nie. Dit is in die loop van die gewone besigheid van die belastingpligtige verkoop.

^{100.} Meyerowitz *Income Tax* par 8.144 gee die vlg in oorweging: "It is considered that the mere fact that the thing sold is in the nature of *fructus* is not sufficient to constitute the proceeds income. The question is whether it is *fructus* in the hands of the taxpayer, or rather, whether the proceeds are profit derived from carrying out an operation of business in a scheme of profit making. ... If therefore an heir inherits a vineyard, sheep or farm or the like with a crop thereon, the mere severance and disposal of the crop will not result in a receipt or accrual of income unless in the circumstances of the case he can be said to be carrying on a business operation in a scheme of profit making ..." Sien ook Anon 1996 *The Taxpayer* 222 waar as volg opgemerk word: "We submit that the nature of an asset cannot be conclusive as to the capital or revenue quality of the proceeds on its disposal."

^{101.} Sien par 4.4.3 waar die aanwending van die objektiewe inkomste-riglyn by die realisering van 'n bate

die realisering van 'n bate, selfs *fructus*, toegepas te word, naamlik die "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn.¹⁰² Die toepassing van dié riglyn is nie suiwer op objektief waarneembare feite gebaseer nie en voorveronderstel 'n ondersoek na die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige.¹⁰³

Indien Broomberg se standpunt aanvaar word, kom dit neer op 'n uitsondering op die toepassing van die "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn, naamlik dat wanneer die bate wat gerealiseer word *fructus* is, die opbrengs weens dié objektief waarneembare feit van 'n inkomste-aard is.¹⁰⁴

Daar word aan die hand gedoen dat waar 'n bate vervreem word, moet die volgende relevante riglyn toegepas word: Is die bate (ongeach die aard daarvan) verkry met die doel om dit in die loop van 'n besigheid of by wyse van 'n besigheidsbedrywigheid in die loop van 'n skema van winsbejag aan te wend? Dit beteken dat die opbrengs nie 'n toevallige ontvangste sal wees nie, maar doelbewus nagestreef sal word.¹⁰⁵

4.3.3.3 Vaste en bedryfskapitaal¹⁰⁶

Daar is skrywers wat beweer dat die onderskeid tussen vaste en bedryfskapitaal op 'n suiwer objektiewe benadering gebaseer is. Dit wil sê, dat die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige nie enigsins 'n rol speel nie.¹⁰⁷ Daar word aan die hand gedoen dat daar nie

ondersoek word en die inherente tekortkominge van dié riglyn uitgewys word.

^{102.} Hierdie uitgangspunt word in *C:SARS v Van Blerk* (2000) 1 All SA 616 (C), 62 SATS 131 deur r Davis bevestig op 135: "The proceeds of the sale are not to be determined by whether the fruits or *corpus* has been sold but rather by means of an examination of the nature of the transactions and the intention with which they were undertaken by the taxpayer."

^{103.} Sien par 6 waar die "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn bespreek word. Sien verder Meyerowitz *Income Tax* par 8.23: "The application of the test presupposes an enquiry into the state of mind or the intention, or in the case of a company of the policy, of the taxpayer." Broomberg 1972 *SALJ* 449 erken self dat die "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn, wat die deurslaggewende riglyn by die realisering van 'n bate is, in wese 'n subjektiewe "toets" is. Sien ook *C:SARS v Van Blerk* (2000) 1 All SA 616 (C), 62 SATS 131 waar r Davis die doel van die belastingpligtige met die aankoop van die plaas oorweeg om tot die beslissing te kom dat hy handel gedryf het deur sand te verkoop. Hy sê op 137: It is apparent that when respondent bought the farm in 1983 he employed it for two separate and distinct purposes, namely: (a) to employ the land in farming operation; and (b) to sell the sand thereon. ... The character of the sand, for purposes of determining whether the proceeds thereof were revenue or capital, must be determined by the respondent's intention in relation to the sand.

^{104.} Sien par 7 waar die subjektiewe grondslag van die "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn bespreek word.

^{105.} Sien *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271 280; Anon 1996 *The Taxpayer* 222. Sien ook par 6 waar hierdie riglyn in meer besonderhede bespreek word.

^{106.} Sien par 8 waar die onderskeid tussen vaste en bedryfsbates as 'n afsonderlike riglyn bespreek word.

^{107.} Urquhart *Income Tax* par 5.1 5-5 5-6 gee in oorweging dat die onderskeid tussen vaste en bedryfskapitaal op

regsgesag vir dié benadering bestaan nie. Die aard van vaste en bedryfskapitaal is veranderlik en as sodanig is die onderskeid tussen vaste en bedryfskapitaal nie permanent en onveranderlik nie.¹⁰⁸ Die begrippe "vaste kapitaal" en "bedryfskapitaal" word bloot gebruik om die doel te beskryf waarvoor die kapitaal voorlopig deur die belastingpligtige aangewend word.¹⁰⁹ As sodanig het die onderskeid tussen vaste en bedryfskapitaal 'n subjektiewe grondslag.

4.3.4 Metode van vervreemding

Die metode waarvolgens 'n kapitaalbate verkoop word, kan na bewering in sekere omstandighede tot inkomste in die hande van die verkoper aanleiding gee. Dit sal die geval wees waar die bate in die loop van die gewone besigheidsbedrywighede van die belastingpligtige vervreem word of waar hy met die realisering daarvan 'n besigheid bedryf.¹¹⁰

Daar word egter aan die hand gedoen dat die bedryf van 'n besigheid primêr verband hou

'n objektiewe basis gebaseer is. Hy sê: "While it is considered that the actual approach taken is to determine whether, on an objective basis, the capital employed constituted fixed or working capital, as the terms have been defined above, this is not often acknowledged in the judgements."

¹⁰⁸. Sien die beslissing in *Ammonia Soda Co Ltd v Chamberlain* (1918) 118 LT 48 58 waar *lord justice* Swinfen Eady die aard en onderskeid tussen vaste en bedryfskapitaal bespreek. Daar word in verskeie Suid-Afrikaanse hofbeslissings goedkeurend na dié Engelse hofbeslissing verwys. Sien *South African Marine Corporation Ltd v CIR* 1955 1 SA 654 (K), 20 SATC 15 24; *SBI v Aveling* 1978 1 SA 862 (A), 40 SATC 1 17; *Estate A G Bourke v CIR* 1991 1 SA 661 (A), 53 SATC 86 94, en *Solaglass Finance Co (Pty) Ltd v CIR* 1991 2 SA 257 (A), 53 SATC 1 14. In *CIR v Richmond Estates (Pty) Ltd* 1956 1 SA 602 (A), 20 SATC 355, *CIR v Lydenburg Platinum Ltd* 1929 AD 137, 4 SATC 8 en *New Mines Ltd v CIR* 1938 AD 455, 10 SATC 9 word die moontlikheid erken dat die aard van bates wat 'n mpy hou deur 'n verandering in die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige verander kan word. Bates wat eers kapitaalbate was, is na sodanige verandering as handelsvoorraad beskou, terwyl bates wat oorspronklik handelsvoorraad was as beleggings gehou is. Sien egter die standpunt van ar Schreiner in sy minderheidsuitspraak in *CIR v Richmond Estates (Pty) Ltd* 1956 1 SA 602 (A), 20 SATC 355 366 wat aandui dat bloot 'n bedoelingsverandering nie deurslaggewend is nie.

¹⁰⁹. Sien *Ammonia Soda Co Ltd v Chamberlain* (1918) 118 LT 48 op 58 waar die hof beslis: "It must not, however, be assumed that the division into which capital does fall is permanent. The language is merely used to describe the purpose to which it is for the time being appropriated."

¹¹⁰. Broomberg 1972 SALJ 448 verwys in dié verband na *ITC 836* (1957) 21 SATC 330 en *ITC 448* (1939) 11 SATC 95. Broomberg 1998 *Tax Planning* 70 is van mening dat daar 'n bepaalde metodologie is wat toegepas kan word om die inkomste- of kapitale aard van die opbrengs van 'n bate te bepaal. Na sy mening is die aanvanklike stap om te bepaal of die belastingpligtige 'n besigheid bedryf het. Vlg Broomberg is hierdie eerste stap gebaseer op 'n objektiewe toets. Dit is 'n feitevraag of 'n kwessie van graad of 'n belastingpligtige 'n bedryf beoefen of bloot 'n bate teen die beste prys realiseer. Hy gee die vlg uiteensetting: "The starting point is to determine whether or not the taxpayer is carrying on a business, that is to first apply the objective test. Is the taxpayer carrying on a trade or business? It is a matter of fact or of degree, whether the taxpayer is conducting an observable trade, or whether the taxpayer is merely endeavouring to realise an asset at the best price."

met die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige. Die objektiewe faktore mag as sodanig die skyn wek dat 'n besigheid bedryf is. Die objektiewe faktore behoort egter nie abstrak beoordeel te word nie. Die objektiewe faktore behoort in die konteks van die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige beoordeel te word.¹¹¹

4.3.5 Funksie van transaksie

Daar word beweer dat die funksie van die transaksie objektief daarop kan dui dat die ontvangste wat daaruit voortspruit van 'n inkomste-aard is.¹¹²

'n Testamentêre bemaking, wat inherent van 'n kapitale aard is, kan belasbare inkomste in die hande van die erfgenaam wees indien hy die bemaking ontvang het om hom te vergoed vir dienste wat hy aan die erflater gelever het.¹¹³ Die erfgenaam het die erflating ontvang as vergoeding vir sy vernuf en arbeid ("persoonlike kapitaal") wat hy produktief tot voordeel van die erflater aangewend het.¹¹⁴

Daar word aan die hand gedoen dat die funksie van die transaksie bloot 'n faktor is wat in ag geneem word om die werklike regs aard van die transaksie te bepaal.¹¹⁵ Die funksie van die transaksie is nie sonder meer die objektiewe inkomste-riglyn wat toegepas word om die inkomstebelastingaard van die ontvangste te bepaal nie. Sodra die werklike regs aard van die transaksie waaruit die ontvangste voortspruit, bepaal is, kan die objektiewe inkomste-riglyn toegepas word om die aard van die ontvangste te bepaal.

In bogemelde geval is die werklike aard van die transaksie vir inkomstebelastingdoeleindes

¹¹¹. Sien par 7 waar die relevansie van die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige by die beoefening van 'n bedryf of besigheid in meer besonderhede bespreek word. Sien ook *Stephan v CIR* 1919 WLD 1, 32 SATC 54 61; *Modderfontein Deep Levels Ltd v Feinstein* 1920 TPD 288 291; *ITC 136* (1928) 4 SATC 203 205; *ITC 258* (1932) 7 SATC 67 70; *ITC 1283* (1978) 41 SATC 36 44; *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271 280.

¹¹². Sien *Broomberg* 1972 SALJ 448.

¹¹³. Sien *CIR v Brooks* 1964 2 SA 566 (A), 26 SATC 91 op 101: "I agree that that which accrues to a residuary heir is in no sense of the word income. An inheritance is, after all, a gift, and unless it can in some way be related to a reward for services rendered by the beneficiary to the testator, it is under ordinary circumstances a capital receipt."

¹¹⁴. Sien *COT v Booysens Estates Ltd* 1918 AD 576, 32 SATC 10 25 waar hr Innes sê: "Profit or gain may be made in many ways; men may earn it by their labour, by their wits, by their capital. Many of the forms of profit specified in the definition are the product of skill or labour; but, speaking generally, profit otherwise derived must be in whole or in part of the product of capital if it is to be of the nature of income, and thus included in the definition." Die ontstaansrede van die ontvangste is dus nie die vrygewigheid van die erflater nie, maar die *quod pro quo* wat die erfgenaam gegee het. Sien par 3 waar die ontstaansrede van 'n ontvangste bespreek word.

¹¹⁵. Sien hfst 6 waar die werklike regs aard van 'n transaksie in die konteks van die inkomstebelastingreg bespreek word.

'n bedrag wat as vergoeding betaal word vir dienste wat gelewer is. Die erfgenaam het 'n *quid pro quo* vir die bedrag wat ontvang is (erfenis) gegee, naamlik die dienste wat gelewer is.¹¹⁶ Dit was nie bloot 'n bemaking (skenking) aan die erfgenaam nie, dit wil sê 'n toevallige ontvangste nie. Die objektiewe inkomste-riglyn wat in werklikheid toegepas word, hou verband met die arbeid en vernuf van die belastingpligtige wat hy produktief aangewend het en waarvoor hy vergoed is. Dit is die ontstaansrede van die ontvangste (erflating).

4.3.6 Regsaard van transaksie

Daar word beweer dat die regs aard van die transaksie objektief daarop kan dui dat die ontvangste wat daaruit voortspruit, van 'n inkomste-aard is.¹¹⁷ Huurkontrakte en rentedraende lenings word as voorbeelde van dié tipe transaksies genoem.

Dit is belangrik vir die toepassing van die objektiewe inkomste-riglyn, naamlik "revenue derived from capital productively employed", dat daar sekerheid oor die regs aard van die transaksie bestaan. Rente en huurgeld is inkomste omdat dit beskou kan word as bedrae wat uit die produktiewe aanwending van die ontvanger se kapitaal, naamlik sy leningskapitaal of gebou, voortspruit.

4.4 Ontleding en gevolgtrekking

4.4.1 Inleiding

Daar word aan die hand gedoen dat die grondslag van die betekenis van die begrip "inkomste" in die Suid-Afrikaanse inkomstebelastingreg gebaseer is op die objektiewe inkomste-riglyn.¹¹⁸

Daar word verder aan die hand gedoen dat voorgemelde omskrywing van "inkomste" gebaseer is op die oorspronklike ekonomiese benadering wat gevolg is om 'n onderskeid tussen inkomste en kapitaal te tref.¹¹⁹ Die benadering fokus op twee elemente wat

¹¹⁶. Sien par 3 waarin die ontstaansrede van 'n ontvangste ondersoek word as 'n riglyn wat aangewend kan word om die werklike aard van 'n ontvangste vir inkomstebelasting te bepaal. Sien ook *Tuck v CIR* 1988 3 SA 819 (A), 50 SATC 98 113.

¹¹⁷. Sien *Broomberg* 1972 SALJ 448.

¹¹⁸. Sien *COT v Booyens Estates Ltd* 1918 AD 576, 32 SATC 10. Veral die uitspraak van r Wessels in die hof *a quo*. Hy sê op 15: "Income is, as a rule, revenue derived from capital productively employed." In die appèlhofuitspraak verwys hr Innes goedkeurend na r Wessels se omskrywing en gee verder in oorweging op 25: "Profit or gain may be made in many ways; men may earn it by their labour, by their wits, by their capital. Many of the forms of profit specified in the definition are the product of skill or labour; but, speaking generally, profit otherwise derived must be in whole or in part of the product of capital if it is to be of the nature of income, and thus included in the definition."

¹¹⁹. Sien hfst 4 par 2.3.1 en par 3.4.4. In *George Forest and Timber Co Ltd v CIR* 1924 AD 516, 1 SATC 20 22

grondliggend aan dié benadering was, naamlik:

- i) die vloeï van fondse; en
- ii) die kapitaal of bron waaruit die fondse voortvloei.

Die vloeï van fondse hou verband met die opbrengs wat verkry word deur kapitaal produktief aan te wend. Daar word aan die hand gedoen dat die woord "derived" in die konteks van voorgemelde basisoms krywing van "inkomste" beteken om direk voort te spruit of voort te vloeï uit iets wat die bron daarvan is.¹²⁰ Die kapitaal wat produktief aangewend word, is die bron waaruit die bedrae of opbrengs voortvloei. Die bron kan onder meer die volgende wees:

- i) geïnvesteerde kapitaal;
- ii) arbeid en vernuf;¹²¹ of
- iii) 'n onderneming of besigheid.¹²²

bevestig hr Innes hierdie standpunt deur die vlg opm te maak: "In *Commissioner of Taxes v Booyens's Estates* (1918 AD at p. 582) WESSELS, J., said that as a general rule income was revenue derived from capital productively employed. He was considering it from an economic standpoint, apart from statutory definition."

^{120.} In *CIR v D & N Promotions (Pty) Ltd* 55 SATC 89 het die hof die betekenis van die frase "derived from farming operations" oorweeg. R Levinsohn sê op 93-94 die vlg: "As pointed out by the court *a quo* no definition is given in the Income Tax Act of the phrase 'derived from farming operations' and it is necessary at the outset to ascertain its meaning. According to the dictionary definition 'derive' means 'to come from something as its source'. (*The Shorter Oxford English Dictionary* vol 1 p 525.) In another context in construing the phrase 'from which revenue is derived' Innes CJ in *Port Elizabeth Municipality v Union Government* 1918 AD 237 at 244 said the following: 'The expression "from which revenue is derived" does not present much difficulty. In *Commissioner of Taxes v Kirk* (1900 AC 588) the question arose whether certain income was "derived from lands of the Crown held under lease", and in the judgment of the Privy Council it was remarked that "their Lordships attach no special meaning to the word 'derived' which they treat as synonymous with arising or accruing" To fall within the language of the proviso the revenue must flow or accrue directly from the building.'" In die lig van bg gesag word aan die hand gedoen dat die frase "revenue derived from capital productively employed" beteken die bedrae of opbrengs wat direk voortvloei uit die produktiewe aanwending van kapitaal. Kapitaal verwys na die bron waaruit die bedrae voortvloei.

^{121.} In *COT v Booyens's Estates Ltd* 1918 AD 576, 32 SATC 10 verwys hr Innes in die appêlhofuitspraak na die verskillende metodes waardeur kapitaal produktief aangewend kan word. Hy sê op 25: "Profit or gain may be made in many ways; men may earn it by their labour, by their wits, by their capital. Many of the forms of profit specified in the definition are the product of skill or labour; but, speaking generally, profit otherwise derived must be in whole or in part of the product of capital if it is to be of the nature of income, and thus included in the definition." Broomberg *Tax Strategy* 51 verwys na die feit dat die inkomste van 'n professionele persoon inherent die produkte van sy vernuf is. Hy sê: "[T]he income of a professional practice is, inherently, the fruits of the labour of the professional practitioner, the products of his skill, wit, intellect and so forth."

^{122.} In *COT v Booyens's Estates Ltd* 1918 AD 576, 32 SATC 10 sê hr Innes op 25 die vlg: "Now a company can only employ its capital in order to earn profit by embarking it in some enterprise or business which the company was formed to undertake." Sien ook in *CIR v Lever Bros and Unilever Ltd* 1946 AD 441, 14 SATC 1 waar ar Schreiner op 16 verklaar: "Generally it may be said that a source of income is either (a) some personal activity of the tax-payer, or (b) some property over which he has rights, or (c) a combination of both." Op 18 sê hy: "The class of case coming under (c) ... normally involves the making of numerous contracts over a period and the taxpayer who gains his income in this way is generally said to carry on a

Die "vloei van fondse"-element impliseer dat "inkomste" nie 'n waardevermeerdering of toevoeging tot die kapitaal is nie, maar bedrae is wat van die kapitaal afgesonder word, op welke wyse die kapitaal ook al belê of aangewend is. Inkomste is nie wins wat aan die kapitaal toeval nie, maar wins wat uit die kapitaal verkry word.¹²³ Volgens die bekende metafoor is die kapitaal die boom terwyl die inkomste die vrugte is wat geproduseer word.¹²⁴

4.4.2 Inhoud en trefwydte

Daar is sekere aspekte van die objektiewe inkomste-riglyn wat by die toepassing van dié riglyn tot onsekerhede aanleiding kan gee. Hierdie aspekte hou verband met:

- i) die "produktiewe aanwending"-vereiste; en
- ii) die realisering van bates.

4.4.3 "Produktiewe aanwending"-vereiste

'n Bedrag sal slegs inkomste wees indien daar 'n produktiewe aanwending van kapitaal was. Daar bestaan nie duidelike maatstawwe oor die "produktiewe aanwending"-vereiste nie. Die omvang van die aktiewe handelinge wat van die belastingpligtige vereis word om aan die "produktiewe aanwending"-vereiste te voldoen, is nie in die Suid-Afrikaanse regspraak omskryf nie. Dit is duidelik uit die Suid-Afrikaanse regspraak dat passiewe beleggingsinkomste ook ingevolge die objektiewe inkomste-riglyn as inkomste sal kwalifiseer.¹²⁵ Dit wil derhalwe voorkom of die maak van 'n belegging voldoende aktiwiteite daarstel om tot die produktiewe aanwending van kapitaal aanleiding te gee, selfs al vereis die maak van baie beleggings nie 'n noemenswaardige poging van die belastingpligtige nie. Daar word aan die hand gedoen dat as 'n algemene reël sal 'n belastingpligtige voldoen aan die "produktiewe aanwending"-vereiste indien hy kapitaal aanwend en dit 'n opbrengs lewer.

business." Daar word aan die hand gedoen dat hierdie indeling in wese ooreenstem met die uiteensetting wat Wheatcroft 1957 *BTR* 313 gee.

¹²³. Sien *IRC v Blott* [1921] 2 AC 171 195; *Pool v Guardian Investment Trust Co Ltd* [1922] 1 KB 347 358.

¹²⁴. Sien die opm wat Sims ea *Simon's Taxes* 181 maak en die gesag waarna verwys word: "A metaphor commonly employed in speaking of capital and income, and more than once in specific relation to income tax, is that of a tree and the fruit it bears." Wheatcroft 1957 *BTR* 310-311 verwys na die basiese idee wat dié metafoor ten grondslag lê, nl dat 'n bron noodsaaklik is om die inkomste voort te bring. Sien ook *Coltness Iron Co v Black* (1881) 9 TC 287 307. Sien verder par 3 waar die bron-begrip in meer besonderhede bespreek word. Sien ook Waincymor 1994 *Melb U L Rev* 979.

¹²⁵. Sien *ITC 165* (1930) 5 SATC 82; *ITC 92* (1927) 3 SATC 238; *ITC 189* (1930) 5 SATC 284; *ITC 880* (1958) 23 SATC 234.

4.4.4 Realisering van bate

Die toepassing van die objektiewe inkomste-riglyn kan tot onsekerheid aanleiding gee waar die kapitaalbate wat produktief aangewend word, gerealiseer word. 'n Blote toepassing van die objektiewe inkomste-riglyn verskaf nie sekerheid oor die inkomste- of kapitale aard van die realisasie-opbrengs nie.¹²⁶ Die objektiewe inkomste-riglyn is as 'n maatstaf nie deurtastend genoeg om die aard van 'n realisasiewins by die verkoop van 'n bate te bepaal nie. Om die objektiewe inkomste-riglyn alleenstaande toe te pas, bied nie 'n oplossing nie, want die belastingpligtige wend in elk geval sy kapitaal aan wanneer hy die bate aankoop en verkoop. Die blote aanwending van kapitaal gee in sodanige omstandighede nie noodwendig tot inkomste aanleiding nie. Die objektiewe inkomste-riglyn stel dit duidelik dat kapitaal produktief aangewend moet word.

Waar 'n bate deur 'n belastingpligtige vervreem word, is dit nodig om vas te stel onder watter omstandighede die vervreemding op die produktiewe aanwending van kapitaal sal neerkom. Die vervreemdingshandeling dui nie sonder meer op 'n produktiewe aanwending van kapitaal nie. Die vervreemding van 'n bate kon bloot die realisasie van 'n kapitaalbelegging teen 'n verhoogde waarde wees. Die wins sal in sodanige omstandighede van 'n kapitale aard wees omdat daar in wese geen verskil tussen die aard (karakter) van die verhoging in waarde en die aard (karakter) van die res van die opbrengs van die kapitaalbate is nie.¹²⁷

Dit was nodig vir die howe om bykomende maatstawwe te formuleer om die prinsipiële tekortkominge van die objektiewe inkomste-riglyn by die vervreemding van 'n bate aan te spreek.¹²⁸ Die howe het hierdie probleem aangespreek deur die objektiewe inkomste-riglyn uit te brei om aan te dui in welke omstandighede kapitaal produktief by die vervreemding van 'n bate aangewend sal word. Om te bepaal of die wins wat by die vervreemding van 'n bate

^{126.} Hierdie probleem word in *ITC 598* (1945) 14 SATC 267 268 deur die hof as volg opgesom: "As a broad proposition it may be stated that income is revenue derived from capital productively employed. ... This is a concise statement of the proposition that the fruits derived from invested capital are income. Such revenue-producing capital may, however, be realised, and realised at a profit. The question may then arise, is the amount realised merely an enhancement of the original capital or is the resultant profit a profit on revenue account."

^{127.} Sien *COT v Booyens Estates Ltd* 1918 AD 576, 32 SATC 10 25; *Lace Proprietary Mines Ltd v CIR* 1938 AD 267, 9 SATC 349 358-359.

^{128.} Sien *Lace Proprietary Mines Ltd v CIR* 1938 AD 267, 9 SATC 349 358-359 waar hr Stratford die vlg onderskeid tref: "If then the capital of the company was employed to acquire these mining rights with a view to working them, such employment would be in the nature of an investment and a subsequent sale at an enhanced amount would be a realization of an investment and the resulting profit would be a capital accrual. But if the object of the original acquisition was to resell at a profit and that object is achieved, the profit obtained is the result of the productive use of capital employed for the purpose of making such profits; the profit is then income."

gemaak word uit die produktiewe aanwending van kapitaal voortspruit, noodsaak derhalwe 'n verdere ondersoek.

Die oorsprong van hierdie verdere maatstawwe is ook te vind in *Commissioner of Taxes v Booyens Estates Limited*.¹²⁹ Hoofregter Innes gee 'n aanduiding van die omstandighede waar die wins wat by die realisering van 'n bate gemaak word op die produktiewe aanwending van kapitaal sal neerkom. Hy gee in oorweging dat 'n maatskappy slegs sy kapitaal kan aanwend om 'n wins te verdien deur dit in die onderneming of besigheid te belê waarvoor die maatskappy ingelyf is.¹³⁰ Hy dui ook later aan dat die mynregte wat die maatskappy gerealiseer het nie neergekom het op die produktiewe aanwending van kapitaal om 'n wins te maak nie.¹³¹ Hy kom tot hierdie gevolgtrekking deur te oorweeg of die verkoop van die mynregte 'n handeling was wat verrig is wat werklik beskou kan word as die bedryf van 'n besigheid.¹³² Die vervreemding van bates deur 'n maatskappy sal op die produktiewe aanwending van kapitaal neerkom indien dit in die loop van die bedryf van 'n besigheid wat deel is van 'n skema van winsbejag gerealiseer word.¹³³ Hierdie maatstaf is verder uitgebrei om ook realiasiewinste in te sluit wat by wyse van 'n besigheidsbedrywigheid in die uitvoering

^{129.} *COT v Booyens Estates Ltd* 1918 AD 576, 32 SATC 10.

^{130.} Sien 25: "Now a company can only employ its capital in order to earn profit by embarking it in some enterprise or business which the company was formed to undertake."

^{131.} Sien op 27: "Was the sale of the assets to the Robinson Deep a productive use of capital employed to earn profit, or was it a mere realization of capital at an enhanced value?" En op 28: "There is nothing in the circumstances of that sale to indicate that it amounted to an employment of capital for the earning of profit; and the realization of capital does not necessarily lose its character as such because it happens to be effected in more than one instalment."

^{132.} Hy sê op 26: "But it is equally well established that enhanced values obtained from realization or conversion of securities may be so assessable where what is done is not merely a realization or change of investment, but an act done in what is truly the carrying on or carrying out of a business." In dié verband verwys hy o m na *Californian Copper Syndicate v Harris* (1904) 5 TC 159.

^{133.} Die volgende regspraak ondersteun hierdie standpunt. Sien *CIR v Lydenburg Platinum Ltd* 1929 AD 137, 4 SATC 8 waar ar Stratford die vlg opm op 19 maak: "The profits were therefore ... made in the carrying on of a business in a scheme for profit-making. Or, to use another phrase to be found in the cases, those profits were 'income derived from capital productively employed', and the whole operation was not merely a change of investment." In *Berea West Estates (Pty) Ltd v SIR* 1976 2 SA 416 (A), 38 SATC 43 sê ar Holmes op 62: "It is, of course, clear that if a realization company, or any company, so conducts its affairs that it can be said to be carrying on the trade or business of making profits from the sale of land, using the latter as its stock-in-trade, the profits will be 'revenue derived from capital productively employed' ..." In *African Life Investment Corporation (Pty) Ltd v SIR* 1969 4 SA 259 (A), 31 SATC 163 sê hr Steyn op 176: "Where the sale of shares held as an investment is in fact contemplated as an alternative method of dealing with them for the purpose of making a profit out of them, or, in the case of a company, where it is one of the 'appointed means of the company's gains' ... it can make no difference, I consider, that it is a secondary or subsidiary purpose of their acquisition. It would nevertheless be part of the business operations contemplated for the production of income, and the profit gained, would be 'revenue derived from capital productively employed'."

van 'n skema van winsbejag gemaak is.¹³⁴ Sodanige wins sal ook as 'n bedrag beskou word wat uit die produktiewe aanwending van kapitaal verkry is.¹³⁵ Waar 'n kapitaalbate nie in die loop van die bedryf van 'n besigheid of by wyse van 'n besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n skema van winsbejag gerealiseer is nie, word die realisasiewins nie beskou as 'n bedrag wat uit die produktiewe aanwending van kapitaal verkry is nie.¹³⁶

Daar word in oorweging gegee dat bogemelde verbreding van die objektiewe inkomste-riglyn ook van toepassing is waar individue bates realiseer. Die verkoop van 'n bate sal slegs as die produktiewe aanwending van kapitaal beskou word indien dit in die gewone bedryf van die besigheid van die individu of by wyse van 'n besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n skema van winsbejag gerealiseer is.¹³⁷

Daar word aan die hand gedoen dat die howe in latere uitsprake by die oorweging van die

^{134.} Sien *Overseas Trust Corporation Ltd v CIR* 1926 AD 444, 2 SATC 71 waar hr Innes op 75 sê: "Where an asset was realised at a profit as a mere change of investment there was no difference in character between the amount of enhancement and the balance of the proceeds. But where the profit was, ... 'a gain made by an operation of business in carrying out a scheme for profit making', then it was revenue derived from capital productively employed, and must be income." In dié saak het Overseas Trust aandele gekoop vir 'n bedrag wat aansienlik minder as die markwaarde van die aandele was. Overseas Trust het later 'n bedrag uit hoofde van die aandele ontvang wat meer as die koopprys van die aandele was, sonder om die aandele te realiseer. Hr Innes bevind op 76 dat indien die voordele wat ontvang word 'n wins is wat by wyse van 'n besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n skema van winsbejag gemaak word, sal daar geen onderskeid tussen die realisering en vrugvorming ("fructification") van 'n bate wees nie. Hy kom tot die gevolgtrekking dat die transaksie as deel van die besigheid van Overseas Trust aangegaan is en daarom was die bedrag belasbaar. Daar word in oorweging gegee dat selfs al het Overseas Trust nie in aandele handelgedryf nie die bedrag steeds van 'n inkomste-aard sou gewees het. Die bedrag kan beskou word as inkomste omdat dit uit hoofde van die produktiewe aanwending van die kapitaal (aankoopprys van die aandele) van Overseas Trust ontvang is.

^{135.} Daar word aan die hand gedoen dat daar in die regspraak 'n onderskeid getref word tussen (1) transaksies wat binne die omvang van die besigheid van die belastingpligtige val; en (2) transaksies wat, alhoewel dit nie in die gewone loop van besigheid aangegaan word nie, wel as 'n besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n skema van winsbejag beskou kan word. Sien par 6 waar dié onderskeid aan die hand van relevante regspraak bespreek word. Sien ook *Liquidator Rhodesia Metals Ltd v COT*, SR 1938 AD 282, 9 SATC 363 367; *Elandsheuwel Farming (Edms) Bpk v SBI* 1978 1 SA 101 (A), 39 SATC 163 180; *CIR v Gribnitz* 50 SATC 127 133, 1988 (T); *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271 279-280.

^{136.} In *Crowe v CIR* 1930 AD 122, 4 SATC 133 het ar Stratford nie die verkoop van die wattleplantasie as die produktiewe aanwending van kapitaal beskou nie omdat dit nie in die gewone bedryf van die besigheid van Crowe gerealiseer is nie. Hy beslis op 138: "Broadly speaking, income was derived from capital productively employed, or was received for services. ... What then was the capital used to produce this income ... or what services were rendered for which that sum was remuneration? His Lordship could see neither capital employed nor services given." Hy omskryf die kruks van die beslissing op 139: "The profits of that transaction ... would only be regarded as income for the purpose of the income tax law if the transaction was carried out in the ordinary course of appellant's business with a view to profit-making. That basis of liability in respect of the profits (if any) on the re-sale was definitely excluded by the statement in this case that it was not the business of the appellant to speculate in wattle plantations."

aard van realisasiewinste nie uitdruklik na die objektiewe inkomste-riglyn,¹³⁸ soos dit oorspronklik geformuleer is,¹³⁹ verwys nie. Dit wil sê, die howe oorweeg bloot of 'n bate vervreem is in die loop van die bedryf van 'n besigheid van die belastingpligtige of by wyse van 'n besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n skema van winsbejag. Die feit dat die realisasiewins in voorgemelde omstandighede inkomste sal wees omdat dit in wese neerkom op 'n bedrag wat uit die produktiewe aanwending van kapitaal ontvang is, word nie beklemtoon nie. Daar word bloot as riglyne oorweeg of 'n realisasiewins in die loop van die bedryf van 'n besigheid van die belastingpligtige of by wyse van 'n besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n skema van winsbejag gemaak is. Voorgemelde riglyne blyk die primêre riglyne te wees wat aangewend word om die aard van realisasiewinste te bepaal. Die oorsprong van dié riglyne, asook die resultaat¹⁴⁰ wat met die toepassing daarvan bereik word, word nie beklemtoon nie.¹⁴¹

4.4.5 Realisering en aflossing van finansiële instrumente

Daar is egter omstandighede waar die versuim om die objektiewe inkomste-riglyn toe te pas tot onsekerhede aanleiding kan gee al word die inkomste-produiserende bate nie gerealiseer nie. Hierdie onsekerhede kom veral voor by finansiële instrumente¹⁴² waar 'n belegging teen 'n diskonto gemaak word en teen 'n hoër sigwaarde of 'n premie afgelos word.¹⁴³ Dit is van kardinale belang dat belastingadviseurs wat die inkomste- of kapitale aard oorweeg van bedrae wat meer is as die aanvanklike verdiskonteerde verkrygingskoste van 'n finansiële

^{137.} Sien *Crowe v CIR* 1930 AD 122, 4 SATC 133.

^{138.} Synde "revenue derived from capital productively employed".

^{139.} Daar word aan die hand gedoen dat hr Innes die riglyn as volg in *COT v Booyens Estates Ltd* 1918 AD 576, 32 SATC 10 26 formuleer: "Was the sale of the assets to the Robinson Deep a productive use of capital employed to earn profit, or was it a mere realization of capital at an enhanced value?"

^{140.} Dws dat die wins in sodanige omstandighede inkomste sal wees omdat dit uit die produktiewe aanwending van kapitaal verkry is.

^{141.} In die vlg hofbeslissings is nie direk na die objektiewe inkomste-riglyn verwys nie, maar die bedryf van 'n besigheid of skema van winsbejag is as riglyn toegepas om die aard van realisasiewinste te bepaal: *Berea Park Avenue Properties (Pty) Ltd v CIR* 1995 2 SA 411 (A), 57 SATC 167 177; die meerderheidsuitspraak in *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271 279; *CIR v Malcomess Properties (Isando) (Pty) Ltd* 1991 2 SA 27 (A), 53 SATC 153 162; *Greenband Properties (Pty) Ltd v CIR* 43 SATC 151 155, 1981 (K); *CIR v Modified Investments (Pty) Ltd* 1982 1 SA 331 (T), 43 SATC 257 263; *Constantia Heights (Pty) Ltd v SIR* 1979 3 SA 768 (A), 41 SATC 77 84; *SIR v Rile Investments (Pty) Ltd* 1978 3 SA 732 (A), 40 SATC 135 151.

^{142.} Die begrip "finansiële instrument" word hier in 'n wye sin van die woord gebruik en sluit o m in lenings, effekte, skuldbriewe, promesses en wissels.

^{143.} Skuldbriewe, wissels of staatseffekte wat teen 'n diskonto uitgereik is, is veral relevant. Daar sal verder verwys word na die "premie" om die bedrag aan te dui waarmee die aflosbedrag die verdiskonteerde bedrag oorskry wat betaal is om die finansiële instrument te verkry.

instrument die objektiewe inkomste-riglyn as die primêre riglyn toepas. Dit is verder ook belangrik dat die standpunte van akademiese skrywers oor hierdie kwessie nie klakkeloos nagevolg word nie. Die gesag waarop hulle steun om die toepaslikheid van 'n bepaalde riglyn aan te dui, het soms betrekking op 'n spesifieke feitestel wat nie noodwendig vir die feitestel in oorweging relevant is nie.

Daar is skrywers wat aanvoer dat die verskil tussen die bedrag wat belê is en die sigwaarde wat ontvang word van 'n kapitale aard sal wees indien die belegger die finansiële instrument as 'n belegging verkry het.¹⁴⁴ Die voorstanders van dié standpunt baseer hulle uitgangspunt gewoonlik op die standpunt dat indien 'n kommersiële rentekoers ingevolge die instrument betaal is, word die premie betaal as vergoeding vir die kapitaal-riisiko dat die kapitaal wat belê is nie terugbetaal sal word nie. Die kapitaal-riisiko waarvoor 'n uitlener van geld vergoed word, kan ook betrekking hê op 'n vermindering in die koopkrag van die geldeenheid waarin die lening gemaak word. Indien die premie 'n verhoging is van die vermindering wat plaasvind, kan dit beskou word as 'n terughaal van die geld wat uitgeleen is en nie 'n bedrag wat vir die gebruik van die geleende geld betaal is nie.¹⁴⁵

Daar word in oorweging gegee dat daar geen rede is waarom die verskil tussen die verdiskonteerde waarde en sigwaarde van 'n instrument nie ingevolge 'n suiwer toepassing van die objektiewe inkomste-riglyn van 'n inkomste aard is nie. Volgens 'n suiwer toepassing van die objektiewe inkomste-riglyn wend 'n belegger sy kapitaal produktief aan om 'n sekere bedrag te verkry, naamlik die verskil tussen die sigwaarde en die verdiskonteerde waarde waarteen die finansiële instrument opgeneem is. Die kapitaal kan beskou word as die koste van die finansiële instrument en die diskonto tussen die koste en die sigwaarde van die instrument as die bedrag wat deur die produktiewe aanwending van die kapitaal verkry is. Die feit dat die bedrag wat verkry is, verband hou met 'n "kapitaal-riisiko" behoort op logiese gronde nie die gevolgtrekking te beïnvloed dat dit inderdaad 'n bedrag is wat deur die produktiewe aanwending van kapitaal verkry is nie. Die bedrag wat 'n belastingpligtige verkry

^{144.} Sien Meyerowitz *Income Tax* par 3.6 wat die volgende mening huldig: "Where money is borrowed the discount ... ie they are repayable at their face value and not at the discounted value, or are repayable at a premium, the difference between the purchase price and the amount repayable will in the hands of the taxpayer who has acquired the instrument as an investment normally be of a capital profit." Sien ook De Koker *Silke* par 3.33 wat van mening is dat 'n diskonto op 'n lening waarop 'n redelike kommersiële rentekoers betaal word, gewoonlik nie in die geval van 'n gewone belegger belasbaar is nie. Hy voer ook aan dat handelaars in effekte gewoonlik belasbaar sal wees.

^{145.} 'n Engelse hofbeslissing, *Lomax v Peter Dixon & Son Ltd* [1943] KB 671, ondersteun hierdie uitgangspunt. Vir die *Lomax*-beslissing om van toepassing te wees is dit noodsaaklik dat die belastingpligtige bewys dat die premie waarteen die finansiële instrument afgelos word op 'n kapitaal-riisiko betrekking het. De Koker *Silke* par 3.33 verwys na dié hofbeslissing. Sien ook Waincymor *Australian Income Tax* 237 en Parsons *Income Taxation in Australia* par 2.285 102.

uit die produktiewe aanwending van sy kapitaal is inherent inkomste. Die feit dat 'n belegger vergoed wil word vir die risiko dat hy die kapitaal wat hy aangewend het, kan verloor of dat die koopkrag daarvan sal verminder, doen nie afbreek aan die feit dat dit 'n bedrag is wat vir die produktiewe aanwending van kapitaal verkry is nie. Hy beding 'n hoër opbrengs op die kapitaal wat hy aanwend, naamlik die koste van die finansiële instrument om sodoende te probeer om 'n veiliger belegging te verseker.¹⁴⁶ Die risiko ten opsigte van die kapitaal van 'n belegging word uit 'n kommersiële oogpunt gewoonlik in berekening gebring in die rentekoers wat op die belegging betaal word.

Die toepassing van die besigheid-riglyn of die "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn in bogemelde omstandighede sonder dat die objektiewe inkomste-riglyn aanvanklik oorweeg is, kan tot verwarring aanleiding gee. Die relevante oorweging is nie of die belastingpligtige 'n besigheid bedryf het deur met finansiële instrumente handel te dryf nie.¹⁴⁷ Waar 'n belastingpligtige sy kapitaal produktief aanwend sal dit nie sonder meer nie tot die bedryf van 'n besigheid aanleiding gee nie. Die besigheid-riglyn word slegs by die realisering van 'n bate aangewend om te bepaal of die realisasiewins 'n bedrag is wat uit die produktiewe aanwending van kapitaal verkry is. Waar 'n bate nie gerealiseer word nie, soos byvoorbeeld waar 'n beleggingsinstrument teen sigwaarde afgelos word, is dit absoluut noodsaaklik om aanvanklik die objektiewe inkomste-riglyn toe te pas. Die toepassing van die besigheid- of "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn, sonder om te oorweeg of die bedrag wat die belastingpligtige ontvang nie bloot inkomste ingevolge die objektiewe inkomste-riglyn is nie, kan tot 'n verkeerde gevolgtrekking aanleiding gee. Die gevolgtrekking kan verkeerdelik gemaak word dat die premie nie belasbaar is nie omdat die belastingpligtige nie 'n besigheid of 'n skema van winsbejag bedryf het nie.

^{146.} Hierdie uitgangspunt word in die Australiese reg bevestig. In *FCT v Hurley Holdings (NSW)* (1989) 23 FCR 435; 89 ALR 125 129-130 maak *judge* Gummow die volgende opm: "The taxpayer was seeking a reasonable return upon an investment, albeit a secure one. That return is represented by the amount representing the difference between the face value and the purchase price of the bill. ... the point is that the "tree" is the cost of the bill and the fruit the discount between that cost and the face value, received at the end of the term of the bill." Sien ook *FCT v Orica* (1998) HCA 33 par 32-34 waar *chief justice* Brennan in sy minderheidsuitspraak voorgemelde benadering bevestig.

^{147.} In *FCT v Orica* (1998) HCA 33 par 34 bevestig *chief justice* Brennan in sy minderheidsuitspraak dié uitgangspunt. Hy sê: "The income character of an increment on money outlaid under a contract to obtain the repayment of a larger sum at a later date does not depend upon the transaction being one in the ordinary course of the taxpayer's business. Unless there be evidence, either within or without the contract, which stamps part of the amount received with the character of capital, the increment can be regarded only as a return to the taxpayer for the use of the money outlaid during the stipulated period. Such an increment is income when it is derived." Hierdie benadering is in lyn met die toepassing van die objektiewe inkomste-riglyn.

Daar kan geargumenteer word dat daar op grond van billikheidsoorwegings nie 'n verskil behoort te wees tussen die inkomstebelastinggevolge van die geval waar 'n finansiële instrument verkoop word, byvoorbeeld kort voor aflossing, en die aflossing as sodanig nie. Daar word aan die hand gedoen dat die inkomstebelastinggevolge van die werklike transaksie beoordeel moet word. Hierdie standpunt word ondersteun deur die volgende uitgangspunte wat die suiwer toepassing van die objektiewe inkomste-riglyn beaam:

- i) Dit is gevaarlik om in inkomstebelastingsake van die werklike feite af te wyk. Die howe moet die werklike feite oorweeg deur die bepalinge van die *Inkomstebelastingwet* daarop toe te pas.¹⁴⁸ Die onderskeie inkomstebelastingimplikasies van 'n vervreemding en aflossing moet afsonderlik beoordeel word.
- ii) Die beginsel word in die inkomstebelastingreg erken dat 'n belastingpligtige sy sake so kan skik dat hy sy belastingaanspreeklikheid minimaliseer. Indien dieselfde kommersiële resultate op verskillende wyses bereik kan word, kan hy die transaksie kies wat minder of geen belasting tot gevolg sal hê.¹⁴⁹ 'n Belastingpligtige kan derhalwe kies om eerder 'n finansiële instrument te vervreem as om tot by aflossing te wag om sy opbrengs te realiseer indien dit 'n meer voordelige belastingresultaat vir hom inhou.

5 BESIGHEID-RIGLYN

5.1 Inleiding

Die bron van 'n belastingpligtige se inkomste kan wins-produiserende aktiwiteite wees wat hy in die kommersiële en industriële wêreld verrig. Hierdie wins-produiserende aktiwiteite kan uit 'n verskeidenheid van kombinasies bestaan. Dit kan die oordrag van eienaarskap in eiendom, die verskaffing van die gebruik van eiendom en die lewering van dienste behels. Dit het gewoonlik tot gevolg dat belastingpligtiges 'n verskeidenheid van transaksies oor 'n tydperk aangaan. 'n Belastingpligtige wat sy inkomste op hierdie wyse verdien bedryf 'n besigheid.¹⁵⁰ Die belangrikheid van die begrip "besigheid" in die Engelse

^{148.} In *George Forest and Timber Co Ltd v CIR* 1924 AD 516, 1 SATC 20 bevestiging hr Innes hierdie uitgangspunt en verklaar op 23: "It was dangerous in income tax cases to depart from the actual facts; the true course was to take the facts as they stood and apply the provisions of the Statute." Sien ook vir verdere bevestiging *Elandsheuwel Farming (Edms) Bpk v SBI* 1978 1 SA 101 (A), 39 SATC 163 187; *CIR v General Motors SA (Pty) Ltd* 1982 1 SA 196 (T), 43 SATC 249 255-256; *Estate A G Bourke v CIR* 1991 1 SA 661 (A), 53 SATC 86 96.

^{149.} Sien *CIR v Conhage (Pty) Ltd* 61 SATC 391 393.

^{150.} Sien *CIR v Lever Bros and Unilever Ltd* 1946 AD 441, 14 SATC 1 18-9 waar hr Watermeyer die vlg

inkomstebelastingreg¹⁵¹ en die veelvuldigheid van die voorkoms van hierdie tipe inkomste, het daartoe aanleiding gegee dat die begrip "besigheid" wyd aangewend word in die inkomstebelastingreg.¹⁵² Daar is 'n tendens om te bepaal wat die belastingpligtige se besigheid is en inkomste daaruit te belas. Hierdie tendens om die begrip "besigheid" as die basis van inkomstebelasting te beskou, word ook in regstelsels, soos ons eie,¹⁵³ gevind waar daar nie spesifiek in die wetgewing na die belasting van winste uit 'n besigheid verwys word nie.¹⁵⁴

In die Australiese inkomstebelastingreg het die howe ook die riglyn bevestig dat 'n wins wat in die gewone loop van die bedryf van die besigheid van die belastingpligtige gemaak word, ingevolge gewone inkomstebelastingregbeginsels van 'n inkomste-aard en belasbaar sal wees.¹⁵⁵

uiteensetting gee: "The work which he [die belastingpligtige] does may be a business which he carries on, or an enterprise which he undertakes, or an activity in which he engages and it may take the form of personal exertion, mental or physical, or it may take the form of employment of capital either by using it to earn income or by letting its use to someone else. Often the work is some combination of these."

^{151.} Sien die Engelse reg: *Smith v Anderson* (1880) 15 ChD 247 277; *Kirkwood v Gadd* 1910 AC 422 431. Die uitgangspunte in die Engelse reg het grotendeels die grondslag gelê vir die ontwikkeling van die "inkomste"-begrip in Suid-Afrika, Australië en Nieu-Seeland. Sien *COT v Booysens Estates Ltd* 1918 AD 576, 32 SATC 10 26; *London Australia Investment Co Ltd v FCT* (1977) 138 CLR 106 112; *State Insurance Office v CIR* [1990] 2 NZLR 444 467.

^{152.} Sien Farnsworth 1942 *Mod LR* 263; Lehmann 1985 *Tax in Aust* 731; Pursche 1980 *Tax in Aust* 261; Meakin 1979 *Tax in Aust* 1036; Prebble 1978 *Otago LR* 165; Saunders 1990 *BTR* 168; Ward e a 1985 *BTR* 68.

^{153.} Broomberg 1998 *Tax Planning* 70 is van mening dat daar 'n bepaalde metodologie is wat toegepas kan word om die inkomste of kapitale aard van die opbrengs van 'n bate te bepaal. Na sy mening is die uitgangspunt om te bepaal of die belastingpligtige 'n besigheid bedryf het.

^{154.} In *CIR v Lever Bros and Unilever Ltd* 1946 AD 441, 14 SATC 1 16 verklaar ar Schreiner: "With a few possible exceptions ... the taxpayer obtains his income from other persons ... (c) because he carries on in the world of commerce and industry profit-producing activities involving in various combinations the transfer of the ownership in property or the grant of its use or the rendering of services." Op 18 sê hy: "The tendency has been to seek the taxpayer's 'business' and to treat it as the source of any income obtained by him in connection therewith; and this tendency is to be found even in cases dealing with statutory provisions which, like our own, do not make the profits of a business, as such, a basis of taxation." Sien ook *CIR v George Forest Timber Co Ltd* 1924 AD 516, 1 SATC 20 28 waar ar De Villiers beslis: "[T]hat the fact to remember in these questions was that whatever a person received in the way of his trade, business, or profession was income ..." Hierdie benadering word ook in die Australiese en Nieu-Seelandse inkomstebelastingreg gevolg. Wat Australië betref, sien *London Australia Investment Co Ltd v FCT* (1977) 138 CLR 106 112; *Commissioner of Taxes (Vict) v Melbourne Trust Ltd* (1914) 18 CLR 413 420-421; *Ruhamah Property Co Ltd v FCT* (1928) 41 CLR 148 152 165; *The Squatting Investment Co Ltd v FCT* (1952) 86 CLR 570 620; *FCT v Whitfords Beach Pty Ltd* (1982) 150 CLR 355 367-368; *FCT v Myer Emporium Ltd* (1987) 163 CLR 199 210; *GP International Pipecoaters Pty Ltd v FCT* (1990) 21 ATR 1 7. Sien ook hfst 8 par 3.3.1. Wat Nieu-Seeland betref, sien *State Insurance Office v CIR* [1990] 2 NZLR 444 476 en die hofbeslissings waarna *judge Heron* verwys. Sien ook hfst 7 par 3.2.5.

^{155.} Sien hfst 8 par 4.

5.2 Formulering van besigheid-riglyn

Dit is 'n gevestigde regsreël dat waar 'n eienaar 'n bate teen 'n verhoogde waarde realiseer en dit nie bloot 'n verandering of vervreemding van 'n vaste kapitaalbate is nie, maar 'n handeling wat werklik of inderdaad as die bedryf van 'n besigheid beskou kan word, die waardeverhoging belasbaar sal wees.¹⁵⁶ Waar hy egter 'n gewone belegging realiseer en 'n groter bedrag ontvang as waarvoor hy dit aanvanklik aangekoop het, sal die waardeverhoging nie belasbaar wees nie. Daar word dus uitdruklik na die bedryf van 'n besigheid as 'n riglyn verwys wat toegepas kan word om te bepaal of realisasiewinste van 'n inkomste-aard sal wees.¹⁵⁷

Hierdie riglyn bied ook nie al die antwoorde nie omdat dit as sodanig ook begrippe insluit wat nie duidelik afgebakende betekenis het nie, byvoorbeeld wanneer sal 'n feitestel wat tot stand gekom het, inderdaad as die bedryf van 'n besigheid beskou word. Die besigheid-riglyn as sodanig omskryf nie die maatstawwe wat daarop sal dui dat 'n besigheid bedryf word nie.¹⁵⁸ Dit sal in elk geval moeilik wees om algemene maatstawwe te formuleer om die bedryf van 'n besigheid aan te dui. Die howe kan eerstens nie alle moontlike toekomstige feitestelle voorsien waarvoor sodanige oorkoepelende maatstawwe voorsiening sal moet maak nie, en tweedens is die eienskappe van verskillende tipes besighede uniek, wat dit moeilik maak om

^{156.} Sien *COT v Booyens Estates Ltd* 1918 AD 576, 32 SATC 10 26 waar hr Innes daarop wys dat die ondersoek wat ingestel moet word in groot mate ooreenstem met die toets wat deur die Engelse howe toegepas word. Hr Innes haal die vlg gedeelte uit *Californian Copper Syndicate v Harris* (1904) 5 TC 159 165-166 as gesag aan: "It is quite a well settled principle ... that where the owner of an ordinary investment chooses to realize it, and obtains a greater price for it than he originally acquired it at, the enhanced price is not profit ... But it is equally well established that enhanced valued obtained from realization or conversation of securities may be so assessable, where what is done is not merely a realization or change of investment, but an act done in what is truly the carrying on, or carrying out, of a business." Farnsworth 1942 *Mod LR* 263 verwys ook met goedkeuring na die *Californian Copper Syndicate*-beslissing.

^{157.} In *CIR v George Forest Timber Co Ltd* 1924 AD 516, 1 SATC 20 28 sê ar De Villiers: "[T]he fact to remember in these questions was that whatever a person received in the way of his trade, business, or profession was income ..." Hierdie riglyn is in die vlg hofbeslissings toegepas: In *Crowe v CIR* 1930 AD 122, 4 SATC 133 139 sê ar Stratford: "The profits of that transaction (not the proceeds from the re-sale) would only be regarded as income for the purpose of the income tax law if the transaction was carried out in the ordinary course of appellant's business with a view to profit-making." In *CIR v Lydenburg Platinum Ltd* 1929 AD 137, 4 SATC 8 16 sê ar Stratford: "Applying this test to the present case the question was whether the profits made by the respondent in the above transaction were made in the course of its business in carrying out a scheme for profit making or whether the whole transaction was a mere change of investment." In *CIR v Paul* 1956 3 SA 335 (A), 21 SATC 1 8 sê hr Centlivres: "There is no evidence to show that when the respondent bought the 167 acres he did so because he had decided to embark upon the business of a land-jobber." Sien ook *African Life Investment Corporation (Pty) Ltd v SIR* 1969 4 SA 259 (A), 31 SATC 163 176; *Natal Estates Ltd v SIR* 1975 4 SA 177 (A), 37 SATC 193 220; *Berea West Estates (Pty) Ltd v SIR* 1976 2 SA 614 (A), 38 SATC 43 62; *John Bell & Co (Pty) Ltd v SIR* 1976 4 SA 415 (A), 38 SATC 87 103; *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271 280.

^{158.} Sien Barkoczy 1997 *NZJTL* 78.

algemene maatstawwe neer te lê.¹⁵⁹ Vir die toepassing van die riglyn is dit belangrik dat die howe in die bepaalde omstandighede eienskappe identifiseer wat daarop dui dat die betrokke aktiwiteite die bedryf van 'n besigheid daarstel.¹⁶⁰

'n Riglyn wat nou verwant is aan die besigheid-riglyn, is die "beoefening van 'n bedryf"¹⁶¹-riglyn.¹⁶² Daar word aan die hand gedoen dat die besigheid- en "beoefening van 'n bedryf"-riglyn as gelykbetekenend in die regspraak beskou word.¹⁶³ In hierdie studie sal die frases "bedryf van 'n besigheid" en "beoefening van 'n bedryf" in die konteks van die vraagstuk wat ondersoek word as sinonieme gebruik word.¹⁶⁴

By die toepassing van die besigheid-riglyn is daar veral drie aspekte waarvoor sekerheid verkry moet word voor dié riglyn met vertroue en sekerheid toegepas kan word:

i) Daar moet uitsluitel gekry word oor wat die bedryf van 'n besigheid behels. Die

^{159.} Hierdie uitgangspunt word in die Australiese reg onderskryf. In *London Australia Investment Co Ltd v FCT* (1977) 138 CLR 106 wys *judge* Jacobs daarop dat dit onmoontlik is om 'n allesinsluitende omskrywing te gee van die feite en omstandighede wat 'n afleiding sal regverdig dat bepaalde aktiwiteite inderdaad 'n besigheid daarstel. Hy sê op 129: "It is not possible exhaustively to enumerate the facts or circumstances which will support the inference that a course of activity is a business."

^{160.} Sien Waincymmer 1994 *Melb U L Rev* 982 wat hierdie uitgangspunt bevestig. Hy sê: "Judges must consider what features are necessary for an activity to constitute a commercial activity giving rise to assessable income or, at least, what criteria will allow both positive and negative inferences".

^{161.} Die Engelse frase "carrying on a trade" word in Afrikaans met "beoefening van 'n bedryf" vertaal.

^{162.} In *COT v Booyens Estates Ltd* 1918 AD 576, 32 SATC 10 30 verwys ar Maasdorp na dié riglyn. Hy sê: "It therefore seems to me that the English authorities which endeavour to ascertain what must be regarded as profits and gains of a particular trade would, therefore, be of direct assistance in a similar enquiry under our law. In order to ascertain what were the profits and gains of the trade carried on by Booyens Estates, it is in the first place necessary to determine what actually was the nature of the trade carried on by the company."

^{163.} Sien *CIR v Stott* 1928 AD 252, 3 SATC 253 257 261 waar ar Wessels by verskeie geleenthede verwys na "carrying on the trade or business of a landjobber". In *Melrose Trust Ltd v CIR* 1935 TPD 1301, 7 SATC 201 207 sê r Tindall: "It seems to me, therefore, that if a company comes into existence for the purpose of acquiring certain assets and turning them to account, as the appellant company undoubtedly was formed to do, it is impossible to say that it is not carrying on business within the meaning of 'trade' as defined in the Act, when it turns these assets to account." Sien ook *CIR v Strathmore Exploration Ltd* 1956 1 SA 591 (A), 20 SATC 375 383 385; *Morrison v CIR* 1950 2 SA 449 (A), 16 SATC 377 391. Dit blyk ook die uitgangspunt in die Engelse inkomstebelastingreg te wees. Sien *Grainger & Son v Gough* (1896) AC 325, 74 LT 435 439 waar *lord* Morris opmerk dat "exercising of trade" bloot 'n ander manier is om na "carrying on a business" te verwys.

^{164.} Die begrip "bedryf" word in a 1 van die *Inkomstebelastingwet* omskryf en sluit "besigheid" in. Die gewone betekenisse van die begrippe "besigheid" en "bedryf" verwys onderling na mekaar. Die *Webster Dictionary* definieer "trade" o m as: "Regular employment or way of life; the business which a person carries on for procuring subsistence or for profit ... the business of exchanging commodities for other commodities or for money ..." "Trading" word omskryf as: "To barter or to buy and sell ..." In die *Oxford Dictionary* word die begrip "trade" o m omskryf as: "1 a buying and selling. ... c business conducted for profit (esp. as distinct from a profession) ..." In die *Oxford Dictionary* word "business" o m gedefinieer as: "1 one's regular occupation, profession, or trade. ... 7 buying and selling; trade ..."

relevante regspraak wat aandag geskenk het aan die betekenis van die frase "bedryf van 'n besigheid" sal oorweeg word. Hierdie aspek is van belang om te evalueer of die handeling of aktiwiteit wat die belastingpligtige verrig inderdaad op die bedryf van 'n besigheid neerkom.

- ii) Dit is belangrik om die trefwydte van die besigheid van die belastingpligtige te bepaal. Dit is veral relevant waar die aktiwiteit van die belastingpligtige duidelik 'n besigheid daarstel, maar daar onsekerheid bestaan of 'n "ongewone" transaksie wat nie normaalweg in die bedryf van sy besigheid gesluit word nie, deel van die besigheid is.
- iii) Dit is belangrik om vas te stel of die doel om wins te maak 'n noodsaaklike element van die besigheid-riglyn is. Die maak van 'n wins is nie sonder meer 'n essensiële vereiste vir die bedryf van 'n besigheid nie.¹⁶⁵ Die vraag is egter of die doel om wins te maak 'n absolute eienskap van die besigheid-riglyn is wat die hoewe geformuleer het. Dit wil sê dat die geformuleerde besigheid-riglyn die bedryf van 'n besigheid is met die doel om wins te maak.

5.3 Bedryf van besigheid

5.3.1 Inleiding

Daar word in die regspraak 'n onderskeid getref tussen die begrip "business" en die handeling wat die bedryf van 'n besigheid daarstel. Die begrip "business" is redelik vaag omskryf en die volgende blyk daaruit:

- i) Dit is 'n woord met 'n wye betekenis wat kan verskil na gelang van die konteks waarin dit gebruik word. Dit sluit ook moontlik enige bedryf in.
- ii) Dit sluit ook enigiets in wat die tyd en aandag van 'n persoon in beslag neem met die doel om wins te maak.
- iii) Dit word gestel teenoor vermaaklikheidsaktiwiteit of -handeling of gebeurtenisse wat met 'n persoon se huishoudelike of private lewe verband hou.

¹⁶⁵ Sien *CIR v Platt* 1922 AD 42, 32 SATC 142 147; *CIR v Transvaal Bookmakers' Association (Co-Operative) Ltd* 1953 3 SA 203 (T), 19 SATC 14 19; *De Beers Holdings (Pty) Ltd v CIR* 1986 1 SA 8 (A), 47 SATC 229 254; *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271 280. In die Nieu-Seelandse regspraak is daar uiteenlopende uitsprake oor die wins-vereiste by die bedryf van 'n besigheid. In *Jenkins v CIR* [1971] NZLR 482 sê *president* North op 486: "... if the enterprise had no prospect of earning a profit, it may be wrong to describe the enterprise as a business." Sien ook *Golightly v CIR* (1972) 1 TRNZ 137 135 137; *Prosser v CIR* (1972) 3 ATR 371 375. In voorgenoemde sake is die benadering bevestig dat die begrip "business" die bedoeling omvat om 'n wins te maak sowel as ten minste die redelike verwagting dat dit sal gebeur. In *G v CIR* (1961) NZLR 994 het *judge* McCarthy beslis dat die gewone gebruik van die begrip "business" nie noodwendig vereis dat die doel om wins moet bestaan nie. Sien ook *Prebble* 1978 *Otago LR* 175-176.

- iv) Die natuurlike betekenis van die woord "besigheid" sal enige gewone besigheidstransaksie insluit.¹⁶⁶

Die bedryf van 'n besigheid kan meer omvat as die eienskappe van 'n besigheid waarna hierbo verwys word. Verskeie algemene kenmerke is in die regspraak geïdentifiseer wat oorweeg kan word om te bepaal of 'n belastingpligtige ten doel gehad het om 'n besigheid te bedryf. Daar sal hier onder probeer word om die maatstawwe wat ten opsigte van die besigheid-riglyn geïdentifiseer is en die relevansie van die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige by die toepassing van dié riglyn, vas te stel deur aan die relevante regspraak te verwys.

5.3.2 Algemene eienskappe

5.3.2.1 Gewone ervaring en ondervinding van mense

Die howe het aangedui dat daar sekere spesiale handeling is wat volgens die gewone ervaring en ondervinding van mense daarop kan dui dat die belastingpligtige 'n skema van winsbejag bedink het én dit sy besigheid gemaak het om dié skema uit te voer.¹⁶⁷

In Nieu-Seeland verwys die howe na die moontlikheid dat die aard van ontvangste ooreenkomstig die gewone begrippe en gebruike van mense vasgestel moet word.¹⁶⁸ Daar is ook in sekere omstandighede aandag gegee aan die sienswyse van 'n "normal businessman".¹⁶⁹ Kritiek is egter in die regspraak teen die standpunt uitgespreek. Daar is aangedui dat dit in grensgevalle moeilik mag wees om te bepaal watter ontvangste volgens die gewone begrippe en gebruike van mense inkomste is.¹⁷⁰

In Australië het skrywers ook sterk standpunt ingeneem teen die uitgangspunt dat die

^{166.} Sien *Stephan v CIR* 1919 WLD 1, 32 SATC 54 61-62. R Mason sê op 61: "The word 'business' which probably also includes any trade has a very wide meaning, varying often with the context in which it appears." R Mason verwys na Engelse regspraak en lig die beslissing in *Smith v Anderson* (1880) 15 ChD 247 258 uit waarin beslis word dat "business" insluit: "anything which occupies the time and attention of a man for the purpose of profit". Hy maak die vlg onderskeid op 61: "The words 'trade' or 'business' may mean some established trade or business carried on by a person, or may denote any transaction of the character of trade or business ... as distinguished for instance from acts of amusement or the ordinary incidents of domestic life." Hy gee op 61 die vlg "natuurlike" betekenis van die woorde "bedryf" of "besigheid": "But the natural meaning seems to me that 'trade' or 'business' includes any ordinary business transactions ..."

^{167.} Sien *CIR v Stott* 1928 AD 252, 3 SATC 253. Ar Wessels maak die vlg opm op 264: "... [I]n order to convert what was on the face of it an ordinary investment of surplus funds into a profitmaking business there must be proof of some special acts which in the ordinary experience of men showed that the taxpayer had conceived some scheme for profit-making and had made it his business to carry it out."

^{168.} Sien *Scott v COT* (1935) 35 SR (NSW) 215 219.

^{169.} Sien *CIR v City Motor Service Ltd* [1969] NZLR 1010 1023.

^{170.} Sien *Reid v CIR* [1986] 1 NZLR 129 136.

omskrywing van "income" gebaseer word op die "ordinary experience of men". Volgens hulle is dié gedagterigting verouderd en onoortuigend. Gewone mense raadpleeg vandag belastingkundiges in 'n poging om meer sekerheid oor begrippe soos "inkomste" en "kapitaal" te verkry. Hierdie begrippe is kompleks en word uit 'n verskeidenheid ingewikkelde fasette saamgestel.¹⁷¹ Dit is veral in die finansiële sektor waar daar vandag op internasionale vlak groot onsekerheid oor die belasbaarheid van afgeleide finansiële instrumente¹⁷² bestaan.¹⁷³

Daar word aan die hand gedoen dat die dieselfde gesê sal kan word oor die vraag of 'n besigheid bedryf word. Die gewone ervaring en ondervinding van mense is nie as sodanig deurslaggewend nie. Dit blyk uit die Suid-Afrikaanse regspraak dat dit nie noodwendig die gewone ervaring en ondervinding van mense is wat 'n rol speel nie, maar 'n waarde-oordeel wat die hof vel.¹⁷⁴ In *Natal Estates Limited v Secretary for Inland Revenue*¹⁷⁵ verwys appèlregter Holmes na 'n toets van graad wanneer oorweeg word of spesiale handelinge verrig is wat in die gewone ondervinding van mense daarop dui dat die belastingpligtige 'n skema van winsbejag beoog het en dit sy besigheid gemaak het om dit uit te voer.¹⁷⁶ Daar word aan die hand gedoen dat appèlregter Holmes met 'n "test of degree" bedoel dat die howe 'n waarde-oordeel vel oor die handelinge of aktiwiteite wat verrig is om vas te stel of 'n

¹⁷¹. Sien Lehmann en Coleman *Taxation Law in Australia* par 2.3 36; Waincymer 1994 *Melb U L Rev* 979.

¹⁷². Die begrip "derivative financial instruments" word in Afrikaans met "afgeleide finansiële instrumente" vertaal.

¹⁷³. Sien Southern 1998 *BTR* 348. Die inkomstebelastingkwessie hou verband met: (i) die vraag of die belasbaarheid van afgeleide finansiële instrumente bepaal moet word met verwysing na die onderliggende instrument waarop die afgeleide finansiële instrument betrekking het; en (ii) of die ekonomiese of regs aard van die transaksies deurslaggewend is.

¹⁷⁴. In *Natal Estates Ltd v SIR* 1975 4 SA 177 (A), 37 SATC 193 217 verwys ar Holmes met goedkeuring na die uitspraak van ar Wessels in die *Stoff*-saak en beskou dit as die begin van die toets van graad. Daar word aan die hand gedoen dat die "test of degree" inderdaad betrekking het op 'n waarde-oordeel wat die hof vel. Ar Holmes bevestig die benadering later op 218 waar hy sê: "Counsel also contended that the test of degree was too uncertain to be realistic. As to that, courts have often indicated that, while a principle may be stated, its application is fraught with difficulty; see, as an example, the remarks of Innes CJ in the *Booyens* case (supra) at 595: 'The rule is plain enough; the difficulty lies in the application of it.'"

¹⁷⁵. *Natal Estates Ltd v SIR* 1975 4 SA 177 (A), 37 SATC 193.

¹⁷⁶. Sien 217. Sien ook *Elandsheuwel Farming (Edms) Bpk v SBI* 1978 1 SA 101 (A), 39 SATC 163 182. Die feit dat die onderskeid tussen die blote realisering van 'n kapitaalbate en die bedryf van 'n besigheid of 'n winsbejagskema inderdaad 'n kwessie van graad is wat van die bepaalde feite van die betrokke geval afhang, is ook in die Australiese inkomstebelastingreg bevestig. Sien *FCT v Whitfords Beach Pty Ltd* (1982) 12 ATR 718 719 waar *judge* Wilson wys op die probleme wat ondervind kan word in gevalle waar dit 'n kwessie van graad is om te bepaal of die aktiwiteite wat deur die belastingpligtige onderneem is, op bloot realisering neerkom of 'n skema van winsbejag daarstel. In *McClelland v Commissioner of Taxation of the Commonwealth of Australia* [1971] 1 All ER 969 wys *lord* Donovan ook op die probleme wat met die toepassing van die aanvaarde toetse ondervind word. Parsons *Income Taxation in Australia* par 2.232 verwys na "a degree of arbitrariness" om 'n onderskeid te tref tussen "passive gains" en "effort gains". Sien

skema van winsbejag beoog is en die belastingpligtige dit sy besigheid gemaak het deur dit uit te voer. Die hof vel hierdie waarde-oordeel deur die betrokke feitestel te vergelyk met sekere maatstawwe wat aanduidend is van die tipiese eienskappe van die besigheid wat na bewering bedryf word. Die howe baseer die waarde-oordeel¹⁷⁷ wat hulle vel op gewone gesonde verstand en besigheidstandaarde.¹⁷⁸ Die grondslag van dié gewone besigheidstandaarde is nie gewone mense se ervaring en ondervinding nie. Die howe identifiseer maatstawwe wat volgens gewone gesonde verstand en besigheidstandaarde in die betrokke omstandighede relevant is deur geregtelik kennis te neem of afleidings te maak uit deskundige getuienis of ander getuienis wat deur die partye aangebied word.¹⁷⁹

5.3.2.2 Kontinuiteit

As 'n algemene reël kan een of twee alleenstaande transaksies nie as die bedryf van 'n besigheid beskou word nie.¹⁸⁰ Op hierdie algemene reël is daar egter uitsonderings. 'n Enkele onderneming kan van so 'n aard wees dat dit korrek as 'n besigheid beskryf kan word.¹⁸¹

Die weselike verskil tussen die begrip "besigheid" en handeling wat die bedryf van 'n besigheid daarstel, is kontinuiteit. 'n Reeks besigheidstransaksies sal die nodige kontinuiteit

ook Blum 1967 *U Chicago L Rev* 526.

¹⁷⁷. Waar 'n kwessie van graad ter sprake is, kan dit inderdaad neerkom op 'n waarde-oordeel wat die hof vel. Sien *Water Renovation (Pty) Ltd v Gold Fields of SA Ltd* 1994 2 SA 588 (A) 607. Sien ook *Deetlefs v Deetlefs* 1967 1 SA 516 (A) 523 waar hr Steyn daarop wys dat waar 'n waarde-oordeel gevel moet word, dit noodsaaklik is dat daar 'n maatstaf is waaraan die omstandighede gemeet kan word.

¹⁷⁸. In *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271 sê ar Smalberger op 280: "Whether or not it was doing so [carrying on a business by trading in shares] must be determined applying ordinary common sense and business standards." Hierdie benadering is ook in Nieu-Seeland gevolg. Sien die standpunt van judge McCarthy in *CIR v City Motor Service Ltd* [1969] NZLR 1010 op 1022: "The importance of the *common sense approach* to these problems has been stressed in New Zealand too. ... I believe that in the end the issue very often becomes a practical weighing of competing indications." [Kursivering bygevoeg.]

¹⁷⁹. Wat die identifisering van die eiesoortige kommersiële eienskappe betref, word in oorweging gegee dat die howe dieselfde benadering volg as wanneer hulle vir doeleindes van a 103(1) van die *Inkomstebelastingwet* norme en standaarde formuleer waaraan die normaliteit van 'n transaksie gemeet kan word. Sien *Hicklin v SIR* 1980 1 SA 481 (A), 41 SATC 179 195. Ar Trollop sê: "The court hearing the case may resolve it by taking judicial notice of the relevant norms or standards or by means of the expert or other evidence adduced thereon by either party."

¹⁸⁰. Sien *CIR v Stott* 1928 AD 252, 3 SATC 253 waar ar Wessels op 260 in oorweging gee: "As a general rule one or two isolated transactions could not be described as the carrying on of a business."

¹⁸¹. Sien in dié verband *Stephan v CIR* 1919 WLD 1, 32 SATC 54 59 waar daar 'n groot aantal bergingsaktiwiteite van 'n besigheidsaard verrig is. Sien ook *CIR v Stott* 1928 AD 252, 3 SATC 253. Sien verder Farnsworth 1942 *Mod LR* 264.

daarstel vir die bedryf van 'n besigheid.¹⁸² By 'n maatskappy wat geïnkorporeer is met die doel om 'n besigheid te bedryf, kan die idee van kontinuïteit afgelei word uit die feit dat die maatskappy geïnkorporeer is met die doel om 'n besigheid te bedryf.¹⁸³

Om die bedryf van 'n besigheid daar te stel, moet 'n definitiewe bedoeling by die verrigting van die eerste handeling bestaan om soortgelyke handelinge of aktiwiteite in die toekoms te verrig wanneer die geleentheid hom voordoen. Of, as alternatief, moet die handelinge nie een of twee keer verrig word nie, maar aaneenlopend met die bedoeling om dit te verrig solank dit as wenslik beskou word.¹⁸⁴

In die Australiese reg is dieselfde onderskeid gemaak. Daar is aangedui dat herhalendheid 'n faktor is wat in die algemeen as eiesoortig aan die bedryf van 'n besigheid beskou kan word. Daar is ook aangedui dat herhalende aktiwiteite nie 'n absolute vereiste is om tot die gevolgtrekking te kom dat 'n besigheid bedryf word nie.¹⁸⁵ Elke besigheid begin met 'n aanvanklike enkel-transaksie.¹⁸⁶ Verder is beklemtoon dat die herhalende aard van koop- en verkoopaktiwiteite nie noodwendig sinoniem is met die bedryf van 'n besigheid nie.¹⁸⁷

^{182.} Sien *Stephan v CIR* 1919 WLD 1, 32 SATC 54 61. In *Modderfontein Deep Levels Ltd v Feinstein* 1920 TPD 288 beklemtoon r Wessels in die hof *a quo* die kontinuïteitsvereiste. Hy maak die vlg opm op 291: "To constitute a business there must either be a definite intention at the first act to carry on similar acts from time to time if opportunity offers or the acts must be done not once or twice but successively with the intention of carrying it on so long as it is thought desirable." Sien ook *CIR v Lydenburg Platinum Ltd* 1929 AD 137, 4 SATC 8 16.

^{183.} In *CIR v Platt* 1922 AD 42, 32 SATC 142 gee ar Juta op 148 in oorweging: "In the case of a company formed for certain purposes, the question of the continuity of the acts, which is another factor to be considered in deciding whether a business is carried on, is not of the same importance as in the case of an individual. ... in the case of a company formed for a certain purpose, it would be said at once that it was carrying on business, because it was formed for that purpose, and for nothing else, and from the very nature of the association the idea of continuity is inferred."

^{184.} In *Modderfontein Deep Levels Ltd v Feinstein* 1920 TPD 288 bevestig r Wessels hierdie standpunt. Hy sê op 291: "... [T]here must either be a definite intention at the first act to carry on similar acts from time to time if opportunity offers or the acts must be done not once or twice but successively with the intention of carrying it on, so long as it is thought desirable."

^{185.} In *FCT v Bidecope* (1978) 8 ATR 639 beslis *chief justice* Barwick dat herhalende aktiwiteite nie deurslaggewend is nie. Hy sê op 642: "Whether what he is doing constitutes a business would in general be determined at least in part by its repetitive nature: but not necessarily so. There are other circumstances, as the decisions would evidence, in which lack of repetitive activity has not denied the business nature of what has been done so as to make its product income." In *Ferguson v FCT* (1979) 37 FLR 310 beslis *chief justice* Bowen en *judge* Franki op 314 as volg: "Repetition and regularity of the activities is also important. However, every business has to begin and even isolated activities may in the circumstances be held to be the commencement of carrying on business."

^{186.} In *London Australia Investment Co Ltd v FCT* (1977) 138 CLR 106 maak *judge* Jacobs op 129 die vlg stelling: "There may be no business despite frequency and on the other hand there may be a business where the activity is an isolated one. Every business must begin with an initial transaction."

^{187.} *London Australia Investment Co Ltd v FCT* (1977) 138 CLR 106 maak *judge* Jacobs op 129 die vlg stelling:

5.3.2.3 Doelgerigte aktiwiteit

Die aktiwiteite wat moontlik die bedryf van 'n besigheid kan uitmaak, moet nie bloot toevallige aktiwiteite wees nie. 'n Transaksie wat aangegaan word met die blote hoop om toevallig 'n uiteindelijke wins te maak in die uitvoering van 'n ander doel, sal nie as 'n besigheidstransaksie kwalifiseer nie.¹⁸⁸

Daar word aan die hand gedoen dat daar 'n ooreenkoms is tussen dié eienskap van die bedryf van 'n besigheid en die nouer formulering van die "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn¹⁸⁹ in *Commissioner for Inland Revenue v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust*¹⁹⁰. Appèlregter Smalberger sê dat die sinsnede "operation of business in carrying out a scheme of profit-making" inderdaad beteken ontvangste wat nie toevallig is nie, maar wat "designedly sought for and worked for" is.¹⁹¹ Daar word in oorweging gegee dat die frase "designedly sought for" dui op 'n resultaat wat doelbewus nagestreef word as gevolg van die direkte of primêre doel wat die belastingpligtige wil bereik. Dit het dus nie betrekking op 'n resultaat wat toevallig bereik word nie.

Daar word in oorweging gegee dat die idee van 'n doelgerigte aktiwiteit wat nie bloot toevallig is nie in Australië veral manifesteer in die beslissings waar die hof die sisteem en reëlmatigheid van die belastingpligtige se aktiwiteite beklemtoon.¹⁹² Aktiwiteite wat aaneenlopend en volgens 'n bepaalde stelsel verrig is, sal normaalweg nie toevallig wees nie.

5.3.2.4 Vasgestelde middele

Die betrokke aktiwiteite wat beoordeel word, moet 'n essensiële kenmerk wees van die betrokke besigheid wat na bewering bedryf word. Die aktiwiteite wat verrig is, moet van die vasgestelde middele wees waardeur wins gemaak word. Dit moet die doel van die

"Though frequent activity of acquisition and resale does not necessarily signify a business, it is evidence from which it may be inferred that there is a business."

¹⁸⁸. In *Stephan v CIR* 1919 WLD 1, 32 SATC 54 r Mason sê op 61: "It may be somewhat wide, [die alg omskrywing van die begrip "besigheid"] but it supplies the criterion, namely, whether the transaction was undertaken with the direct and primary object of making a profit and not with a mere hope of making an ultimate profit incidentally in carrying out another purpose."

¹⁸⁹. Sien par 6 waar die "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn bespreek word.

¹⁹⁰. *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271.

¹⁹¹. Sien op 280.

¹⁹². Sien *Stevenson v FCT* (1991) 22 ATR 56 64.

belastingpligtige wees om sodanige besigheidsaktiwiteite te verrig.¹⁹³ Hierdie eienskap hou verband met die trefwydte van die besigheidsaktiwiteite.

Daar is oorweging geskenk aan die primêre doelstelling van die maatskappy om vas te stel of die realisering van sekere bates nie bloot 'n toevallige aktiwiteit is nie, maar een van die vasgestelde middele is waardeur die maatskappy 'n besigheid bedryf om wins te maak. Indien die hoofdoelstelling van die maatskappy misluk en al die bates van die maatskappy verkoop word en die maatskappy daarna gelikwideer word, sal die aktiwiteit nie deel van die bedryf van die maatskappy se besigheid wees nie.¹⁹⁴ Dit mag wees dat ander doelstellings bloot bykomstig is tot die verwesenliking van die primêre doelstelling, maar die moontlikheid bestaan dat 'n maatskappy in die gewone loop van sy besigheid inkomste kan verdien deur sy sekondêre doelstellings uit te voer.¹⁹⁵

In sowel Nieu-Seeland as Australië is die idee bevestig dat slegs ontvangste-generende handeling wat 'n bedryfsmetode is, of die einste middele of metodes is waardeur die besigheid bedryf word, binne die trefwydte van die besigheid sal val. Hierdie handeling sal deel van die besigheid van die belastingpligtige wees indien daar 'n noue verband bestaan tussen die betrokke handeling en die bedryfsmetode van die besigheid. Om die vereiste noue verband te vestig, sal die handeling:

- i) inherent aan en 'n noodwendige gevolg van die bedryf van die betrokke besigheid moet wees; of
- ii) beskou moet kan word as gereelde, verwagte en gewone gebeurtenisse van die betrokke besigheid.¹⁹⁶

^{193.} In *COT v Booyens Estates Ltd* 1918 AD 576, 32 SATC 10 26 verwys hr Innes na *Californian Copper Syndicate (Ltd and Reduced) v Harris (Surveyor of taxes)* (1904) 41 SLR, 5 TC 159 en sê: "The Court came to the conclusion that the turning of investment into account was not merely incidental, but was ... the essential feature of the business, speculation being among the *appointed means* of the company's gains. ... [T]he company had been formed, not to work the fields themselves, 'but solely with a view and purpose of reselling the same at a profit'. Under those circumstances the resale was held to be not a realization of capital, but the prosecution of a business for which the company had been formed." [Kursivering bygevoeg.]

^{194.} Sien die *Booyens Estates*-saak op 27-28: "The other objects which it was authorized to pursue were merely intended to assist its gold mining operations. The capital was not adequate to the main object, no increase of capital was arranged, and the company's purpose having failed, all its assets were disposed of, and it was wound up. To my mind that amounts to a mere realization of capital." En op 32: "The sale to the Robinson Deep was not with the object of carrying on the business, but with the object of closing the business by a realization of the capital for the purpose of distributing the proceeds of such capital among the shareholders."

^{195.} Ar Maasdorp sê in die *Booyens Estates*-saak op 32: "But as I have said, whatever might be the primary objects of the company, it is quite possible that it might derive an income in the ordinary course of business from carrying out its secondary objects."

^{196.} Sien tov *Nieu-Seeland State Insurance Office v CIR* [1990] 2 NZLR 444 467 en tov *Australië FCT v Myer Emporium Ltd* (1987) 18 ATR 693 697; *SP Investments Pty Ltd v FCT* en *Perron Investments Pty Ltd v FCT*

5.3.2.5 Kommersiële beginsels

Die houe erken ook dat kommersiële beginsels 'n belangrike rol speel om vas te stel of 'n besigheid bedryf word.¹⁹⁷ Die ondersoek of 'n besigheid bedryf is, is gebaseer op gesonde verstand en besigheidstandaarde.¹⁹⁸ Waar 'n bate gerealiseer word, oorweeg die houe:

- i) of die transaksie bloot 'n realisering van 'n kapitaalbate tot beste voordeel op 'n besigheidswyse is;¹⁹⁹ en
- ii) of dit 'n uitgebreide en volgehoue skema is wat op sakekundige wyse uitgevoer is om dit 'n bedryf van 'n besigheid te maak.²⁰⁰

Die houe sal slegs die afleiding maak dat 'n belastingpligtige 'n besigheid bedryf het indien hy ooreenkomstig aanvaarde besigheidsriglyne of -standaarde opgetree het.²⁰¹ Die houe gee aandag aan die relevante aanvaarde besigheidstandaarde binne 'n bepaalde verwysingsraamwerk. Die aktiwiteite van die belastingpligtige sal in die konteks van die onderskeie normale besigheidskenmerke van die tipe besigheid wat na bewering bedryf word, beoordeel word.²⁰² Die houe identifiseer eers die ei soortige kenmerke van die

(1993) 112 ALR 443 451; *FCT v GKN Kwiform Services Pty Ltd* (1990) 21 ATR 1532 1534-1535; *GP International Pipecoaters Pty Ltd v FCT* (1990) 21 ATR 1 8.

^{197.} Sien *Natal Estates Ltd v SIR* 1975 4 SA 177 (A), 37 SATC 193 waar ar Holmes verwys na die verhouding tussen die omringende omstandighede en die gewone kommersiële konsep om 'n besigheid te bedryf of 'n skema van winsbejag te onderneem. Hy sê op 220: "... the relationship of all this (die omringende omstandighede) to the ordinary commercial concept of carrying on a business or embarking on a scheme for profit".

^{198.} In *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271 sê ar Smalberger op 280: "Whether or not it was doing so [carrying on a business by trading in shares] must be determined applying ordinary common sense and business standards."

^{199.} In Australië is ook erkenning verleen aan die gedagte dat eiendom op 'n ondernemende wyse gerealiseer kan word sonder dat die opbrengs van 'n inkomste-aard sal wees. Sien *Stevenson v FCT* (1991) 22 ATR 56 65; *London Australia Investment Co Ltd v FCT* (1977) 138 CLR 106 117. Sien ook hfst 8 par 4.6.3.

^{200.} In *Natal Estates Ltd v SIR* 1975 4 SA 177 (A), 37 SATC 193 222 som ar Holmes sy bevinding as volg op: "[T]he appellant, with its elaborate and sustained scheme and expertise, was doing much more than merely realizing a capital asset to the best advantage in a businesslike manner; and that by any canons of commerce it had gone beyond that field: it had crossed the Rubicon and committed itself on a grand scale to the course and business of selling land for profit, using the land as its stock-in-trade."

^{201.} In *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271 het die trust nie ooreenkomstig aanvaarde besigheidsriglyne opgetree nie. Ar Smalberger beslis op 280: "The Trust did not operate along accepted business lines. ... The constraints placed upon the trustees in dealing with the shares are altogether foreign to trading or business in the accepted commercial sense." Sien ook die benadering wat in die Australiese regspraak in *Stevenson v FCT* (1991) 22 ATR 56 64 in die verband gevolg word. Die hof wys daarop dat 'n grootskaalse onderverdeling van eiendom behels gewoonlik sodanige graad van sistematiese organisasie, beplanning, bestuur en herhaalde doelbewuste winsmaak-aktiwiteite dat die bedryf van 'n besigheid gereedelik daaruit afgelei kan word. Sien verder hfst 8 par 4.9.

^{202.} Sien *SIR v The Trust Bank of Africa Ltd* 1975 2 SA 652 (A), 37 SATC 87 104 waar ar Botha die vlg stelling maak: "[T]he objective factors, such as the objects of the company as set out in its memorandum of

betrokke tipe besigheid wat na bewering bedryf word deur kommersiële beginsels in ag te neem. Daarna oorweeg die hof die verhouding tussen al die relevant omringende omstandighede en die gewone kommersiële konsep om 'n besigheid te bedryf.²⁰³ Die blote feit dat bates op 'n ondernemende wyse gerealiseer word om die beste voordeel vir die belastingpligtige te verseker, sal nie sonder meer die afleiding regverdig dat 'n besigheid bedryf word nie.²⁰⁴ Indien die belastingpligtige egter gemeet aan kommersiële beginsels verder gegaan het as bloot die realisering van 'n kapitaalbate sal die afleiding gemaak word dat 'n besigheid bedryf is.

In Australië is ook by die oorweging van die vraag of 'n besigheid bedryf is, verwys na die wyse waarop die belastingpligtige sy aktiwiteite uitgevoer het. Indien die aktiwiteite op 'n saaklike, kommersiële of besigheidsgerigte wyse verrig is, kan dit op die bedryf van 'n besigheid dui. Hierdie maatstaf word prakties geopenbaar deur te oorweeg of die belastingpligtige in die uitvoering van sy bedrywighede beginsels en tegnieke toegepas het wat gewoonlik aangewend word in die loop van die besigheid wat na bewering bedryf word.²⁰⁵

In Nieu-Seeland word die benadering ook bevestig dat inkomste ooreenkomstig relevante

association, the actual nature of the company's business, *the normal business carried on by companies of that type*, and the nature of the transaction, may, in an enquiry as to the purpose for which specific shares were acquired by such a company, assume greater significance than the intention with which those shares were acquired ..." (Kursivering bygevoeg.)

^{203.} In *Natal Estates Ltd v SIR* 1975 4 SA 177 (A), 37 SATC 193 is oorweeg of die maatskappy soos 'n eiendomsontwikkelaar en -handelaar opgetree het en in *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271 280 is ook spesifiek oorweeg of die trust as 'n aandeelhandelaar besigheid bedryf het.

^{204.} *Natal Estates Ltd v SIR* 1975 4 SA 177 (A), 37 SATC 193 222. Die standpunt is ook in Australië ingeneem. Sien *Scottish Australia Mining Co Ltd v FCT* (1950) 4 AITR 443.

^{205.} Sien Slater 1978 *Tax in Aust* 301. Meakin 1979 *Tax in Aust* 1047 gee in oorweging dat die primêre toets of riglyne wat aangewend word om te bepaal wat 'n besigheid is, verband hou met aktiwiteite, die herhalende aard daarvan en die feit dat die transaksies besigheidsgerig ("businesslike") is. Die beginsel dat die aard van 'n ontvangste bepaal word deur die toepassing van 'n besigheidsbenadering tot die feite is in *FCT v Becker* (1951-52) 87 CLR 456 467 deur die hof bevestig. Sien ook *First Provincial Building Society Ltd v FCT* (1995) 30 ATR 207 waar *judge* Hill op 211 sê: The ascertainment of the character of a receipt involves the application of "a business conception to the facts of the case." In *Ferguson v FCT* (1979) 37 FLR 310 bevestig *chief justice* Bowen en *judge* Franki in 'n gesamentlike uitspraak op 314 hierdie standpunt: "Again, organization of activities in a business-like manner, the keeping of books, records and the use of system may all serve to indicate that a business is being carried on." Sien ook *Brajkovich v FCT* (1988) 20 ATR 1570 waar *judge* Pincus op 1576 verwys na die "systematic, organised and businesslike" wyse waarop die weddenskapaktiwiteite bedryf word as 'n kriterium om te bepaal of 'n besigheid bedryf word. In *Goodman Fielder Wattie Ltd v FCT* (1991) 22 ATR 26 35 verwys *judge* Hill ook goedkeurend na bg kriteria wat in die *Ferguson*-beslissing geïdentifiseer is. Sien verder Pursche 1980 *Tax in Aust* 255. Hierdie benadering word ook deur Waincymer 1994 *Melb U L Rev* 979 bevestig. Hy gee in oorweging: "Income is a word which derives from the world of financial affairs. Thus, it does not have a distinctive ordinary meaning exclusive of

kommersiële beginsels en praktyke vasgestel moet word.²⁰⁶ Daar is soms verwys na die sienswyse van 'n "normal businessman" om die idee uit te druk dat daar aan besigheidsoorwegings aandag gegee moet word.²⁰⁷

5.3.2.6 Omvang van aktiwiteite

Die omvang van die bedrywighede van die belastingpligtige is nie deur die howe geïdentifiseer as 'n absolute maatstaf om te bepaal of 'n besigheid bedryf word nie, maar dit is as 'n belangrike oorweging in ag geneem. Dit wil voorkom of die omvang van die aktiwiteite as 'n wesenlike faktor deur die howe in ag geneem word waar dit beskou kan word as 'n tipiese eienskap van die besigheid wat na bewering bedryf word.²⁰⁸

Die feit dat 'n uitgebreide en volgehoue skema aangepak is, kan daarop dui dat dit 'n winsmakende besigheidsonderneming is en nie bloot 'n realisering van 'n kapitaalbate tot beste voordeel op 'n besigheidswyse nie.²⁰⁹ Die feit dat die belastingpligtige sy aandeleportefeulje aktief bestuur het om 'n hoë dividendopbrengs te verseker het daartoe aanleiding gegee dat die belastingpligtige 'n aansienlike hoeveelheid aandele in 'n stygende mark met gepaardgaande winste gerealiseer het. Die omvang en frekwensie van die aandeletransaksies is nie as absoluut deurslaggewend beskou nie, maar die belangrikheid daarvan is soms beklemtoon om die afleiding te regverdig dat die belastingpligtige in aandele handel gedryf het.²¹⁰ Waar die belastingpligtige in ander gevalle kon bewys dat die verkope van aandele plaasgevind het in die uitvoering van sy beleid om 'n langtermyn beleggingsopbrengs te verseker het die groot hoeveelheid transaksies wat plaasgevind het 'n deurslaggewende rol gespeel nie.²¹¹

Die algemene strekking van die beslissings in Suid-Afrika en Australië wat handel oor die

the meaning that might be ascribed to it by economists or accountants in that environment."

^{206.} Sien *CIR v National Bank of New Zealand* (1976) 2 TRNZ 70 80; *Lowe v CIR* [1981] 1 NZLR 326 334; Bassett 1986 *Current Taxation* 249.

^{207.} Sien *CIR v City Motor Service Ltd* [1969] NZLR 1010 1023.

^{208.} Dit is veral relevant wanneer oorweeg word of die belastingpligtige in eiendom of aandele handel dryf.

^{209.} Sien *Natal Estates Ltd v SIR* 1975 4 SA 177 (A), 37 SATC 193. Op 222 som ar Holmes sy bevinding as volg op: "To sum up with regard to the profits from sales of land ... the appellant, with its elaborate and sustained scheme and expertise, was doing much more than merely realizing a capital asset to the best advantage in a businesslike manner; and that by any canons of commerce it had gone beyond that field: it had crossed the Rubicon and committed itself on a grand scale to the course and business of selling land for profit, using the land as its stock-in-trade."

^{210.} Sien *CIR v Nussbaum* 1996 (A), 58 SATC 283 waar ar Howie op 292 sê: "Reverting to the facts, one is struck forcibly with the scale and frequency of respondent's share transactions. Those considerations are, of course, not conclusive but they are of major importance."

^{211.} Sien *CIR v Middelman* 1990 1 SA 200 (K), 52 SATC 323 328-329.

relevansie van die omvang van die aktiwiteite van die belastingpligtige blyk dieselfde te wees. Die omvang van die aktiwiteite of bedrywighede van die belastingpligtige is op sigself nie deurslaggewend nie. Die omvang van die bedrywighede kan die bevinding staaf dat die belastingpligtige by die bedryf van 'n besigheid betrokke was, veral waar dit 'n tipiese eienskap van die besigheid is wat na bewering bedryf word.²¹² Die aard van die transaksies en die eienskappe van die aktiwiteite van die belastingpligtige moet ook oorweeg word.²¹³ Dit wil soms voorkom of hierdie maatstaf in Australië groter relevansie aanneem, want die hof het al by geleentheid beslis dat die massiewe omvang van die koop- en verkoopaktiwiteite van die belastingpligtige die hof prakties verplig het om die afleiding te maak dat 'n besigheid bedryf is.²¹⁴

5.3.3 Ontleding en gevolgtrekking

Daar is 'n groot mate van ooreenstemming tussen bogemelde objektiewe maatstawwe wat die hof in Nieu-Seeland, Australië en Suid-Afrika geïdentifiseer het om te bepaal wanneer 'n besigheid bedryf word. Dit is egter belangrik om die oorkoepelende "maatstaf" altyd in gedagte te hou wanneer die verskillende maatstawwe oorweeg word, naamlik: Alle relevante omringende feite en omstandighede en die onderlinge verhouding wat daar tussen sodanige omstandighede bestaan, moet oorweeg word om te bepaal of die verrigte aktiwiteite tot die bedryf van 'n besigheid aanleiding gee.²¹⁵

Dit is verder belangrik om die onderliggende gedagterigtings wat die formulering van die objektiewe maatstawwe ten grondslag lê in bogemelde lande te onderskei. In Australië volg die hof soms 'n uitsluitlik objektiewe benadering om vas te stel of 'n besigheid bedryf

²¹². In *Commissioner of Taxes v British Australian Wool Realization Association Ltd* (1931) AC 252 wys die privy council daarop dat die blote omvang van die organisasie om 'n bate te realiseer nie op sigself veroorsaak dat die realiseringsaktiwiteite die bedryf van 'n besigheid daarstel nie. In *Ferguson v FCT* (1979) 37 FLR 310 gee *chief justice* Bowen en *judge* Franki op 314 die vlg in oorweging: "The volume of his operations and the amount of capital employed by him may be significant. However, if what he is doing is more properly described as the pursuit of a hobby or recreation or an addiction to a sport, he will not be held to be carrying on a business even though his operations are fairly substantial." In *FCT v Whitfords Beach Pty Ltd* (1982) 12 ATR 692 het die hof egter die omvang van die realiseringsaktiwiteite as 'n relevante faktor erken om die aard van die realisasiewins te bepaal. *Judge* Wilson sê op 721: "But that is not to say that the magnitude of the operation is wholly irrelevant to the determination of its nature, in answering the question whether more than mere realization is involved in the treatment of a capital asset." Sien verder Pursche 1980 *Tax in Aust* 256.

²¹³. *Scottish Australia Mining Co Ltd v FCT* (1950) 4 AITR 443

²¹⁴. *London Australia Investment Co Ltd v FCT* (1977) 138 CLR 106 131.

²¹⁵. Dit is deurlopend in bg belastingjurisdiksies bevestig. Sien tov Australië: *Evans v FCT* (1988) 20 ATR 922 939, tov Nieu-Seeland: *Reid v CIR* [1986] 1 NZLR 129 138 en tov Suid-Afrika: *Natal Estates Ltd v SIR* 1975 4 SA 177 (A), 37 SATC 193 220; *CIR v Guardian Assurance Co SA Ltd* 53 SATC 129 151.

word.²¹⁶ Die grondslag van dié benadering is die klassifikasie van die handeling wat die belastingpligtige verrig het. Indien die belastingpligtige sekere handeling op 'n sekere wyse verrig en dit ooreenstem met daardie tipe handeling wat gewoonlik kenmerkend aan die soort besigheid is wat na bewering bedryf word, sal hy geag word om 'n besigheid te bedryf ongeag of hy ten doel het om 'n besigheid te bedryf.²¹⁷ Die grondslag van dié uitgangspunt is dat 'n persoon geag sal word om die natuurlike en moontlike gevolge van sy handeling te bedoel. Selfs waar 'n persoon nie ten doel het om 'n besigheid te bedryf nie, sal daar gewoonlik beslis word dat hy wel 'n besigheid bedryf indien sy handeling of aktiwiteit feitlik op die bedryf van 'n besigheid neerkom.²¹⁸ In ander hofsake word die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige ook beklemtoon as 'n faktor wat in ag geneem moet word.²¹⁹

In Nieu-Seeland word die objektiewe, omringende omstandighede nie abstrak oorweeg nie. Dit moet konkreet daarop gerig wees om die doel van die belastingpligtige te bepaal. Die standpunt word bevestig dat die werklike doel van die belastingpligtige met die verkryging van bates 'n belangrike faktor is om te bepaal of hy die bates as 'n belegging of in die loop van die bedryf van sy besigheid verkry het.²²⁰

In Suid-Afrika word die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige, in die sin van sy doel, as die dominante maatstaf beskou en die objektiewe maatstawwe word bloot as sekondêre faktore in ag geneem om die belastingpligtige se getuienis aangaande sy doel te beoordeel.²²¹ Daar is egter ook hofbeslissings waarin dit wil voorkom of die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige nie 'n deurslaggewende rol speel nie en bloot een van die omringende faktore is wat in ag geneem word om hoofsaaklik op 'n objektiewe grondslag vas te stel of 'n besigheid bedryf word.²²²

^{216.} *FCT v Radnor Pty Ltd* (1991) 22 ATR 344.

^{217.} *Ferguson v FCT* (1979) 37 FLR 310 323.

^{218.} *FCT v Radnor Pty Ltd* (1991) 22 ATR 344 357.

^{219.} *Scottish Australia Mining Co Ltd v FCT* (1950) 4 ATR 443 451; *FCT v Whitfords Beach Pty Ltd* (1982) 12 ATR 692 701.

^{220.} *State Insurance Office v CIR* [1990] 2 NZLR 444 477.

^{221.} *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271 280. Sien ook *SIR v The Trust Bank of Africa Ltd* 1975 3 SA 652 (A), 37 SATC 87 waar ar Botha op 102 die vlg opm maak: "The circumstances relating to the sale of the shares, which have been detailed, are mainly relevant in so far as they throw light upon the purpose for which the shares were acquired." Sien ook par 7 waar die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige in die konteks van die verskillende riglyne bespreek word. Sien verder hfst 10 waar aangedui word dat die doel van die belastingpligtige die tipe subjektiewe ingesteldheid is wat in dié konteks deurslaggewend is.

^{222.} In *Natal Estates Ltd v SIR* 1975 4 SA 177 (A), 37 SATC 193 220 identifiseer ar Holmes nie uitdruklik die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige as die grondslag van die besigheid- en

Daar word in oorweging gegee dat die dominante maatstaf in Suid-Afrika is om vas te stel of die belastingpligtige ten doel het om 'n besigheid te bedryf. Wanneer die objektiewe omringende omstandighede oorweeg word, moet dit onomwonde daarop gerig wees om die doel van die belastingpligtige te bepaal. Daar word aan die hand gedoen dat dit die benadering is wat die howe deurlopend behoort te volg. Om regsekerheid te bevorder, word verder voorgestel dat dié standpunt duidelik deur die howe ingeneem word. Die premis van die benadering het 'n logiese grondslag. Die omringende omstandighede kan nie abstrak en geïsoleerd beoordeel word nie. Daar moet 'n regverdigingsgrond vir die oorweging van die objektiewe omringende omstandighede wees. Die regsverdigingsgrond is die vasstelling van die doel van die belastingpligtige.²²³

5.4 Trefwydte van besigheid

5.4.1 Algemeen

Waar die belastingpligtige soms ontvangste-genererende handeling verrig wat nie deel vorm van die gewone aktiwiteite van sy besigheid nie, is dit nodig om die presiese trefwydte van die besigheid van die belastingpligtige te bepaal om vas te stel of daardie handeling deel van die besigheid uitmaak. Die trefwydte van die besigheid van die belastingpligtige kan slegs bepaal word indien daar sekerheid bestaan oor die werklike aard van die besigheid wat die belastingpligtige bedryf.²²⁴ In hierdie ondersoek is dit veral belangrik om die besigheidsmetodes vas te stel waardeur die belastingpligtige sy besigheid bedryf.²²⁵ By 'n

“besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema”-riglyn nie. Hy noem die bedoeling van die belastingpligtige by die aankoop en verkoop van 'n bate as 'n belangrike oorweging om te besluit of 'n besigheid bedryf is en of 'n skema van winsbejag met die verkoop van die eiendom aangepak is. Hy beskou egter nie een van die kommersiële oorwegings wat hy lys om te bepaal of 'n besigheid bedryf word as deurslaggewend nie.

^{223.} Sien Saunders 1990 *BTR* 188.

^{224.} Sien *COT v Booyens Estates Ltd* 1918 AD 576, 32 SATC 10 waar ar Maasdorp op 30 sê: "In order to ascertain what were the profits and gains of the trade carried on by Booyens Estates, it is in the first place necessary to determine *what actually was the nature of the trade* carried on by the company." En op 32: "Now it seems to me that it might be quite possible under this power for the company to have started trading in the purchase and sale of claims, although it was not their primary object. But I should not like to speak positively upon that point. Moreover, the question still remains whether the transaction was actually one in the *course of the business of the company*." (Kursivering in albei bg aanhalings bygevoeg.)

^{225.} ²²⁵In *Crowe v CIR* 1930 AD 122, 4 SATC 133 139 het die hof die omvang van die besigheid van Crowe bepaal. Die verkoop van die wattelbas en -stompe het nie binne die omvang van die gewone besigheid van Crowe geval nie. Die blote feit dat Crowe die transaksie aangegaan het, het dit nie deel van sy besigheid gemaak nie. Die werklike aard van sy besigheid was om met vlas te boer, nie om met wattelplantasies te spekuleer nie. Sien ook *SIR v The Trust Bank of Africa Ltd* 1975 2 SA 652 (A), 37 SATC 87 waar die doel met die aankoop van sekere aandele was om Trust Bank se bankbesigheid, die inkomste-produiserende onderneming van die maatskappy, uit te brei en nie om 'n skema van winsbejag te bedryf nie. In *CIR v Nedbank Ltd* 1986 3 SA 391 (A), 48 SATC 73 87 is die Sasol-aandele as 'n belegging aangekoop met die

maatskappy sal die doelstellings soos in die akte van oprigting en statute neergelê en die werklike bedrywighede van die maatskappy 'n aanduiding gee van die besigheidsmetodes.²²⁶

Die primêre besigheidsmetode waardeur die belastingpligtige sy besigheid bedryf is nie noodwendig deurslaggewend nie. 'n Alternatiewe besigheidsmetode, wat ondergeskik of sekondêr is, kan ook 'n aanduiding gee van die trefwydte van die belastingpligtige se besigheid.²²⁷ Waar die alternatiewe besigheidsmetode, al is dit sekondêr, so nou verband hou met die hoofbesigheid dat dit as onskeibaar daarvan beskou kan word, sal dit gewoonlik nie as 'n bloot insidentele aktiwiteit tot die hoofbesigheid beskou word nie.²²⁸ Dit sal in sodanige geval een van die aangewese middele wees waardeur die maatskappy 'n wins gemaak het en daarom sal dit deel wees van die besigheid wat bedryf word.²²⁹

5.4.2 Ontleding en gevolgtrekking

Dit wil voorkom of die howe in Australië 'n breër benadering toepas ten opsigte van transaksies wat inderdaad deel van die besigheid van 'n belastingpligtige vorm.²³⁰ Dit sal tot gevolg kan hê dat daar minder ontvangste is wat buite die trefwydte van die besigheid van

doel om bykomende voordele in die vorm van addisionele bankbesigheid vir Nedbank te verkry. Dit was nie deel van Nedbank se gewone bankbesigheid om in aandele handel te dryf nie. Die wins by realisasie was nie belasbaar nie. Dieselfde benadering is in Australië gevolg, sien *The National Bank of Australasia Limited v The Commissioner of Taxation of the Commonwealth of Australia* (1969) 118 CLR 529 538-539.

^{226.} In *CIR v Lydenburg Platinum Ltd* 1929 AD 137, 4 SATC 8 maak ar Stratford op 17 die vlg opm: "In the case of a company the Court had primarily to look at its objects laid down in its constitution and next at its actual operations."

^{227.} In *COT v Booyens Estates Ltd* 1918 AD 576, 32 SATC 10 sê ar Maasdorp op 32: "But as I have said, whatever might be the primary objects of the company, it is quite possible that it might derive an income in the ordinary course of business from carrying out its secondary objects."

^{228.} Sien *African Life Investment Corporation (Pty) Ltd v SIR* 1969 4 SA 259 (A), 31 SATC 163 175-176 waar hr Steyn die volgende beslis: "Where, for instance, a company whose main concern as an investor is an income from dividends, confines its purchases to sound equities with the highest dividend yield, but, at the same time, intends, in order to increase its income, to sell whenever it is able to do so at a substantial profit, that intention, although so closely connected with its main object that it may be said to be inseparable from it, would not ordinarily rank as merely incidental to such a dominant purpose." Dit is ook die benadering wat in die Australiese inkomstebelastingreg gevolg word. Die verband of verhouding wat bestaan tussen die transaksie wat tot die wins aanleiding gee en die gewone besigheidsaktiwiteite van die belastingpligtige moet oorweeg word. In *London Australia Investment Co Ltd v FCT* (1977) 138 CLR 106 131 wys judge Jacobs daarop dat die mpy 'n tweeledige doel met die aankoop van die aandele gehad het. Die dominante doel met die aankoop van die aandele was om dividendinkomste daaruit te verkry. Daar was egter ook 'n gelyklopende doel om die aandele winsgewend te verkoop.

^{229.} Hr Steyn bevestig hierdie standpunt in *African Life Investment Corporation (Pty) Ltd v SIR* 1969 4 SA 259 (A), 31 SATC 163 op 176: "Where the sale of shares held as an investment is in fact contemplated as an alternative method of dealing with them for the purpose of making a profit out of them, or, in the case of a company, where it is one of the 'appointed means of the company's gains' ... it can make no difference, I consider, that it is a secondary or subsidiary purpose of their acquisition."

die belastingpligtige val.²³¹ Daar word egter aan die hand gedoen dat die regspraak daar nie 'n ongekwalifiseerde uitbreiding van die besigheid-konsep propageer nie, dit wil sê dat alle ontvangste wat uit 'n besigheid voortspruit belasbaar sal wees. Die ontvangste-generende transaksie moet verband hou met die einste middele of metodes waardeur die besigheid bedryf word.²³² Daar word ook verwys na die moontlikheid dat alhoewel 'n sekere transaksie as 'n besigheidsaktiwiteit beskou kan word, dit bloot in 'n tydelike sin is. Die verkoop van 'n vaste kapitaalbate in 'n besigheid is 'n sprekend voorbeeld. Dit is dus belangrik om die verwantskap tussen die bate wat verkoop word en die gewone besigheidsaktiwiteite van die belastingpligtige te oorweeg. Die aard en omvang van die besigheidsaktiwiteite van 'n belastingpligtige moet met omsigtigheid ondersoek word om te bepaal welke handeling in die bedryf van die besigheid uitgevoer word.²³³ Dit is derhalwe vir 'n suiwer toepassing van die besigheid-riglyn van kardinale belang om die faktore te identifiseer wat die howe in ag neem om tot die gevolgtrekking te kom dat daar 'n voldoende noue verband is tussen die ontvangste-genererende handeling en die besigheid van die belastingpligtige.

Daar word aan die hand gedoen dat die oorweging van die nouheid van die verband tussen die ontvangste-genererende handeling en die besigheid van die belastingpligtige op 'n redelikheidsmaatstaf dui. 'n Redelikheidsmaatstaf in dié konteks handel oor die vraag of die betrokke getuienis van so 'n aard is dat 'n redelike persoon tot dieselfde beslissing sou gekom het wat die hof bereik het. Redelikheid is egter nie 'n abstrakte onafhanklike eienskap wat deur 'n vaste standaard gemeet kan word nie.²³⁴ 'n Redelikheidsmaatstaf is so elasties dat dit by die toepassing daarvan op verskillende feitekomplekse tot verskillende resultate aanleiding kan gee.

^{230.} Sien hfst 8 par 4.

^{231.} Sien Petroulias en Kenna 1992 *Tax in Aust* 364 wat die vlg mening uitspreek: "On the second level, the 'business concept level', the influence on the revenue account has been more subtle. ... Courts have adopted the *Myer* approach and taken an extremely broad view of what forms part of the taxpayer's business, with the result that fewer receipts will fall outside the enlarged concept of the taxpayer's business."

^{232.} Sien *FCT v Myer Emporium Ltd* (1987) 18 ATR 693 697. 'n Soortgelyke standpunt is in Nieu-Seeland in *State Insurance Office v CIR* [1990] 2 NZLR 444 467 ingeneem.

^{233.} Sien *Western Gold Mines NL v COT (WA)* (1938) 59 CLR 729 740 waar die hof beslis dat dit nodig sal wees om "a wide survey and an exact scrutiny of the taxpayer's activities" te maak. Sien ook *London Australia Investment Co Ltd v FCT* (1977) 138 CLR 106 112 waar *chief justice* Barwick as volg beslis: "Of course, what is produced by a business will in general be income. But whether it is or not must depend on the nature of the business, precisely defined, and the relationship of the source of the profit or gain to that business. Everything received by a taxpayer who conducts a business will not necessary be income. As I have said, it must depend on the essential nature of his business and the relationship of the gain to that business and its conduct."

^{234.} In *Sinovich v Hercules Municipal Council* 1946 AD 783 788 sê hr Watermeyer die vlg oor die redelikheidsmaatstaf: "But reasonableness is not an abstract, independent quality which can be measured by

Daar word verder in oorweging gegee dat die toepassing van dié redelikheidsmaatstaf 'n kwessie van graad is wat op 'n judisiële waarde-oordeel berus. Die hof vel 'n waarde-oordeel oor die graad van samehang wat tussen die ontvangste-genererende handeling en die besigheid van die belastingpligtige bestaan.²³⁵ Om die waarde-oordeel te kan vel, behoort daar 'n maatstaf te wees wat 'n standaard stel waaraan die feitestel wat tot stand gekom het, gemeet kan word. Dit is te betwyfel of 'n alomvattende maatstaf geformuleer kan word wat in alle denkbare gevalle beslissend is. Dit wil voorkom of die hof 'n oneksakte en elastiese maatstaf geformuleer het waarvolgens die hof op beleidsoorwegings beoordeel of 'n genoegsame noue verband bestaan. Daar word aan die hand gedoen dat die beleidsoorwegings wat 'n rol kan speel, die hof se persepsies is van die kommersiële en besigheidsnorme wat in die gemeenskap geld. Dit is egter nie te sê dat hierdie oorwegings by alle soorte feitestelle deurslaggewend sal wees nie. Alle omstandighede van die betrokke feitestel in oorweging behoort in ag geneem te word.

Die howe in Nieu-Seeland, Australië en Suid-Afrika het in die uitoefening van hulle waarde-oordeel tot 'n groot mate aan dieselfde faktore aandag gegee om die afleiding te maak dat 'n voldoende noue verband tussen die betrokke ontvangste-genererende handeling en die besigheidsbedrywighede van die belastingpligtige bestaan. Die volgende faktore, wat nie noodwendig 'n uitputtendé lys is nie, kan aandui dat die verband genoegsaam is en kan as 'n kontrole-lys oorweeg word wanneer besluit moet word of bepaalde ontvangste-genererende transaksies binne die trefwydte van die besigheid van 'n belastingpligtige val:

- i) In Suid-Afrika en Australië is die punt beklemtoon dat die trefwydte van die besigheid van die belastingpligtige slegs bepaal kan word indien daar sekerheid bestaan oor die werklike aard van die besigheid wat die belastingpligtige bedryf.²³⁶
- ii) Handeling wat gereeld voorkom en as gewone gebeurtenisse van die betrokke besigheid beskou kan word, moet geïdentifiseer word. Buitengewone transaksies sal

a fixed standard."

^{235.} Hierdie uitgangspunt is in Australië bevestig, sien *FCT v Whitfords Beach Pty Ltd* (1982) 12 ATR 692 718 en hfst 8 par 4.5. Sien ook *State Insurance Office v CIR* [1990] 2 NZLR 444 477 in Nieu-Seeland. In Suid-Afrika verwys ar Holmes in *Natal Estates Ltd v SIR* 1975 4 SA 177 (A), 37 SATC 193 op 217 na die "test of degree" wat in *CIR v Stott* 28 AD 252, 3 SATC 253 262 geformuleer is. Die toets van graad wat hierna verwys word, is waar die hof 'n waarde-oordeel vel om die graad van ooreenstemming te bepaal wat bestaan tussen die kommersieel geformuleerde maatstawwe wat daarop dui dat die belastingpligtige ten doel gehad het om 'n besigheid te bedryf en die omringende omstandighede.

^{236.} Sien tov Suid-Afrika: *COT v Booysens Estates Ltd* 1918 AD 576, 32 SATC 10 30 en tov Australië: *London Australia Investment Co Ltd v FCT* (1977) 138 CLR 106 112; *FCT v Whitfords Beach Pty Ltd* (1982) 12 ATR 692 721.

- normaalweg nie binne die trefwydte van die besigheid val nie.²³⁷
- iii) In Australië²³⁸ beklemtoon die hofe dat die ontvangste-generende transaksie verband moet hou met die einste middele of metodes waardeur die besigheid bedryf word. In Nieu-Seeland²³⁹ en Suid-Afrika²⁴⁰ is die verband tussen die ontvangste-generende handeling en die bedryfs- of besigheidsmetodes van 'n betrokke besigheid ook oorweeg. Daar is aangedui dat die aangewese middele waardeur die belastingpligtige sy besigheid normaalweg bedryf 'n aanduiding gee van die besigheidsmetodes wat hy aanwend. Om dié verband te bepaal het die hofe ook die doelstellings van die maatskappy oorweeg om te bepaal of die ontvangste-genererende aktiwiteite deel daarvan is.
- iv) In Australië beslis die hofe dat 'n transaksie wat 'n gereelde of normale gebeurtenis van 'n besigheid is, kan aandui dat dit 'n essensiële en integrale deel van die betrokke besigheid is.²⁴¹
- v) Die hofe in Australië dui ook aan dat 'n transaksie wat as 'n onafwendbare gevolg van die betrokke besigheid beskou kan word 'n integrale deel van die besigheid kan wees.²⁴²
- vi) Die feit dat sekere transaksies as noodsaaklik beskou word vir die bedryf van die besigheid van die belastingpligtige is in Australië uitgelig.²⁴³ In die Nieu-Seelandse regspraak is oorweeg of die ontvangste-generende handeling inherent aan of noodwendige gevolge van die bedryf van die belastingpligtige se besigheid was.²⁴⁴ In die Suid-Afrikaanse regspraak is verwys na die onskeibaarheid van die betrokke aktiwiteit en die besigheid van die belastingpligtige.²⁴⁵

²³⁷. Sien tov Suid-Afrika: *CIR v Nedbank Ltd* 1986 3 SA 391 (A), 48 SATC 73 87; tov Nieu-Seeland: *State Insurance Office v CIR* [1990] 2 NZLR 444 en tov Australië: *FCT v Myer Emporium Ltd* (1987) 18 ATR 693 697 698; *Henry Jones (IXL) Ltd v FCT* 22 ATR 328 333.

²³⁸. *FCT v Myer Emporium Ltd* (1987) 18 ATR 693 697.

²³⁹. *State Insurance Office v CIR* [1990] 2 NZLR 444 476.

²⁴⁰. Sien *CIR v Lydenburg Platinum Ltd* 1929 AD 137, 4 SATC 8 18.

²⁴¹. Sien *GP International Pipecoaters Pty Ltd v FCT* (1990) 21 ATR 1 8; *Employer's Mutual Indemnity Association Ltd v FCT* (1991) 22 ATR 584 600; *FCT v Myer Emporium Ltd* (1987) 18 ATR 693 701.

²⁴². *FCT v GKN Kwikform Services Pty Ltd* (1990) 21 ATR 1532 1536.

²⁴³. *Colonial Mutual Life Assurance Society Ltd v FCT* (1946) 73 CLR 604 620; *FCT v Cooling* (1990) 21 ATR 13 21.

²⁴⁴. Sien *State Insurance Office v CIR* [1990] 2 NZLR 444 476.

²⁴⁵. In *African Life Investment Corporation (Pty) Ltd v SIR* 1969 4 SA 259 (A), 31 SATC 163 175-176 wys hr Steyn daarop dat die aandele-transaksies so nou verband gehou het met die hoofdoel van die maatskappy dat dit as onskeibaar daarvan beskou kan word.

- vii) In Nieu-Seeland²⁴⁶ en Suid-Afrika²⁴⁷ is die werklike doel of oogmerk van die belastingpligtige met die ontvangste-generende transaksie as 'n belangrike faktor geïdentifiseer om te bepaal of die bates as 'n belegging of in die loop van die bedryf van sy besigheid verkry is. Die resultaat wat die belastingpligtige met die verkryging van die betrokke bates wou bereik, was die deurslaggewende oorweging.
- viii) In die Australiese, Nieu-Seelandse en Suid-Afrikaanse²⁴⁸ regspraak is daar eenstemmigheid oor die standpunt dat waar 'n ontvangste bloot toevallig is, dit 'n aanduiding kan wees dat die ontvangste-generende handeling nie genoegsaam verband hou met die besigheid van die belastingpligtige nie.
- ix) In Australië is ook verwys na die sisteem of stelsel wat die belastingpligtige gevolg het in die uitvoering van sy aktiwiteite. Die hoewe het die sisteem wat die belastingpligtige volg vergelyk met die tipiese sisteem wat gewoonlik by die soort besigheid gevolg wat na bewering bedryf word.²⁴⁹
- x) In Suid-Afrika is ook beslis dat die primêre besigheidsmetode waardeur die belastingpligtige sy besigheid bedryf nie noodwendig deurslaggewend is nie. 'n Alternatiewe besigheidsmetode, wat ondergeskik of sekondêr is, kan ook 'n aanduiding gee van die trefwydte van die belastingpligtige se besigheid.²⁵⁰

5.5 Winsmaak-doel

Soos vroeër aangedui is die vraag of die besigheid-riglyn soos deur die hoewe geformuleer bloot die vereiste stel dat die belastingpligtige 'n besigheid bedryf en of daar 'n verdere kwalifikasie is, naamlik dat die besigheid bedryf moet word met die doel om wins te maak?

In *Commissioner for Inland Revenue v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust*²⁵¹ onderskryf appèlregter Smalberger die tweeledige aard van die besigheid-riglyn, naamlik die bedryf van 'n besigheid en die uitvoering van 'n skema van winsbejag.²⁵² Appèlregter

^{246.} *State Insurance Office v CIR* [1990] 2 NZLR 444 477 480 481.

^{247.} *CIR v Nedbank Ltd* 1986 3 SA 391 (A), 48 SATC 73 78.

^{248.} *Sien African Life Investment Corporation (Pty) Ltd v SIR* 1969 4 SA 259 (A), 31 SATC 163 175-176 waar hr Steyn daarop wys dat die aandele-transaksies nie bloot insidenteel tot die beleggingsdoel was nie.

^{249.} *Sien Martin v FCT* (1953) 90 CLR 470 481; *Stevenson v FCT* (1991) 22 ATR 56 64; *Ferguson v FCT* (1979) 37 FLR 310 314; *FCT v Radnor Pty Ltd* (1991) 22 ATR 344 357.

^{250.} *African Life Investment Corporation (Pty) Ltd v SIR* 1969 4 SA 259 (A), 31 SATC 163; *Barnato Holdings Ltd v SIR* 1978 2 SA 440 (A), 40 SATC 75 90; *CIR v Nussbaum* 1996 (A), 58 SATC 283 292.

^{251.} *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271.

^{252.} Sien par 6.4.3 waar aandag gegee word aan die betekenis van frase "skema van winsbejag". Daar word aangedui dat dié frase beteken: die bedoeling om by wyse van 'n geformuleerde metode 'n voorgenome handeling uit te voer om 'n bepaalde resultaat of gevolg te bereik, naamlik om wins te maak.

Smalberger bevind eerstens dat die trust nie 'n besigheid bedryf het nie²⁵³ en tweedens bevind hy dat indien die trust in 'n wye sin wel 'n besigheid bedryf het, dit nie was met die doel om wins te maak in die loop van 'n skema van winsbejag was nie.²⁵⁴

Die blote feit dat die belastingpligtige 'n besigheid bedryf, sal nie noodwendig deurslaggewend wees nie. Die doel om wins maak is egter nie 'n essensiële vereiste vir die bedryf van 'n besigheid nie.²⁵⁵ Indien 'n besigheid (in die wye sin van die woord) nie met 'n winsoogmerk bedryf word nie en 'n toevallige wins gemaak word, sal daar nie aan albei elemente van die besigheid-riglyn voldoen word nie. Die blote hoop om toevallig 'n uiteindelijke wins te maak in die uitvoering van 'n ander doel is nie voldoende nie.²⁵⁶ 'n Ander

^{253.} Ar Smalberger maak op 280 die vlg bevinding tov die vraag of die trust 'n besigheid bedryf: "I am unable to agree with Nicholas AJA that the Trust was carrying on a business by trading in shares. Whether or not it was doing so must be determined applying ordinary common sense and business standards ... There was no intention on the part of the Trust to conduct a business in shares. The Trust was to operate primarily as a conduit for the acquisition of shares by employees entitled to them in terms of the scheme's rules. The Trust did not operate along accepted business lines. ... On a common sense approach the Trust was not carrying on a business by trading in shares."

^{254.} Ar Smalberger bevestig dié benadering. Hy beslis op 280: "But irrespective of the number of transactions, whether the receipts that flow from the carrying on of a business are revenue still depends on whether the business was conducted with a profit-making purpose, ie as part of a profit-making venture or scheme." En op 280-281: "But even if the Trust could be said in a broad sense to have been conducting a business, it was not a business carried on as part of a scheme of profit-making."

^{255.} In *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271 280 maak ar Smalberger die vlg opm tov die bedryf van 'n besigheid en die doel om wins te maak: "While a profit motive is not essential for the carrying on of a business, its presence or absence is an important factor in determining whether a business is being conducted." Daar word aan die hand gedoen dat die woorde "profit motive" verwys na die doel om wins te maak. Sien ook *De Beers Holdings (Pty) Ltd v CIR* 1986 1 SA 8 (A), 47 SATC 229 254. In Nieu-Seeland word uiteenlopende standpunte gehuldig. Die howe het eendersyds beslis dat dit essensieel is dat daar ten minste die bedoeling is om 'n geldelike wins uit die betrokke aktiwiteite te maak voor die onderneming as 'n besigheid geklassifiseer kan word. Sien *CIR v Watson* [1960] NZLR 259 262. Andersyds is bevind dat die gewone gebruik van die begrip "business" nie noodwendig vereis dat die doel om wins te maak teenwoordig moet wees nie. Die bestaan van 'n bedoeling om wins te maak kan egter as 'n wesenslike faktor beskou word om te bepaal of 'n spesifieke onderneming inderdaad 'n besigheid daarstel. Sien *G v CIR* (1961) NZLR 994 998.

^{256.} Sien *Stephan v CIR* 1919 WLD 1, 32 SATC 54 61-62 waar r Mason daarop wys dat om 'n besigheid daar te stel moet 'n transaksie aangegaan word met die direkte en primêre doelwit ("object") om 'n wins te maak. Hy maak die volgende opm op 61: "It may be somewhat wide, but it supplies the criterion, namely, whether the transaction was undertaken with the direct and primary object of making a profit and not with a mere hope of making an ultimate profit incidentally in carrying out another purpose." Daar word aan die hand gedoen dat daar 'n ooreenkoms is tussen dié maatstaf en die nouer formulering van die "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagsskema"-riglyn in *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271. Op 280 sê ar Smalberger dat die riglyn "operation of business in carrying out a scheme of profit-making" inderdaad beteken ontvangste wat nie toevallig is nie, maar wat "designedly sought for and worked for" is. Daar word verder in oorweging gegee dat die frase "designedly sought for" dui op 'n resultaat wat doelbewus nagestreef word agv die direkte of primêre doel wat die belastingpligtige wil bereik. Ar Smalberger bevestig dié uitgangspunt op 280. Vlgshom kom die toepassing van voorgenoemde riglyn neer

doel in dié konteks kan betrekking hê op die doel om 'n kapitaalbate tot beste voordeel te realiseer.

Die doel om wins te maak, is nie 'n "nuwe" element wat in die *Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust*-saak by die besigheid-riglyn gevoeg is nie. In die oorspronklike formulering van dié riglyn in *Californian Copper Syndicate v Harris*²⁵⁷ is ook na die vereiste verwys.²⁵⁸ Die winsmaak-doel is duidelik 'n afsonderlike vereiste waaraan voldoen moet word vir die suksesvolle toepassing van die besigheid-riglyn.²⁵⁹

In Australië is die uitgangspunt bevestig dat die onmiddellike doel om in 'n bepaalde belastingjaar 'n wins te maak nie 'n essensiële eienskap van die bedryf van 'n besigheid is nie. 'n Persoon kan 'n besigheid bedryf niesteenstaande die feit dat sy wins klein is of dat hy 'n verlies maak.²⁶⁰ Daar is verder aangedui dat die vereiste dat die transaksie aangegaan moet wees met die doel om wins te maak, nie bloot moet voortspruit uit die globale of algemene doel waarmee 'n besigheid bedryf word nie. So 'n wye formulering van die winsmaak-doel stel die vereiste te wyd en sal aanleiding gee tot die eliminering van die onderskeid tussen winste van 'n inkomste- en kapitale aard. Die verkoop van 'n kapitaalbate sal in sodanige omstandighede tot 'n wins van 'n inkomste-aard aanleiding gee.²⁶¹ Die belastingpligtige se

op "a consideration of the objectives of the taxpayer (the Trust) and what its purpose, or if there was more than one, what its dominant purpose was". Hierdie formulering van die riglyn kan teruggevoer word na die beslissing in *Californian Copper Syndicate v Harris* (1904) 5 TC 159. Hr Innes in *COT v Booyens Estates Ltd* 1918 AD 576, 32 SATC 10 beslis op 26 dat die hof in voorgemelde beslissing die vlg aangedui het: "The Court came to the conclusion that the turning of investment into account was not merely incidental, but was, ... the essential feature of the business, speculation being among the appointed means of the company's gains. ... [T]he company had been formed, not to work the fields themselves, 'but solely with a view and purpose of reselling the same at a profit'."

^{257.} *Californian Copper Syndicate v Harris* (1904) 41 SLR, 5 TC 159.

^{258.} Daar word in oorweging gegee dat die vereiste dat die besigheid met 'n winsmaak-doel bedryf moet wees ook in die ontstaansbron van die besigheid-riglyn voorkom. In *Californian Copper Syndicate v Harris* (1904) 41 SLR, 5 TC 159 166 maak die *lord justice clerk* die vlg opm wat die standpunt bevestig: "The simplest case is that of a person or association of the persons buying and selling lands or securities speculatively, in order to make gain, dealing in such investments as a business, and thereby seeking to make profits." Die frases "in order to make gain" en "seeking to make profits" dui daarop dat die belastingpligtige ten doel moes gehad het om in die bedryf van die besigheid 'n wins te maak.

^{259.} Hierdie uitgangspunt is in *CSAR v Volkswagen of South Africa (Pty) Ltd* 63 SATC 109 deur WHR Hefer bevestig. Sien par 6 waar hy sê: "It is beyond dispute that the purpose of the lease scheme is not to derive a profit. The undisputed evidence is that it is intended entirely as a benefit to the respondent's employees which in effect forms part of the latter's remuneration packages."

^{260.} Sien *Ferguson v FCT* (1979) 37 FLR 310 314.

^{261.} In *Westfield Ltd v FCT* (1990) 21 ATR 1398 gee *judge Hill* die vlg in oorweging op 1406: "It does not, however, follow ... that every profit made by a taxpayer in the course of his business activity will be of an income nature. To so express the proposition is to express it too widely, and to eliminate the distinction between an income and a capital profit."

doel met die spesifieke transaksie moet oorweeg word.²⁶² Daar is ook regspraak wat as vereiste stel dat daar nie bloot 'n teoretiese moontlikheid moet bestaan om 'n wins te maak nie. Indien daar sekerheid bestaan dat die belastingpligtige 'n verlies uit 'n bepaalde transaksie sou gemaak het, sal 'n doel om wins te maak op bloot selfmisleiding gebaseer wees.²⁶³ Hierdie benadering word ook in Suid-Afrika bevestig waar die appélhof aangedui het dat winsmaking die uiteindelijke doel van enige besigheidsonderneming is. Om die rede moet die doel met die spesifieke vervreemding van die betrokke bates oorweeg word. Indien dit nie gedoen word nie, sal daar nie 'n onderskeid tussen winste met die realisering van vaste kapitaalbate en voorraad getref kan word nie.²⁶⁴ Die standpunt is ook in Suid-Afrika ingeneem dat die feit dat die belastingpligtige die moontlikheid voorsien om 'n wins te maak en hom daarmee vereenselwig, is nie bepalend om die aard van 'n ontvangste vas te stel nie.²⁶⁵

Daar word aan die hand gedoen dat die besigheid-riglyn twee essensiële eienskappe het:

- i) die belastingpligtige moet 'n besigheid bedryf; en
- ii) hy moet ten doel hê om 'n wins te maak, dit wil sê die besigheid as deel van 'n winsbejag-onderneming of –skema bedryf.²⁶⁶

^{262.} Sien *FCT v Spedley Securities Ltd* (1988) 19 ATR 938 942; *Rotherwood Pty Ltd v FCT* (1994) 29 ATR 120 143.

^{263.} In *Brajkovich v FCT* (1988) 20 ATR 1570 maak *judge* Pincus op 1577 die vlg stelling: "On the evidence, the proprietor of the game took a substantial profit each night, so that there was a probability that on any single night most of the players would lose; there must have been close to a certainty that a person playing as many times as the appellant did would lose in the end. In those circumstances, the profit motive which is characteristic of a business was present only in a *theoretical way*; any such motive must have been based on *mere self-delusion*." (Kursivering bygevoeg.)

^{264.} Sien *CSAR v Volkswagen of South Africa (Pty) Ltd* 63 SATC 109 waar WHR Hefer in par 5 die vlg sê: "The object of the acquisition and disposal of the assets is plainly relevant both in regard to the respondent's entire business and in regard to the schemes in terms of which it occurred. Indeed, bearing in mind that profit-making is obviously the ultimate aim of any business venture, it would be impossible to separate capital assets from trading stock if only the overall purpose of the entire enterprise were to count."

^{265.} Sien *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271 281 waar ar Smalberger die vlg opm maak: "Contemplation is not to be confused with intention in the above sense. In a tax case one is not concerned with what possibilities, apart from his actual purpose, the taxpayer foresaw and with which he reconciled himself. "

^{266.} In *CIR v Stott* 1928 AD 252, 3 SATC 253 beklemtoon ar Wessels die winsmaak-vereiste van die besigheid-riglyn. Hy is van mening dat 'n transaksie wat op sigwaarde 'n gewone belegging van surplusfondse is, in 'n besigheid vir winsbejag omskep sal word indien daar sekere omstandighede bestaan. Daar moet spesiale handelinge wees wat volgens die gewone ervaring en ondervinding van mense daarop dui dat die belastingpligtige 'n skema van winsbejag bedink het én dit sy besigheid gemaak het om die skema uit te voer. Hy sê op 262: "As had been pointed out in the *Booyser's Estates* case, there was no definite test which could always be applied in order to determine whether a gain or profit was income or capital, but in order to convert what was on the face of it an ordinary investment of surplus funds into a *profit-making business* there must be proof of some special acts which in the ordinary experience of men showed that *the taxpayer had*

Die volgende faktore behoort by die toepassing van die winsmaak-vereiste in ag geneem te word:

- i) Die blote hoop om toevallig 'n uiteindelige wins te maak in die uitvoering van 'n ander doel is nie voldoende nie.
- ii) Die doel om wins te maak moet nie bloot voortspruit uit die globale of algemene doel waarmee 'n besigheid bedryf word nie. Die doel met die spesifieke vervreemding van die betrokke bates moet oorweeg word.
- iii) Die feit dat die belastingpligtige die moontlikheid voorsien om 'n wins te maak en hom daarmee vereenselwig, is nie bepalend nie. Dit dui nie noodwendig daarop dat die belastingpligtige die betrokke transaksie aangegaan het met die doel om wins te maak nie.

6 “BESIGHEIDSBEDRYGWIGHEID IN UITVOERING VAN WINSBEJAGSKEMA”-RIGLYN

6.1 Inleiding

Die volgende riglyn wat ook aangewend word om die inkomste- of kapitale aard van die wins van 'n bate by realisering te bepaal, is: Die wins sal van 'n inkomste-aard wees indien dit gemaak is by wyse van 'n besigheidsbedrywigheid²⁶⁷ in die uitvoering van 'n skema van winsbejag. Hierdie riglyn is in verskeie appèlhofbeslissings in Suid-Afrika bevestig.²⁶⁸

conceived some scheme for profit-making and had made it his business to carry it out. (Kursivering bygevoeg.) Hierdie uitspraak is ondersteun in *Crowe v CIR* 1930 AD 122, 4 SATC 133 139 waar ar Stratford die riglyn as volg formuleer: "The profits of that transaction (not the proceeds from the re-sale) would only be regarded as income for the purpose of the income tax law if the transaction was carried out in the ordinary course of appellant's business with a view to profit-making." Sien ook *CIR v Lydenburg Platinum Ltd* 1929 AD 137, 4 SATC 8 16; *COT, SR v Levy* 1952 2 SA 413 (A), 18 SATC 127 134; *COT v Glass* 1962 1 SA 872 (FC), 24 SATC 499 511; *Natal Estates Ltd v SIR* 1975 4 SA 177 (A), 37 SATC 193 217; *Berea West Estates (Pty) Ltd v SIR* 1976 2 SA 416 (A), 38 SATC 43 62; *John Bell & Co (Pty) Ltd v SIR* 1976 4 SA 415 (A), 38 SATC 87 102.

²⁶⁷. Die frase "operation of business" word in Afrikaans met "besigheidsbedrywigheid" vertaal - sien Hiemstra en Gonin *Regswoordeboek*. Sien ook Derksen *Benadering* 151 vn 69.

²⁶⁸. Hierdie riglyn het ook sy oorsprong in *Californian Copper Syndicate v Harris* (1904) 41 SLR, 5 TC 159. Die *lord justice clerk* gee die vlg uiteensetting op 166: "[T]he question to be determined being - is the sum of gain that has been made a mere enhancement of value by realizing a security, or is it a gain made by an operation of business in carrying out a scheme for profit making?" Sien die ontwikkeling van hierdie riglyn en die hofbeslissings waarna ar Holmes in *Natal Estates Ltd v SIR* 1975 4 SA 177 (A), 37 SATC 193 216-218 verwys. In *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271 279 maak ar Smalberger die vlg stelling: "The appropriate test in a matter such as the present is a well-established one. The receipts accruing to the Trust will be revenue if they constitute 'a gain made by an operation of business in carrying out a scheme for profit-making' ... The corollary is that they will be non-revenue if they do not derive from 'an operation of business in carrying out a scheme for profit-making'." Daar word aan die hand gedoen dat die toepaslike toets in voorgemelde beslissing nie die "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn was nie, maar die besigheid-riglyn. Hierdie stelling is gebaseer op die onderskeid wat ar Smalberger self maak tussen die die bedryf van 'n besigheid en 'n geïsoleerde transaksie.

belangrik om te bepaal of die “besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema”-riglyn wat in meer onlangse uitsprake deur die hof toegepas word wesentlik verskil van die riglyn wat oorspronklik deur die hof geformuleer is. Dit is veral belangrik omdat die oorspronklike bron wat vir die formulering van die “besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema”-riglyn gebruik is ook in die later uitsprake deur die hof as gesag vir die regsgeldigheid van dié riglyn aangehaal word.²⁷² Daar word aan die hand gedoen dat vir die konsekwente toepassing van dié riglyn dit noodsaaklik is dat daar volkome sekerheid oor die presiese aard en omvang daarvan bestaan. Dit is veral die volgende aspekte wat tot onsekerheid aanleiding kan gee:

- i) Is dit 'n vereiste vir die toepassing van dié riglyn dat 'n besigheid bedryf word?
- ii) Is dit 'n vereiste dat 'n besigheid as deel van 'n skema van winsbejag bedryf moet word?
- iii) Is daar 'n onderskeid tussen die uitvoering van 'n besigheidsbedrywigheid in die loop van 'n skema van winsbejag en die bedryf van 'n besigheid?²⁷³
- iv) Is die uitvoering van 'n besigheidsbedrywigheid 'n noodsaaklike vereiste vir die toepassing van die riglyn of is die bedryf van 'n winsbejagskema voldoende?
- v) In welke mate speel die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige 'n deurslaggewende rol in die toepassing van die riglyn?

Die onderskeie elemente van die riglyn sal verder ondersoek word met die doel om relevante maatstawwe te identifiseer wat die riglyn en die toepassingsveld daarvan duideliker kan afbaken.

6.2 Transaksie in bedryf van besigheid

Daar is verskeie hofbeslissings waar die frase “besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n skema van winsbejag” nie as 'n afsonderlike riglyn onderskei en toegepas is nie. Die gebruik van dié frase gee in hierdie hofbeslissings nie 'n aanduiding van 'n riglyn wat verskil van die besigheid-riglyn nie. Die begrip “besigheidsbedrywigheid” word bloot gebruik om 'n

²⁷². In die hof *a quo* in *COT v Booyens Estates Ltd* 1918 AD 576, 32 SATC 10 14 verwys r.p. De Villiers goedkeurend na die vlg riglyn in *Californian Copper Syndicate v Harris* (1904) 5 TC 159 166: “[T]he question to be determined being, is the sum of gain that has been made a mere enhancement of value by realizing a security, or is it a gain made by an operation of business in carrying out a scheme for profit making?” Sien ook *Overseas Trust Corporation Ltd v CIR* 1926 AD 444, 2 SATC 71 75. Dit is dieselfde riglyn en gesag waarna ar Smalberger in *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271 279 verwys.

²⁷³. In *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271 279-280 verwys ar Smalberger na dié onderskeid. Hy sê: “... to the extent that a distinction is drawn between the carrying on of

Alhoewel die "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn in 'n groot hoeveelheid uitsprake deur die hof toegepas is, wil dit tog voorkom of daar nie volkome sekerheid oor alle aspekte van dié riglyn bestaan nie. Hierdie onsekerheid kan bestaan omdat dié riglyn so welbekend is dat die werklike en presiese betekenis van bogemelde frase nie altyd by die toepassing daarvan oorweeg word nie.²⁶⁹ Daar word ook in die regspraak daarop gewys dat 'n riglyn as sodanig duidelik mag wees, maar dat die toepassing daarvan op die betrokke feitestel nie maklik is nie.²⁷⁰ Hierdie stelling is ook juis vir die "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn. Dié riglyn is mettertyd in die regspraak ontwikkel en het verfynings ondergaan.²⁷¹ Dit is derhalwe

Hy sê op 279-280: "[A] distinction is drawn between the carrying on of a business and the pursuance of profit-making scheme. The basis for such distinction is that it is more appropriate to refer to a profit-making scheme where a single transaction is involved. I accept that a series of transactions is characteristic of the carrying on of a business." Die trust was betrokke by meer as een transaksie. Die ar oorweeg ook inderdaad op 280 of die trust 'n besigheid bedryf.

^{269.} Broomberg 1972 SALJ 449 gee ook in oorweging dat daar probleme bestaan met die presiese betekenis van dié riglyn. Hy sê: "In the latter event the profit, intentionally sought for, is made by an operation of business carried out in a scheme of profit-making. These are paraphrases of the subjective tests for taxability; test universally accepted, but, perhaps, so familiar that they have ceased to bear any real or at least precise meaning. In any event there seem to be a number of unresolved problems relating to these formulae." In *CIR v Richmond Estates (Pty) Ltd* 1956 1 SA 602 (A), 20 SATC 355 365 wys ar Schreiner op die feit dat die riglyn op verskeie wyses geformuleer is. Hy sê: "The test has been variously expressed but it is enough to say that the profits of a company's business activities are generally speaking part of its income."

^{270.} In *COT v Booyens Estates Ltd* 1918 AD 576, 32 SATC 10 26 maak hr Innes die vlg stelling: "The rule is plain enough; the difficulty lies in the application of it." Sien ook *Realization Co v COT*, SR 1951 1 SA 177 (SR), 17 SATC 139 150 waar die hof in oorweging gee: "This principle has many times been approved both by the Appellate Division and the Privy Council, but while the principle may be clear, the difficulty of applying it to the facts has been demonstrated in many cases." In *Natal Estates Ltd v SIR* 1975 4 SA 177 (A), 37 SATC 193 218 sê ar Holmes: "As to that, courts have often indicated that, while a principle may be stated, its application is fraught with difficulty ..." In *John Bell & Co (Pty) Ltd v SIR* 1976 4 SA 415 (A), 38 SATC 87 103 bevestig ar Wessels weer eens die probleem: "Notwithstanding the passage of time and the development of the law in our decided cases, the position remains substantially the same: the rule is still plain, and the difficulty of applying it to the particular facts of a given case still remains." Sien ook *CIR v Goodrick* 1942 OPD 1, 12 SATC 279 284; *Tati Co Ltd v Collector of Income Tax, Botswana* 37 SATC 68 75, 1974 (BCA). In Australië word dieselfde standpunt gehuldig. In *McClelland v Commissioner of Taxation of the Commonwealth of Australia* [1971] 1 All ER 969 wys lord Donovan ook op die probleme wat met die toepassing van die aanvaarde toetse ondervind word. Barkoczy 1997 NZJTL 77 maak die vlg opm tov die riglyn wat in die *Californian Copper Syndicate*-beslissing geformuleer is: "While this principle is *prima facie* a simple one, the cases indicate that it is often very difficult to determine into which camp a relevant gain falls."

^{271.} In *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271 279 sê ar Smalberger: "The phrase [a gain made by an operation of business in carrying out a scheme for profit-making] from the *Californian Copper Syndicate* case has undergone some measure of refinement in the cases ..." In *Natal Estates Ltd v SIR* 1975 4 SA 177 (A), 37 SATC 193 216 verwys ar Holmes na die winsbejag-riglyn en sê: "The foregoing principle has been followed and developed in this court over the years." Sien ook *John Bell & Co (Pty) Ltd v SIR* 1976 4 SA 415 (A), 38 SATC 87 103. Brincker 1993 *De Rebus* 616 verwys ook na die verfyning van die "scheme of profit-making"-toets in *Elandsheuwel Farming (Edms) Bpk v SBI* 1987 1 SA 101 (A), 39 SATC 161.

transaksie aan te dui wat deel uitmaak van die besigheid wat die maatskappy bedryf in die loop van 'n winsbejag-skema. Dit is ook die oorwegende rede waarom die bedrag wat ontvang is, belasbaar is.²⁷⁴ Daar word aan die hand gedoen dat dit in dié hofbeslissings primêr gaan oor die bedryf van 'n besigheid. Dit is in hierdie konteks dat die howe na 'n besigheidsbedrywigheid verwys, synde 'n transaksie wat in die bedryf van 'n besigheid aangegaan is.²⁷⁵

6.3 Selfstandige riglyn

Daar is egter regspraak waarin die "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejag-skema"-riglyn as 'n afsonderlike riglyn erken en toegepas is. Daar word 'n duidelike onderskeid getref tussen

- i) die bedryf van 'n besigheid; en
- ii) 'n wins wat by wyse van 'n besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n skema van winsbejag gemaak is.²⁷⁶

In hierdie konteks is dit belangrik om die onderskeid tussen die besigheid van 'n maatskappy en 'n besigheidstransaksie van 'n maatskappy te beklemtoon. 'n Maatskappy wend nie slegs

a business and the pursuance of a profit-making scheme".

^{274.} Sien *Overseas Trust Corporation Ltd v CIR* 1926 AD 444, 2 SATC 71. Hr Innes beskou die betrokke aandeeltransaksie bloot as 'n besigheidsbedrywigheid of transaksie wat in die bedryf van die besigheid van die belangpligtige aangegaan is. Hierdie transaksie was deel van die besigheid van die maatskappy. Hy sê op 75: "The position to be considered was that an investment company whose business it was to buy and sell shares acquired certain shares on terms which entitled it to receive a definite sum of money over and above the purchase price without going through any process of realisation." En op 76: "There was no difference between the realisation of an asset and the fructification of an asset, if the benefits received amounted to a gain made by an operation of business in carrying out a scheme of profit making. And this transaction came within that description. *The acquisition of the shares in question was part of the business which the company had been formed to undertake ...*" (Kursivering bygevoeg.)

^{275.} In *CIR v Stott* 1928 AD 252, 3 SATC 253 wys ar Wessels daarop dat die wins verkry moet wees by wyse van 'n besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n skema van winsbejag. Hy verklaar op 259: "It was not sufficient that the cutting up of the land and its sale in lots should in its result prove to be a profit-making matter so as to stamp the proceeds as gross income. The gain must be acquired by an operation of business in carrying out a scheme for profit-making." Hy verwys gedurende sy uitspraak afwisselend na die bedryf van 'n besigheid as 'n grondspekulant, of die betrokkenheid by 'n skema van winsbejag en behandel dit klaarblyklik as sinonieme. Die relevante vraag vir ar Wessels blyk te wees of die belangpligtige 'n winsbejag-skema bedink het en dit sy besigheid gemaak het om dit uit te voer. Hy maak op 262 die vlg opm: "[T]here must be proof of some special acts which in the ordinary experience of men showed that the taxpayer had conceived some scheme for profit-making and had made it his business to carry it out." Daar word aan die hand gedoen dat dit vir ar Wessels primêr gaan oor die bedryf van 'n besigheid. Dit is in hierdie konteks dat hy na 'n besigheidsbedrywigheid verwys, synde 'n besigheidstransaksie wat in die bedryf van 'n besigheid aangegaan is.

^{276.} Sien *Liquidator Rhodesia Metals Ltd v COT, SR* 1938 AD 282, 9 SATC 363 367. Daar word oorweging geskenk aan die oorsprong en toepassing van laasgenoemde uitdrukking in ons regspraak.

6.4 Besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema

6.4.1 Inleiding

Die frase "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema" verwys na twee begrippe, naamlik:

- i) 'n besigheidsbedrywigheid; en
- ii) 'n winsbejagskema.

Daar word aan die hand gedoen dat albei elemente teenwoordig moet wees by die toepassing van dié riglyn. Dit wil sê, die handeling moet eerstens kwalifiseer as 'n besigheidsbedrywigheid en verder moet dié bedrywigheid in die loop van 'n winsbejagskema aangegaan wees.²⁸¹ 'n Suiwer toepassing van dié riglyn hou nie slegs verband met die uitvoering van 'n skema van winsbejag nie.²⁸²

Dit sou oorbodig wees om uitdruklik na 'n winsbejagskema te verwys indien die verrigting van 'n besigheidsbedrywigheid by implikasie op die uitvoering van sodanige skema neerkom. Die twee elemente is derhalwe selfstandige komponente van die betrokke riglyn. Dié riglyn is ook deur die howe toegepas op 'n wyse wat daarop dui dat aan albei elemente van die riglyn uitvoering gegee moet word.²⁸³

Om die betekenis van bogemelde frase te bepaal, is dit belangrik om vas te stel wat die betekenis van die twee elemente van die riglyn is. In sommige hofbeslissings word die besigheidsbedrywigheid-vereiste wat in die frase "operation of business in carrying out a scheme of profit-making" voorkom nie uitdruklik beklemtoon nie. Daar word bloot na 'n winsbejagskema verwys.²⁸⁴ Daar word aan die hand gedoen dat hierdie versuim nie

^{281.} In *ITC 640* (1947) 15 SATC 229 231-232 verwys die hof na die toepassing van "an operation of business in carrying out a scheme of profit-making"-riglyn en sê die vlg oor die toepassing van dié riglyn: "Dealing with the test as laid down above it cannot be questioned that the negotiations, investigations and correspondence which led to the acquisition and sale of the option was a business transaction or an operation of business whatever its precise objective may have been. The substantial question for consideration therefore is - was the ensuing profit made in carrying out a scheme of profit-making?"

^{282.} Dit blyk duidelik uit die formulering van die winsbejag-riglyn in *Californian Copper Syndicate v Harris* 5 TC 159 166 waar die hof verwys na "a gain made in an operation of business in carrying out a scheme for profit-making".

^{283.} *Sien Overseas Trust Corporation Ltd v CIR* 1926 AD 444, 2 SATC 71 waar hr Innes op 76 eers oorweeg of die transaksie 'n besigheidsbedrywigheid was en tweedens of dit op winsbejag gerig was. In *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271 ondersteun ar Smalberger op 280 281 hierdie benadering by die toepassing van die besigheid-riglyn. Hy oorweeg eerstens of 'n besigheid bedryf is, en tweedens of die besigheid in die loop van 'n skema van winsbejag uitgevoer is. Daar word aan die hand gedoen dat dieselfde benadering by die toepassing van die "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn gevolg behoort te word.

^{284.} *Sien Natal Estates Ltd v SIR* 1975 4 SA 177 (A), 37 SATC 193 220 223; *Elandsheuwel Farming (Edms) Bpk*

sy kapitaal aan om wins te verdien deur 'n besigheid te bedryf nie. 'n Maatskappy kan ook sy kapitaal produktief aanwend om wins te maak deur dit in die een of ander onderneming te belê.²⁷⁷ In laasgenoemde geval sal dit tegnies meer korrek wees om die relevante riglyn as volg te formuleer: Is die wins gemaak by wyse van 'n besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n skema van winsbejag.²⁷⁸ Alhoewel daar in die voorgestelde formulering ook sprake van 'n besigheid is, gaan dit nie oor die bedryf van 'n besigheid nie. Wat van belang is, is die besigheidstransaksies of een besigheidstransaksie (-bedrywigheid) van 'n handelsmaatskappy.²⁷⁹ Die onderskeid tussen die bedryf van 'n besigheid en 'n besigheidsbedrywigheid wat in die uitvoering van 'n skema van winsbejag verrig is, hou verband met die vereiste dat kontinuïteit van transaksies by die bedryf van 'n besigheid vereis word. Daarteenoor kan 'n besigheidsbedrywigheid wat in die uitvoering van 'n skema van winsbejag ook ten opsigte van 'n enkele besigheidstransaksie uitgevoer word.

Die howe het ook 'n verdere omskrywing van die betekenis van die frase "operation of business in carrying out a scheme of profit-making" gegee. Dit beteken in gewone taal: Ontvangste sal van 'n inkomste-aard wees indien dit nie toevallig gemaak is nie, maar doelbewus nagestreef en voor gewerk is.²⁸⁰

^{277.} In *Liquidator Rhodesia Metals Ltd v COT*, SR 1938 AD 282 sê hr Stratford op 367: "The only point to which I would draw attention is the distinction between the business of a company and a business transaction of the company. The possible confusion is avoided by adhering to the words of the learned *chief justice* (hr Innes in *COT v Booyens Estates Ltd* 1918 AD 576, 32 SATC 10) quoted above: 'some enterprise or business which the company was formed to undertake'."

^{278.} Dit is die riglyn soos in *Overseas Trust Corporation Ltd v CIR* 1926 AD 444, 2 SATC 71 75 deur hr Innes geformuleer. Hy baseer sy standpunt op die uitspraak in *Californian Copper Syndicate v Harris* (1904) 5 TC 159. Dit was egter nie nodig vir hr Innes om dié riglyn toe te pas nie, want die aandeeltransaksie wat tot die ontvangs van die addisionele bedrag aanleiding gegee het, het in die gewone loop van die bedryf van die besigheid van die belastingpligtige plaasgevind. Hy stel dit duidelik op 76: "The acquisition of the shares in question was part of the business which the company had been formed to undertake ..."

^{279.} In *Liquidator Rhodesia Metals Ltd v COT*, SR 1938 AD 282 maak hr Stratford die vlg onderskeid op 367: "Therefore, in accordance with our own decisions it is better to put the following test question: 'was the profit a gain made by an operation of business in carrying out a scheme for profit making?' ... Now though the word 'business' is used here, I see no objection to it, since we are concerned with the business transactions of a trading company - though, on occasions, with a single transaction only." Daar word aan die hand gedoen dat die hr met voorgemelde stelling in oorweging gee dat "an operation of business" 'n besigheidstransaksie beteken.

^{280.} In *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271 beslis ar Smalberger op 280: "In this respect I agree with what is said in Meyerowitz and Spiro on *Income Tax*: para 299 that '[t]he rather clumsy phrase: 'Operation of business in carrying out a scheme of profit-making' in plain language really means that receipts or accruals bear the imprint of revenue if they are not fortuitous, but designedly sought for and worked for."

doelbewus is nie. Die howe verwys bloot kortweg na 'n winsbejagskema om die riglyn aan te dui dat 'n wins wat by die wyse van 'n besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n skema van winsbejag verkry is van 'n inkomste-aard en belasbaar sal wees.²⁸⁵

6.4.2 Besigheidsbedrywigheid

Die begrip "besigheidsbedrywigheid" word in die regspraak gebruik om 'n besigheidstransaksie aan te dui.²⁸⁶ Daar word aan die hand gedoen dat die begrip

v *SBI* 1978 1 SA 101 (A), 39 SATC 163 180.

^{285.} In *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271 283 maak ar Smalberger op 279-280 die vlg opm: "... to the extent that a distinction is drawn between the carrying on of a business and the pursuance of a profit-making scheme." Daar word in oorweging gegee dat waar ar Smalberger voorgemelde onderskeid tref hy met "a profit-making scheme" bedoel "an operation of business in carrying out a scheme for profit-making". Hierdie afleiding kan om die vlg redes gemaak word: (i) Dit is die relevante riglyn wat hy identifiseer. Indien dit nie die geval is nie, sal die onderskeid wat hy tref nie sin maak nie, want hy verwys net daarna na 'n besigheid wat as deel van 'n winsbejagskema of -onderneming bedryf word. Sien 280: "But irrespective of the number of transactions, whether the receipts that flow from the carrying on of a business are revenue still depends on whether the business was conducted with a profit-making purpose, ie as part of a profit-making venture or scheme." (ii) Verder skenk hy in dieselfde par ook aandag aan die betekenis van die frase "operation of business in carrying out a scheme of profit-making". Hy sê op 280: "In this respect I agree with what is said in *Meyerowitz and Spiro on Income Tax*: para 299 that '[t]he rather clumsy phrase: 'Operation of business in carrying out a scheme of profit-making' in plain language really means that receipts or accruals bear the imprint of revenue if they are not fortuitous, but designedly sought for and worked for'." (iii) Hy beskou die volledige riglyn as 'n omslagtige frase, sien die aanhaling in (ii), en kan moontlik om daardie rede 'n verkorte omskrywing van die riglyn gebruik. Sien ook *Natal Estates Ltd v SIR* 1975 4 SA 177 (A), 37 SATC 193 waar ar Holmes in dieselfde sin na die volledige riglyn sowel as die verkorte omskrywing vereis. Hy sê op 216: "Thus, in *CIR v Stott* ... Wessels JA relied on the *Californian Copper Syndicate* case (supra) by adopting at 259, in fin, the remarks of Innes CJ in an earlier case (*Overseas Trust Corporation Ltd v CIR* 1926 AD 444 {Case No 2 SA Tax Cases Page 71} at 453), namely, 'But where the profit is, in the words of an eminent Scottish judge, "a gain made by an operation of business in carrying out a scheme for profit-making", then it is revenue derived from capital productively employed, and must be income.' ... The decision [in die *Stott*-saak] (which was in the taxpayer's favour) is noteworthy in the following respects: (a) It applied the test in the *Californian Copper Syndicate* case (supra), namely whether the taxpayer sold the asset in pursuance of a business or *profit-making scheme*." (Kursivering bygevoeg.)

^{286.} Sien *CIR v Goodrick* 1942 OPD 1, 12 SATC 279 waar rp Fischer na 'n besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema verwys as 'n sekere tipe transaksie. Hy sê op 284-285: "This Court must determine whether the transactions resulting in the gain to the partnership ... consisted of a productive use of capital employed to earn the gain or merely of a realization of capital at an enhanced value. In the former case the Commissioner's determination would be correct, otherwise not. The more familiar way of describing the first of these types of transaction is an operation of business in carrying out a scheme of profit making." Sien die opm wat hr Stratford in *Liquidator Rhodesia Metals Ltd v COT*, SR 1938 AD 282, 9 SATC 363 367 maak: "The only point to which I would draw attention is the distinction between the business of a company and a business transaction of the company. ... Therefore, in accordance with our own decisions it is better to put the following test question: 'was the profit a gain made by an operation of business in carrying out a scheme for profit making?' ... Now though the word 'business' is used here, I see no objection to it, since we are concerned with the business transactions of a trading company - though, on occasions, with a single transaction only." Dit is duidelik dat hy 'n besigheidsbedrywigheid as gelykbetekenend aan 'n

"besigheidstransaksie" teenoor die bedryf van 'n besigheid gestel moet word om die begripsomvang van die woord duideliker vas te stel. In die verband is dit belangrik om 'n onderskeid te tref tussen die frase "carrying on a business" en die begrippe "business" of "trade".²⁸⁷ Die sinsnede "carrying on a business" impliseer 'n reeks transaksies, terwyl die woorde "trade" of "business" enige transaksie kan insluit wat van 'n kommersiële of besigheidsaard is.²⁸⁸ 'n Besigheidsbedrywigheid is nie noodwendig 'n transaksie wat kontinu is en in die loop van die bedryf van 'n besigheid aangegaan is nie. Dit sluit ook 'n enkele transaksie²⁸⁹ in wat nie in die loop van die bedryf van 'n besigheid aangegaan is nie, maar wat van 'n besigheids- of bedryfsaard is. 'n Transaksie van 'n besigheids- of bedryfsaard word verder as antitese gestel teenoor vermaaklikheidsaktiwiteite of gebeurtenisse wat met 'n persoon se huishoudelike of private lewe verband hou.²⁹⁰

'n Transaksie kwalifiseer nie as 'n besigheidstransaksie bloot omdat dit met die spesifieke en primêre doel aangegaan is om 'n wins te maak nie. Indien die doel om wins te maak die enigste onderskeidende eienskap van 'n besigheidstransaksie is, is die sinsnede "'n

besigheidstransaksie beskou. Sien ook *ITC 1072* (1965) 27 SATC 192 195; *ITC 640* (1947) 15 SATC 229 231-232.

^{287.} In *Stephan v CIR* 1919 WLD 1, 32 SATC 54 61 oorweeg r Mason die heffing van "excess profits duty" ingevolge a 51 van *Income Tax Act* 41 van 1917. "Excess profits duty" is gehef indien die wins uit "any trade or business, whether continuously carried on or not" verkry is. Daar word aan die hand gedoen dat die bevindings van r Mason vir die punt onder bespreking relevant is veral omdat hy die begrip "besigheid" omskryf en beklemtoon dat dié begrip nie impliseer dat transaksies kontinu moet wees nie. Die begrip "besigheid" kan ook verband hou met 'n enkele gewone besigheidstransaksie.

^{288.} Hierdie standpunt word ook in die Australiese inkomstebelastingreg gehuldig. In *FCT v Whitfords Beach Pty Ltd* (1982) 12 ATR 692 wys judge Mason op 707 op die verskillende betekenis wat die frase "operation of business" kan hê: "[A] transaction entered into by a person in the course of carrying on a business; [or] ... a transaction which is business or commercial in character."

^{289.} Sien *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271 waar ar Smalberger op 280 die standpunt van ar Corbett in *Elandsheuwel Farming (Edms) Bpk v SBI* 1978 1 SA 101 (A), 39 SATC 163 180-181 ondersteun dat daar in die geval van 'n enkele transaksie slegs oorweeg word of 'n kapitaalbate gerealiseer is, of 'n skema van winsbejag bedryf is. War Nicholas op 291 in die minderheidsuitspraak ondersoek die oorsprong van voorgemelde stelling en verwys na die beslissing in *Californian Copper Syndicate v Harris* 5 TC 159 166 waar die hof verwys na "a gain made in an operation of business in carrying out a scheme for profit-making". Die frase "operation of business" is aanduidend van 'n enkele transaksie. Daar word in oorweging gegee dat die minderheids- en meerderheidsuitspraak op dié punt nie verskil nie.

^{290.} Sien die uiteensetting wat r Mason in *Stephan v CIR* 1919 WLD 1, 32 SATC 54 op 61 gee: "There is no doubt, however, that the phrase 'carrying on business' does imply a series of transactions ... The words 'trade' or 'business' may mean some established trade or business carried on by a person, or may denote any transaction of the character of trade or business in accordance with the definition in *Smith v Anderson*, as distinguished for instance from acts of amusement or the ordinary incidents of domestic life ... But the natural meaning seems to me that 'trade' or 'business' includes any ordinary business transactions apart from the question whether there is such a series of them as to constitute the continuity of carrying on business." (Kursivering bygevoeg.) Dié uitgangspunt word ook in die Engelse reg in *Kirkwood v Gadd* 1910 AC 422 431

besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n skema van winsbejag" tautologies. Dit sal veral so wees indien die frase "in die uitvoering van 'n skema van winsbejag" inderdaad beteken 'n skema wat aangegaan is met die doel om 'n wins te maak.²⁹¹ Daar word aan die hand gedoen dat die maak van 'n wins 'n belangrike eienskap van 'n besigheidstransaksie is, maar nie noodwendig 'n onontbeerlike kenmerk nie.²⁹² Die kommersiële aard van 'n transaksie moet eerder oorweeg word om te bepaal of dit as 'n besigheidstransaksie kwalifiseer.²⁹³ Daar kan vasgestel word of 'n handeling as 'n besigheidstransaksie kwalifiseer deur gewone redelike oordeel en besigheidstandaarde toe te pas.²⁹⁴

In die konteks van die frase "operation of business in carrying out a scheme of profit-making" wil dit voorkom of die begrip "besigheidsbedrywigheid" ook op 'n ontvangste-genererende handeling betrekking het wat doelbewus nagestreef en voor gewerk is. Dit het betrekking op die doel, of indien daar meer as een doelwit is, die dominante doel wat die belastingpligtige wil bereik.²⁹⁵

en in die Australiese reg in *Selleck v FCT* (1996) 96 ATC 4903 4914 bevestig.

^{291.} Die betekenis van die frase "skema van winsbejag" word in die vlg par oorweeg.

^{292.} Daar word aan die hand gedoen dat die vlg opmerkings wat die houe gemaak het tov 'n bedryfstransaksie ook vir 'n besigheidstransaksie relevant is. In *De Beers Holdings (Pty) Ltd v CIR* 1986 1 SA 8 (A), 47 SATC 229 254 maak ar Coftett die vlg opm: "Of course, the attainment of a profit is not necessarily the hallmark of a trading transaction. A trader may for commercial reasons be compelled to resell goods at a loss. Conceivably also he may elect to resell goods at a loss in order to gain some other commercial advantage for his business." In *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271 280 maak ar Smalberger die vlg opm tov die bedryf van 'n besigheid en die doel om wins te maak: "While a profit motive is not essential for the carrying on of a business, its presence or absence is an important factor in determining whether a business is being conducted." Dit blyk ook die uitgangspunt in die Engelse inkomstebelastingreg te wees. In *Griffiths v JP Harrison (Whatford) Ltd* [1962] 1 All ER 909 huldig *lord Morris* dieselfde standpunt. Hy sê op 919: "It is doubtless true to say that in general a trader embarks on trade with the intention of making a profit: but it cannot be said that if this intention is lacking there is no carrying on of a trade. A trade may be carried on with the knowledge that losses will result. Equally, it seems to me that if on any ordinary examination of them certain transactions must be regarded as trading transactions or adventures in the nature of trade they do not cease to be such because those conducting them have embarked on them with a view to obtaining some fiscal benefit."

^{293.} Sien die aanhaling uit die *De Beers Holdings*-saak in die vorige vn.

^{294.} In *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271 279 onderskryf ar Smalberger die vlg standpunt van r Friedman in *ITC 1450* (1988) 51 SATC 70 op 76: "But when all is said and done, whatever guideline one chooses to follow, one should not be led to a result in one's classification of a receipt as income or capital which is, as I have had occasion previously to remark, contrary to *sound commercial and good sense*." (Kursivering bygevoeg.) En op 280 brei hy verder uit deur te verklaar: "I am unable to agree with Nicholas AJA that the Trust was carrying on a business by trading in shares. Whether or not it was doing so must be determined applying ordinary common sense and business standards ... The constraints placed upon the trustees in dealing with the shares are altogether foreign to trading or business in the accepted *commercial sense*." (Kursivering bygevoeg.)

^{295.} Sien *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271 280 waar ar Smalberger die vlg stelling maak: "In this respect I agree with what is said in Meyerowitz and Spiro on

6.4.3 Winsbejagskema

Die sinsnede "a scheme of profit-making" bestaan uit twee elemente, naamlik:

- i) 'n skema; en
- ii) winsmaking.

Gegronde op die gewone woordeboekbetekenis van die begrip "skema" kan dit omskryf word as 'n plan van aksie, dit wil sê 'n geformuleerde metode wat 'n persoon van voorneme is om uit te voer ten einde 'n bepaalde gevolg of resultaat te bereik.²⁹⁶ Daar word aan die hand gedoen dat in die lig van voorgemelde betekenis van die begrip "skema" die frase "scheme of profit-making" die volgende beteken: die bedoeling om by wyse van 'n geformuleerde metode 'n voorgenome handeling uit te voer om 'n bepaalde resultaat of gevolg te bereik, naamlik om wins te maak.²⁹⁷

Daar word verder aan die hand gedoen dat voorgemelde omskrywing nie as 'n noodsaaklike vereiste stel dat die beplande aksie uit 'n reeks herhalende aktiwiteite moet bestaan om as 'n skema te kwalifiseer nie.²⁹⁸ 'n Skema volgens die gewone betekenis van die woord is bloot 'n

Income Tax: para 299 that "[t]he rather clumsy phrase: 'Operation of business in carrying out a scheme of profit-making' in plain language really means that receipts or accruals bear the imprint of revenue if they are not fortuitous, but designedly sought for and worked for'. The application of this test involves a consideration of the objectives of the taxpayer (the Trust) and what its purpose, or if there was more than one, what its dominant purpose was ..."

^{296.} Die begrip "scheme" word in die *Oxford Dictionary* o m omskryf as: (i) "A plan; a program of action; (ii) plan of action devised in order to attain some end; a project, enterprise; (iii) a system of correlated things, institutions arrangements, etc". Die begrip "skema" word in die *HAT* o m omskryf as: (i) "uitgewerkte plan vir onderneming; (ii) verbinding, rangskikking, samestelling van elemente; stelsel". Die begrip "plan" word in die *Oxford Dictionary* o m omskryf as: "a formulated and esp. detailed method by which a thing is to be done; a design or scheme" of "an intention or proposed proceeding" en in die *HAT* o m as "voorneme wat 'n mens wil uitvoer". Sien ook die Australiese reg waar in *Australian Consolidated Press Ltd v Australian Newsprint Mills Holdings Ltd* (1960) 105 CLR 473 479 die vlg aanduiding van die betekenis van die woord "scheme" gegee is: "Scheme' is a vague and elastic word. Doubtless it connotes a plan or purpose which is coherent and has some unity of conception." Sien ook *XCO Pty Ltd v FCT* (1971) 124 CLR 343 349 waar die hof aandui dat die woord "scheme" bloot beteken: "plan, design or programme of action".

^{297.} Sien ook Derksen *Benadering* 152 en *Meyerowitz v CIR* 1963 3 SA 863 (A), 25 SATC 278 300 waar ar Beyers die vlg opm oor die betekenis van die begrip "scheme" maak: "The word 'scheme' is a wide term and I think that there can be little doubt that it is sufficiently wide to cover a series of transactions such as those mentioned above."

^{298.} In *CIR v Milstein* 1942 TPD 57, 11 SATC 279 293-294 bevind r Millin dat Milstein by 'n skema van winsbejag betrokke was deurdat hy 'n huurkontrak aangegaan het met die bedoeling om die regte wat hy verkry het teen 'n wins te verkoop. Hy het daardeur die regte produktief gebruik om 'n wins te verdien. Die feit dat dit 'n enkele transaksie was, het nie die hof se beslissing beïnvloed nie. In *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271 bevestig ar Smalberger op 280 dat 'n skema van winsbejag 'n enkele transaksie kan wees: "The basis for such distinction is that it is more appropriate to refer to a profit-making scheme where a single transaction is involved." In die Australiese beslissing *XCO Pty Ltd v FCT* (1971) 124 CLR 343 gee *judge* Gibbs aandag aan die betekenis van die begrip "skema" in die konteks van a

beplande handeling of aktiwiteit wat uitgevoer word om 'n bepaalde resultaat te bereik.

In die regspraak is ook erkenning verleen aan die gedagte dat die betekenis van die sinsnede "profit-making scheme", in die konteks van die koop en verkoop van 'n bate, bloot betrekking het op die verkryging van 'n bate met die doel om dit teen 'n wins te verkoop.²⁹⁹ Dit sal 'n winsbejagskema wees indien die transaksies, naamlik die koop en verkoop van die bate, voorbedagtelik en doelbewus uitgevoer is met die doel om wins te maak.³⁰⁰ Hierdie voorvereiste is ook as volg geformuleer, naamlik dat die belastingpligtige betrokke was by transaksies wat sy tyd en aandag in beslag geneem het om wins te maak. Dit wil sê, die transaksie is aangegaan met die direkte of primêre doelwit om wins te maak en nie bloot met die hoop om uiteindelik toevallig in die uitvoering van 'n ander oogmerk 'n wins te maak nie.³⁰¹ Waar 'n belastingpligtige sekere beplande handelinge uitgevoer het, byvoorbeeld om

25A van die *Income Tax Assessment Act* 1936. Hy sê op 349: "It is not necessary, to constitute a scheme ... that the action planned should involve a series or repetition of acts." Prebble 1993 *Vict U of Wellington L Rev* 69 oorweeg die betekenis van die begrip "scheme" in die konteks van die Nieu-Seelandse inkomstebelastingwet, a 67(4)(e) van die *Income Tax Act* 1976. Hy is van mening dat die onderverdeling van eiendom as sodanig 'n "scheme" daar behoort te stel. Hy sê: "After all, before subdividing, the landowner must not only himself plan where the new boundaries are to go, but he must satisfy the local authority that his proposals are permitted. How could one manage that without a 'scheme'?"

^{299.} In *Elandsheuwel Farming (Edms) Bpk v SBI* 1978 1 SA 101 (A), 39 SATC 163 gee ar Corbett op 180-181 in oorweging: "Where a single transaction is involved it is usually more appropriate to limit the enquiry to the simple alternatives of a capital realization or a profit-making scheme. In its normal and most straightforward form, the latter connotes the acquisition of an asset for the purpose of reselling it at a profit."

^{300.} In *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271 maak ar Smalberger op 281 die vlg opm oor die betekenis van die frase "skema van winsbejag": "[T]he scheme was not one of profit-making. ... the trustees never intended or designedly set out to make a profit - it was not their purpose to do so." In *Liquidator Rhodesia Metals Ltd v COT*, SR 1938 AD 282, 9 SATC 363 367 wys hr Stratford daarop dat die mpy geïnkorporeer is met die doel om mynregte aan te koop en dit teen 'n wins te verkoop. Die mpy het die winsgewende verkoop beoog en bedoel. Die verkoop in die proses van likwidasie was steeds in die loop van die skema wat by die aankoop beplan is. Hierdie faktore dui op 'n skema van winsbejag. Die verkooptransaksie is in die loop van sodanige skema uitgevoer. Sien ook *Lace Proprietary Mines Ltd v CIR* 1938 AD 267, 9 SATC 349 361 waar die herverkryging van mynregte met die doel om dit teen 'n wins te verkoop daarop dui dat 'n skema van winsbejag beoefen is. Sien verder *ITC 509* (1941) 12 SATC 239 241; *ITC 550* (1943) 13 SATC 202 203; *Marshall Industrials Ltd v CIR* 1951 3 SA 581 (A), 17 SATC 378 386.

^{301.} In *ITC 313* (1934) 8 SATC 157 het die belastingpligtige wins gemaak deur by verskeie geleenthede goud van Suid-Afrika na Brittanje oor te plaas en daar in pond sterling te omskep. Die hof beskou hierdie onderneming van die belastingpligtige as 'n skema van winsbejag. Die aktiwiteite van die belastingpligtige is beplan as deel van 'n proses waardeur wins gemaak is uit die bepaalde monetêre situasie wat bestaan het. In hierdie konteks het die hof die skema van winsbejag ook beskou as 'n beplande proses waardeur die belastingpligtige 'n wins gemaak het. Hy sê op 161: "The activities which the appellant embarked upon with his associates were clearly to our mind designed as a process whereby the appellant could take advantage of the monetary situation then prevailing, and derive profit therefrom." In *CIR v Goodrick* 1942 OPD 1, 12 SATC 279 maak rp Fischer die vlg opm oor die eienskappe van 'n skema van winsbejag op 287-228: "[I]t could not be said that the partnership was not engaged about something which occupied its time and attention for profit or ... that the transaction was not undertaken with the direct or primary object of making a

'n eiendom in erwe op te deel, 'n dorpsgebied uit te lê en die erwe te verkoop, en om 'n kommersiële voordeel daaruit te verkry, is dit as 'n skema van winsbejag beskou.³⁰² Hierdie vereiste is meer breedvoering in die regspraak omskryf as: Die dominante doel met die aankoop van 'n bate moet oorweeg word om te bepaal of die transaksies in die loop van 'n skema van winsbejag aangegaan is.³⁰³

Die hoop en verwagting om 'n aansienlike wins te maak deur 'n bepaalde geformuleerde metode aan te wend, is faktore wat in die regspraak aangewend is om op 'n skema van winsbejag te dui.³⁰⁴ Waar 'n bate verkry is onderhewig aan terme wat onvermydelik 'n wins vir die belastingpligtige verseker het, is dit as 'n faktor in ag geneem wat daarop dui dat 'n wins in die loop van 'n skema van winsbejag gemaak is. Die wins was in sodanige omstandigheid nie bloot 'n toevallige of onvoorsiene waardevermeerdering nie. Die belastingpligtige het deeglik kennis gedra van die voordele wat in die vorm van wins verkry kon word. Dit is voorsien om 'n wins te maak en daar was 'n uitdruklike bedoeling om dit te verkry.³⁰⁵

profit and not with the mere hope of making an ultimate profit incidently in carrying out another purpose ... The partnership desired to realise a profit. This they might do by exercising the option and working the proposition (with or without others) or they might sell. In the latter case the profits would be made in the carrying out of a business in a scheme of profit making."

^{302.} In *Melrose Trust Ltd v CIR* 1935 TPD 1301, 7 SATC 201 beklemtoon r Tindall die feit dat die eiendom verkry en die ontwikkeling gedoen is met die doel om 'n kommersiële voordeel daaruit te verkry. Om dié rede beskou hy die transaksie as 'n skema van winsbejag. Hy sê op 210: "The ... profits [are] made by operations of business in carrying out a scheme of profit-making, for the following reasons: (a) The appellant company was formed in order to acquire, inter alia, the Melrose Estate, and turn it to account, (b) the cutting up of a portion of the Melrose Estate into lots and stands; the expenditure incurred in laying out the portion as a township; its proclamation as a township and the sale of some 23 stands are operations of business in turning the asset to commercial account."

^{303.} In *COT, SR v Levy* 1952 2 SA 314 (A), 18 SATC 127 maak ar Stratford op 135 die vlg opm: "The passages which I have quoted certainly appear to lend some support to the argument advanced on behalf of the Commissioner. It must be noted, however, that in the *Lydenburg Platinum* case Stratford, J.A., referred to the fact that mining must have been a deferred method of exploitation, which suggests that the dominant purpose at the time of acquisition was probably to make a profit by resale."

^{304.} In *CIR v Lydenburg Platinum Ltd* 1929 AD 137, 4 SATC 8 18 wys ar Stratford op die vlg faktore wat 'n aanduiding van 'n skema van winsbejag gee. Hy sê: "In any event the policy decided upon of stopping mining work and devoting the remaining cash resources to the acquisition of more mineral-bearing properties, was unquestionably dictated by the hope and expectation of making substantial gains by buying cheaply 'expeditiously and secretly' properties which, from their own private information, the Board had reason to believe were very valuable. Whether at the date of purchase the Board had definitely formed the intention to secure those profits by resale, or by mining, was not necessary to say, for the facts of the case convinced his Lordship that a profitable resale or resales were certainly in their contemplation."

^{305.} Daar word aan die hand gedoen dat die vlg bevinding van hr Innes in *Overseas Trust Corporation Ltd v CIR* 1926 AD 444, 2 SATC 71 76 hierdie gevolgtrekking onderskryf: "The acquisition of the shares in question was part of the business which the company had been formed to undertake; they had been acquired on terms which inevitably secured to the company a profit not only large but definite in amount. That was no

Daar word aan die hand gedoen dat die feite wat die belastingpligtige voorsien het en waarmee hy hom vereenselwig het, is nie bepalend om die aard van 'n ontvangste vas te stel nie.³⁰⁶ Dit is belangrik om nie die hoop en verwagtings van die belastingpligtige te oorbeklemtoon nie, veral waar dit bloot toevallig tot die hoofdoel is. Dit is belangrik om die werklike doelwit met die transaksies in oorweging te beoordeel. Die essensiële aard van die onderneming kan nie gewysig word deur oorwegings wat in geheel ondergeskik is aan die hoofdoel met die betrokke transaksie nie.³⁰⁷

Die feit dat die verkryging van die bates gedwonge was, beïnvloed nie die feit dat dit in die loop van 'n skema van winsbejag verkoop kon gewees het nie. Die bates kon nog steeds gehou gewees het met die doel om dit teen 'n wins te verkoop.³⁰⁸

Die sinsnede "skema van winsbejag" is ook in die regspraak gebruik as gelykbetekenend aan die bedryf van 'n besigheid deur eiendom te koop en te verkoop.³⁰⁹ In sekere omstandighede is die uitvoering van 'n skema van winsbejag nou gekoppel aan die beoefening van 'n besigheid of bedryf.³¹⁰ Die feit dat 'n bepaalde transaksie wat tot wins

fortuitous and unforeseen enhancement. It followed from facts which were within the knowledge of the contracting parties, and the resulting benefits must have been within their contemplation and intention. The profits of such transaction were not of the nature of capital."

^{306.} Sien *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271 281 waar ar Smalberger die vlg opm maak: "Contemplation is not to be confused with intention in the above sense. In a tax case one is not concerned with what possibilities, apart from his actual purpose, the taxpayer foresaw and with which he reconciled himself. One is solely concerned with his object, his aim, his actual purpose." Sien hfst 10 par 5.10 waar 'n onderskeid getref word tussen die doel en verwagting van 'n belastingpligtige.

^{307.} In *Realization Co v COT*, SR 1951 1 SA 177 (SR), 17 SATC 139 maak r Beadle die vgl opm op 157: "In considering whether a project is a scheme of profit-making it is important not to over-emphasize hopes or expectations which are purely incidental to the main purpose. The matter must be decided on a broader basis and, if it is clear that the real object is the recovery of capital, the essential nature of the undertaking cannot be altered by considerations which are entirely subordinate to such main purpose."

^{308.} Sien *Lace Proprietary Mines Ltd v CIR* 1938 AD 267, 9 SATC 349 361.

^{309.} In *ITC 158* (1930) 5 SATC 70 71 maak r Grindley-Ferris die vlg stelling: "It would appear that one of the primary objects of the company was the selling or leasing of stands owned by it. The profit-making scheme of the company thus was to deal with its land either by way of sale or by way of lease." In *ITC 712* (1950) 17 SATC 335 is die weddenskapaktiwiteit van die belastingpligtige as 'n skema van winsbejag beskou. Dit is duidelik dat die sinsnede "skema van winsbejag" as 'n sinoniem gebruik is vir handelinge wat die beoefening van 'n besigheid of 'n bedryf daargestel het. Die hof maak die vlg opm op 337: "they were all the product of activities which in the view of the Court had developed into and had become a scheme of profit-making. In my view that scheme fell within the definition of trade ..." In *Yates Investments (Pty) Ltd v CIR* 1956 1 SA 612 (A), 20 SATC 368 wys hr Centlivres op 374 na die onderskeid wat tussen 'n individu en mpy gemaak moet word om te bepaal of 'n skema van winsbejag beoefen word. Volgens hom kan 'n mpy 'n enkele transaksie aangaan as 'n skema van winsbejag terwyl dit nie die geval by 'n individu is nie. As gesag verwys hy na die feit dat kontinuïteit 'n noodsaaklike element is om te bepaal of 'n individu 'n besigheid bedryf. Dit is nie die geval by 'n mpy nie.

^{310.} In *ITC 448* (1938) 11 SATC 95 het die skema van winsbejag waarby die belastingpligtige, 'n mpy, betrokke

aanleiding gegee het nie in die gewone bedryf van die besigheid van die belastingpligtige uitgevoer is nie, is ook deur die hof as 'n faktor in ag geneem om tot die gevolgtrekking te kom dat 'n skema van winsbejag nie bedryf is nie.³¹¹

Daar word aan die hand gedoen dat die bedryf van 'n besigheid onderskei moet word van 'n skema van winsbejag. Die "skema van winsbejag"-element is 'n komponent van beide die besigheid-riglyn en die "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn.³¹² Die bedryf van 'n besigheid of die aangaan van 'n besigheidsbedrywigheid is nie sinonieme van 'n skema van winsbejag nie. Die blote feit dat 'n maatskappy opgerig is om sekere aktiwiteite te verrig in die loop van die besigheid wat die maatskappy bedryf, impliseer nie noodwendig dat hierdie aktiwiteite in die loop van 'n skema van winsbejag uitgevoer is nie. Daar is in die regspraak 'n duidelike onderskeid getref tussen die bedryf van 'n besigheid

was, 'n onderneming behels dat aandele in 'n poel geplaas is met die doel om die aandele tot die beste voordeel in die mark te verkoop. Hierdie aandele is as handelsvoorraad van die poel beskou. Hierdie realisering het deel uitgemaak van 'n bedryf of besigheid wat aangegaan is met die doel om aandele teen 'n wins te verkoop. Die mpy het ook die risiko geloop om aansienlike verliese te ly. Hierdie faktore het daartoe bygedra dat die hof bevind het dat 'n skema van winsbejag bedryf is. Dr Nathan, die president van die spesiale hof, sê op 59: "In this case we think that the realisation was in fact embedded in some trade or business, namely, the placing by the appellant company and the financial company of shares in an organisation for the purpose of selling the shares to the best advantage on the market. The stock-in-trade, as it were, contributed to this organisation by each party consisted of the shares put into the venture, and the business thus formed was one for the purpose of selling shares at a profit. ... In any event, we have come to the conclusion that, so far as this transaction was concerned, it was the intention of the parties to make a profit by the sale of shares in the market in the same way as if a pool existed. This profit was the result of a scheme of profit making and as such is liable to tax." Sien ook *CIR v Goodrick* 1942 OPD 1, 12 SATC 279 287. Sien ook die uitgangspunt in die Australiese reg. In *FCT v Whitfords Beach Pty Ltd* (1982) 12 ATR 692 696 ondersteun *chief justice* Gibbs klaarblyklik die standpunt dat die sinsnede "carrying on or carrying out a scheme of profit-making" betrekking het op 'n skema wat omskryf kan word as "a business, a trading adventure, or a commercial venture". In *Ruhamah v FCT* (1928) 41 CLR 148 154 wys die hof ook daarop dat 'n belastingpligtige betrokke sal raak by 'n "profit-making scheme" waar met die betrokke eiendom sake gedoen is deur dit in die loop van 'n handeldrywende onderneming te verkoop. Die hof maak op 154 die vlg opm tov 'n "profit-making scheme": "Much must depend upon whether the company has taken the property into its trade and traded in it: whether it conducted a trading concern as opposed to a mere realisation."

^{311.} In *Forest v COT*, SR 1944 SR 1, 13 SATC 139 het Forest 'n besigheid bedryf deur brandhout te verkoop. Hy het egter die reg om hout te kap verkoop om 'n wins te maak. Die feit dat hierdie transaksie nie in die gewone loop van sy besigheid aangegaan is nie, was 'n faktor wat die hof beïnvloed het om tot die gevolgtrekking te kom dat 'n skema van winsbejag nie bedryf is nie. In *Berea Park Avenue Properties (Pty) Ltd v CIR* 1995 2 SA 411 (A), 57 SATC 167 177 het die faktor dat die mpy nie 'n besigheid bedryf het deur met eiendom handel te dryf nie, daartoe bygedra om die gevolgtrekking te maak dat 'n skema van winsbejag nie aangepak is nie. Tot hierdie gevolgtrekking is gekom niesteenstaande die feit dat 'n deeltitelskema registreer is om die woonstelblok teen 'n wins te verkoop. Sien ook *Crowe v CIR* 1930 AD 122, 4 SATC 133 139 waar die hof bevind dat die transaksie nie binne die omvang van die besigheid van Crowe geval het nie. Dit was nie deel van sy besigheid om met wattelplantasies te spekulereer nie.

^{312.} Dws die uitvoering van 'n besigheidsbedrywigheid in die loop van 'n winsbejagskema.

en die uitvoering van 'n skema van winsbejag.³¹³ Verder dui die blote feit dat 'n transaksie aangegaan is met die doel om 'n wins te maak nie daarop dat die transaksie 'n besigheidsbedrywigheid is nie.³¹⁴ 'n Besigheidsbedrywigheid is 'n besigheidstransaksie van kommersiële of besigheidsaard.³¹⁵

Indien die gewone betekenis van die sinsnede "skema van winsbejag" oorweeg word, blyk dit dat die aangaan van 'n kommersiële transaksie nie 'n absolute vereiste is nie. Die normale en direkte betekenis van die sinsnede is dat 'n transaksie aangegaan word met die doel om 'n wins te maak. Sodanige tipe transaksie kan ook aangegaan word waar 'n vaste kapitaalbate teen 'n wins gerealiseer word.³¹⁶ In sommige regspraak wil dit voorkom of die sinsnede "skema van winsbejag" impliseer dat daar 'n transaksie van 'n kommersiële of besigheidsaard moet plaasvind. Die howe heg 'n meer kommersiële konnotasie aan die begrip "skema" deur die sinsnede "profit-making venture" as 'n sinoniem vir "profit-making scheme" te gebruik.³¹⁷ Die begrip "venture"³¹⁸ beteken besigheidsondernemings of -transaksies waarby spekulasie betrokke is. Die gewone kommersiële betekenis van die begrip "venture" dui op 'n transaksie waar 'n persoon iets op risiko plaas met die oogmerk om

³¹³. In *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271 wys ar Smalberger hierdie onderskied uit. Hy beslis op 280: "But irrespective of the number of transactions, whether the receipts that flow from the carrying on of a business are revenue still depends on whether the business was conducted with a profit-making purpose, ie as part of a profit-making venture or scheme." En op 280-281: "But even if the Trust could be said in a broad sense to have been conducting a business, it was not a business carried on as part of a scheme of profit-making."

³¹⁴. In *CIR v Paul* 1956 3 SA 335 (A), 21 SATC 1 8-9 maak hr Centlivres die vlg opm: "I think that the answer to this contention is simple: it would be contrary to human nature for any person to intend to sell an asset at a loss; when circumstances are such that he decides to sell, he naturally endeavours to get the best price possible." Sien ook die Australiese inkomstebelastingreg waar dié standpunt in *FCT v Whitfords Beach Pty Ltd* (1982) 12 ATR 692 695 bevestig word.

³¹⁵. Sien die vorige par waar die betekenis van die begrip "besigheidsbedrywigheid" oorweeg is.

³¹⁶. Daar word in oorweging gegee dat die belastingpligtige in die vlg hofbeslissings ten doel gehad het om 'n wins te maak by die realisering van kapitaalbrates. In *CIR v Stott* 1928 AD 252, 3 SATC 253 het Stott onderverdelingsaktiwiteite uitgevoer om die eiendom teen 'n wins te verkoop. In *Crowe v CIR* 1930 AD 122, 4 SATC 133 het Crowe die wattelbome verkoop en daarna die bome afgekap en die bas gestroop. Hierdie aktiwiteite was doelbewus en het tot 'n wins aanleiding gegee wat nie belas is nie. In *John Bell & Co (Pty) Ltd v SIR* 1976 4 SA 415 (A), 38 SATC 87 102 is 'n kapitaalbate jare gehou totdat die eiendomsmark verbeter het sodat die eiendom teen 'n wins verkoop kon word. In *Berea West Estates (Pty) Ltd v SIR* 1976 2 SA 416 (A), 38 SATC 43 het die mpy doelbewus sekere ontwikkelingsaktiwiteite aangegaan om die eiendom teen 'n wins te realiseer. In *J M Malone Trust v SIR* 1977 2 SA 819 (A), 39 SATC 83 het die trust 'n dorpsgebied ontwikkel om eiendom tot die beste voordeel te realiseer.

³¹⁷. In *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271 gee ar Smalberger op 280 in oorweging: "But irrespective of the number of transactions, whether the receipts that flow from the carrying on of a business are revenue still depends on whether the business was conducted with a profit-making purpose, ie as part of a profit-making venture or scheme." (Kursivering bygevoeg.)

³¹⁸. Die begrip "venture" word in Afrikaans vertaal met "onderneming".

wins te maak.³¹⁹ Daar word aan die hand gedoen dat die kommersiële komponent van die "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn eerder vervat is in die besigheidsbedrywigheid-element van die riglyn. Dit is om die rede van belang dat sowel die besigheidsbedrywigheid- as winsbejagskema-komponent van die riglyn oorweeg word wanneer beoordeel word of 'n ontvangste-genererende transaksie 'n besigheidsbedrywigheid in die loop van 'n skema van winsbejag is.

6.4.4 Kritiese evaluering

By 'n alleenstaande transaksie is die relevante vraag of 'n wins wat daaruit voortspruit, belasbaar sal wees indien die transaksie aangegaan is met die doel of dominante doel om 'n wins te maak. Die relevante oorweging is: Is bloot die feit dat die transaksie aangegaan is met die doel om 'n wins te realiseer, voldoende om die wins belasbaar te maak? Daar is nie 'n maklike oplossing vir dié kwessie in die inkomstebelastingreg nie.³²⁰ Daar is nie 'n direkte antwoord op hierdie vraag nie, ten spyte van al die regspraak rondom die inkomste-kapitaal-kwessie.³²¹

^{319.} Sien *ITC 368* (1936) 9 SATC 211 waar die hof op 212 die begrip "venture" omskryf as "a transaction in which a person risks something with an object of making a profit". Sien ook *Burgess v CIR* 55 SATC 185 196 waar ar Grosskopf voorgemelde betekenis van die begrip "venture" onderskryf. Die ar verwys ook na die verskillende woordeboekbetekenisse van dié begrip. Die risiko om 'n verlies te maak asook 'n besigheidsonderneming van 'n spekulatiewe aard is gedagtes wat onderliggend aan die verskillende woordeboekbetekenisse van die begrip "venture" is.

^{320.} In die Australiese regspraak het dié kwessie ook tot verskeie hofbeslissings aanleiding gegee sonder dat daar duidelike en konsekwente riglyne ontwikkel is om 'n oplossing te verskaf. Waincymer 1994 *Meib U L Rev* 981 sê: "Will a 'one-off' profitable transaction, where profit was a dominant or at least substantial aim, be treated as sufficiently commercial to give rise to assessable income? Over the years, the courts have grappled with questions such as these." Die *Income Tax Assessment Act* 1922 is in 1930 gewysig met die invoeging van par (ba) in die omskrywing van "income" om spesifiek voorsiening te maak vir die omstandigheid waarin 'n wins gemaak is uit 'n alleenstaande transaksie waar eiendom gekoop is met die doel om dit teen 'n wins te verkoop. Hierdie wysiging is aangebring na aanleiding van die Engelse beslissing *Jones v Leeming* [1930] All ER 584 waar die *house of lords* beslis het dat 'n enkele transaksie wat tot die koop en verkoop van eiendom aanleiding gegee het, nie sal meebring dat die wins inkomste is bloot omdat die eiendom aangekoop is met die bedoeling om dit teen 'n wins te verkoop nie. Sodanige omstandighede het nie meegebring dat 'n "adventure or concern in the nature of trade" uitgevoer is nie. Die wetswysiging het tot gevolg gehad dat by die "assessable income" van 'n belastingpligtige ook wins ingesluit word wat voortspruit: (i) uit die verkoop van 'n eiendom wat verkry is met die doel om deur dit te verkoop 'n wins te maak; of (ii) uit die bedryf van 'n winsmaak-onderneming of -skema. Farnsworth 1942 *Mod LR* 264 bevestig die standpunt dat toevallige winste wat uit geïsoleerde transaksies voortspruit, nie belasbaar is nie.

^{321.} In *ITC 683* (1949) 16 SATC 362 is oorweeg of die wins wat uit 'n enkele aandeeltransaksie gemaak is van 'n kapitale aard sal wees. Die bepaalde transaksie was ongewoon en het nie deel uitgemaak van die besigheid wat die mpy bedryf het nie. Die hof maak die vlg opm op 364: "In the case of such a transaction undertaken by an individual he would, no doubt, be able to assert successfully that, notwithstanding the fact that he had embarked upon it for the purpose of making a profit, he could not be charged with tax." Hierdie opm was erger bloot terloops vir doeleindes van die beslissing.

Dit blyk 'n gevestigde riglyn te wees dat waar die aard van realisasiewinste uit 'n eenmalige transaksie oorweeg word die volgende riglyn toepassing vind: Is die wins by wyse van 'n besigheidsbedrywigheid in die loop van 'n skema van winsbejag gemaak? Of, as alternatief, is dié riglyn as volg omskryf: Die ontvangste is van 'n inkomste-aard indien dit nie toevallig gemaak is nie, maar doelbewus nagestreef en voor gewerk is.³²²

Daar word aan die hand gedoen dat laasgenoemde formulering nie omskrywend genoeg is vir 'n suiwer toepassing van dié riglyn nie.³²³ Die wins wat met die realisering van 'n kapitaalbelegging gemaak word, kan moontlik ook doelbewus nagestreef en voor gewerk wees. Dit sal veral so wees waar die bate tot beste voordeel gerealiseer word. Die aktiwiteite wat die belastingpligtige aangaan om die bate tot beste voordeel te realiseer, is doelbewus nagestreef en voor gewerk en kan nie as bloot toevallig beskou word nie.³²⁴

Die vereiste dat die ontvangste doelbewus nagestreef moet wees, konsentreer slegs op een eienskap van die riglyn dat die wins by wyse van 'n besigheidsbedrywigheid in die loop van 'n skema van winsbejag gemaak moet wees. Hierdie eienskap openbaar nie die volle aard en omvang van die besigheidsbedrywigheid-komponent van die "besigheidsbedrywigheid in

^{322.} Sien die beslissings in *Elandsheuwel Farming (Edms) Bpk v SBI* 1978 1 SA 101 (A), 39 SATC 163 180-181; *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271 279-280. In laasgenoemde beslissing sê ar Smalbeger op 280: "In this respect I agree with what is said in Meyerowitz and Spiro on *Income Tax*: para 299 that '[t]he rather clumsy phrase: 'Operation of business in carrying out a scheme of profit-making' in plain language really means that receipts or accruals bear the imprint of revenue if they are not fortuitous, but designedly sought for and worked for."

^{323.} Dit is veral die geval waar die belastingpligtige nie alreeds 'n besigheid bedryf nie. Waar 'n besigheid alreeds bedryf word, sal die relevante vraag bloot wees of die eenmalige transaksie binne die omvang van die besigheid val. Die howe het aangedui dat 'n beginsel duidelik kan wees, maar die praktiese toepassing daarvan problematies. Sien *COT v Booyens Estates Ltd* 1918 AD 576, 32 SATC 10 26 waar hr Innes die vlg stelling maak: "The rule is plain enough; the difficulty lies in the application of it." En ook *Natal Estates Ltd v SIR* 1975 4 SA 177 (A), 37 SATC 193 217 waar ar Holmes op 218 opmerk: "[The] courts have often indicated that, while a principle may be stated, its application is fraught with difficulty ..."

^{324.} In *SIR v The Trust Bank of Africa Ltd* 1975 (3) SA 652 (A), 37 SATC 87 104 maak ar Botha op 107-108 die vlg relevante opm: "No one, however, readily buys property if he expects that he will eventually have to sell it at a loss, and the taxpayer is not required to exclude the slightest contemplation of a profitable resale of the asset ...". Sien ook *COT, SR v Levy* 1952 2 SA 413 (A), 18 SATC 127 136. Daar word in oorweging gegee dat die belastingpligtige in die vlg hofbeslissings doelbewus die maak van 'n wins by die realisering van kapitaalbate nagestreef en daarvoor gewerk het. Die maak van wins was ongetwyfeld nie toevalling nie. In *CIR v Stott* 1928 AD 252, 3 SATC 253 het Stott onderverdelingsaktiwiteite uitgevoer om die eiendom teen 'n wins te verkoop. In *Crowe v CIR* 1930 AD 122, 4 SATC 133 het Crowe die wattelbome verkoop en daarna die bome afgekap en die bas gestroop. Hierdie aktiwiteite was doelbewus en het tot 'n wins aanleiding gegee wat nie belas is nie. In *John Bell & Co (Pty) Ltd v SIR* 1976 4 SA 415 (A), 38 SATC 87 102 is 'n kapitaalbate jare gehou totdat die eiendomsmerk verbeter het sodat die eiendom teen 'n wins verkoop kon word. In *Berea West Estates (Pty) Ltd v SIR* 1976 2 SA 416 (A), 38 SATC 43 het die mpy doelbewus sekere ontwikkelingsaktiwiteite aangegaan om die eiendom teen 'n wins te realiseer. In *J M Malone Trust v SIR* 1977 2 SA 819 (A), 39 SATC 83 het die trust 'n dorpsgebied ontwikkel om eiendom tot die beste voordeel te

die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn nie.³²⁵ 'n Besigheidsbedrywigheid is 'n transaksie van 'n besigheids- of kommersiële aard.³²⁶ Dit beteken dat by die toepassing van die riglyn die resultaat nie in stryd moet wees met goeie kommersiële oordeel en redelikheid nie. Hierdie resultaat kan bereik word deur gewone redelike oordeel en besigheidstandaarde toe te pas.³²⁷

Daar word aan die hand gedoen dat die praktiese toepassing van voorgemelde standaarde daarop neerkom dat die howe die transaksie in oorweging vergelyk met 'n soortgelyke kommersiële besigheidsbedrywigheid wat in die gewone loop van die bedryf van 'n besigheid

realiseer.

^{325.} In die Australiese reg word die uitgangspunt in *FCT v Myer Emporium Ltd* (1987) 18 ATR 693 op 697 bevestig. Die hof oorweeg die omstandighede waarin 'n wins uit 'n alleenstaande transaksie gemaak word en as inkomste kwalifiseer. Die hof formuleer die vlg riglyn tov 'n alleenstaande transaksie: Die wins sal inkomste wees indien die eiendom waaruit dit voortspruit, verkry is in die loop van 'n besigheidsbedrywigheid of kommersiële transaksie wat aangegaan is met die doel om wins te maak uit die middele wat tot die wins aanleiding gegee het. Sien ook *FCT v Whitfords Beach Pty Ltd* (1982) 12 ATR 692 698-699, 705.

^{326.} Sien par 5.3.2. Sien ook *Stephan v CIR* 1919 WLD 1, 32 SATC 54 61; *Liquidator Rhodesia Metals Ltd v COT, SR* 1938 AD 282, 9 SATC 363 367. In die Australiese inkomstebelastingreg word hierdie standpunt bevestig. In *FCT v Whitfords Beach Pty Ltd* (1982) 12 ATR 692 wys *judge* Mason op 707 op die verskillende betekenis wat die frase "operation of business" kan hê: "[A] transaction entered into by a person in the course of carrying on a business; [or] ... a transaction which is business or commercial in character."

^{327.} In *New Mines Ltd v CIR* 1938 AD 455, 10 SATC 9 oorweeg hr Stratford die saak uit die oogpunt van gewone besigheidsondervinding om tot die beslissing te kom dat aandele wat aanvanklik as 'n spekulatiewe onderneming gekoop is, daarna as 'n belegging gehou is. Die hr maak die vlg opm op 13: "Now in my judgment there is much to be said for the view that the original speculative venture had been changed in the course of time, regard being had to the special behaviour and career of the Welverdiend Company, to an ordinary investment. It is a matter of ordinary business experience that shares bought originally as a speculative venture are held, thereafter, owing to the stability of the company, as an ordinary investment." Sien ook *Natal Estates Ltd v SIR* 1975 4 SA 177 (A), 37 SATC 193 waar ar Holmes op 220 sê: "... the relationship of all this (die omringende omstandighede) to the ordinary commercial concept of carrying on a business or embarking on a scheme for profit". En op 222: "[T]he appellant with its elaborate and sustained scheme and expertise, was doing much more than merely realizing a capital asset to the best advantage in a businesslike manner; and that by any canons of commerce it had gone beyond that field: it had crossed the Rubicon and committed itself on a grand scale to the course and business of selling land for profit, using the land as its stock-in-trade." In *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271 279 onderskryf ar Smalberger die vlg standpunt van r Friedman in *ITC 1450* (1988) 51 SATC 70 op 76: "But when all is said and done, whatever guideline one chooses to follow, one should not be led to a result in one's classification of a receipt as income or capital which is, as I have had occasion previously to remark, contrary to sound commercial and good sense." En op 280 brei hy verder uit deur te verklaar: "I am unable to agree with Nicholas AJA that the Trust was carrying on a business by trading in shares. Whether or not it was doing so must be determined applying ordinary common sense and business standards ... The constraints placed upon the trustees in dealing with the shares are altogether foreign to trading or business in the accepted commercial sense." Sien ook *Berea Park Avenue Properties (Pty) Ltd v CIR* 1995 2 SA 411 (A), 57 SATC 167 waar ar Nestadt daarop wys dat die onwilligheid van die belastingpligtige om te verkoop nie maklik versoenbaar is met die vrywillige onderneming om 'n skema van winsbejag uit te voer nie. Hy sê 177: "The appellants reluctance to sell ... is not easily reconcilable with the voluntary undertaking of a profit-making scheme."

aangegaan word.³²⁸ 'n Besigheidsbedrywigheid in die konteks van die "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn is dus 'n handeling of aktiwiteit wat van dieselfde soort is en uitgevoer word op dieselfde wyse as transaksies wat die kenmerke van gewone kommersiële transaksies openbaar wat in die loop van die bedryf van 'n soortgelyke besigheid uitgevoer word, selfs al is dit 'n eenmalige transaksie.³²⁹

In die regspraak is dieselfde oorwegings wat geïdentifiseer is om aan te dui dat 'n besigheid bedryf word, ook gebruik om aan te dui dat 'n besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n skema van winsbejag³³⁰ aangepak is.³³¹ Die maatstaf wat hierdie oorwegings ten grondslag lê, is die gewone kommersiële begrip om 'n besigheid te bedryf of besigheidsbedrywigheid uit te voer. Die kommersiële of besigheidsaard van 'n bepaalde bedrywigheid hou verband met die kommersiële eienskappe wat die howe identifiseer as synde eiesoortig aan 'n bepaalde tipe besigheid wat na bewering bedryf word of 'n besigheidsbedrywigheid wat

^{328.} Daar word in oorweging gegee dat die howe hier dieselfde benadering sal volg om vas te stel of 'n bepaalde transaksie 'n besigheidsbedrywigheid in die loop van 'n skema van winsbejag is, as die benadering wat gevolg word om te bepaal of sekere aktiwiteite op die bedryf van 'n winsbejag-besigheid neerkom. Die howe vergelyk die aktiwiteite van die belastingpligtige met kenmerke wat normaalweg eiesoortig is aan 'n besigheid wat soortgelyk is aan die tipe besigheid, wat die belastingpligtige na bewering bedryf. Die howe identifiseer hierdie kenmerke deur oorwegings in ag te neem wat op gesonde verstand en besigheids- of kommersiële standaarde gebaseer is. Sien par 5.3.2.1. Hierdie benadering is ook in lyn met die uitgangspunt wat in Australië gevolg word om die aard van ontvangste uit 'n alleenstaande transaksie te bepaal. Sien die uiteensetting in hfst 8 par 4.8.6.

^{329.} In *Stephan v CIR* 1919 WLD 1, 32 SATC 54 61 moes die hof die aard van wins oorweeg wat uit 'n "isolated venture" voortgespruit het. R Mason vergelyk die feitestel in oorweging met soortgelyke besigheidsaktiwiteite. Hy bevind dat die bergingsaktiwiteite soveel gewone besigheidsaktiwiteite genoodsaak het dat dit as 'n onderneming van die aard van 'n besigheid of bedryf beskou kan word. Hy sê op 59: "... these salvage operations which were managed by the staff of the appellant's business, and which necessitated so many *ordinary business acts* such as engaging the services of men, hiring apparatus, purchasing equipment, the transport of cargo to Cape Town, and the like ... The whole thing was an adventure or concern of the nature of a business or trade ..." (Kursivering bygevoeg.) In die Engelse regspraak het die howe by oorweging van die betekenis van die frase "an adventure ... in the nature of trade" aandag gegee aan die wyse waarop 'n handelaar soortgelyke transaksies in die loop van die besigheid sou uitgevoer het. Sien *Rutledge v The Commissioners of Inland Revenue* 1929 SC 379 op 383 waar *lord president Clyde* die vlg opm maak: "... that this adventure or speculation was carried through in exactly the same way as any regular trader or dealer would carry through any of the adventures or speculations in which it is his regular business to engage ..." In *IRC v Fraser* 1942 SC 493 oorweeg *lord president Normand* ook die betekenis van voorgemelde frase en maak die vlg opm op 499: "Most important of all, the actual dealings of the respondent with the whiskey were exactly of the kind that take place in ordinary trade." In *Marson v Morton* [1986] 1 WLR 1343 oorweeg die hof ook die betekenis van bg frase en maak die vlg relevante opm op 1348: "In some cases attention has been paid to the way in which the transaction was carried through: was it carried through in a way typical of the trade in a commodity of that nature?"

^{330.} Waar 'n afsonderlike riglyn ter sprake is, beteken hierdie frase in werklikheid 'n besigheidsbedrywigheid wat in die loop van 'n skema van winsbejag uitgevoer is.

^{331.} Sien veral die beslissing in *Natal Estates Ltd v SIR* 1975 4 SA 177 (A), 37 SATC 193 220.

uitgevoer word.³³² Die howe identifiseer sodanige eienskappe deur geregtelik kennis te neem of afleidings te maak uit deskundige getuienis of ander getuienis wat deur die partye aangebied word.³³³ Hierdie eienskappe word dan as maatstawwe gebruik om die verklaarde doel van die belastingpligtige, sy subjektiewe ingesteldheid, te beoordeel.³³⁴ Indien die objektiewe, omringende omstandighede van die bepaalde geval 'n voldoende mate van ooreenstemming toon met die kommersiële maatstawwe wat die howe as relevant geïdentifiseer het, kan die afleiding gemaak word dat die belastingpligtige in werklikheid ten doel gehad het om 'n besigheidsbedrywigheid aan te pak.

Dit is soms 'n kwessie van graad om te besluit of 'n besigheidsbedrywigheid in werklikheid in die loop van 'n skema van winsbejag aangepak is. Die besluit of dit wel plaasgevind het, is soms fyn gebalanseer. Dit is duidelik dat die howe 'n aansienlike diskresie het om 'n besluit

^{332.} Blum 1967 *U Chicago L Rev* 496 wys daarop dat handeling geïdentifiseer kan word deur die vlg te oorweeg: "The action is to be classified by judging whether it is more closely associated with one activity or another, or more closely fits one function as compared to others." In *Crowe v CIR* 1930 AD 122, 4 SATC 133 beklemtoon ar Stratford die ekonomiese en besigheidsgrondslag van die "bruto inkomste"-definisie in die *Inkomstebelastingwet*. Hy sê op 136: "And also from an economic and business point of view this must also be true, with the proviso, of course, that a stated sum might be the total of two, one being income, the other capital." In *SIR v The Trust Bank of Africa Ltd* 1975 (3) SA 652 (A), 37 SATC 87 104 verwys ar Botha spesifiek na dié riglyn. Vigs hom kan die vlg objektiewe maatstaf 'n rol speel om die doel waarvoor 'n bate aangekoop is, te bepaal, nl "the normal business carried on by companies of that type". Die howe het ook 'n diskresie om hierdie eienskappe van 'n tipiese soortgelyke besigheid te identifiseer. Sien ook *Berea West Estates (Pty) Ltd v SIR* 1976 2 SA 416 (A), 38 SATC 43 63 waar ar Holmes die realisasie-aktiwiteite van Berea West met die aktiwiteite van 'n handelsmpy vergelyk om vas te stel of die mpy 'n besigheid bedryf het deur die eiendom te realiseer. In die konteks van die Australiese regspraak sien *Ferguson v FCT* (1979) 37 FLR 310 323; *Evans v FCT* (1988) 20 ATR 922 939; *FCT v Cooling* (1990) 21 ATR 13 27. Lehmann 1985 *Tax in Aust* 738 wys daarop dat die omskrywing van besigheid as 'n buigsame konsep 'n belangrike rol speel om te verseker dat belastingreg tred hou met veranderinge en kommersiële werklikhede.

^{333.} Wat die identifisering van die eiesoortige kommersiële eienskappe betref, word in oorweging gegee dat die howe dieselfde benadering volg as wanneer hulle vir doeleindes van a 103(1) van die *Inkomstebelastingwet* norme en standaarde formuleer waaraan die normaliteit van 'n transaksie gemeet kan word. Sien *Hicklin v SIR* 1980 1 SA 481 (A), 41 SATC 179 195. Ar Trollip sê: "The court hearing the case may resolve it by taking judicial notice of the relevant norms or standards or by means of the expert or other evidence adduced thereanent by either party."

^{334.} Sien par 7 waar die relevansie van die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige oorweeg word. Dié benadering tot 'n belastingpligtige se *ipse dixit* met betrekking tot sy subjektiewe ingesteldheid word in *ITC 1185* (1972) 35 SATC 122 123-124 as volg deur r Miller gestel: "It is no difficult matter to say that an important factor is: what was the taxpayer's intention when he bought the property? It is often very difficult, however, to discover what his true intention was. It is the function of the Court to determine on an objective review of all the relevant facts and circumstances what the motive, purpose and intention of the taxpayer were ... This is not to say that the Court will give little or no weight to what the taxpayer says his intention was, as is sometimes contended in argument on behalf of the Secretary in cases of this nature. The taxpayer's evidence under oath and that of his witnesses must necessarily be given full consideration and the credibility of the witnesses must be assessed as in any other case which comes before the Court. But direct evidence of intent and purpose must be weighed and tested against the probabilities and the inferences normally to be drawn from the established facts."

in die verband te neem. Daar word aan die hand gedoen dat die diskresie van die howe veral verband hou met die mate van ooreenstemming wat bestaan tussen die bepaalde feite in oorweging en die maatstawwe wat volgens die howe kenmerkend is aan die tipe besigheidsbedrywigheid wat oorweeg word.³³⁵ Die howe kan nie oorkoepelende maatstawwe formuleer wat vir alle toekomstige feitestelle voorsiening sal maak nie. Die maatstawwe is uniek want die aard van die tipe besigheidsbedrywighede wat relevant is, verskil.

Nadat vasgestel is dat 'n besigheidsbedrywigheid aangegaan is, oorweeg die howe of die besigheidsbedrywigheid uitgevoer is as deel van 'n winsbejagskema. Dit wil sê, of die besigheidsbedrywigheid 'n beplande handeling of aktiwiteit was wat uitgevoer word om 'n bepaalde resultaat te bereik, naamlik om wins te maak. Indien aan voorgemelde twee vereistes voldoen word, sal die ontvangste van 'n inkomste-aard wees, synde 'n bedrag wat by wyse van 'n besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n skema van winsbejag ontvang is.

6.5 Ontleding en gevolgtrekking

Die onderstaande faktore gee 'n aanduiding dat 'n ontvangste by wyse van 'n besigheidsbedrywigheid in die uitvoering 'n skema van winsbejag ontvang is. Hierdie faktore is ook grotendeels in Australië geïdentifiseer. Hierdie faktore kan as 'n kontrolelys dien wanneer belastingpraktisyns oorweeg of 'n bepaalde ontvangste-generende transaksie as 'n besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n skema van winsbejag kwalifiseer.³³⁶ Die onderskeie elemente van die "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn, naamlik 'n besigheidsbedrywigheid en 'n skema van winsbejag sal afsonderlike aangedui word. Hierdie elemente is opsigselfstaande eienskappe van die "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn wat albei teenwoordig moet wees voordat dié riglyn toegepas kan word.

^{335.} Sien *Berea Park Avenue Properties (Pty) Ltd v CIR* 1995 2 SA 411 (A), 57 SATC 167 waar ar Nedstadt op 177 in oorweging gee: "The test whether a taxpayer has embarked on a profit-making scheme is one of degree. Often, therefore, a decision whether this has occurred is a finely-balanced one." Sien ook *John Bell & Co (Pty) Ltd v SIR* 1976 4 SA 415 (A), 38 SATC 87 105; *Natal Estates Ltd v SIR* 1975 4 SA 177 (A), 37 SATC 193 217; *CIR v Gaurdian Assurance Co SA Ltd* 1991 3 SA 1 (A), 53 SATC 129 151.

^{336.} Sien *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271 waar ar Smalberger op 280 verwys na 'n "profit-making venture". Sien ook die uitspraak in die Australiese reg in *FCT v Whitfords Beach Pty Ltd* (1982) 12 ATR 692 696 waar *chief justice* Gibbs daarop wys dat die sinsnede "carrying on or carrying out a scheme of profit-making" betrekking het op 'n skema wat omskryf kan word as "a business, a trading adventure, or a commercial venture".

6.5.1 Besigheidsbedrywigheld

Daar word aan die hand gedoen dat die eiesoortige kenmerke van 'n "besigheidsbedrywigheld" wat in die Australiese regspraak geïdentifiseer is vergelykingsmaatstawwe daarstel wat ook in die Suid-Afrikaanse konteks aangewend kan word. Daar is aangedui dat die aktiwiteite van die belastingpligtige 'n besigheidsbedrywigheld daar sal stel indien:

- i) dit beskou kan word as 'n onderneming van 'n bedryfsaard.³³⁷ 'n Onderneming in dié konteks, veral by 'n transaksie waar 'n bate gekoop en verkoop word, moet eienskappe openbaar wat by 'n besigheidstransaksie³³⁸ teenwoordig is.
- ii) dit 'n transaksie van 'n besigheids- of kommersiële aard is.³³⁹ Hierdie eienskap vereis dat die transaksie van dieselfde soort is en op dieselfde wyse uitgevoer word as daardie tipe bedrywighede wat kenmerkend aan die gewone bedryf van die bepaalde tipe besigheid is waarin die handeling aangegaan word.³⁴⁰ Waar transaksies sistematies op 'n besigheidswyse uitgevoer is, dui dit ook op die kommersiële aard daarvan. 'n Aktiwiteit wat bloot toevallig of op 'n ongeorganiseerde wyse uitgevoer word, sal nie van 'n kommersiële aard wees nie.³⁴¹

In die Australiese regspraak word beklemtoon dat die howe by die beoordeling van die vraag of 'n transaksie inderdaad as 'n besigheidsbedrywigheld of kommersiële transaksie beskou kan word, 'n waarde-oordeel vel.³⁴² Daar word aan die hand gedoen dat hierdie benadering geregverdig is, want die hof sal moet beoordeel of die betrokke transaksie dieselfde eienskappe openbaar en op dieselfde wyse uitgevoer word as daardie tipe bedrywighede wat kenmerkend aan die gewone bedryf van die bepaalde tipe besigheid is waarin die handeling aangegaan word. Hierdie benadering maak ook 'n belangrike bydrae om te verseker dat belastingreg tred hou met veranderings en kommersiële werklikhede.

Daar word aan die hand gedoen dat die volgende faktore as vergelykingsmaatstawwe deur belastingpraktisyns in die Suid-Afrikaanse regspraak gebruik kan word om te beoordeel of 'n

³³⁷. Die Engelse frase "adventure in die nature of trade" word in Afrikaans vertaal met "onderneming van 'n bedryfsaard". Sien *McClelland v Commissioner of Taxation of the Commonwealth of Australia* [1971] 1 ALL ER 969 975.

³³⁸. Die Engelse begrip "business deal" word in Afrikaans met "besigheidstransaksie" vertaal.

³³⁹. *FCT v Whitfords Beach Pty Ltd* (1982) 12 ATR 692 707.

³⁴⁰. Sien *CIR v Livingston* (1926) 11 TC 538 542; *Ferguson v FCT* (1979) 37 FLR 310 323; *Evans v FCT* (1988) 20 ATR 922 939; *FCT v Cooling* (1990) 21 ATR 13 27; *AAT 9787* (1994) 29 ATR 1191 1198.

³⁴¹. Sien *Ferguson v FCT* (1979) 37 FLR 310 325.

³⁴². Sien *FCT v Marshall and Brougham Pty Ltd* (1987) 73 ALR 261 268; *Ferguson v FCT* (1979) 37 FLR 310 324.

besigheidsbedrywigheid aangegaan is:

- i) Die begrip "besigheidsbedrywigheid" het betrekking op 'n ontvangste-genererende handeling wat doelbewus nagestreef en voor gewerk is. Die doel, of waar daar meer as een doelwit is die dominante doel, van die belastingpligtige moet oorweeg word.
- ii) Dit is nie noodwendig 'n transaksie wat as deel van 'n reeks kontinue transaksies in die loop van 'n bedryf van 'n besigheid aangegaan is nie. Dit kan ook 'n eenmalige transaksie van 'n kommersiële of besigheidsaard wees. Dit is slegs waar oorweeg word of 'n besigheid bedryf word dat kontinuïteit ten opsigte van 'n reeks transaksies 'n deurslaggewende faktor is.
- iii) 'n Besigheidsbedrywigheid is 'n besigheidstransaksie.
 - (a) Gewone redelike oordeel en besigheidstandaarde sal aandui of 'n handeling as 'n besigheidstransaksie kwalifiseer.
 - (b) Die kommersiële of besigheidsaard van die transaksie moet oorweeg word om te bepaal of dit as 'n besigheidstransaksie kwalifiseer. Hierdie eienskap vereis dat die transaksie van dieselfde soort is en op dieselfde wyse uitgevoer word as daardie tipe bedrywigheede wat kenmerkend aan die gewone bedryf van die bepaalde tipe besigheid is waarin die handeling aangegaan word.
 - (c) Verdere kenmerke wat daarop dui dat bedrywigheede van 'n kommersiële aard kan wees, is die feit dat dit sistematies op 'n besigheidswyse uitgevoer is. Die aktiwiteit moet nie bloot toevallig of op 'n ongeorganiseerde wyse uitgevoer wees nie.
 - (d) Die maak van 'n wins is 'n belangrike eienskap van 'n besigheidstransaksie, maar nie noodwendig 'n essensiële of onontbeerlike eienskap nie.
- iv) 'n Besigheidsbedrywigheid is die teenoorgestelde van vermaaklikheidsaktiwiteite of gebeurtenisse wat met 'n persoon se huishoudelike of private lewe verband hou.
- v) Die hoewe vel 'n waarde-oordeel by die beoordeling van die vraag of 'n transaksie inderdaad as 'n besigheidsbedrywigheid van 'n kommersiële of besigheidsaard beskou kan word.

6.5.2 Winsbejagskema

Die onderstaande eienskappe is eiesoortig aan 'n winsbejagskema en kan deur belastingpraktisyns aangewend word as vergelykingsmaatstawwe om vas te stel of 'n winsbejagskema bedryf word.

- i) Die begrip "skema" beteken gewoonweg 'n plan van aksie, dit wil sê 'n geformuleerde metode wat 'n persoon van voorneme is om uit te voer ten einde 'n bepaalde gevolg of resultaat te bereik. In die Australiese reg is 'n soortgelyke betekenis aan die begrip

- "skema" gegee. Daar is beslis dat die woord "skema" beteken bloot "plan, design or programme of action".³⁴³ Dit is nie 'n noodsaaklike vereiste van 'n skema dat die beplande aksie 'n reeks of herhalende aktiwiteite moet insluit nie.
- ii) 'n Winsbejagskema moet voorbedagtelik en doelbewus uitgevoer word om wins te maak. Waar daar meer as een doelwit met die uitvoering van 'n winsbejagskema is, moet die dominante doel waarmee die transaksie aangegaan is, oorweeg word. Hierdie standpunt word ook in die Australiese regspraak gehuldig. In die gewone sin van die frase "profit-making scheme" is dit 'n plan wat bedink word ten einde 'n wins te verkry. 'n Skema sal slegs aan daardie vereiste voldoen indien die belastingpligtige dit uitgevoer het met die doel om 'n wins te maak.³⁴⁴ 'n Winsmaakskema is 'n plan wat bedink is met die doel om 'n wins te maak.³⁴⁵ 'n Winsmaakskema het derhalwe as uitgangspunt die subjektiewe ingesteldheid van die persoon wat die plan uitvoer. Die resultaat wat met 'n winsmaakskema beoog word, is om wins te maak.
- iii) 'n Transaksie wat aangegaan word met bloot die hoop om uiteindelik toevallig in die uitvoering van 'n ander oogmerk 'n wins te maak, sal nie as 'n skema van winsbejag kwalifiseer. Dit is ook die uitgangspunt in Australië. 'n "Toevallige" wins wat nie die resultaat is van 'n doel wat die belastingpligtige wou bereik nie, sal volgens die riglyn nie as 'n "profit-making scheme" kwalifiseer nie.³⁴⁶
- iv) Die hoop en verwagting om 'n wins te maak, is nie voldoende om die transaksie as 'n skema van winsbejag te karakteriseer nie. Die wins wat die belastingpligtige voorsien en waarmee hy hom vereenselwig is nie deurslaggewend nie. Hierdie faktore het bloot 'n bewysgewende funksie ten opsigte van die doel van die belastingpligtige. In Australië is die onderskeid tussen doel en blote hoop of verwagting ook beklemtoon. Die doel is deurslaggewend en nie die wins waarop die belastingpligtige gehoop het

³⁴³. Sien *XCO Pty Ltd v FCT* (1971) 124 CLR 343 349. Hierdie beslissing is gee in die konteks van a 26(a) in die 1936-Wet. A 26(a) is later deur a 25A vervang wat gelykluidend was. Ingevolge a 25A is winste wat verkry word uit "carrying on or carrying out of any profit-making undertaking or scheme" belasbaar. Sien ook *Clowes v FCT* (1954) 91 CLR 209 225.

³⁴⁴. Sien *XCO Pty Ltd v FCT* (1971) 124 CLR 343 waar *judge* Gibbs op 350 die vlg in oorweging gee: "[I]n my opinion, a scheme is not a 'profit-making scheme' simply because it yields a profit when none was intended; in the ordinary sense of the words a 'profit-making scheme' is a plan devised in order to obtain a profit, and a scheme only answers that description if the taxpayer carries it out with the *purpose* of making a profit." (Kursivering bygevoeg.)

³⁴⁵. In *Burnside v FCT* (1977) 138 CLR 23 bevestig *judge* Mason ook in die konteks van a 25A die uitgangspunt dat die winsmaakonderneming of -skema as grondslag die doel het om wins te maak. Hy sê op 37: "In the first place, where the profit in question arises from the purchase and subsequent sale of an asset and it is found that the asset was not acquired for the purpose of profit-making by sale it is very difficult to see how the profit can be said to arise from a profit-making undertaking or scheme ..."

nie.³⁴⁷

7 SUBJEKTIEWE INGESTELDHEID VAN BELASTINGPLIGTIGE

7.1 Inleiding

In hierdie gedeelte sal aandag gegee word aan die subjektiewe basis van die besigheid- en "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn. Daar sal nie aandag gegee word aan die tipe subjektiewe ingesteldheid wat 'n belastingpligtige moet openbaar en wat as voorvereiste deurslaggewend mag wees wanneer die howe die besigheid- en "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn toepas nie.³⁴⁸

In die regspraak en in regspublikasies is daar vele verwysings na die subjektiewe ingesteldheid van 'n belastingpligtige wanneer die inkomste- of kapitale aard van bedrae wat hy ontvang, oorweeg word. Dit is veral waar die aard van die realisasiewinste oorweeg word dat verwysings na die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige gevind word. Daar bestaan klaarblyklik nie eenstemmigheid oor die funksie wat die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige in dié omstandighede vervul nie.³⁴⁹ Daar is selfs skrywers wat argumenteer dat voorgemelde riglyne toegepas word deur bloot objektiewe faktore te oorweeg wat geheel en al onafhanklik staan van die belastingpligtige se subjektiewe ingesteldheid.³⁵⁰

Soms word die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige as 'n belangrike toets sowel as 'n belangrike faktor beskou wat saam met ander omstandighede oorweeg behoort te word.³⁵¹ Sommige skrywers beskou 'n ondersoek na die subjektiewe ingesteldheid van die

^{346.} Sien *Ferguson v FCT* (1979) 37 FLR 310 325.

^{347.} In *Loxton v FCT* (1973) 3 ATR 467 sê *judge* Gibbs op 472: "It was not part of his object in acquiring them to make a profit, although he had some hope of making a profit." Hierdie uitspraak is ook tov a 25A gegee.

^{348.} Die tipe subjektiewe ingesteldheid wat deurslaggewend is, word in meer besonderhede in hfst 10 bespreek.

^{349.} Lehmann 1985 *Tax in Aust* 373 is van mening dat die bedoeling van die belastingpligtige 'n nuttige rol in die belastingreg kan speel, maar dat die dominante doel-toets tot onsekerheid aanleiding kan gee omdat dit in groot mate afhang van die getuienis wat deur belastingpligtiges gelei word. Hy maak die vlg opm: "Intention may have a useful role in tax law ... but a *dominant* purpose test, heavily depended on the performance of taxpayers in the witness box, is an invitation to abuse."

^{350.} Urquhart *Income Tax* par 5.2.1 5-7 ondersteun 'n suiwer objektiewe benadering. Hy sê: "In other words the intention of the taxpayer is not really at issue. What is at issue is the objective set of facts before the court, which may be elucidated by evidence given by the taxpayer, but from which the court will make an objective assessment."

^{351.} Sien De Koker *Silke* par 3.2 3-7 wat as volg verklaar: "The most important 'test' employed by the courts in determining whether the proceeds arising upon the disposal of an asset are in the nature of income or capital is the test of 'intention': with what intention did the taxpayer acquire and hold the asset?" In dieselfde asem

belastingpligtige as 'n absolute voorvereiste vir die toepassing van die "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn. Volgens hierdie benadering voorveronderstel 'n toepassing van die "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn 'n ondersoek na die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige.³⁵²

In die regspraak is daar ook om die beurt na die toets van bedoeling of die faktor van bedoeling verwys.³⁵³ Soms is die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige nie as 'n absoluut deurslaggewende faktor beskou nie. Die standpunt word gehuldig dat dit onderhewig aan die toetrede van ander faktore deurslaggewend kan wees.³⁵⁴ Daar is ook aangevoer dat die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige as sodanig nie die aard of die karakter van die bates verander nie.³⁵⁵ Die subjektiewe ingesteldheid van die

verwys De Koker egter ook na die bedoeling van die belastingpligtige as bloot 'n belangrike faktor. Hy sê in dieselfde par: "In any event, the intention of a taxpayer with regard to an asset does not of itself necessarily determine whether the proceeds arising upon its disposal will be in the nature of income or of capital. Intention is an important factor, but nevertheless one that has to be considered together with any other relevant factors revealed by the facts of a particular case." Sien ook Urquhart *Income Tax* par 5.2.1 5-6 wat verwys na die "test of intention": "The reliance by the courts on the test of intention arises where an asset has been disposed of, giving rise to an amount the capital or revenue of which is in dispute."

^{352.} Sien Meyerowitz *Income Tax* par 8.23 8-9 wat sê: "The application of the test presupposes an enquiry into the state of mind or the intention, or in the case of a company of the policy, of the taxpayer." Daar word aan die hand gedoen dat die "test" waarna Meyerowitz verwys inderdaad die "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn is. Hierdie standpunt word klaarblyklik ook deur Williams *Law and Practice* par 3 113 gehuldig. Hy sê: "Where transactions of purchase and sale are considered the existence or otherwise of a scheme of profit-making is determined by establishing the taxpayer's intention at the time of his acquisition of the property in question." Isaacs ea *Law and Practice* par 203 214 beskou die werklike bedoeling of doel van die belastingpligtige as 'n dominante faktor. Hulle sê: "The occupation of the taxpayer, the nature of the property (or thing) which is the subject of the transaction, the stated intention of the taxpayer, may help to build up the overall picture from which the real purpose of the taxpayer, the real objective in the transaction may be determined."

^{353.} In *Crowe v CIR* 1930 AD 122, 4 SATC 133 139 verwys ar Stratford na "the test of purpose or intention". In *CIR v Stott* 1928 AD 252, 3 SATC 253 beskou ar Wessels bedoeling as 'n belangrike faktor om te bepaal of 'n item in die loop van 'n skema van winsbejag verkoop is. Hy sê op 262: "It was unnecessary to go so far as to say that the intention with which an article or land was bought was conclusive as to whether the proceeds derived from a sale were taxable or not. It was sufficient to say that the intention was an important factor and unless some other factor intervened to show that when the article was sold it was sold in pursuance of a scheme of profit-making, it was conclusive in determining whether it was capital or gross income."

^{354.} Sien *CIR v Lydenburg Platinum Ltd* 1929 AD 137, 4 SATC 8 19. Sien ook *SIR v Smit* 1965 3 SA 591 (A), 27 SATC 89 96 waar ar Ogilvie Thompson sê: "Each case must be decided on its own facts, with the determined intention of the taxpayer being the most important single factor. In my judgment, the vital factor in both the *Leydenberg* and the *Lace* cases was the intention of the respective taxpayers as determined by this Court, and the conclusions reached in those cases cannot be divorced therefrom."

^{355.} Sien die minderheidsuitspraak van ar Schreiner in *CIR v Richmond Estates (Pty) Ltd* 1956 1 SA 602 (A), 20 SATC 355 365: "But, apart from the above considerations, it seems to me that the Special Court erred in treating the change of intention in 1948-9 as decisive of the question before it. One must not lose sight of the true nature of the inquiry in cases of this kind. There is no legislative provision that makes the intention of the

belastingpligtige is ook as een van die belangrike oorwegings beskou om te besluit of hy inderdaad 'n besigheid bedryf het of by 'n skema van winsbejag betrokke was. Daar is egter ook beklemtoon dat die subjektiewe ingesteldheid van 'n belastingpligtige nie individueel deurslaggewend is nie.³⁵⁶

Daar is verder ook skrywers wat argumenteer dat die bedoeling van die belastingpligtige³⁵⁷ regtens irrelevant is indien dit op 'n verkeerde interpretasie of begrip van die inkomstebelastingreg gebaseer is.³⁵⁸ Daar word aan die hand gedoen dat dié standpunt aan bedenkinge onderhewig is en nie die gevestigde reg weerspieël nie.³⁵⁹ Daar word in oorweging gegee dat regsonkunde aan die kant van die belastingpligtige nie 'n wesentlike rol by die beoordeling van die inkomste- of kapitale aard van 'n ontvangste speel nie. Daar is eerder gesag vir die standpunt dat 'n oordrewe belastingregbewustheid aan die kant van die belastingpligtige die howe kan beweeg om 'n negatiewe afleiding aangaande die belastingpligtige se bedoeling te maak.³⁶⁰ Daar word aan die hand gedoen dat die inkomstebelastingregkennis waaroor die belastingpligtige beskik 'n irrelevante faktor is om die aard van 'n ontvangste te bepaal.

taxpayer decisive of whether the receipt or accrual was of a capital nature or not. The decisions of this Court have recognized the importance of the intention with which property was acquired and have taken account of the possibility that a change of intention or policy may also affect the result. But they have not laid down that a change of policy or intention by itself effects a change in the character of the assets."

^{356.} In *Natal Estates Ltd v SIR* 1975 4 SA 177 (A), 37 SATC 193 220 beskou ar Holmes die bedoeling van die belastingpligtige as 'n belangrike oorweging om vas te stel of die eiendom in die loop van 'n besigheid of 'n skema van winsbejag verkoop is. Hy sê: "*Important considerations* include, inter alia, *the intention of the owner*, both at the time of buying the land and when selling it (for his intention may have changed in the interim) ... *Those considerations are not individually decisive and the list is not exhaustive.*" (Kursivering bygevoeg.)

^{357.} Die bedoeling van die belastingpligtige dui op 'n tipe subjektiewe ingesteldheid wat die belastingpligtige kan openbaar. Sien hfst 5 waar die psigologiese verskille tussen die onderskeie tipes subjektiewe ingesteldhede van 'n individu bespreek word.

^{358.} Urquhart *Income Tax* par 5.2 5-8.

^{359.} Wat regsonkunde en die verskoonbaarheid daarvan in die reg betref, sien *S v De Blom* 1977 3 SA 513 (A) waar aanvaar is dat regsonkunde in die strafreg as verskoning aangebied kan word. In *Willis Faber Enthoven (Pty) Ltd v Receiver of Revenue* 1992 4 SA 202 (A), 54 SATC 427 441 verwys ar Hefer met goedkeuring na voorgemelde beslissing. Hy bevind dat 'n regsdwaling nie die terugeis van 'n onverskuldigde betaling ingevolge die gemeenregtelike verrykingsaksie, *condictio indebiti*, verbied nie. Hy wys ook op die kompleksiteit van huidige regs- en kommersiële praktyke en die moontlikheid om as gevolg daarvan 'n regsfout te begaan.

^{360.} Sien *CIR v Strathmore Consolidated Investments Ltd* 1959 1 SA 469 (A), 22 SATC 213; *Land Dealing Co v COT* 1959 3 SA 485 (SR), 22 SATC 310 321.

7.2 Oorsprong in Suid-Afrikaanse regspraak

7.2.1 Inleiding

Die erkende riglyne wat die howe toepas om die inkomste- of kapitale aard van 'n bedrag te bepaal wat by die realisering van 'n bate ontvang word, is die volgende:

- i) die besigheid-riglyn; en
- ii) die "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn.³⁶¹

Voorgemelde riglyne is uit die Engelse reg deur ons regstelsel oorgeneem.³⁶² Dit blyk uit die uitspraak in *Californian Copper Syndicate v Harris*³⁶³ dat bogemelde riglyne 'n subjektiewe grondslag het.³⁶⁴ In dié beslissing kom sowel die *lord justice clerk* (die *right honourable* JHA Macdonald) as *lord* Trayner tot die gevolgtrekking dat die maatskappy opgerig is met die doel en oogmerk om 'n spekulatiewe besigheid te bedryf deur die minerale eiendom wat hulle verkry het, teen 'n wins te verkoop.³⁶⁵ In *Commissioner of Taxes v Booyens Estates*

³⁶¹. Sien par 5 en par 6. Hierdie riglyne het hulle oorsprong in *Californian Copper Syndicate v Harris* (1904) 5 TC 159 166 en is o m bevestig in *Overseas Trust Corporation Ltd v CIR* 1926 AD 444, 2 SATC 71 75; *CIR v Stott* 28 AD 252, 3 SATC 253; *CIR v Lydenburg Platinum Ltd* 1929 AD 137 4 SATC 8; *Lace Proprietary Mines Ltd v CIR* 1938 AD 267 9 SATC 349; *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271.

³⁶². Inderdaad uit die Skotse reg. Sien *Californian Copper Syndicate v Harris* (1904) 5 TC 159. Urquhart *Income Tax* par 5.2.1 5-6 - 5-9 bevraagteken die korrektheid van die aanvaarding van die beginsels in die *Californian Copper Syndicate*-beslissing deur die Suid-Afrikaanse howe. Die basis van die "toets van bedoeling" rus na bewering op twyfelagtige gronde. Die Engelse en Suid-Afrikaanse belastingreg is tans, soos dit ten tyde van die *Californian Copper Syndicate*-beslissing was, wesenlik verskillend. In *Morrison v CIR* 1950 2 SA 449 (A) 16 SATC 377 384-385 wys ar Schreiner op die onderskeid tussen inkomstebelasting in Suid-Afrika en Engeland: "It has often been pointed out in this Court, and it must always be borne in mind, that our Income Tax law rests upon the definition of 'gross income' in sec 7 of the Act ... and that the approach to the question whether any receipt or accrual is subject to income tax depends, negatively, on whether it is of a capital nature and, even if it is, whether it falls under any of the paras. (a), etc., included in the definition. This approach differs from that of the English system of Income Tax statutes, under which various categories of income are enumerated and subjected to taxation. It may be assumed that in a limited range of cases this difference of approach may lead to a different conclusion but it is unnecessary for the purposes of this case to investigate the matter closely." Sien ook in *COT v Booyens Estates Ltd* 1918 AD 576, 32 SATC 10 die opm van hr Innes op 25: "The line of inquiry under our Act therefore approaches so close to the English test, that in a case like the one before us there is no practical difference." Sien ook *Liquidator Rhodesia Metals Ltd v COT*, SR 1938 AD 282, 9 SATC 363 367; *Natal Estates Ltd v SIR* 1975 4 SA 177 (A), 37 SATC 193 215 waar lg benadering bevestig is.

³⁶³. *Californian Copper Syndicate v Harris* (1904) 5 TC 159 166 167.

³⁶⁴. Broomberg 1998 *Tax Planning* 71 is van mening dat een van die riglyne wat in die *Californian Copper Syndicate*-saak geïdentifiseer is, nl die uitvoering van die besigheidsbedrywigheid in die loop van die skema van winsbejag, voorveronderstel dat die doel om wins te maak die onderskeidende faktor is.

³⁶⁵. Sien op 166 waar die *lord justice clerk* as vlg beslis: "These are shortly some of the *main purposes* of the Company, and they certainly point distinctly to a highly speculative business ..." (Kursivering bygevoeg.) En op 167: "Its *purpose* was to exploit a field, and obtain gain by inducing others to take it up on such terms as would bring substantial gain to themselves." En verder op 167 waar *lord* Trayner opmerk: "[T]he Appellant

*Limited*³⁶⁶ is verwys na die riglyn wat in die *Californian Copper Syndicate*-saak nagevolg is. Hierdie riglyn is duidelik beskou as van 'n subjektiewe aard wat betrekking het op die doel van die maatskappy.³⁶⁷ Die subjektiewe grondslag van die beslissing in die *Californian Copper Syndicate*-saak word ook deur die appèlhof in *Crowe v Commissioner for Inland Revenue*³⁶⁸ bevestig. Appèlregter Stratford bevind dat die doel- of bedoeling-toets in sowel die *Booyens Estate* as die *Californian Copper Syndicate*-saak toegepas is.³⁶⁹

Daar is skrywers wat aanvoer dat die hof in die *Californian Copper Syndicate*-beslissing nie op 'n subjektiewe riglyn gesteun het nie.³⁷⁰ Die Skotse hof het in dié beslissing na bewering 'n objektiewe benadering gevolg. Die hof het klaarblyklik in die lig van al die feite objektief beoordeel of die ontvangste van 'n kapitale aard was. Daar word egter aan die hand gedoen dat die hof in bogemelde beslissing nie die objektiewe feite abstrak beoordeel het nie. Die omringende omstandighede is beoordeel om 'n afleiding aangaande die subjektiewe doel van die maatskappy te maak.³⁷¹ Daar is derhalwe nie bloot op grond van die omringende feite 'n objektiewe bevinding aangaande die aard van die ontvangste gemaak nie.

7.2.2 Regspraak

Dit blyk duidelik uit die regspraak dat waar die inkomste- of kapitale aard van die opbrengs van 'n bate by realisering oorweeg word, die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige met die bate 'n deurslaggewende oorweging is.³⁷² Die aanvanklike doel van

Company was formed in order to acquire certain mineral fields or workings - not to work the same themselves for the benefit of the Company, but solely with the *view and purpose* of reselling the same at a profit." (Kursivering bygevoeg.)

^{366.} *COT v Booyens Estates Ltd* 1918 AD 576, 32 SATC 10.

^{367.} Hr Innes verwys deurlopend na die doelwit en doel van die mpy met die eiendom. Hy sê op 27-28: "The capital was not adequate to the *main object*, no increase of capital was arranged, and the company's *purpose* having failed, all its assets were disposed of, and it was wound up." (Kursivering bygevoeg.)

^{368.} *Crowe v CIR* 1930 AD 122, 4 SATC 133.

^{369.} Hy sê op 139: "Again in *Commissioner of Taxes v Booyens Estates* (supra, at p. 596) the chief justice applied the test of purpose or intention stated in *Californian Copper Syndicate v Inland Revenue* (41 Sc. Law Reporter 691); 'Lord Trayner, too, was satisfied that the company had been formed, not to work the field themselves, but solely with a view and purpose of re-selling the same at a profit'."

^{370.} Urquhart *Income Tax* par 5.2 5-6 - 5-7.

^{371.} In *Californian Copper Syndicate v Harris* (1904) 5 TC 159 maak lord Trayner uitdruklik 'n bevinding wat hierdie standpunt bevestig. Hy sê op 167: "[T]he Appellant Company was formed in order to acquire certain mineral fields or workings - not to work the same themselves for the benefit of the Company, but solely with the view and purpose of selling the same at a profit. *The facts before us all point to this.*" (Kursivering bygevoeg.)

^{372.} Sien *CIR v Stott* 1928 AD 252, 3 SATC 253 waar ar Wessels deurlopend die doel van Stott oorweeg. Hy sê op 258: "In 1918 he sold the two acres at Winkelspruit, Natal, which he had bought for the *purpose* of a seaside residence." En op 261: "There was therefore no proof that the taxpayer conceived a scheme of

die belastingpligtige met die aankoop van die eiendom is 'n belangrike oorweging,³⁷³ maar dit moet nie alleen beoordeel word nie. Die bedoeling waarmee 'n artikel of eiendom gekoop word, is nie noodwendig absoluut deurslaggewend om te bepaal of die opbrengs by die verkoop daarvan belasbaar sal wees nie. Die aanvanklike bedoeling is 'n belangrike faktor, maar die deurslaggewendheid daarvan is onderhewig aan 'n voorwaarde. Dié voorwaarde hou verband met ander faktore wat tussenbeide kan tree en die waarde van die oorspronklike bedoeling kan beïnvloed. Hierdie faktore kan aandui dat op die tydstip wat die bate verkoop is, dit verkoop is in die uitvoering van 'n skema van winsbejag.³⁷⁴

In die regspraak is faktore uitgewys wat daarop kan dui dat die oorspronklike doel met die aankoop van die eiendom nie deurslaggewend is nie. Waar die doel oorspronklik was om 'n gewone belegging van surplusfondse te maak, moet daar spesiale handeling wees wat,

making profits by buying land for the *purpose* of cutting it up and selling it in lots." En verder op 262: "Now the evidence was clear that neither the Ifafa nor the Bluff property had been bought for that *purpose*." In *Lace Proprietary Mines Ltd v CIR* 1938 AD 267, 9 SATC 349 omskryf hr Stratford die probleem as volg op 359: "In the present case it is admitted that the mineral rights in question were originally acquired for the purpose of resale at a profit and that they were indeed sold in fulfilment of that *purpose*." En op 360: "The real subject of controversy concerns the *intention* of the company when it re-acquired these mining rights in 1921." In *Liquidator Rhodesia Metals Ltd v COT*, SR 1938 AD 282, 9 SATC 363 formuleer hr Stratford die kwessie as vlg op 368: "The question is whether the sale by the company in liquidation was for the *purpose* of concluding the operation of profit making which was in hand, or was unrelated to that operation and merely a necessary step in liquidation." In *New Mines Ltd v CIR* 1938 AD 455, 10 SATC 9 beslis hr Stratford op 13: "The sole question is whether this transaction, commencing with the original acquisition of these 99,400 shares with the above *object* in view, was ever concluded, either by the appellant company itself or in any other way properly to be regarded as the termination of the business operation upon which the appellant company originally embarked." In *Marshall Industrials Ltd v CIR* 1951 3 SA 581 (A), 17 SATC 378 sê ar Schreiner op 383: "In the present case if the *object or intention* of the appellant company in floating Connocks Holdings was to obtain shares and, without holding them as an investment, to resell them at a higher price, any gain so made would, generally speaking, be income." In *Crowe v CIR* 1930 AD 122, 4 SATC 133 139 verwys ar Stratford na die uitspraak van hr Innes in *COT v Booysens Estates Ltd* 32 SATC 10 26 waar hy verwys na die beslissing in *Californian Copper Syndicate v Harris* waar hy die vlg bevinding maak: "Lord Trayner, too, was satisfied that the company had been formed, not to work the fields himself, but solely with the *view and purpose* of reselling the same at a profit." (Kursivering deurlopend bygevoeg.)

³⁷³. In *CIR v George Forest Timber Co Ltd* 1924 AD 516, 1 SATC 20 bevestig hr Innes die belangrikheid van die aanvanklik doel waarmee die eiendom met die bome daarop aangekoop is. Hy sê op 22-23: "But the property was actually dealt with in accordance with the *purpose* for which it was acquired: namely, the production of revenue through the channel of the company's ordinary business. ... The price obtained was portion of the company's revenue; it was money received in the course of its business." (Kursivering bygevoeg.)

³⁷⁴. Ar Wessels sê in die *Stott*-saak op 261-262: "It was unnecessary to go so far as to say that the intention with which an article or land was bought was conclusive as to whether the proceeds derived from a sale were taxable or not. It was sufficient to say that the intention was an important factor and unless some other factor intervened to show that when the article was sold it was sold in pursuance of a scheme of profit-making, it was conclusive in determining whether it was capital or gross income."

gebaseer op die gewone ervaring of ondervinding van mense,³⁷⁵ daarop dui dat die belastingpligtige 'n skema van winsbejag bedink en dit sy besigheid gemaak het om dit uit te voer.³⁷⁶ Die gebruik van die woord "bedink"³⁷⁷ toon ook aan dat die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige oorweeg is. Daar word aan die hand gedoen dat dit verwys na die resultaat of doelwit wat die belastingpligtige met die verrigting van die spesiale handeling wou bereik. 'n Beleidsverandering deur die direksie van 'n maatskappy is 'n byvoorbeeld van die faktore wat tussenbeide kan tree om die doel waarmee die eiendom gehou word, te verander.³⁷⁸

Daar word verder in oorweging gegee dat dié spesiale handeling bloot 'n bewysgewende funksie het, naamlik om die doel van die belastingpligtige by vervreemding te bepaal. Sodoende kan bepaal word of daar 'n verandering in die doel van die belastingpligtige was. Dit wil sê: Hou die belastingpligtige die bate steeds met die oorspronklike kapitaal-doel, of is daar 'n verandering in doel om 'n besigheid te bedryf of besigheidsbedrywigheid in die loop van 'n skema van winsbejag uit te voer?³⁷⁹

Die substansiële basis vir oorweging is deurlopend die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige. Die omringende omstandighede, waarvan die tussentredende faktore deel is, is nie 'n onafhanklike en opsigselfstaande objektiewe inkomste-riglyn nie.³⁸⁰ Daar word

^{375.} Sien par 5.3.2.1 waar hierdie benadering krities bespreek is.

^{376.} Ar Wessels dui in die *Stott*-saak op 262 aan: "... but in order to convert what was on the face of it an ordinary investment of surplus funds into a profit-making business there must be proof of some special acts which in the ordinary experience of men showed that the taxpayer had conceived some scheme for profit-making and had made it his business to carry it out." Ar Wessels verwys nie spesifiek na 'n verandering in die doel waarmee Stott die eiendom gehou het nie. Daar word aan die hand gedoen dat dit inderdaad is wat hy oorweeg het. Sy bevinding was in wese dat daar nie 'n verandering in doel was nie. Die eiendom is ten tyde van die vervreemding daarvan steeds as belegging gehou.

^{377.} Die Engelse begrip "conceived" word in Afrikaans vertaal met "bedink".

^{378.} Sien *CIR v Lydenburg Platinum Ltd* 1929 AD 137, 4 SATC 8 waar ar Stratford op 18 beslis: "Whether at the date of purchase the Board had definitely formed the *intention* to secure those profits by resale, or by mining, was not necessary to say, for the facts of the case convinced his Lordship that a profitable resale or resales were certainly in their contemplation." En op 19: "For, even though it were assumed that these properties were originally acquired for the *purpose* of carrying on the business of mining the subsequent events to which reference had been made pointed to a clear *change of policy* in regard to the use to which they were put." (Kursivering bygevoeg.)

^{379.} Die vlg uitspraak van ar Stratford in *CIR v Lydenburg Platinum Ltd* 1929 AD 137, 4 SATC 8 bevestig hierdie standpunt. Hy verwys na die *Stott*-saak en sê op 19: "For, even though it be assumed that these properties were originally acquired for the purpose of carrying on the business of mining, the subsequent events to which I have referred, point to a clear change of policy in regard to the use to which they were put. ... In the present case, a new factor did intervene of a decisive character, namely the deliberate adoption of the policy of selling the company's properties to make profits." Sien ook *Natal Estates Ltd v SIR* 1975 4 SA 177 (A), 37 SATC 193 217; *Tati Co Ltd v Collector of Income Tax, Botswana* 1974 (BCA), 37 SATC 68 86.

^{380.} Sien *CIR v Stott* 1928 AD 252, 3 SATC 253 waar ar Wessels deurlopend die doel van Stott oorweeg. Hy sê

aan die hand gedoen dat die howe nie op grond van 'n bloot objektiewe beskouing beslis dat die opbrengs van 'n gerealiseerde eiendom van 'n kapitale aard is nie. Die bestaan van tussentredende faktore word nie abstrak oorweeg nie. Die relevante omringende omstandighede waaruit die tussentredende faktore sal blyk, word binne 'n bepaalde verwysingsraamwerk beoordeel, naamlik deur te oorweeg in hoe 'n mate dit die beweerde doel van die belastingpligtige ondersteun.³⁸¹ Die oorweging van die omringende omstandighede is bloot 'n proses waardeur probeer word om die doel van die belastingpligtige te konkretiseer.³⁸²

op 258: "In 1918 he sold the two acres at Winkelspruit, Natal, which he had bought for the *purpose* of a seaside residence." En op 261: "There was therefore no proof that the taxpayer conceived a scheme of making profits by buying land for the *purpose* of cutting it up and selling it in lots." En verder op 262: "Now the evidence was clear that neither the Ifafa nor the Bluff property had been bought for that *purpose*. *Prima facie* each property was bought as an ordinary investment of surplus funds ..." (Kursivering bygevoeg.) Urquhart *Income Tax* par 5.2 5-7 voer aan dat die bedoeling van Stott eers aan die einde van die uitspraak as 'n faktor oorweeg is. Die hof het vlg. Urquhart in daardie stadium alreeds op grond van 'n bloot objektiewe beskouing beslis dat die opbrengs van die gerealiseerde eiendom van 'n kapitale aard is. Hierdie standpunt kan nie ondersteun word nie. Dit blyk duidelik uit voorgemelde aanhalings dat ar Wessels deurlopend die subjektiewe ingesteldheid van Stott oorweeg het om te bepaal of 'n besigheid of skema van winsbejag beoefen is.

³⁸¹. Vergelyk egter die standpunt van Urquhart *Income Tax* par 5.2.1 5-7: "In other words, the intention of the taxpayer is not really at issue. What is at issue is the objective set of facts before the court, which may be illucidated by evidence given by the taxpayer, but from which the court will make an objective assessment." Daar word aan die hand gedoen dat die standpunt van Saunders 1990 *BTR* 188 tov die relevansie van die objektiewe, omringende omstandighede meer regsgefundeerd is. Hy sê: "The other badges of trade can only be given any significance or have any meaning attributed to them if given a point of reference, which much be the taxpayer's intention. To consider them in the abstract and to 'put them in the scales' in order to weigh them as factors either favouring or militating against a finding of trading is a meaningless exercise with no justification in principle." Sien ook Meyerowitz *Income Tax* par 8.23 8-9. Broomberg 1972 *SALJ* 450 dui ook aan dat die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige die deurslaggewende oorweging is om te bepaal of 'n skema van winsbejag beoefen is.

³⁸². In *Natal Estates Ltd v SIR* 1975 4 SA 177 (A), 37 SATC 193 220 wil dit voorkom of ar Holmes hoofsaaklik objektiewe faktore oorweeg om tot die gevolgtrekking te kom dat 'n besigheid of skema van winsbejag bedryf is. Die ar verwys ook spesifiek na faktore wat oorweeg moet word om te bepaal of die realisering van 'n kapitaalbate op die bedryf van 'n besigheid of op die aanpak van 'n skema van winsbejag neerkom. Hy identifiseer die volgende faktore: die bedoeling van die belastingpligtige ten tyde van die aankoop en verkoop van die eiendom; indien die belastingpligtige 'n maatskappy is, die doelstellings van die maatskappy; die aktiwiteite van die eienaar met betrekking tot die eiendom; waar die belastingpligtige die eiendom opgedeel het, die omvang, beplanning, aard, tydsduur, organisasie en bemerking van die onderneming; en die verhouding tussen hierdie omstandighede en die gewone kommersiële konsep om 'n besigheid te bedryf of 'n skema van winsbejag te beoefen. Ar Holmes identifiseer nie uitdruklik die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige as die grondslag van die besigheid- en "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn nie. Daar word aan die hand gedoen dat die belangrike oorwegings waarna die ar verwys faktore is wat die howe onder meer in ag behoort te neem om te besluit of die belastingpligtige ten doel gehad het om die eiendom te realiseer in die loop van die bedryf van 'n besigheid of in die uitvoering van 'n skema van winsbejag. Die konteks waarbinne die belangrike oorwegings beoordeel moet word, is die doel wat die belastingpligtige beoog om met die realisering van die eiendom te bereik. Daar word aan die hand gedoen dat sodanige benadering op 'n suiwer toepassing van die besigheid- en

Die feit dat die transaksies wat die belastingpligtige aangegaan het "uiterlik" sekere eienskappe openbaar wat kenmerkend aan die bedryf van 'n besigheid is, byvoorbeeld kontinuïteit van aktiwiteite, sal nie voldoende wees om die hof te beweeg om tot die gevolgtrekking te kom dat 'n besigheid bedryf is nie.³⁸³ Die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige is die deurslaggewende faktor. Die relevante oorweging is nie die objektiewe doel³⁸⁴ wat uit die waarneembare eienskappe van die transaksies afgelei kan word nie.³⁸⁵ Die werklike subjektiewe doel van die belastingpligtige waarmee hy die transaksies aangegaan het, moet oorweeg word. Nieteenstaande die vorm van die transaksies moet oorweeg word of die belastingpligtige die resultaat wou bereik om 'n

"besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn neerkom en in lyn met die beslissing in *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271 sal wees. Hierdie uitgangspunt is ook in die Australiese regspraak gevolg in *FCT v Whitfords Beach Pty Ltd* (1982) 12 ATR 692.

^{383.} In *ITC 136* (1928) 4 SATC 203 205 206 het die belastingpligtige eers 'n besigheid in Suid-Afrika bedryf. Hy het afgetree en in die buiteland gaan woon. Hy wou die eiendom verkoop waarin hy sy besigheid bedryf het, maar kon nie 'n geskikte koper kry nie. Intussen het hy die eiendom verhuur. Die geskilpunt het onder meer gehandel oor die vraag of hy 'n besigheid in Suid-Afrika bedryf het. Die vorm van die transaksie kon daarop gedui het dat die verhuring van die eiendom die bedryf van 'n besigheid daarstel. Die belastingpligtige se doelwit was egter nie om 'n besigheid te bedryf nie. Die hof kom tot die gevolgtrekking dat die belastingpligtige nie 'n besigheid in Suid-Afrika bedryf het nie. Hy wou nie die eiendom onproduktief laat nie en het dit verhuur. Die hof beskou die verhuring van die eiendom as soortgelyk aan 'n belegging van surplus-kontant in 'n verband. Sien ook *ITC 258* (1932) 7 SATC 67 waar ook oorweeg is of die verhuring van eiendom die bedryf van 'n besigheid daarstel. Die hof bevind dat 'n besigheid nie bedryf is nie omdat daar nie 'n bedoeling was om dit te doen nie. Die hof verwys na die beslissing van r Wessels in *Modderfontein Deep Levels Ltd v Feinstein* 1920 TPD 288 291 en pas die toets wat daar geïdentifiseer is toe, nl: "To constitute a business there must either be a definite intention at the first act to carry on similar acts from time to time if opportunity offers, or the acts must be done not once or twice but successively, with the intention of carrying it on, so long as it is thought desirable." En op 70: "Now, taking this factor ... into consideration it does not appear that because in the present case there was successive letting of these properties, that the intention of letting the properties was present in order to constitute it a carrying on of a business. Admittedly certain rents were received by the appellant, but all the evidence shows that there had been no definite intention 'at the first act to carry on similar acts from time to time'." Sien ook *Crowe v CIR* 1930 AD 122, 4 SATC 133 139. Indien bloot die objektiewe feite oorweeg is, sou die afleiding gemaak kon word dat Crowe 'n besigheid bedryf het deur 'n wattelplantasie te koop en te verkoop. Ar Stratford bevind egter dat die besigheid van Crowe nie was om met wattelplantasies te spekuleer nie. Daar word aan die hand gedoen dat die ar die doel van Crowe oorweeg om tot 'n beslissing te kom omdat hy as gesag verwys na ander regspraak waar die doel met die aankoop van die bate 'n deurslaggewende rol gespeel het. Sien 139.

^{384.} In die Australiese reg is daar in *Magna Alloys & Research Pty Ltd v FCT* (1980) 11 ATR 276 279 in die konteks van die aftrekbaarheid van onkoste verwys na die objektiewe doel van die onkoste. Die objektiewe doel word gewoonlik vasgestel deur bepaalde objektiewe, omringende omstandighede wat met die transaksie verband hou, te oorweeg. Hierdie objektiewe omstandighede sal volgens menslike ondervinding geneig wees om sekere "noodwendige" gevolge tot stand te bring wat 'n aanduiding van die objektiewe doel sal gee.

^{385.} In *ITC 136* (1928) 4 SATC 203 beslis die hof beslis op 205: "The decided cases, however, indicated that the crux of 'business' was the intention of the taxpayer - not necessarily an outward intention which could be inferred from the transactions themselves, but his real object in entering into the transactions."

besigheid te bedryf of 'n besigheidbedrywigheid in die loop van 'n winsbejagskema uit te voer.

Daar is regspraak waarin aangedui word dat daar geen statutêre bepaling is wat die bedoeling van die belastingpligtige deurslaggewend maak om vas te stel of 'n ontvangste van 'n kapitale aard is nie.³⁸⁶ In *Secretary for Inland Revenue v The Trust Bank of Africa Limited*³⁸⁷ bevestig appèlregter Botha die standpunt dat daar geen statutêre bepaling is wat die bedoeling van 'n belastingpligtige deurslaggewend maak om die inkomstebelastingaard van 'n ontvangste te bepaal nie. Daar word aan die hand gedoen dat appèlregter Botha met hierdie stelling nie die wesentliche aard van die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige as 'n deurslaggewende faktor om die inkomstebelastingaard van 'n ontvangste te bepaal, betwyfel nie. Hy beklemtoon dat in die onderhawige geval die bedoeling waarmee, of die doel waarvoor, die aandele verkry is van fundamentele belang was om die aard daarvan te bepaal.³⁸⁸ Hy wys verder daarop dat waar 'n maatskappy in beleggings handel dryf, die objektiewe faktore, naamlik die doelstellings van die maatskappy, die werklike aard van die besigheid, die normale besigheid wat daardie tipe maatskappy bedryf en die aard van die transaksie, 'n belangriker rol kan speel as die bedoeling waarmee dit aangekoop is om die doel vas te stel waarvoor die aandele verkry is.³⁸⁹

Hierdie stelling bevestig die grondslag waarop die ondersoek berus om die aard van 'n bate vir inkomstebelastingdoeleindes in die betrokke omstandighede vas te stel. Die grondslag van die ondersoek is duidelik die doel waarvoor die aandele aangekoop is. Daar word aan die hand gedoen dat die ander objektiewe en subjektiewe faktore³⁹⁰ se funksie bloot

^{386.} Sien *CIR v Richmond Estates (Pty) Ltd* 1956 1 SA 602 (A), 20 STC 355. Ar Schreiner gee in sy minderheidsuitspraak die volg uiteensetting op 365: "There is no legislative provision that makes the intention of the taxpayer decisive of whether the receipt or accrual was of a capital nature or not. The decisions of this Court have recognized the importance of the intention with which property was acquired and have taken account of the possibility that a change of intention or policy may also affect the result. But they have not laid down that a change of policy or intention by itself effects a change in the character of the assets."

^{387.} *SIR v The Trust Bank of Africa Ltd* 1975 (3) SA 652 (A), 37 SATC 87 103.

^{388.} Hy gee die volg uiteensetting op 104: "In these circumstances the intention with which, or the purpose for which, the shares were acquired was, therefore, fundamental to the question whether they were acquired in order to extend or add to the permanent structure upon which the appellant's banking business rested, or whether they were merely acquired in the ordinary course of its share-dealing operations."

^{389.} Ar Botha dui op 104 die wese van die ondersoek om die aard van bate te bepaal as volg aan: "It may be that in the case of an investment-dealing company ... the objective factors, such as the objects of the company as set out in its memorandum of association, the actual nature of the company's business, the normal business carried on by companies of that type, and the nature of the transaction, may, *in an enquiry as to the purpose for which specific shares were acquired by such a company*, assume greater significance than the intention with which those shares were acquired ..." (Kursivering bygevoeg.)

^{390.} Dws die kategorieese bedoeling ("intention") om 'n bepaalde handeling te verrig, bv om die aandele te

bewysgewend is, naamlik om die doel van die maatskappy met die aankoop van die aandele vas te stel.³⁹¹

In *Commissioner for Inland Revenue v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust*³⁹² is die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige as die grondslag van die besigheid- en "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn deur die appèlhof bevestig en beklemtoon.³⁹³ In dié saak moes die appèlhof uitspraak gee oor die inkomste- of kapitale aard van die wins wat 'n werknemersaandeletrust met die vervreemding van die aandele gemaak het. Appèlregter Smalberger beslis dat die "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn die relevante riglyn is wat toegepas moet word.³⁹⁴ Hy kom verder tot die gevolgtrekking dat die aanwending van dié riglyn 'n oorweging van die doelstellings en doel van die belastingpligtige behels. Indien die belastingpligtige meer as een doel gehad het, moet sy dominante doel oorweeg word.³⁹⁵

verkoop. Sien hfst 10 par 5.8 waar daar in die konteks van die inkomstebelastingreg 'n onderskeid tussen die bedoeling en doel van 'n belastingpligtige getref word.

- ^{391.} By 'n regs persoon is dit die persone in beheer wie se subjektiewe ingesteldheid oorweeg moet word. Sien *CIR v Richmond Estates (Pty) Ltd* 1956 1 SA 602 (A), 20 SATC 355 361 waar die vlg oor die bedoeling van 'n mpy gesê is: "A company is an artificial person 'with no body to kick and no soul to damn' and the only way of ascertaining its intention is to find out what its directors acting as such intended." In *SIR v The Trust Bank of Africa Ltd* 1975 (3) SA 652 (A), 37 SATC 87 beslis ar Botha op 102: "The appellant being a company, its intention must be sought in the thoughts and acts of the persons who manage and control it." Sien ook *Lace Proprietary Mines Ltd v CIR* 1938 AD 267, 9 SATC 349 waar hr Stratford op 353 sê: "With the object of throwing light on the intention of the appellant the stated case mentions remarks made by the chairman at various annual meetings." Hierdie uitgangspunt is ook in Nieu-Seeland bevestig. Sien *CIR v National Distributors Ltd* [1989] 3 NZLR 661 666.
- ^{392.} *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271. Davis *Finance Week* Desember 3-9 1992 bevestig op 16 die belangrikheid van die beslissing in die *Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust*-saak as 'n saak wat leidende gesag sal bied vir die onderskeid tussen ontvangste van 'n inkomste- en van 'n kapitale aard in ons belastingreg.
- ^{393.} Sien ook *CIR v Stott* 1928 AD 252, 3 SATC 253 waar ar Wessels op 262 die subjektiewe grondslag van die "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn bevestig: "It was sufficient to say that the intention was an important factor and unless some other factor intervened to show that when the article was sold it was sold *in pursuance of a scheme of profit-making*, it was conclusive in determining whether it was capital or gross income. Now the evidence was clear that neither the Ifafa nor the Bluff property had been bought for *that purpose*." (Kursivering bygevoeg.)
- ^{394.} Daar word in oorweging gegee dat ar Smalberger in werklikheid die besigheid-riglyn toepas. Hy self is op 279-280 van mening dat die "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn eerder by 'n eenmalige transaksie aanwending vind. Dit blyk uit die feitestel dat die wins nie uit 'n eenmalige transaksie voortgespruit het nie. Sien 284.
- ^{395.} Hy sê op 280: "The application of this test [die "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn] involves a consideration of the objectives of the taxpayer (the Trust) and what its purpose, or if there was more than one, what its dominant purpose was ..." Hierdie benadering word ook deur Meyerowitz *Income Tax* par 8.23 ondersteun. Hy sê: "The application of the test ["besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn] presupposes an enquiry into the state of mind or the intention, or in the case of a company of the policy, of the taxpayer."

Daar word aan die hand gedoen dat dit duidelik is dat die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige die grondslag vorm van die toepassing van die "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn. Nieteenstaande die feit dat appèlregter Smalberger na sekere objektiewe eienskappe van 'n besigheid verwys, soos die koop en winsgewende verkoop van aandele, beklemtoon hy die belangrikheid van die bedoeling van die belastingpligtige om te bepaal of 'n besigheid bedryf is. Hy bevind dat die belastingpligtige nie ten doel gehad het om 'n besigheid met aandele te bedryf nie.³⁹⁶ Sy gevolgtrekking is dat die wins van 'n kapitale aard en nie belasbaar is nie.

7.3 Ontleding en gevolgtrekking

In die Australiese regspraak blyk daar verskillende menings te wees oor die belangrikheid van die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige as 'n maatstaf om te bepaal of 'n besigheid bedryf word. Soms beskou die hof die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige as die primêre maatstaf en ander omringende faktore as bloot aanduidend van die belastingpligtige se subjektiewe ingesteldheid. Volgens dié beskouing kan die objektiewe omringende omstandighede wat kenmerkend van 'n besigheid of bedryf is, slegs van belang en relevant wees indien dit binne 'n bepaalde verwysingsraamwerk, naamlik die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige, beoordeel word.³⁹⁷ Daar is ook beslis dat die feit dat die belastingpligtige ten doel het om 'n besigheid te bedryf en 'n enkele transaksie in die uitvoering van daardie oogmerk aangaan, voldoende is om 'n besigheid daar te stel.³⁹⁸ In ander omstandighede volg die hof die hof se uitsluitlik objektiewe benadering om vas te stel of 'n besigheid bedryf word.³⁹⁹ 'n Uitvloeisel van die objektiewe benadering is dat die hof verwys na 'n objektiewe bedoeling. Die uitgangspunt is dat alhoewel daar 'n bedoeling moet bestaan

^{396.} Sien 280 waar hy beslis: "There was no intention on the part of the Trust to conduct a business in shares." Ar Smalberger wys op 281 daarop dat die begrip "intention" in die konteks van die inkomstebelastingreg die doel beteken waarmee 'n belastingpligtige 'n transaksie aangaan. Sien ook *SIR v The Trust Bank of Africa Ltd* 1975 (3) SA 652 (A), 37 SATC 87 106.

^{397.} In *FCT v Whitfords Beach Pty Ltd* (1982) 12 ATR 692 sê *chief justice* Gibbs op 701: "[B]ut in deciding whether what was done was an operation of business, it is relevant to consider the purpose with which the taxpayer acted, and, since the taxpayer is a company, the purpose of those who control it are its purposes. ... The purpose of those controlling the taxpayer was to engage in a business venture with a view to profit."

^{398.} Sien *Fairway Estates Pty Ltd v FCT* (1970) 1 ATR 726 waar *chief justice* Barwick op 735 sê: "Further, in my opinion, there can be a course of business although as yet there is nothing more than an intention to carry on the business and a single transaction carried out in pursuance of that intention." Daar word aan die hand gedoen dat die regter na die doel ("purpose") van die belastingpligtige verwys, nl die resultaat wat hy wil bereik om 'n besigheid te bedryf. Die kategoriese bedoeling om aanvanklik 'n enkele handeling te verrig, is nie die tipe subjektiewe ingesteldheid wat hier van belang is nie. Sien ook *London Australia Investment Co Ltd v FCT* (1977) 138 CLR 106.

^{399.} *FCT v Radnor Pty Ltd* (1991) 22 ATR 344.

om 'n besigheid te bedryf, dit nie beteken dat die vraag of 'n besigheid wel bedryf word subjektief van aard is nie.⁴⁰⁰ Die grondslag van die uitgangspunt is dat 'n persoon geag sal word om die natuurlike en moontlike gevolge van sy handeling te bedoel. Selfs waar 'n persoon nie bedoel om 'n besigheid te bedryf nie, sal daar gewoonlik beslis word dat hy wel 'n besigheid bedryf indien sy handeling of aktiwiteite feitlik op die bedryf van 'n besigheid neerkom.⁴⁰¹

Daar word aan die hand gedoen dat die subjektiewe grondslag van die besigheid- en die "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn in die Suid-Afrikaanse regspraak gevestig is en die suiwer benadering is wat toegepas behoort te word. Die risiko bestaan egter dat ons howe ook die klem kan verskuif na 'n meer objektiewe benadering. Dit kan veral voorkom waar die belastingpligtige sekere handeling op 'n sekere wyse verrig en dit ooreenstem met daardie tipe handeling wat gewoonlik kenmerkend aan die soort besigheid is wat na bewering bedryf word. Hierdie risiko bestaan veral waar die howe alreeds in die verlede die tipiese eienskappe van die betrokke besigheid wat na bewering bedryf word, geïdentifiseer en toegepas het. In latere uitsprake bestaan die moontlikheid dat die howe sal versuim om vas te stel wat die doel van die belastingpligtige met die aangaan van bepaalde handeling is en bloot 'n vergelyking sal tref tussen die feitestel in oorweging en die tipiese eienskappe van die besigheid wat na bewering bedryf word. Indien daar 'n voldoende mate van ooreenstemming bestaan, kan die hof bloot 'n "objektiewe" gevolgtrekking maak dat die belastingpligtige 'n besigheid bedryf.

Daar word in oorweging gegee dat die ontwikkeling van die inkomstebelastingregspraak wat betrekking het op die onderhawige probleemstelling op 'n logiese wyse sal plaasvind en tot groter regsekerheid aanleiding sal gee indien die vasstelling van die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige as die absolute grondslag erken word by die toegepassing van bogemelde riglyne. Die relevante omringende omstandighede moet binne 'n bepaalde verwysingsraamwerk beoordeel word, naamlik deur te oorweeg in hoe 'n mate dit die beweerde doel van die belastingpligtige ondersteun. Die oorweging van die objektief omringende omstandighede en die vergelyking daarvan met die geïdentifiseerde eiesoortige

⁴⁰⁰. In *FCT v Radnor Pty Ltd* (1991) 22 ATR 344, sê *judge Hill* op 357: "While an intention to carry on a business must exist, this does not mean that the question is subjective." As gesag verwys hy na die uitspraak van *lord Buckmaster* in *J and R O'Kane v Inland Revenue Commissioners* (1922) 12 TC 303 op 347: "... the intention of a man cannot be considered as determining what it is that his acts amount to".

⁴⁰¹. *Judge Hill* gee op 357 die vlg in oorweging: "Conversely, a man will be held to intend the natural and probable consequences of his acts, so that, albeit that he does not intend to carry on a business, if his acts amount to a business in fact, he will ordinarily be held to be carrying on a business."

kenmerke van die besigheid wat na bewering bedryf word,⁴⁰² is bloot 'n proses waardeur probeer word om die doel van die belastingpligtige te konkretiseer.

Die doel van die belastingpligtige met die bate moet oorweeg word by die aankoop van die bate, gedurende die tydperk wat die bate gehou is asook op die tydstip wat die bate gerealiseer is. Die doel van die belastingpligtige het betrekking op die resultaat wat hy met die realisering van die bate wil bereik. Indien hy ten doel het om 'n besigheid te bedryf of 'n besigheidsbedrywigheid in die loop van 'n winsbejagskema uit te voer, sal die wins belasbaar wees. Om die belastingpligtige se *ipse dixit* met betrekking tot sy doel te beoordeel, identifiseer die howe die tipiese eienskappe van die besigheid wat na bewering bedryf word en weeg dit op teen die bewese feitestel om 'n waarde-oordeel te vel oor wat die werklike doel van die belastingpligtige is. Daar word in oorweging gegee dat hierdie benadering die enigste rasonale grondslag bied vir die wisselwerking tussen die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige en die objektief omringende omstandighede om die inkomste- of kapitale aard van ontvangste te bepaal.

8 "VASTE TEENoor BEDRYFSKAPITAAL"-RIGLYN

8.1 Inleiding

Daar word beweer dat die werklike riglyn wat die howe toepas om die inkomste- of kapitale aard van 'n ontvangste by die vervreemding van 'n bate te karakteriseer met die onderskeid tussen vaste en bedryfskapitaal verband hou.⁴⁰³ Die teoretiese toepassing van hierdie riglyn is na bewering eenvoudig:

- i) Indien die ontvangste voortspruit uit die aanwending van vaste kapitaal, is dit van 'n inkomste-aard.
- ii) Indien die ontvangste voortspruit uit die realisering van vaste kapitaal, is dit van 'n kapitale aard.
- iii) Indien die ontvangste voortspruit uit die realisering of die aanwending van

^{402.} Of die besigheidsbedrywigheid wat na bewering uitgevoer word.

^{403.} Urquhart *Income Tax* par 5-5 maak die vlg stelling tov die riglyn wat by die realisering van 'n bate toegepas behoort te word: "In most of the cases the issue is determined on the basis of the so-called test of intention, which obscures the fact that the real test employed (although infrequently enunciated as such) is that of the determining whether the amount concerned arose from the employment of fixed or working capital." Sien ook par 5-6 waar hy sê: "The reliance by the courts on the test of intention arises where an asset has been disposed of, giving rise to an amount the capital or revenue nature of which is in dispute. While it is considered that the actual approach taken is to determine whether, on an objective basis, the capital employed constituted fixed or working capital, as the terms have been identified above, this is not often acknowledge in the judgments."

bedryfskapitaal, is dit van 'n inkomste-aard.⁴⁰⁴

Die "werklike toets" is na bewering 'n objektiewe toets in dié sin dat die objektiewe feitestel voor die hof in geskil is. Die hof moet skynbaar 'n objektiewe waardebeoordeling maak deur die betrokke feitestel te beoordeel.⁴⁰⁵ Daar word beweer dat die riglyn wat die howe behoort toe te pas, en inderdaad toepas maar nie erken dat hulle dit doen nie, op uitsluitlik objektief waarneembare feite gebaseer is wat 'n aanduiding gee van die onderskeid tussen vaste en bedryfskapitaal. Hier onder sal probeer word om bogemelde standpunt te evalueer deur na relevante regspraak te verwys.

Dit blyk dat die howe wel 'n riglyn geformuleer het om die aard van ontvangste te bepaal wat op die onderskeid tussen vaste en bedryfskapitaal gebaseer is.⁴⁰⁶ Daar is skrywers wat beweer dat die onderskeid tussen vaste en bedryfskapitaal selde as 'n bruikbare toets beskou is om die inkomste- of kapitale aard van 'n ontvangste by die vervreemding van 'n bate vas te stel.⁴⁰⁷ Daar word selfs aangevoer dat die terme "vaste kapitaal" en "bedryfskapitaal" nie 'n plek in die *Inkomstebelastingwet* het nie.⁴⁰⁸ Daar is regspraak waarin erken word dat die onderskeid tussen "vaste kapitaal" en "bedryfskapitaal" nie in die *Inkomstebelastingwet* getref word nie, maar dat hierdie onderskeid in die belastingreg verskans is.⁴⁰⁹

⁴⁰⁴. Sien Urquhart *Income Tax* par 5.1 5-5 - 5-6.

⁴⁰⁵. Urquhart *Income Tax* sê op 5-7: "What is at issue is the objective set of facts before the court, which may be elucidated by evidence given by the taxpayer, but from which the court will make an objective assessment."

⁴⁰⁶. Sien De Koker *Silke* par 3.14 3-37; *Stephan v CIR* 1919 WLD 1, 32 SATC 5 584; *CIR v George Forest Timber Co Ltd* 1924 AD 516, 1 SATC 20 23; *CIR v Illovo Sugar Estates Ltd* 1951 1 SA 306 (N), 17 SATC 387 393; *African Life Investment Corporation (Pty) Ltd v SIR* 1969 4 SA 259 (A), 31 SATC 163 177; *SBI v Aveling* 1978 1 SA 862 (A), 40 SATC 1; *Barnato Holdings Ltd v SIR* 1978 2 SA 440 (A), 40 SATC 75 91; *Greenband Properties (Pty) Ltd v CIR* 43 SATC 151; *ITC 1543* (1992) 54 SATC 446 449; *Estate A G Bourke v CIR* 1991 1 SA 661 (A), 53 SATC 86 94. Daar sal verder na dié riglyn verwys word as die "vaste teenoor bedryfskapitaal"-riglyn.

⁴⁰⁷. Huxham 1987 *ITR* 85 sê: "The Courts have, on occasions, adopted another approach, namely, the so-called floating capital versus fixed capital approach. ... This test of fixed and floating capital does not appear to have enjoyed wide acceptance in subsequent capital and revenue cases." De Koker *Silke* par 3.14 3-37 sê: "But although the courts have repeatedly acknowledged the distinction between fixed and floating capital, they do not appear to have found it a very fruitful test for the characterization of a particular asset as being either of an income or of a capital nature, for it seldom appears actually to have been applied."

⁴⁰⁸. Meyerowitz *Income Tax* par 8.8 8-4 wys daarop dat die omskrywing van "bruto inkomste" in a 1 van die *Inkomstebelastingwet* nie na kapitale ontvangste verwys nie, maar na ontvangste van 'n kapitale aard. Ontvangste van 'n kapitale aard is nie identies aan vaste kapitaal nie. Vaste kapitaal word gewoonlik gekontrasteer met bedryfskapitaal.

⁴⁰⁹. In *Estate A G Bourke v CIR* 1991 1 SA 661 (A), 53 SATC 86 gee ar Hoexter op 94 die vlg in oorweging: "The distinction between 'fixed' and 'floating' (or 'circulating') capital which is so frequent a topic of discussion in tax cases, is not a distinction drawn in the Act ... It is a distinction derived from writers on political economy. The distinction has, however, become entrenched in tax law ..."

Daar is verder bevind dat dit moeilik is om die omvang van die begrip "vaste kapitaal" met juistheid te omskryf. Die onderskeid tussen die begrippe "vaste kapitaal" en "bedryfskapitaal" kan ook nie met sekerheid bepaal word nie.⁴¹⁰ Daar word aan die hand gedoen dat die rede vir die probleem om die begrip "vaste kapitaal" noukeurig te omskryf, verband hou met 'n onderliggende eienskap van kapitaal. Hierdie eienskap hou verband met die feit dat die spesifieke kategorie waarin kapitaal val nie permanent is nie. Die begrippe "vaste kapitaal" en "bedryfskapitaal" word bloot gebruik om die oogmerk of doel te omskryf waarvoor die kapitaal van tyd tot tyd aangewend word.⁴¹¹

Hier onder sal probeer word om groter duidelikheid oor die volgende aspekte van die "vaste teenoor bedryfskapitaal"-riglyn te verkry:

- i) die "bedryf van besigheid"-voorvereiste wat die howe vir die toepassing van dié riglyn stel;
- ii) die eienskappe van dié riglyn is;
- iii) die rol wat die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige by die toepassing van dié riglyn speel;
- iv) die funksie van die "vaste teenoor bedryfskapitaal"-riglyn; en
- v) die "vaste teenoor bedryfskapitaal"-riglyn as primêre maatstaf.

8.2 "Bedryf van besigheid"-voorvereiste

Die bedryf van 'n besigheid⁴¹² word as 'n voorvereiste gestel vir die toepassing van die "vaste teenoor bedryfskapitaal"-riglyn.⁴¹³ Dit impliseer dat 'n ondersoek na die bedryfs- of vaste

⁴¹⁰. In *South African Marine Corporation Ltd v CIR* 1955 1 SA 654 (K), 20 SATC 15 24 spreek r Ogilvie Thompson hom as volg uit oor die betekenis van die begrip "vaste kapitaal": "... I apprehend ... though the term 'fixed capital' is frequently employed in taxation matters, its precise ambit is not always readily susceptible of exact definition."

⁴¹¹. sien in dié verband Isaacs ea *Law and Practice* par 193 204 en die beslissing in *Ammonia Soda Co Ltd v Chamberlain* [1918] 1 Ch 266 286-287.

⁴¹². Die frases "bedryf van 'n besigheid" en "beoefening van 'n bedryf" word as sinonieme gebruik.

⁴¹³. In *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271 kom ar Smalberger tot die gevolgtrekking dat waar geen bedryf beoefen word nie, daar geen sprake van bedryfskapitaal kan wees nie. Hy gee die vlg op 283 in ooreweging: "... it was not the intention (purpose) of ... the trustees that the trust should carry on business by trading in shares for profit. That conclusion, with respect, effectively disposes of the finding by Nicholas AJA that the unsold shares held by the Trust from time to time constituted floating capital. Where no trade is conducted there cannot be floating capital ..." As gesag vir sy standpunt dat 'n bedryf beoefen moet word voor daar bedryfskapitaal sal wees, verwys ar Smalberger na *SBI v Aveling* 1978 1 SA 862 (A), 40 SATC 1. In *Estate A G Bourke v CIR* 1991 1 SA 661 (A), 53 SATC 86 94 wys ar Hoexter daarop dat 'n spesifieke bate slegs as vaste of bedryfskapitaal geklassifiseer kan word indien die besigheid of bedryf van die belastingpligtige in ag geneem word. Die logiese gevolg van hierdie stelling is dat sodanige klassifisering slegs moontlik is in omstandighede waarin die belastingpligtige 'n besigheid of bedryf beoefen.

kapitale aard van 'n bate wel geregverdig is indien die belastingpligtige 'n besigheid bedryf. Daar word aan die hand gedoen dat die bepaling van die bedryfs- of vaste kapitale aard van 'n bate in gegewe omstandighede waarin 'n besigheid bedryf word, nuttig kan wees om die inkomste- of kapitale aard van 'n ontvangste te bepaal wat met 'n bepaalde bate verband hou.⁴¹⁴ Die hof beskou in die konteks van die bedryf of besigheid van 'n belastingpligtige die onderskeid tussen vaste en bedryfskapitaal as relevant om die aard van ontvangste te karakteriseer wat uit die realisering van 'n bate voortspruit.⁴¹⁵

In *Sekretaris van Binnelandse Inkomste v Aveling*⁴¹⁶ word die uitgangspunt bevestig dat die onderskeid tussen vaste en bedryfskapitaal oorweeg moet word in die konteks van die bedryf wat die belastingpligtige beoefen. Aveling het opgehou om vir eie rekening met vee te boer. Hy het egter steeds van die vee ingevolge 'n skaappag uitverhuur. Aveling het van die vee verkoop en die wins wat hy gemaak het, is belas. Aveling het onder meer aangevoer dat die wins van 'n kapitale aard was omdat die uithuur van sy vee op skaappag die aard van die vee van bedryfskapitaal na vaste kapitaal verander het. Appèlregter Rabie bevind dat Aveling nadat hy sy veeboerdery gestaak het, voortgegaan het om sakebedrywighede in 'n ander vorm te bedryf. Dit was in die loop van hierdie handelsbedrywighede dat Aveling voortgegaan het om die vee wat hy voorheen as bedryfsbates gehou het weer as bedryfsbates te gebruik.

Appèlregter Rabie het nie die "vaste teenoor bedryfskapitaal"-riglyn in isolasie toegepas nie. Die hof het die bedryfs- of vaste kapitale aard van die bates in die konteks van die bedryf wat Aveling beoefen het, naamlik die uitverhuring ingevolge die skaappag, beoordeel om die

⁴¹⁴. Sien die vlg hofbeslissings waar dié riglyn wel 'n rol gespeel het: *African Life Investment Corporation (Pty) Ltd v SIR* 1969 4 SA 259 (A), 31 SATC 163; *Barnato Holdings Ltd v SIR* 1978 2 SA 440 (A), 40 SATC 75; *Greenband Properties (Pty) Ltd v CIR* 53 SATC 151.

⁴¹⁵. In die vlg hofbeslissings het die hof in die konteks van die bedryf van 'n besigheid die "vaste teenoor bedryfskapitaal"-riglyn toegepas. Sien *Stephan v CIR* 1919 WLD 1, 32 SATC 54 waar r Mason die vlg opmaak op 58: "The fact is that *with reference to the working of a business* capital receipts and capital expenditure refer generally to items of the nature of fixed capital but where the total assets of a business or the rate of profit on the money embarked in it are in question, both fixed and floating capital are comprised in the word capital." In *CIR v George Forest Timber Co Ltd* 1924 AD 516, 1 SATC 20 maak hr Innes in die konteks van die bedryf van 'n besigheid melding van die vasgestelde rekeningkundige en ekonomiese betekenis wat die begrippe "vaste kapitaal" en "bedryfskapitaal" het. Hy sê op 23-24: "[T]he two phrases have an ascertained meaning in accountancy as well as in economics. Ordinary merchandise *in the hands of a trader* would be floating capital. Its use involved its disappearance and the money obtained for it was received *as part of the ordinary revenue of the business*. It could never have been intended that money received by a *merchant in the course and as the result of his trading* should not form part of this gross income." (Kursivering in bg aanhalings bygevoeg.)

⁴¹⁶. *SBI v Aveling* 1978 1 SA 862 (A), 40 SATC 1.

aard daarvan vas te stel.⁴¹⁷

8.3 Eienskappe van die "vaste teenoor bedryfskapitaal"-riglyn

Die grondslag van die "vaste teenoor bedryfskapitaal"-riglyn is die onderskeid tussen die begrippe "vaste kapitaal" en "bedryfskapitaal". In die regspraak is aandag gegee aan die betekenis van dié begrippe.

Die vasgestelde rekeningkundige en ekonomiese betekenis van die begrippe "vaste kapitaal" en "bedryfskapitaal" is as riglyn gebruik vir die betekenisformulering van dié begrippe in die inkomstebelastingreg.⁴¹⁸ Vaste kapitaal word in 'n maatskappy geïnvesteer om dit min of meer in voor- en teenspoed (relatief gesproke) permanent te hou en te gebruik om inkomste te verdien. Sodanige bate sal slegs vervreem word indien onverwagte, ongewone en spesiale omstandighede dit noodsaak.⁴¹⁹ By vlottende of bedryfskapitaal is daar 'n bedoeling om die kapitaal herhaaldelik te gebruik deur tydelik daarvan afstand te doen en dit in die besigheid in omloop te plaas. Dit kan die vorm aanneem van geld, goedere of ander bates. Die bedoeling is egter dat bedryfskapitaal met 'n toevoeging of vermeerdering in waarde na die maatskappy sal terugkom.⁴²⁰ Bedryfskapitaal kan beskou word as bates wat die belastingpligtige in sy besigheidsbedrywighede gebruik en daarmee

⁴¹⁷. Hy sê op 20: "... hoewel respondent in November 1967 opgehou het om vir sy eie rekening met sy vee te boer, hy nie opgehou het om die vee as bedryfsbates te gebruik nie. Hy het die vee nog steeds gebruik om mee sake te doen toe hy die skaappag met Oosterbeek Landgoed aangegaan het, en die feit dat dit 'n ander vorm van handelsbedrywigheid was as die boerdery wat hy tevore beoefen het, verander nie die posisie nie." In *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271 bevestig ar Smalberger hierdie uitgangspunt op 283.

⁴¹⁸. Sien *CIR v George Forest Timber Co Ltd* 1924 AD 516, 1 SATC 20 23-24; *Ammonia Soda Co Ltd v Chamberlain* (1918) 118 LT 48 58; *Estate A G Bourke v CIR* 1991 1 SA 661 (A), 53 SATC 86 94.

⁴¹⁹. In *Barnato Holdings Ltd v SIR* 1978 2 SA 440 (A), 40 SATC 75 dui ar Trollip die vlg op 91 aan: "[T]hose shares were not acquired for better or for worse, or, relatively speaking, for 'keeps' (ie only to be disposed of if some unusual, unexpected, or special circumstance, warranting or inducing disposal, supervened), which is the usual badge of a fixed, capital investment ..." Broomberg 1998 *Tax Planning* 71 gee in oorweging dat die bedoeling om 'n bate "for keeps" te hou ook nie op sigself 'n deurslaggewende faktor is nie.

⁴²⁰. Sien die beslissing in *Ammonia Soda Co Ltd v Chamberlain* [1918] 1 Ch 266, (1918) 118 LT 48 58 waar *lord justice Swinfen Eady* die aard en onderskeid tussen vaste en bedryfskapitaal bespreek. Daar word in verskeie Suid-Afrikaanse hofbeslissings goedkeurend na dié Engelse hofbeslissing verwys. Sien *South African Marine Corporation Ltd v CIR* 1955 1 SA 654 (K), 20 SATC 15 24; *SBI v Aveling* 1978 1 SA 862 (A), 40 SATC 1 17; *Estate A G Bourke v CIR* 1991 1 SA 661 (A), 53 SATC 86 94. Hy sê op 58: "In these cases the capital is fixed in the sense of being invested to be retained by the company more or less permanently and used in producing an income. What is circulating capital? It is a portion of the subscribed capital of the company intended to be used by being temporarily parted with and circulated in business, in the form of money, goods or other assets, and which are intended to return to the company with an increment, and are intended to be used again, and to always return with some accretion."

handel of dit hou ooreenkomstig die mees winsgewende moontlikheid.⁴²¹

Die klassifisering van kapitaal in 'n spesifieke kategorie op 'n gegewe tydstip en in 'n bepaalde omstandigheid het nie tot gevolg dat sodanige kapitaal 'n ingewortelde en onveranderlike karakter het wat nie kan fluktueer nie.⁴²² Die aard van kapitaal is veranderlik en 'n spesifieke kategorie, byvoorbeeld vaste kapitaal, beskryf bloot die doel waarvoor dit voorlopig in die bepaalde omstandighede aangewend word. Dit is ook belangrik om in gedagte te hou dat die verdeling van kapitaal in 'n spesifieke kategorie nie bepaal word deur die aard van die bate as sodanig nie, maar deur die aard van die bedryf of besigheid waarin die bate aangewend word.⁴²³

8.4 Subjektiewe ingesteldheid

Die element van permanentheid wat by vaste kapitaal teenwoordig is, blyk uit die bedoeling van die belastingpligtige om 'n bate min of meer permanent te hou met die oogmerk dat dit inkomste sal voortbring. By bedryfskapitaal het die belastingpligtige die bedoeling om die bate voortdurend in kontant of ander goedere om te skakel.⁴²⁴ Daar word aan die hand gedoen dat hierdie eienskappe nie bloot uit objektief waarneembare feite afgelei kan word nie. Die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige speel 'n belangrike rol. Dit handel inderdaad oor die doel waarmêe die belastingpligtige die bate hou. Dit is nie souseer 'n verandering in die kategorie se bedoeling om 'n bate te verkoop wat 'n rol speel nie. 'n Verandering in die doel waarvoor die bate gehou word, is die deurslaggewende oorweging. Dit wil sê, of die bate in die toekoms as vaste kapitaal of bedryfskapitaal aangewend sal

^{421.} In *African Life Investment Corporation (Pty) Ltd v SIR* 1969 4 SA 259 (A), 31 SATC 163 verwys hr Steyn na die omskrywing van bedryfskapitaal wat ar Schreiner in *CIR v Richmond Estates (Pty) Ltd* 1956 1 SA 602 (A), 20 SATC 355 366 gee, nl: "... property which the company would use in its business operations, which it would deal with or hold as the prospects of profitable user dictated; that would be floating capital".

^{422.} Sien *Estate A G Bourke v CIR* 1991 1 SA 661 (A), 53 SATC 86 waar ar Hoexter op 94 in oorweging gee: "The labelling of capital in either category at a given time and in a particular situation does not impart any ingrained character, incapable of fluctuation, to the capital involved."

^{423.} Sien *Estate A G Bourke v CIR* 1991 1 SA 661 (A), 53 SATC 86 94. In dié verband verwys ar Hoexter na die beslissing in *Golden Horse Shoe (New) Ltd v Thurgood (H M Inspector of Taxes)* [1934] 1 KB 548 (CA) 563 waar as volg beslis is: "[The category] depends in no way upon what may be the nature of the asset in fact or in law. Land may in certain circumstances be circulating capital. A chattel or a chose in action may be fixed capital. The determining factor must be the nature of the trade in which the asset is employed. The land upon which a manufacturer carries on his business is part of his fixed capital. The land with which a dealer in real estate carries on his business is part of his circulating capital."

^{424.} Sien *SBI v Aveling* 1978 1 SA 862 (A), 40 SATC 1 waar ar Rabie op 17-18 sê: "... 'n mens [het] in die geval van vaste kapitaal 'n element van permanentheid, in die sin dat daar 'n bedoeling is om die betrokke bate min of meer permanent te hou met die doel dat dit inkomste moet voortbring. Kenmerkend aan bedryfskapitaal daarenteen is 'n bedoeling om die betrokke bate voortdurend in kontant of ander goed om te sit."

word.⁴²⁵ By oorweging van die omstandighede of daar inderdaad 'n verandering in die doel was waarvoor die belastingpligtige die bate gehou het, kan die kategoriese bedoeling om die bate te verkoop as 'n faktor in ag geneem word.

Daar word verder in oorweging gegee dat die onderskeid tussen vaste en bedryfskapitaal 'n subjektiewe basis het, naamlik die doel waarvoor die belastingpligtige die betrokke bates in sy besigheid aanwend.⁴²⁶ Hierdie standpunt is versoenbaar met bogemelde onderliggende eienskappe van vaste en bedryfskapitaal. Die onderskeid tussen vaste en bedryfskapitaal is nie permanent en onveranderlik van aard nie. Die vaste of bedryfskapitale aard van 'n bate is wisselend, afhangende van die doel waarvoor die belastingpligtige die betrokke bate hou. Die belastingpligtige kan besluit om 'n vaste kapitaalbate as bedryfskapitaal in sy besigheid aan te wend, of andersom.⁴²⁷

8.5 Funksie van die "vaste teenoor bedryfskapitaal"-riglyn

Daar word in oorweging gegee dat die "vaste teenoor bedryfskapitaal"-riglyn 'n funksionële riglyn is en 'n oplossing kan bied om die aard van ontvangste te bepaal:

^{425.} Dws die resultaat wat bereik wil word. In *SBI v Aveling* 1978 1 SA 862 (A), 40 SATC 1 het ar Rabie nie na bloot 'n kategoriese bedoelingsverandering verwys nie. Hy het inderdaad verwys na 'n verandering in die doel waarvoor die bate gehou word. Hierdie afleiding kan gemaak word uit die feit dat hy die resultaat wat die belastingpligtige wou bereik, oorweeg. Dws, die deurslaggewende oorweging was of die belastingpligtige besluit het om op te hou om met sy vee handel te dryf of sake te doen en om die vee min of meer permanent as vaste bates te hou en te gebruik. Hy sê op 19: "n Verandering van bedoeling wat sou kon meebring dat bedryfsbates in vaste bates verander, sou in die onderhawige geval moet inhou ... dat respondent besluit om op te hou om met sy vee handel te dryf of sake te doen, en ook om die vee min of meer permanent as vaste bates te hou en te gebruik." Sien die onderskeid tussen die begrippe "bedoeling" en "doel" in hfst 10 par 3.2.2.

^{426.} Sien *Ammonia Soda Co Ltd v Chamberlain* (1918) 118 LT 48 op 58 waar die hof beslis: "It must not, however, be assumed that the division into which capital does fall is permanent. The language is merely used to describe the *purpose* to which it is for the time being appropriated." (Kursivering bygevoeg) Die standpunt dat die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige by die onderskeid tussen vaste en bedryfskapitaal 'n belangrike rol speel, word ook deur Van Niekerk *Inkomstebelasting* par 504 131 ondersteun. Hy sê: "Wat kapitaaluitgawes en -bates betref, is dit nodig om verder te onderskei tussen vaste bates en bedryfsbates. Hierdie onderskeiding berus op die bedoeling waarmee 'n bate verkry is of gehou word ... indien die onderskeiding tussen 'n kapitaalwinnings en 'n bedryfswinnings op die onderskeiding tussen vaste bates en bedryfsbates berus, dan moet bedoeling die bepalende faktor wees aangesien bedoeling die enigste bepalende faktor is by die onderskeiding tussen vaste bates en bedryfsbates." Sien ook *Estate A G Bourke v CIR* 1991 1 SA 661 (A), 53 SATC 86 88 waar hierdie standpunt deur die appèlhof bevestig is.

^{427.} In verskeie hofuitsprake is erkenning verleen aan die moontlikheid dat die aard van 'n bate kan verander weens 'n verandering in doel by die belastingpligtige. Bates wat vaste bates of bloot beleggings is, kan ná 'n verandering in doel as handelsvoorraad gehou word, of andersom. Indien daar bloot 'n bedoeling is om 'n kapitaalbate te verkoop, sal dit nie voldoende wees om die aard van die bate te verander nie. Sien *New Mines Ltd v CIR* 1938 AD 455, 10 SATC 9; *CIR v Richmond Estates (Pty) Ltd* 1956 1 SA 602 (A), 20 SATC 355 365; *Natal Estates Ltd v SIR* 1975 4 S177 (A), 37 SATC 193 220; *SBI v Aveling* 1978 1 SA 862 (A), 40 SATC 1 7; *Berea Park Avenue Properties (Pty) Ltd v CIR* 1995 2 SA 411 (A), 57 SATC 167 171.

- i) Waar 'n bate gerealiseer word en daar onsekerheid bestaan oor die werklike aard en omvang van die besigheidsaktiwiteite van die belastingpligtige; en
- ii) wat as skadevergoeding vir die verlies van of skade aan 'n bate betaal word. In sodanige geval is dit noodsaaklik om die ware aard van die vervangde of beskadigde bate in die besigheid van die belastingpligtige te bepaal.

8.5.1 Aard en omvang van besigheidsaktiwiteite

Die hof verwys soms na die onderskeid tussen vaste en bedryfskapitaal om die aard van die bates te bepaal wat die belastingpligtige gerealiseer het. Die feit dat 'n bedryf of besigheid beoefen is, is in dié omstandighede nie in geskil nie. Die kwessie handel eerder oor die aard van 'n bepaalde bate in die konteks van die betrokke besigheid van die belastingpligtige.

Die "vaste teenoor bedryfskapitaal"-riglyn word veral toegepas waar die hof moes uitmaak of die belastingpligtige sekere bates slegs as beleggings gehou het of daarmee handel gedryf het.⁴²⁸ Waar aandele betrokke is, kan dit wees dat die belastingpligtige 'n aktiewe beleggingsbeleid navolg wat daarop gerig was om 'n bestendige dividend-opbrengs te verseker en te beskerm.⁴²⁹ Die uitvoering van hierdie beleid kan meegebring dat aandele gereeld gerealiseer word en herbeleggings in aandele gemaak word. Sodanige aandele kan as bedryfskapitaal beskou word omdat:

- i) dit as eiendom beskou kan word wat die maatskappy in sy besigheidsbedrywighede gebruik het deur dit te hou of te verkoop, welke handeling ookal die winsgewendste alternatief bied;⁴³⁰ en
- ii) die omskakeling van aandele onvermydelik was en dat dit altyd as deel van die besigheid van die maatskappy beskou is.⁴³¹

⁴²⁸. In *Greenband Properties (Pty) Ltd v CIR* 1981 (K), 43 SATC 151 oorweeg r Vivier die eienskappe van vaste kapitaal om te bepaal of eiendom wat aanvanklik as handelsvoorraad gehou is as gevolg van 'n bedoelingsverandering vaste kapitaalbate geword het. Hy kom op 158 tot die gevolgtrekking dat die afleiding nie gemaak kan word dat dit die bedoeling van die belastingpligtige was om die eiendom min of meer permanent as 'n belegging te hou nie.

⁴²⁹. Sien *African Life Investment Corporation (Pty) Ltd v SIR* 1969 4 SA 259 (A), 31 SATC 163 en *Barnato Holdings Ltd v SIR* 1978 2 SA 440 (A), 40 SATC 75.

⁴³⁰. In *African Life Investment Corporation (Pty) Ltd v SIR* 1969 4 SA 259 (A), 31 SATC 163 verwys hr Steyn in dié verband na die omskrywing van bedryfskapitaal wat ar Schreiner in *CIR v Richmond Estates (Pty) Ltd* 1956 1 SA 602 (A), 20 SATC 355 366 gee, nl: "... property which the company would use in its business operations, which it would deal with or hold as the prospects of profitable user dictated; that would be floating capital".

⁴³¹. In *Barnato Holdings Ltd v SIR* 1978 2 SA 440 (A), 40 SATC 75 maak ar Trollip die vlg opm op 91: "Indeed, appellant conceded that the switching out of such share investments from time to time for any of those

8.5.2 Skadevergoeding vir verlies van of beskadiging van bate

Die hofe let ook op die onderskeid tussen vaste en bedryfskapitaal om die aard van skadevergoeding te bepaal wat vir die verlies van of skade aan 'n bate betaal word. In sodanige geval is dit noodsaaklik om die ware aard van die vervangde of beskadigde bate in die besigheid van die belastingpligtige te bepaal.⁴³² Die verdeling van kapitaal in 'n spesifieke kategorie word nie bepaal deur die aard van die bate as sodanig nie, maar deur die aard van die bedryf waarin die bate aangewend word.⁴³³

8.6 "Vaste teenoor bedryfskapitaal"-riglyn as primêre maatstaf

Daar is egter sekere hofbeslissings waarin die "vaste teenoor bedryfskapitaal"-riglyn tot 'n primêre maatstaf verhef is om die inkomste- of kapitale aard van die opbrengs van 'n bate by realisering te bepaal. Volgens die benadering oorweeg die hof nie as 'n primêre riglyn of die belastingpligtige sy bates in die bedryf van 'n besigheid of by wyse van 'n besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n skema van winsbejag verkoop het nie. Daar word bloot oorweeg of die belastingpligtige die oogmerk gehad het om die bates min of meer permanent te hou om inkomste te produseer. Indien dit nie die geval is nie word die afleiding gemaak dat die bates inderdaad bedryfskapitaal was en dat die realisasie-wins belasbaar is.⁴³⁴

reasons was unavoidable and always contemplated as being part of its business ... That would tend to indicate *prima facie* that those shares were not acquired for better or for worse, or, relatively speaking, for 'keeps' (ie only to be disposed of if some unusual, unexpected, or special circumstance, warranting or inducing disposal, supervened), which is the usual badge of a fixed, capital investment ..." Broomborg 1998 *Tax Planning* 71 gee in oorweging dat die bedoeling om 'n bate "for keeps" te hou ook nie op sigself 'n deurslaggewende faktor is nie.

⁴³² In *CIR v Illovo Sugar Estates Ltd* 1951 1 SA 306 (N), 17 SATC 387 het die hof die aard van suikerrietplantasies oorweeg. Rp Hathorn beslis op 393: "I do not think it is possible to decide what the true nature of the first transaction is until one decides the true nature of a canefield in the economy of a cane grower ..." Die rp beslis dat 'n suikerrietplantasie 'n essensiële deel van die inkomste-produiserende masjinerie van 'n suikerrietboer is. Dit is deel van die vaste kapitaal van 'n suikerrietboer en die skadevergoeding wat daarvoor ontvang word, is 'n ontvangste van 'n kapitale aard.

⁴³³ Sien *Estate A G Bourke v CIR* 1991 1 SA 661 (A), 53 SATC 86 94. In dié verband verwys ar Hoexter na die beslissing in *Golden Horse Shoe (New) Ltd v Thurgood (H M Inspector of Taxes)* [1934] 1 KB 548 (CA) 563 waar as volg beslis is: "[The category] depends in no way upon what may be the nature of the asset in fact or in law. Land may in certain circumstances be circulating capital. A chattel or a chose in action may be fixed capital. The determining factor must be the nature of the trade in which the asset is employed. The land upon which a manufacturer carries on his business is part of his fixed capital. The land with which a dealer in real estate carries on his business is part of his circulating capital."

⁴³⁴ In *Bloch v SIR* 1980 2 SA 401 (K), 42 SATC 7 gee r Grosskopf die vlg uiteensetting op 14: "In the present case we are dealing with the profit on the sale of the appellant's shares. To show that this was a receipt of a capital nature, the appellant therefore had to show that his dominant purpose in holding the shares was to hold them more or less permanently so as to produce income." Sien ook *CIR v Tod* 1983 2 SA 364 (N), 45

Die bedoeling van die belastingpligtige om 'n bate min of meer permanent te hou om sodoende inkomste daaruit te verkry, speel nie noodwendig 'n deurslaggewende rol by die toepassing van die besigheid- of "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn nie. Die afwesigheid van 'n bedoeling om 'n bate min of meer permanent te hou, impliseer nie noodwendig dat 'n bate by vervreemding in die loop van die bedryf van 'n besigheid of 'n besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n skema van winsbejag verkoop is nie.⁴³⁵ Die bedoeling om nie die bate permanent te hou nie, mag een van die relevante faktore wees om die doel van die belastingpligtige vas te stel, maar dit is nie 'n absolute aanduiding van die doel om 'n besigheid te bedryf of om 'n besigheidsbedrywigheid in die loop van 'n skema van winsbejag uit te voer nie.⁴³⁶

8.7 Ontleding en gevolgtrekking

Daar word aan die hand gedoen dat die volgende faktore in ag geneem kan word by die toepassing van die "vaste teenoor bedryfskapitaal"-riglyn:

- i) Die onderskeid tussen vaste en bedryfskapitaal is slegs relevant om die inkomste- of kapitale aard van realisasiewinste te bepaal indien dit vasstaan dat die belastingpligtige 'n besigheid bedryf het.⁴³⁷
- ii) Indien 'n bate uit 'n ekonomiese en rekeningkundige oogpunt al die eiesoortige eienskappe van bedryfskapitaal openbaar, kan die afleiding nie sonder meer gemaak word dat die opbrengs van sodanige bate by realisering van 'n inkomste-aard sal

SATC 1 waar rp Milne op 5 sê: " ... in order to prove that the profit on the sale of shares fell within the expression 'receipts or accruals of a capital nature', the taxpayer had to prove ... that the shares were an item of fixed capital in his hands." En op 14: "I am, accordingly, by no means satisfied that the taxpayer's dominant purpose in acquiring and holding the shares ..., was to hold them more or less permanently so as to produce income." Sien verder *ITC 1418* (1986) 49 SATC 42 waar wr Conradie die vlg opm maak op 44: "Where a taxpayer acknowledges that a property is purchased for the purpose of immediate resale, but denies that his motive was to make a profit on the resale, whether that property is held on capital or on revenue account, I think one should keep a necessary perspective on the expression 'for purpose of resale at a profit'. ... All that it means, is that the taxpayer treats the asset as part of his floating capital and not as part of his fixed capital."

⁴³⁵. Sien *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271 waar die trustees nie die bedoeling gehad het om die aandele permanent te hou nie. Die feit het egter nie sonder meer tot gevolg gehad dat die wins wat by realisasie in sekere omstandighede gemaak is belasbaar was nie. Daar word verder aan die hand gedoen dat dieselfde uitgangspunt by die toepassing van die besigheid-riglyn geld.

⁴³⁶. Sien par 7.3 waar die metodologie bespreek word wat gevolg moet word om vas te stel of die realisasiewins by die vervreemding van 'n bate belasbaar is.

⁴³⁷. Daar word aan die hand gedoen dat De Koker *Silke* 1 (1995) par 3.14 3-36 hierdie standpunt ondersteun: "The economic distinction between 'fixed' and 'floating' or 'circulating' capital in relation to the carrying-on of a business has been referred to by the courts in connection with the problem of distinguishing income from capital."

wees nie. Indien 'n bate nie in die bedryf van 'n besigheid of by wyse van 'n besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n skema van winsbejag gerealiseer is nie, selfs al sou dit oënskynlik al die eienskappe van bedryfskapitaal openbaar, sal die opbrengs van sodanige bate nie van 'n inkomste-aard wees nie.⁴³⁸

Die afleiding kan dus gemaak word dat 'n ondersoek na die aard van die bate, synde vaste of bedryfskapitaal, nodeloos is indien dit nie vasstaan dat die belastingpligtige 'n besigheid bedryf nie. Daar word aan die hand gedoen dat die onderskeid tussen vaste en bedryfskapitaal nie sonder meer tot 'n primêre toets verhef kan word om die inkomste- of kapitale aard van die opbrengs van 'n gerealiseerde bate te bepaal nie. Dit is noodsaaklik dat die vaste of bedryfskapitale aard van 'n bate in die konteks van die bedryf of besigheid van die belastingpligtige beoordeel word.⁴³⁹ Die volgende primêre riglyne word toegepas om die aard van 'n realisasiewins by die vervreemding van 'n bate te bepaal:

- i) Is die wins by wyse van 'n besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema gerealiseer; of
- ii) is dit in die loop van die bedryf van 'n winsbejag-besigheid gedoen?⁴⁴⁰

Die "vaste teenoor bedryfskapitaal"-riglyn kan as 'n sekondêre riglyn oorweeg word om die inkomste- of kapitale aard van 'n gerealiseerde bate te bepaal. 'n Bate kan as bedryfskapitaal of handelsvoorraad beskou word indien die bate in die loop van die bedryf van 'n besigheid gerealiseer is. Nie alle bates wat in die loop van 'n besigheid gerealiseer word, sal tot 'n belasbare opbrengs aanleiding gee nie. Die wins wat gemaak word met die realisering van 'n vaste kapitaalbate, sal van 'n kapitale aard en nie-belasbaar wees. Die transaksie waaruit die wins voortspruit, moet op sigself deel van die gewone besigheidaktiwiteite van die

^{438.} Sien *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271 283 waar ar Smalberger beslis: "Where no trade is conducted there cannot be floating capital." Emslie 1988 *Tax Planning* 31 gee in oorweging dat in *ITC 1413* (1985) 48 SATC 167 die trust die aandele gekry het met die doel om dit te verkoop en dat dit om dié rede binne die omskrywing van "handelsvoorraad" val. As sodanig behoort die opbrengs wat verkry is van 'n inkomste-aard te wees. Daar word aan die hand gedoen dat die stelling wat ar Smalberger tov bedryfskapitaal maak ook op handelsvoorraad van toepassing is. Daar is slegs sprake van "handelsvoorraad" indien 'n bedryf beoefen of 'n besigheid bedryf is. In *Natal Estates Ltd v SIR* 1975 4 SA 177 (A), 37 SATC 193 gee ar Holmes op 220 in oorweging: "From the totality of the facts one enquires whether it can be said that the owner had crossed the Rubicon and gone over to the business, or embarked upon a scheme, of selling such land for profit, *using the land as his stock-in-trade*." Die afleiding kan mi ook uit dié stelling gemaak word dat die eiendom eers as handelsvoorraad beskou kan word nadat beslis is dat 'n besigheid bedryf is.

^{439.} In *ITC 1608* (1996) 59 SATC 63 verwys r Wunsh op 67 ook na die onderskeid tussen vaste en bedryfskapitaal om die aard van die opbrengs te bepaal wanneer 'n bate gerealiseer word. Hy maak ook die opm dat dié riglyn nie noodwendig relevant is as 'n besigheid nie bedryf word nie.

^{440.} *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271 279. Sien par 5 en par 6 waar die omvang en toepassing van dié riglyne bespreek word.

belastingpligtige uitmaak. Slegs dan kan die bates wat gerealiseer word as bedryfskapitaal beskou word.⁴⁴¹

9 SUBSTITUSIE-RIGLYN

9.1 Algemeen

In wese kom die substitusie-riglyn daarop neer dat die plaasvervangende ontvangste die inkomste- of kapitale aard aanneem van die bedrag of bate wat gesubstitueer of vervang word.⁴⁴² Hierdie riglyn vind aanwending wanneer die aard van ontvangste by die volgende tipe transaksies oorweeg word:

- i) Betalings wat as skadevergoeding ontvang word. Die begrip "skadevergoeding" hou verband met 'n bedrag wat betaal word om 'n persoon skadeloos te stel of te vergoed weens verlies of skade wat gely is of 'n nadeel wat in die vorm van persoonlike beserings opgedoen is.⁴⁴³ Die skade of verlies kan uit 'n onregmatige daad (delik) of kontrakbreuk⁴⁴⁴ voortspruit.

Die riglyn wat die Suid-Afrikaanse howe⁴⁴⁵ toepas om die aard van skadevergoeding, ongeag die oorsprong daarvan, vir inkomstebelastingdoeleindes te bepaal, is op Engelse regspraak gebaseer. Die volgende uitdrukking word as grondslag vir dié

^{441.} Sien die standpunt in die Australiese reg: *FCT v Myer Emporium Ltd* (1987) 18 ATR 693 697; *Westfield Ltd v FCT* (1990) 21 ATR 1398 1406 1407.

^{442.} Sien hfst 4 par 2.4.5 waar die substitusie-konsep ook in breë trekke bespreek word. Dié beginsel word ook in die Australiese inkomstebelastingreg bevestig. Sien *FCT v Dixon* (1952) 86 CLR 540 waar *judge Fullagar* op 568 opmerk: "But it is intended to be, and is in fact, a substitute for - the equivalent pro tanto of - the salary or wages which would have been earned and paid if the enlistment had not taken place. As such, it must be income, even though it is paid voluntarily and there is not even a moral obligation to continue making the payments. It acquires the character of that for which it is substituted and that to which it is added." Sien ook *Parsons Income Taxation in Australia* par 2.156. Sien verder par 6 hfst 8.

^{443.} Sien in *Russel and Loveday v Collins Submarine Pipelines Africa (Pty) Ltd* 1975 1 SA 110 (A) 145 waar die hof die vlg omskrywing van die begrip "damages" gee: "... the value, estimated in money, of something lost ...; the sum of money claimed or adjudged to be paid in compensation for loss ... sustained". Sien ook *AA Mutual Insurance Association Ltd v Administrator, Transvaal* 1961 2 SA 796 (A) 803; *Apex Mines Ltd v Administrator, Transvaal* 1986 4 SA 581 (T) 600-601.

^{444.} Sien *CIR v Goodrick* 1942 OPD 1, 12 SATC 279 289 waar rp Fischer daarop wys dat die skadevergoeding wat aan die vennootskap as skikking betaal is van dieselfde aard was as die bedrag wat ingevolge die oorspronklike ooreenkoms ontvang sou gewees het. Sien ook *ITC 723* (1951) 17 SATC 496 waar die hof op 496 opmerk: "It seems clear that an amount received such as the present, by way of damages or by way of settlement of an action for damages, is income and not capital, if the transaction out of which the claim for damages arose is a transaction which, had it been completed, would have resulted in an income and not in a capital gain or loss as the case might be." Sien verder *Meyerowitz Income Tax* par 8.115 8-31.

^{445.} Sien *ITC 527* (1942) 12 SATC 430 435; *ITC 597* (1945) 14 SATC 264 265; *CIR v Illovo Sugar Estates Ltd* 1951 1 SA 306 (N), 17 SATC 387, *Estate A G Bourke v CIR* 1991 1 SA 661 (A), 53 SATC 86 93.

riglyn gebruik: "Which hole was the receipt to fill, a hole in the profits or a hole in the assets?"⁴⁴⁶

- ii) Betalings wat as teenprestasie of vergoeding vir die afstanddoening van regte ontvang word.⁴⁴⁷
- iii) Betalings wat ingevolge 'n versekeringskontrak ontvang word.⁴⁴⁸
- iv) Betalings wat as teenprestasie vir die oordrag van regte ontvang word.⁴⁴⁹

^{446.} Sien *Burmah Steam Ship Co Ltd v IRC* (1930) 16 TC 67. Lord Clyde sê op 71: "Suppose someone who chartered one of the Appellant's vessels breached the charter and exposed himself to a claim of damages at the Appellant's instance, there could, I imagine, be no doubt that the damages recovered would properly enter the Appellant's profit and loss account for the year. The reason would be that the breach of the charter was an injury inflicted on the Appellant's trading, making (so to speak) a hole in the Appellant's profits, and the damages recovered could not therefore be reasonably or appropriately put by the Appellant - in accordance with the principles of sound commercial accounting - to any other purpose than to fill that hole." Die relevante vraag is: "Which hole was the receipt to fill, a hole in the profits or a hole in the assets?" In *Estate A G Bourke v CIR* 1991 1 SA 661 (A), 53 SATC 86 wys ar Hoexter op 93 daarop dat die vlg metafoor die riglyn wat toegepas word ten grondslag lê: "[A] test which is sometimes applied is to ask the question whether the compensation was designed to fill a hole in the taxpayer's profits, or whether it was intended to fill a hole in his assets."

^{447.} Sien *Apex Mines Ltd v Administrator, Transvaal* 1986 4 SA 581 (T) 600-601 waar die hof sê: "It would appear from the cases, however, that a distinction, however fine, should be drawn between the concepts 'compensation' and 'damages'." In *Sun Packaging (Pty) Ltd v Vreulink* 1996 4 SA 176 (A) maak ar Nedstadt die vlg opm op 185-186: "Clause 3 does not use the word 'damages'. The reference is to 'compensation'. Ordinarily, these words are not synonymous." Sien *ITC 312* (1934) 8 SATC 154; *ITC 527* (1942) 12 SATC 430; *CIR v Illovo Sugar Estates Ltd* 1951 1 SA 306 (N), 17 SATC 387; *KBI v Transvaalse Suikerkorporasie Beperk* 1987 2 SA 213 (A), 49 SATC 11.

^{448.} Die howe het die volgende riglyn geformuleer om die aard van 'n bedrag vas te stel wat ingevolge 'n versekeringspolis ontvang word: Waar die versekeringsbedrag 'n bedrag vervang wat ontvang sou gewees het as die gebeurtenis waarteen verseker is nie plaasgevind het nie, neem die plaasvervangende bedrag die aard van die bedrag aan wat vervang word. Sien in *ITC 594* (1945) 14 SATC 249 250 waar die hof die vlg uiteensetting gee: "[W]here an amount is received in substitution for an amount which might have been received had it not been for the intervention of the occurrence insured against, then the amount so received in substitution is coloured by, so to speak, or assumes the character of the accrual for which it is substituted."

^{449.} Broomberg en Kruger *Tax Strategy* 240 is van mening dat die klassifisering van die tipe transaksies waar die substitusie-riglyn aanwending vind, nie bydra tot groter sekerheid nie omdat dieselfde "beginsels" tov alle tipes transaksies aanwending vind. Daar word aan die hand gedoen dat dit wel in die algemeen belangrik is om die tipe transaksie te identifiseer wat aanwending vind. Daar word in oorweging gegee dat die ontwikkeling van die verskillende riglyne om te bepaal in welke omstandighede ontvangste van 'n inkomste- of kapitale aard sal wees, beïnvloed is deur die tipe transaksie waaruit die ontvangste voortspruit. Sien Meyerowitz *Income Tax* par 8.130 waar hy verwys na die noodsaaklikheid om 'n onderskeid tussen die afstanddoening van 'n reg en die vervreemding van 'n reg te tref om sodoende die relevante riglyne te identifiseer wat toegepas moet word. Daar word verder aan die hand gedoen dat hierdie benadering bevestig word deur die wyer aanwending van die substitusie-riglyn tov transaksies wat op die verkoop en oordrag van regte neerkom. Sien *CIR v Cactus Investments (Pty) Ltd* 1997 (T), 59 SATC 1 op 47 waar r Wunsh in sy minderheidsuitspraak die subjektiewe-riglyn wyer toepas, nl tov vergoeding wat ontvang word vir die reg op rente wat die belastingpligtige oorgedra het. Hy baseer die aanwending van dié riglyn op Australiese regspraak. Sien ook Wunsh *Tax Lawyer* 128; sien verder hfst 8 par 6 en *FCT v Myer Emporium Ltd* (1987) 18 ATR 693; *Henry Jones (IXL) Ltd v FCT* (1991) 22 ATR 328.

9.2 Essensiële elemente

Die substitusie-riglyn het twee essensiële elemente wat deurlopend aanwending vind:

- i) Die funksie van die plaasvervangende bedrag in die hande van die belastingpligtige, dit wil sê die doel waarvoor dit bestem is, moet bepaal word;⁴⁵⁰ en
- ii) verder moet die werklike aard van dit wat vervang word in die hande van die belastingpligtige bepaal word. Waar die belastingpligtige 'n besigheid bedryf moet vasgestel word wat die aard van die plaasvervangende bedrag of bate in die betrokke besigheid is.⁴⁵¹

Die substitusie-riglyn word nie suiwer toegepas nie indien die werklike aard van die plaasvervangende bedrag in die hande van die ontvanger nie vasgestel word nie. Die wese van die substitusie-riglyn is die direkte verwantskap wat bestaan tussen die aard van dit wat vervang word en die aard van die plaasvervangende bedrag. Indien die funksie van die plaasvervangende bedrag is om die belastingpligtige te vergoed vir die verlies van bedryfswinste sal dit van 'n inkomste-aard wees, terwyl vergoeding vir die verlies aan die inkomste-produiserende struktuur van 'n kapitale aard sal wees.

Die wyse waarop die skadevergoeding bereken word, is nie deurslaggewend nie. Waar 'n belastingpligtige vergoed is vir kontrakbreuk weens die versuim van 'n maatskappy om hom in diens te neem, is bevind dat die bedrag in plaas van die indiensneming betaal is en as sodanig van 'n kapitale aard is. Die feit dat die bedrag van die skadevergoeding gebaseer was op die potensieële verdienste van die belastingpligtige gedurende die tydperk wat hy in diens by die maatskappy sou gewees het, het nie die aard van die ontvangste beïnvloed

^{450.} Die beslissing in *Taeuber and Corssen (Pty) Ltd v SIR* 1975 3 SA 649 (A), 37 SATC 129 illustreer dit baie duidelik dat dit van kardinale belang is vir die toepassing van die substitusie-riglyn om die funksie van die vergoedingsbetaling in die hande van die ontvanger te bepaal. Die bedrag wat Taeuber en Corssen by die beëindiging van 'n agentskapsooreenkoms ontvang het, was oënskynlik betaal vir die verlies van dié ooreenkoms. Die werklike funksie van die betaling was egter om Taeuber en Corssen te vergoed vir die inperking van hulle handelsvryheid. Hr Rumpff sê op 140: "What the parties intended, therefore, was a payment of a sum of money to restrain the appellant, for a period of two years, from earning income by the sale of all products competing ..."

^{451.} Sien *Estate A G Bourke v CIR* 1991 1 SA 661 (A), 53 SATC 86 waar Ar Hoexter dié standpunt bevestig. Hy sê op 93: "[T]he fact that what is plugged is a hole in assets, does not by itself, conclude the inquiry ..." Sien ook *CIR v Illovo Sugar Estates Ltd* 1951 1 SA 306 (N), 17 SATC 387 waar rp Hathorn op 393 beslis: "I do not think it is possible to decide what the true nature of the first transaction is until one decides the true nature of a canefield in the economy of a cane grower ..." Sien verder Broomberg *Tax Strategy* 199-200. Dit blyk ook die benadering in die Australiese inkomstebelastingreg te wees. In *Allied Mills Industries Pty Ltd v FCT* (1989) 20 ATR 457 maak die hof die vlg opm op 464: "What is important in characterising the payment is not the fact that it is made as compensation for the termination of the contract, which will often be outside the ordinary course of business, but rather the nature of the contract which generated the payment, and the way in which that contract related to the structure and business of the taxpayer."

nie.⁴⁵² Die terme van die ooreenkoms tussen die partye word oorweeg om die funksie van die skadevergoeding in die hande van die belastingpligtige te bepaal.

Dit wil voorkom of die substitusie-riglyn duidelik geformuleer is,⁴⁵³ maar die toepassing daarvan kan soms 'n kwessie van graad wees wat neerkom op die vel van 'n waarde-oordeel deur die hof. Dit is veral so waar beslis moet word wat die aard van die vervangende bate in die hande van die belastingpligtige is.⁴⁵⁴

9.3 Funksie van plaasvervangende bedrag

Die volgende gevalle illustreer die standpunt dat die funksie van die skadevergoeding of skikkingsbedrag in die hande van die ontvanger in sommige gevalle deurslaggewend is:

- i) 'n Skikkingsbedrag wat aan die belastingpligtige betaal is om hom te vergoed vir die bedrag wat hy uit 'n gesamentlike onderneming sou ontvang het, is as van 'n inkomste-aard beskou omdat die gesamentlike onderneming inderdaad 'n skema van winsbejag was. Die skadevergoeding wat betaal is, dit wil sê die plaasvervangende bedrag, neem die aard aan van die bedrae wat uit die gesamentlike onderneming ontvang sou gewees het indien dit uitgevoer is.⁴⁵⁵
- ii) Skadevergoeding wat aan 'n verhuurder betaal is om hom te vergoed vir die kapitale

^{452.} Sien *ITC 294* (1933) 7 SATC 347.

^{453.} In dié verband is die stelling van hr Innes in *COT v Booysens Estates Ltd* 1918 AD 576, 32 SATC 10 26 relevant: "The rule is plain enough; the difficulty lies in the application of it." Sien verder *Realization Co v COT*, SR 1951 1 SA 177 (SR), 17 SATC 139 150; *Natal Estates Ltd v SIR* 1975 4 SA 177 (A), 37 SATC 193 218; *John Bell & Co (Pty) Ltd v SIR* 1976 4 SA 415 (A), 38 SATC 87 103; *CIR v Goodrick* 1942 OPD 1, 12 SATC 279 284; *Tati Co Ltd v Collector of Income Tax, Botswana* 37 SATC 68 75, 1974 (BCA).

^{454.} Hierdie uitgangspunt mbt die substitusie-riglyn is in die Engelse beslissing *IRC v Fleming & Co (Machinery) Ltd* 33 TC 57 63 deur lord Russell bevestig. Hy sê op 63: "The sum received by a commercial firm as compensation for the loss sustained by cancellation of a trading contract or the premature termination of an agency agreement may in the recipient's hands be regarded either as a capital receipt or as a trading receipt forming part of the trading profit. It may be difficult to formulate a general principle by reference to which in all cases the correct decision will be arrived at since in each case *the question comes to be one of circumstance and degree.*" (Kursivering bygevoeg.) Sien ook *Wiseburgh v Dornville* [1956] 1 All ER 754 759 en verder *ITC 1259* (1976) 39 SATC 65 68; *ITC 1341* (1980) 43 SATC 215 221. Dit blyk ook die benadering in die Australiese inkomstebelastingreg te wees. In *Allied Mills Industries Pty Ltd v FCT* (1989) 20 ATR 457 maak die hof op 463 die vlg opm: "The activities and structures of the appellant as a whole must be considered in determining whether the rights of the appellant which were terminated ... constituted a structural asset. Normally in order for a contract to be regarded as a capital asset it must be a contract which is of substantial importance to the structure of the business itself. This is a factual matter and *inevitably a matter of degree.*" (Kursivering bygevoeg.)

^{455.} Sien *ITC 723* (1951) 17 SATC 496 waar die hof die vlg bevinding op 498 maak: "It suffices to say that the appellant has not satisfied the Court, and of course the onus is upon him, that the joint venture was not a venture entered into for the purpose of a profit-making scheme and that being so ... then any sum which the appellant recovered by way of settlement of an action for damages brought against the builder for his breach

koste van strukturele veranderings wat aan die gebou aangebring sou moes word om dit weer te verhuur, is van 'n kapitale aard beskou. Die funksie van die skadevergoeding was om die belastingpligtige te vergoed vir die vermindering in waarde van die inkomste-produiserende bate.⁴⁵⁶

Waar die skadevergoeding as gevolg van 'n delik vir persoonlike beserings betaal word, geld dieselfde beginsel. Indien die funksie van die skadevergoeding is om die plek in te neem van die verdienste wat die belastingpligtige sou ontvang het indien hy nie beseer is nie, sal dit van 'n inkomste-aard wees. Die plaasvervangende bedrag in soortgelyke omstandighede kan egter ook van 'n kapitale aard wees. Indien deliktuele skadevergoeding betaal word ten opsigte van beserings wat 'n persoon se vermoë om te verdien verminder of vernietig, sal dit van 'n kapitale aard wees.⁴⁵⁷ Die persoon word vergoed vir sy liggaamlike en geestesvermoëns waarmee hy inkomste verdien. Die verlies aan toekomstige inkomste kan in sodanige geval as basis dien vir die berekening van die verlies aan liggaamlike en geestesvermoëns.⁴⁵⁸

Waar 'n belastingpligtige 'n bedrag ontvang het om hom te vergoed vir die beperking wat geplaas is op sy reg om skadevergoeding te eis vir die vermindering van sy vermoë om inkomste te verdien, is die betaling as van 'n kapitale aard beskou. Die belastingpligtige se inkomste-produiserende vermoë het die grondslag van die betaling gevorm.⁴⁵⁹

9.4 Werklike aard van vervangende bate of bedrag

Vir 'n suiwer toepassing van die substitusie-riglyn is slegs die vasstelling van die funksie van die plaasvervangende bedrag of bate nie in alle gevalle deurtastend genoeg nie. Die werklike aard van sodanige bedrag of bate in die hande van die belastingpligtige moet vasgestel word om die aard daarvan te bepaal.

Waar 'n belastingpligtige skadevergoeding ontvang het vir dennebome wat in 'n brand

of the joint venture is income and not capital."

^{456.} Sien *ITC 1038* (1963) 26 SATC 123 129 131.

^{457.} Sien die uitgangspunt van Van Niekerk *Inkomstebelasting* par 519 145.

^{458.} Sien *Wheatcroft 1957 BTR 315* wat beweer dat indien skadevergoeding vir kontrakbreuk by 'n dienskontrak betaal word, die inkomste-produiserende bate die kontrak self is en nie die menslike liggaam of verstand nie.

^{459.} Sien *ITC 1289* (1979) 41 SATC 149 waar r Myburgh bevind op 152-153: "The appellant had a reputation of being an outstanding sales promoter which, in my view, is the appellant's ability to earn income and is comparable to his 'income-producing machine'. The tarnishing of his reputation is, therefore, of a capital nature in that his ability to earn income is diminished. The agreement not to sue is a restraint to claim compensation for his reduced capacity to earn income." En op 193: "Having come to the conclusion that the appellant's income-producing ability was at the basis of the payment, the appeal must succeed."

vernietig is, het die hof eerstens die funksie van die skadevergoeding oorweeg.⁴⁶⁰ Dit was duidelik dat die skadevergoeding betaal is om die belastingpligtige te vergoed vir die dennebome wat in die brand verwoes is. Die feit alleen het egter nie 'n aanduiding van die aard van die skadevergoeding gegee nie. Die werklike aard van die dennebome in die besigheid van die belastingpligtige moes oorweeg word. Hierdie verdere ondersoek is noodsaaklik, want die aard van die plaasvervangende bedrag is dieselfde as die bate wat gesubstitueer of vervang word. Die aard van die dennebome hou direk verband met die aard van die besigheid van die belastingpligtige.⁴⁶¹ Die dennebome was handelsvoorraad en die skadevergoeding was derhalwe van 'n inkomste-aard.⁴⁶²

Waar daar 'n onteiening van die regte is, is dit belangrik om vas te stel waarvoor die bedrag aan vergoeding inderdaad betaal is.⁴⁶³ Die tweede element van die substitusie-riglyn, naamlik die werklike aard van dit wat vervang word in die hande van die belastingpligtige, is ook in dié konteks van deurslaggewende belang. Die aard van die vervangde bate in die ekonomie van die belastingpligtige moet oorweeg word. Indien die onteiening betrekking het op die sterilisasie van 'n vaste kapitaalbate sal die ontvangste van 'n kapitale aard wees.⁴⁶⁴

Die vergoeding wat aan 'n verhuurder betaal is as 'n substituuat vir die huurgeld van die onverstreke gedeelte van die huurtermyn was van 'n inkomste-aard. Die enkelbedrag wat betaal is, is ontvang in plaas van of as vergoeding vir die balans van die huurgeld wat verskuldig en betaalbaar was ten opsigte van die onverstreke huurtermyn.⁴⁶⁵

^{460.} *Estate A G Bourke v CIR* 1991 1 SA 661 (A), 53 SATC 86.

^{461.} Ar Hoexter gee in die *Bourke*-saak op 95 in oorweging dat die ondersoek op die vlg kritiese faktor gebaseer is, nl: "the nature of the business carried on by the trust and the syndicate in relation to such pine trees".

^{462.} Ar Hoexter maak in die *Bourke*-saak die vlg bevinding op 95: "It is clear, in my opinion, that the pine trees on the property represented a trading asset of the trust ... [T]hat having regard to the essential nature of the business of the trust and the syndicate the pine trees on the property constituted trading stock as defined in s 1 of the Act."

^{463.} Hierdie standpunt word in *The Glenboig Union Fireclay Co Ltd v Commissioners of Inland Revenue* (1922) 12 TC 427 deur lord Dundas op 456 ondersteun waar hy as volg opm: "In the first place, what we must consider is not the measure by which the amount of compensation was arrived at, but what it was truly paid for, and, as already indicated, I think the compensation was paid for the loss of a capital asset."

^{464.} In die *Glenboig*-saak is skadevergoeding aan die belastingpligtige betaal om die maatskappy te verhoed om vuurvaste klei te ontgin op die gedeelte van die eiendom wat naby spoorlyne was. Hierdie vuurvaste kleivelde was deel van die vaste kapitaalbates van die mpy. Sien ook *CIR v Illovo Sugar Estates Ltd* 1951 1 SA 306 (N), 17 SATC 387 waar rp Hathorn objektief die aard van 'n suikerrietplantasie in die ekonomie van die belastingpligtige beoordeel. Hy kom tot die gevolgtrekking dat die vernietiging daarvan neerkom op 'n verlies van 'n essensiële deel van Illovo Sugar se inkomste-produiserende masjinerie. Die vergoeding was as sodanig van 'n kapitale aard. Die suikerriet wat vernietig is, was handelsvoorraad en bedrae wat daarvoor ontvang is, was van 'n inkomste-aard.

^{465.} In *ITC 312* (1934) 8 SATC 154 maak die hof die vlg bevinding op 156: "The contract was a contract of lease, and it seems to me that a lump sum paid in lieu of, or as compensation for, the balance of rent due for the

By die kansellering van 'n agentskaps- of diensooreenkoms moet noukeurig aandag geskenk word aan die werklike aard van die bate waarvoor die plaasvervangende bedrag ontvang word. Indien so 'n kansellering nie die inkomste-produiserende struktuur van die besigheid beïnvloed nie, kan geargumenteer word dat die plaasvervangende bedrag ontvang word as vergoeding vir 'n verlies aan wins. In sodanige geval sal die bedrag wat as vergoeding ontvang word van 'n inkomste-aard wees. Dit blyk dat die howe soms 'n waarde-oordeel vel en op grond van die getuienis tot die gevolgtrekking kom dat die skikkingsbedrag betaal is om die maatskappy te vergoed vir die verlies aan winste wat dit sou verdien het indien die agentskap voortgeduur het.⁴⁶⁶ Indien die kansellering van 'n agentskaps- of diensooreenkoms 'n deel van die inkomste-gewende struktuur van die belastingpligtige beïnvloed, sal die vergoeding wat ontvang word van 'n kapitale aard wees.⁴⁶⁷

Waar 'n belastingpligtige afstand doen van regte moet oorweeg word of 'n deel van sy inkomste-produiserende struktuur hom nie permanent ontnem is nie. Die prysgewing van 'n belastingpligtige se bedingingsvermoë om addisionele inkomste te genereer, is beskou as 'n afstanddoening van 'n gedeelte van sy inkomste-produiserende struktuur.⁴⁶⁸

Daar word aan die hand gedoen dat 'n bepaling in 'n ooreenkoms wat 'n inperking van handelsvryheid⁴⁶⁹ op een van die kontrakpartye plaas nie noodwendig tot gevolg het dat hy van sy regte afstand doen nie. Die ingeperkte party onderneem bloot om sekere regte wat hy het, naamlik om hom vrylik in die handels- en beroepswêreld te laat geld, nie uit te oefen nie. Die ingeperkte party laat dus toe dat sekere verpligtinge op hom geplaas word.⁴⁷⁰ Die ingeperkte party word gewoonlik vergoed vir die onderneming wat hy gee dat hy vir 'n sekere

period stipulated, is a sum paid under and by virtue of the letting of the property."

^{466.} Sien *ITC 527 (1942) 12 SATC 430* waar die hof die vlg bevinding op 432 maak: "It is clear on the evidence and the correspondence and the documents that the settlement was to compensate the company for the loss of the profits which it would or might have earned, had the agency continued."

^{467.} Sien Meyerowitz *Income Tax* par 8.126; Broomberg en Kruger *Tax Strategy* 240.

^{468.} In *KBI v Transvaalse Suikerkorporasie Beperk* 1987 2 SA 213 (A), 49 SATC 11 gee ar van Heerden op 27 die vlg uiteensetting: "Daardie deel van die struktuur van die respondent wat gerig was op die aangaan van kontrakte op bg basis is dus permanent sy winspotensiaal ontnem. Op die keper beskou, was die som van R3,5 miljoen gevolglik bestem om die respondent te vergoed vir die prysgewing van daardie potensiaal of, anders gestel, die bevoegdheid om deur aanwending van sy bedingingsvermoë addisionele inkomste te genereer." Hy kom tot die gevolgtrekking dat die beslissing in *Taeuber and Corssen (Pty) Ltd v SIR* 1975 3 SA 649 (A), 37 SATC 129 analogies toepassing vind. Die belastingpligtige het soos in die *Taeuber and Corssen*-beslissing van 'n gedeelte van die inkomste-produiserende struktuur, in die onderhawige geval die vermoë om die spoorvragvoordeel te beding, van die mpy afstand gedoen.

^{469.} Die Engelse begrip "restraint of trade" word in Afrikaans vertaal met "inperking van handelsvryheid".

^{470.} Sien *Magna Alloys and Research (SA) (Pty) Ltd v Ellis* 1984 4 SA 874 (A) 898; *Basson v Chilwan* 1993 3 SA 742 (A) 767.

tydperk nie aan die handelsverkeer sal deelneem nie.⁴⁷¹

Waar 'n belastingpligtige vergoed is vir 'n onderneming teenoor 'n mededinger om vir 'n sekere tydperk die besigheid in sy vervaardigingstak te staak, is die bedrag as van 'n kapitale aard beskou.⁴⁷² Die werklike aard van die transaksie was 'n afstanddoening van die reg om inkomste uit 'n gedeelte van hulle besigheid te verdien.⁴⁷³

9.5 Substansiële deel van Inkomste-produerende struktuur

Waar handelsooreenkomste van die belastingpligtige gekanselleer en skadevergoeding betaal word, is die vraag of die betrokke ooreenkoms 'n deel van die inkomste-produerende struktuur van die belastingpligtige was, en of die kansellering bloot 'n normale gebeurtenis in die loop van die bedryf van die belastingpligtige se besigheid was.⁴⁷⁴

Die Suid-Afrikaanse hof oorweeg 'n aantal Engelse hofbeslissings waarin dieselfde kwessie aangespreek is. Die gevolgtrekking waartoe in hierdie hofbeslissings gekom is, is dat die bedrag wat 'n kommersiële onderneming ontvang as vergoeding vir die verlies wat uit die kansellering van 'n bedryfsooreenkoms of die voortydige beëindiging van 'n agentskapsooreenkoms verkry word, van 'n inkomste- of kapitale aard mag wees. Dit is

^{471.} Sien *Taeuber and Corssen (Pty) Ltd v SIR* 1975 3 SA 649 (A), 37 SATC 129 waar Hr Rumpff tot die vlg gevolgtrekking kom op 138-139: "As a result of the termination and the restraint clause being invoked, appellant was not only prevented from marketing the products of BASF but also, in addition, for a period of two years, from handling any products that might compete with the products of BASF." En op 140: "What the parties intended, therefore, was a payment of a sum of money to restrain the appellant, for a period of two years, from earning income by the sale of all products competing with those of BASF. In the result, in my view, that part of appellant's income-producing structure which had sold only BASF products was not only permanently prevented from selling BASF products by the termination of the agreement, but also effectively closed for two years to the extent that it was prevented, for that period, from selling all such products as would compete with the BASF products, and the amount payable in terms of clause X(2) was intended to be, and must be construed as, compensation for this closure."

^{472.} Daar word aan die hand gedoen dat die ooreenkoms tussen die partye inderdaad neerkom op 'n inperking van die belastingpligtige se handelsvryheid. Dit gaan hier bloot oor 'n kommersiële ooreenkoms tussen partye wat op gelyke voet beding om die handelsverhoudinge tussen hulle te reël. Die een kontrakparty laat toe dat sekere verpligtinge op hom geplaas word, naamlik dat hy nie ten opsigte van 'n sekere tipe besigheid vrylik aan die handelsverkeer sal deelneem nie. Sien *New United Yeast Distributors (Pty) Ltd v Brooks* 1935 WLD 75 83; *Malan v Van Jaarsveld* 1972 2 SA 243 (K) 245; *Basson v Chilwan* 1993 3 SA 742 (A) 762; *Humphrys v Laser Transport Holdings Ltd* 1994 4 SA 388 (K) 400-401 waar aandag gegee word aan omstandighede waarin partye op gelyke voet verkeer en ooreenkomste aangaan wat as sodanig op die inkorting van die handelsvryheid van 'n mededinger neerkom.

^{473.} In *ITC 254* (1932) 7 SATC 56 maak die hof op 59 die vlg bevinding: "Here, it is true, the appellants voluntarily forewent a portion of their profits in consideration of a payment, but the real transaction was one whereby they gave up the right which they previously enjoyed of earning income in respect of this particular portion of their business, and substituted for that a right to receive a consideration which was given for their surrender of the right. That appears to us to be in the nature of a capital receipt."

^{474.} Sien *ITC 1259* (1976) 39 SATC 65 en *ITC 1341* (1980) 43 SATC 215 waar dié kwessie oorweeg is.

moeilik om 'n algemene riglyn neer te lê wat in alle gevalle aangewend kan word. Die rede hiervoor is dat die beslissing 'n kwessie van graad mag wees wat verband hou met die bepaalde omringende omstandighede. Waar die regte of voordele wat gekanselleer word van sodanige omvang is dat dit 'n belangrike deel van die inkomste-produiserende struktuur van die belastingpligtige vernietig of negatief beïnvloed, kan die vergoeding beskou word as 'n bedrag wat vir die verlies of sterilisasie van 'n kapitaalbate betaal word.⁴⁷⁵ Dit blyk ook dat dit nie nodig is dat die kansellering van 'n handelsooreenkoms tot gevolg het dat dit die hele inkomste-produiserende struktuur van die belastingpligtige vernietig of nadelig beïnvloed nie. Indien die transaksie waaruit die vergoeding voortspruit 'n substansiële gedeelte van die struktuur beïnvloed, kan die hof bevind dat die vergoeding van 'n kapitale aard is en as sodanig nie belasbaar nie.⁴⁷⁶

Daar word aan die hand gedoen dat die onderliggende riglyn wat toegepas word, steeds die substitusie-riglyn is. Waar 'n handelsooreenkoms gekanselleer of voortydig beëindig word en skadevergoeding word aan die belastingpligtige betaal, is die vraag of dit bloot 'n normale gebeurtenis is wat in die loop van die besigheidsaktiwiteite van die belastingpligtige plaasvind, en of dit beskou kan word as skadevergoeding wat vir die verlies van 'n substansiële deel van die inkomste-produiserende struktuur van die belastingpligtige gegee word. Die maatstaf wat die Engelse howe geformuleer het om 'n onderskeid te tref tussen die twee voorgemelde moontlikhede, hou verband met die omvang van die besigheidsaktiwiteite wat gestaak is en waarvoor skadevergoeding betaal is. Indien die regte en voordele wat gekanselleer is van sodanige omvang is dat dit die inkomste-produiserende struktuur van die belastingpligtige negatief beïnvloed, kan moontlik geargumenteer word dat dit neerkom op die verlies of sterilisasie van 'n kapitaalbate en dat sodanige skadevergoeding van 'n kapitale aard behoort te wees. Hierdie maatstaf is gebaseer op 'n kwessie van graad en gee daartoe aanleiding dat die howe 'n waarde-oordeel moet vel deur al die feite te oorweeg.⁴⁷⁷

Die howe in Suid-Afrika het nie in alle omstandighede waar 'n handelsooreenkoms gekanselleer is of van regte afstand gedoen is, oorweeg of die regte 'n substansiële deel van die inkomste-produiserende struktuur uit gemaak het nie. In *Kommissaris van Binnelandse*

^{475.} Die howe verwys o m na die vlg Engelse beslissings: *Inland Revenue v Fleming & Co (Machinery) Ltd* 33 TC 63; *Van den Berghs Ltd v Clark (Inspector of Taxes)*, [1935] 19 TC 390; *Kelsall Parsons and Co v IRC* 1938 SC 238; *Barr, Crombie and Co Ltd v Inland Revenue* (1945) SC 271.

^{476.} Ter ondersteuning van dié standpunt verwys die hof na die Engelse beslissing *Anglo-French Exploration Co Ltd v Clayson* [1956] 1 All ER 762 766.

^{477.} Sien *ITC 1259* (1976) 39 SATC 65 68; *ITC 1341* (1980) 43 SATC 215, 221; *Wiseburgh v Domville* [1956] 1 All ER 754 (CA) 759.

*Inkomste v Transvaalse Suikerkorporasie Beperk*⁴⁷⁸ was dit nie 'n deurslaggewende oorweging by die beslissing of die bedingingsvermoë van die belastingpligtige 'n substansiële gedeelte van die inkomste-produiserende struktuur van die maatskappy was nie. Daar is bloot bevind dat die bedingingsvermoë van die belastingpligtige om die spoorvragvoordeel te genereer deel uitgemaak het van die struktuur van die maatskappy en dat die wysiging van die ooreenkoms die belastingpligtige permanent van hierdie potensiaal ontnem het. Die bedrag wat die belastingpligtige ontvang het, is dus betaal as plaasvervanging vir 'n deel van die inkomste-produiserende struktuur van die maatskappy. As sodanig was dit van 'n kapitale aard. Die omvang van hierdie deel van die inkomste-produiserende struktuur was nie 'n oorweging wat die beslissing ten grondslag gelê het nie.⁴⁷⁹

9.6 Vervreemding van reg op inkomste

9.6.1 Inleiding

Daar is skrywers wat aanvoer dat dit noodsaaklik is om 'n onderskeid te tref tussen die afstanddoening van 'n reg en die vervreemding van 'n reg. Sodoende kan die relevante riglyn geïdentifiseer word wat toegepas moet word om die aard van daaruit voortspruitende ontvangste te bepaal. By die vervreemding van 'n reg is die substitusie-riglyn na bewering nie die relevante riglyn wat aangewend behoort te word nie, maar eerder die "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn.⁴⁸⁰

Dit wil egter voorkom of die howe veral in Australië ook by die vervreemding van regte in sekere omstandighede die substitusie-riglyn toepas.⁴⁸¹ Om dié riglyn suksesvol in dié

^{478.} *KBI v Transvaalse Suikerkorrasie Beperk* 1987 2 SA 213 (A), 49 SATC 11.

^{479.} Daar word aan die hand gedoen dat die indruk wat Broomberg en Kruger *Tax Strategy* 240 skep dat die beslissings in die *Taeuber and Corssen*- en *Transvaalse Suikerkorporasie Beperk*-saak gesag is vir die standpunt dat vergoeding wat betaal word vir die kansellering van 'n kontrak slegs as van 'n kapitale aard beskou sal word indien die kontrak 'n belangrike deel van die struktuur van die besigheid uitmaak, kan nie regtens ondersteun word nie. In *Taeuber and Corssen (Pty) Ltd v SIR* 1975 3 SA 649 (A), 37 SATC 129 het die hof bloot terloops verwys na die feit dat die agentskaps-ooreenkoms 'n substansiële gedeelte van die inkomste-produiserende struktuur van die mpy uitgemaak het. In die *Transvaalse Suikerkorporasie Beperk*-beslissing is hierdie aspek geensins oorweeg nie. Die omvang van die bedingingsvermoë tov die spoorvragvoordeel in die besigheid van die belastingpligtige was nie 'n oorweging wat die beslissing van die hof ten grondslag gelê het nie.

^{480.} Sien Meyerowitz *Income Tax* par 8.130.

^{481.} Sien hfst 4 par 2.4.5 en hfst 8 par 6.2 vir 'n meer volledige bespreking van hierdie aanwendingsmoontlikheid. Sien ook *FCT v Myer Emporium Ltd* (1987) 18 ATR 693. Lehmann en Coleman *Taxation Law in Australia* 33-34 sê: "In compensation cases the 'replacement principle' has a wide application. Where a receipt 'replaces' a revenue loss, it is income. Where it replaces a capital loss, it is capital. The replacement principle has a potential to apply beyond cases involving compensation in the strict sense of that term." Sien verder Rigney *Test or Indicia of Income* par 25/0615 1401 en die instemming wat judge Hill in *Henry Jones (IXL) Ltd v FCT* (1991) 22 ATR 328 op 342 met hierdie standpunt betuig: "I see no reason why the 'compensation principle'

konteks toe te pas, is dit noodsaaklik om met sekerheid te bepaal wat die aard van die bate of item is wat vervreem word. Anders gestel: Wat is die aard van die bate of item wat met 'n teenprestasie vervang word?⁴⁸² Hierdie ondersoek hang nou saam met die funksie van die bedrag wat as substituuat ontvang word.

9.6.2 Bron van inkomstestroom

Dit blyk ook belangrik te wees om as 'n aanvanklike stap by die toepassing van die substitusie-riglyn 'n onderskeid te tref tussen die inkomste-stroom en die bron wat dit voortbring.⁴⁸³ Indien die aard van die inkomste-stroom tantieme is, sal dit byvoorbeeld belangrik wees om vas te stel of die bron of ontstaansrede van die tantieme die onderliggende immaterieel-goederereg (byvoorbeeld 'n patent) is of die ooreenkoms ingevolge waarvan vergunning aan 'n ander persoon verleen word om die betrokke reg te gebruik. Dieselfde kwessie bestaan ook by die bron van rente. Die vraag is of die leningskapitaal as sodanig die bron van rente is en of die regte wat ten opsigte van die betaling van rente wat in die leningsooreenkoms beding word, nie die onmiddellike ontstaansrede vir die betaling van rente is nie. Ter ondersteuning van laasgenoemde

should not apply to a realisation of assets case." Sien Parsons *Income Taxation in Australia* par 2.506 165 wat ook opmerk: "There is no reason why the compensation principle should apply in this surrender of rights situation, but not in a realisation of rights situation."

^{482.} Wheatcroft 1957 BTR 315 voer by aan dat indien skadevergoeding vir kontrakbreuk by 'n dienskontrak betaal word, die inkomste-produiserende bate die kontrak self is en nie die menslike liggaam of verstand nie.

^{483.} In die vlg Australiese beslissings is daar 'n noue verband tussen die substitusie- en bron-riglyn. In *FCT v Myer Emporium Ltd* (1987) 18 ATR 693 is 'n enkelbedrag ontvang vir die oordrag van die reg op rente ingevolge 'n lening aan 'n filiaal-mpy. In *Henry Jones (IXL) Ltd v FCT* (1991) 22 ATR 328 en *SP Investments Pty Ltd v FCT* (1993) 112 ALR 443 is enkelbedrae ontvang vir die oordrag van regte ingevolge tantieme-ooreenkoms. In voorgemelde hofsake is bevind dat die enkelbedrae belasbaar is, want dit is nie betaal vir die struktuur wat die inkomste produseer nie. Die kontraktuele reg op die rente of die tantieme is nie die bron van dié inkomste nie. Die bron van rente is die kapitaalsom en die bron van die tantieme is die onderliggende intellektuele eiendom. Die enkelbedrae is ontvang in ruil vir die toekomstige inkomste-vloei wat die belastingpligtige sou ontvang het. Dit wil voorkom of die howe in Engeland 'n ander benadering volg. In *Paget v IRC* 21 TC 677 699 beslis *Lord Romer*: "In these circumstances, the only question to be decided is whether the proceeds of sale of a right to receive income in the future can be treated as income for the purposes of the Income Tax Acts. The question thus broadly stated plainly admits of but one answer, and that answer must be in the negative." Sien egter die voorbehoud van Sims ea *Simon's Taxes* 200-210. Dit blyk dat die beginsel wat die uitbreiding van die substitusie-riglyn ten grondslag lê ook in die VSA nagevolg is. In *United States v Midland-Ross Corp* 381 US 54 (1965) 57-58 beslis die *supreme court* as vlg: "Unlike the typical case of capital appreciation, the earning of discount to maturity is predictable and measurable, and is 'essentially a substitute for ... payments which Sec. 22(a) expressly characterises as a gross income'; [thus] it must be regarded as a ordinary income, and it is immaterial that for some purposes the contract creating the right to such payments may be treated as 'property' or 'capital'." Die substitusie-konsep in 'n konteks buite die betaling van skadevergoeding het ook aanklank in Suid-Afrika gevind. Sien die minderheidsuitspraak van r Wunsh in *CIR v Cactus Investments (Pty) Ltd* 59 SATC 1 47. R Wunsh verwys na bg Australiese beslissings as gesag vir sy standpunt.

sienswyse kan aangevoer word dat 'n uitlener van geld nie sonder meer, sonder om spesifiek daarvoor te beding, 'n reg op die betaling van rente het nie. 'n Uitlener van geld het nie 'n gemeneregtelike reg op rente nie.⁴⁸⁴

In die geval van rente kan die ontstaanrede of bron van die rente:

- i) die voorsiening van krediet wees. Die uitlener verskaf krediet aan die inlener of dra sekere regte, wat aan die uitlener behoort, aan hom oor om krediet te verkry. Die verskaffing van sodanige krediet is die dienste wat die uitlener verrig en waarvoor die inlener hom vergoed deur rente aan hom te betaal.⁴⁸⁵
- ii) die beskikbaarstelling van die fondse aan die lener wees. Dit sal die geval wees waar daar nie sprake is van die verlening van krediet nie, maar waar dit 'n geval is van gewone verbruikleen. Indien die uitlener of belegger gepresteer het deur die fondse aan die lener beskikbaar te stel en daar is beding dat die lener rente sal betaal, is die lener verplig om te betaal.⁴⁸⁶

^{484.} Sien *CIR v Industrial Bank Ltd* 1990 3 SA 641 (A), 52 SATC 224 waar war Nienaber op 238-239 die gemenereg as volg uiteensit: "I am not aware of any principle of law which entitles one party to demand interest at the legal rate from another simply because the former has been deprived of the benefits and fruits of the money which he had paid to the latter. *Baliol Investment Co (Pty) Ltd v Jacobs* 1946 TPD 269 suggests the opposite: that interest is not *ipso facto* recoverable; it would be payable only if the parties had so agreed or if the payee was in mora." War Nicholas bevestig dié standpunt op 659: "The general rule of the Roman-Dutch law is that interest is not payable unless there is an agreement to pay it or there is default or mora on the part of the defendant." Sien ook Van Dorsten 1985 *The Taxpayer* 203. In *CIR v Lever Bros and Unilever Ltd* 1946 AD 441, 14 SATC 1 9 verwys hr Watermeyer ook na die omstandigheid dat rente betaal word waar 'n reg op rente beding word. Hy sê: "In the case of a loan of money the lender gives the money to the borrower, who in return incurs an obligation to repay the same amount of money at some future time and if the loan is one which bears interest, he also incurs *an obligation to pay that interest*." En op 10: "Although, colloquially, one speaks of a debt carrying interest, or interest on a debt, as though interest were a sort of growth sprouting from the debt, the language used means no more than that the borrower pays interest, *if that is the agreement between borrower and lender, as consideration for the benefits allowed to him by the lender*." (Kursivering bygevoeg.)

^{485.} Sien *CIR v Lever Bros and Unilever Ltd* 1946 AD 441, 14 SATC 1 9-10, In *Riches v Westminster Bank Ltd* [1947] AC 390 maak lord Wright die vlg stelling oor die werklike aard van rente: "The essence of interest is that it is a payment which becomes due because the creditor has not had his money at the due date. It may be regarded either as representing the profit he might have made if he had had the use of the money, or conversely the loss he suffered because he had not that use. The general idea is that he is entitled to compensation for the deprivation. From that point of view it would seem immaterial whether the money was due to him under a contract express or implied or a statute or whether the money was due for any other reason in law."

^{486.} Sien *Cactus Investments (Pty) Ltd v CIR* (1999) 61 SATC 43 waar ar Hefer op 46 en 47 die vlg uiteensetting gee: "In the present case Cactus did not give its customers credit; we are dealing with ordinary loans for consumption and with money actually paid to borrowers. The interest which they were obliged to pay was certainly not to compensate Cactus for any service rendered to them. ... But, bearing in mind again that we are dealing with loans for consumption which brought about that each borrower became the owner of the money received, the interest cannot be compensation to Cactus for the use of Cactus's money. ... My view of

In albei bogemelde gevalle is die vraag of die onmiddellike bron, naamlik die ooreenkoms wat die betaling van die rente reël, of die oorspronklike bron, naamlik die verskaffing van krediet of die leningskapitaal, die bron van die rente is. Waar 'n belastingpligtige die reg om rente te ontvang, vervreem en 'n enkelbedrag as teenprestasie ontvang, is die vraag wat die aard van die enkelbedrag is. Vir die oplossing van dié vraagstuk is dit derhalwe belangrik om te bepaal wat die bron van die ontvangste is wat gesubstitueer word. Indien dit wat gesubstitueer word inderdaad die bron van die rente is, dit wil sê die inkomste-produiserende bate wat die rente voortbring, sal die vervangende bedrag van 'n kapitale aard wees. In dié konteks is dit derhalwe belangrik om te bepaal of die reg wat beding is om die rente te ontvang as die bron van die rente beskou kan word. Indien die enkelbedrag egter nie die bron van die rente vervang nie, maar bloot 'n vooruitbetaling is van die rente wat ontvang sou word, is dit noodsaaklik om die aard van dit wat vervang word te bepaal. Indien dit tot inkomste aanleiding sou gee, soos byvoorbeeld rente, is die vervangende item, die enkelbedrag, ook van 'n inkomste-aard. Daar word aan die hand gedoen dat die oorspronklike bron, naamlik die leningskapitaal, die bron van die rente is.⁴⁸⁷

9.6.3 Kousaliteit

Daar word in oorweging gegee dat die algemene regsbeginsels ten opsigte van kousaliteit, wat veral in die straf- en deliktereg aanwending vind,⁴⁸⁸ toegepas kan word om die bron of ontstaansrede van 'n ontvangste te bepaal. Die feit dat die belastingpligtige die eienaar is van die immaterieel-goederereg of die leningskapitaal kan beskou word as 'n onmisbare of noodsaaklike voorwaarde⁴⁸⁹ vir die tantieme of rente wat deur die belastingpligtige ontvang word. Die vraag is egter of hierdie feit daartoe aanleiding gee dat daar 'n nou genoeg verband bestaan tussen die feit dat die belastingpligtige die eienaar is van die immaterieel-goederereg of leningskapitaal en die uiteindelijke ontvangs van tantieme of rente. Om dié

the matter, like that of the majority in the court *a quo*, is a simple one, provided we do not lose sight of the reason for the quest for a moneylender's obligations. What we are trying to ascertain, is whether, after making the funds available to the borrower, the lender has an unconditional right to receive the interest on due date."

^{487.} In *CIR v Lever Bros and Unilever Ltd* 1946 AD 441, 14 SATC 1 bevestig ar Schreiner dié standpunt. Hy oorweeg die bron van rente en maak die vlg stelling op 17: "Even in the case of (b), income derived from the taxpayer's property, it is no doubt possible to describe the source of the income as the activity of the taxpayer in entering into the contract under which the other party agreed to pay the rent, interest, royalty or other recompense for the use of the property. ... But neither of these ways of putting the matter would accord with ordinary linguistic usage. In common parlance ... the property itself ... is treated as the source of the income." Sien hfst 4 par 2.4.4 waar aangedui word dat een van die beperkings van die bron-riglyn die probleem is om vas te stel of die onmiddellike of uiteindelijke bron die ontstaansrede vir 'n ontvangste is.

^{488.} Sien Joubert *LAWSA* vol 8 94.

^{489.} Die Latynse term is: *condicio sine qua non*.

vraag te beantwoord is dit noodsaaklik om vas te stel of die ooreenkoms wat gesluit is vir die betaling van die tantieme of rente beskou kan word as 'n onafhanklike en nie-verwante intredende faktor of oorsaak⁴⁹⁰ wat daartoe aanleiding sal gee dat die oorspronklike noodsaaklike oorsaak gereleë word tot 'n bloot histories bykomende of agtergrond-faktor.⁴⁹¹ Daar word aan die hand gedoen dat laasgenoemde afleiding nie in die geval van rente of tantieme gemaak kan word nie. Die verskaffing van krediet of die beskikbaarstelling van die leningskapitaal of die immaterieel-goederereg kan nie bloot as 'n agtergrondsfaktor beskou word wat slegs historiese waarde het nie. Die verskaffing van krediet of die beskikbaarstelling van die leningskapitaal of die immaterieel-goederereg bly steeds die deurslaggewende oorsaak vir die betaling van die rente of tantieme.⁴⁹²

9.6.4 Regs- en ekonomiese benadering

Daar word verder in oorweging gegee dat die feit dat die reg op rente of tantieme uit 'n regsoogpunt as 'n bate in die sin van 'n vorderingsreg beskou kan word, nie 'n beslissende oorweging is nie.⁴⁹³ Die toepassing van die substitusie-toets het as grondslag die ekonomiese benadering tot die onderskeid tussen ontvangste van 'n inkomste- en kapitale aard. Volgens dié benadering is kapitaal 'n fonds en inkomste 'n vloei. 'n Fonds van eiendom

^{490.} Die Latynse term vir sodanige faktor is: *novus actus interveniens*.

^{491.} Sien *CIR v Shell Southern Africa Pension Fund* 1984 1 SA 672 (A), 46 SATC 1 waar ar Nicholas op 9 die vlg opm maak oor die relevansie van die tussentredende faktor: "The question is whether the intervening cause C, which contributes to bring about the result B, is of such a kind that it isolates the original cause A so as to relegate it 'to the status of a merely historical antecedent or background feature'." In *Tuck v CIR* 1988 3 SA 819 (A), 50 SATC 98 112 113 bespreek ar Corbett die toepassing in die inkomstebelastingreg van die algemene regsbeginsels tov kousaliteit soos dit aanwending vind in die straf- en deliktereg. Hy gee in besonderhede aandag aan die moontlikheid om die beginsels toe te pas om die bron van 'n ontvangste te bepaal. Die bron van die ontvangste bied 'n riglyn waarvolgens bepaal kan word of die ontvangste van 'n inkomste- of kapitale aard is. Hy kom op 113 tot die vlg gevolgtrekking: "I am not sure that it is appropriate to apply the principles of causation, as developed particularly in the criminal law and the delictual field, when considering the problem as to how, from the income tax point of view, a taxpayer's receipt should be characterized, ie whether as income or as capital."

^{492.} Hierdie standpunt word in die Australiese reg in *FCT v Myer Emporium Ltd* (1987) 18 ATR 693 bevestig. Die hof gee op 703 die vlg in oorweging: "A covenant to pay interest on a principal sum may, according to the terms of the lending agreement, be independent of or accessory to a covenant to repay the principal sum or the covenants may be integral parts of a single obligation, but *it is of the essence of interest that it be referable to a principal sum* ... The source of interest is never the mere covenant to pay." (Kursivering bygevoeg.) Sien ook *Millin v CIR* 1928 AD 207, 3 SATC 170 174-175 waar hr Solomon die standpunt huldig dat die outeursreg as sodanig nie 'n kapitaalbate was wat die tantieme voortbring het deur die gebruik daarvan aan die uitgewers te gee nie. Die outeursreg is deur die hof beskou as die produk van die arbeid en vernuf van Millin wat sy in die bedryf van haar besigheid vervreem het.

^{493.} Sien hfst 8 par 6. Sien ook Petroulias en Kenna 1992 *Tax in Aust* 425 wat in oorweging gee dat die reg om rente te ontvang 'n afsonderlike bate is. Vlg hulle is dit 'n vorderingsreg wat aan 'n derde party verkoop kan word wat inkomste vir daardie persoon sal voortbring.

wat op 'n bepaalde tydstip bestaan het, is as kapitaal beskou. Inkomste is beskou as die vloei van dienste wat deur die kapitaal gelewer is, byvoorbeeld geld wat daaruit betaal is of enige ander voordeel wat deur die fonds opgelewer is.⁴⁹⁴ Die feit dat die item wat vervang word regtens 'n bate in die hande van die ontvanger van die substituu-bedrag is, blyk nie deurslaggewend te wees nie. Die "fonds" wat die vloei van fondse oplewer, dit wil sê die leningskapitaal in die geval van rente, is die inkomste-produuserende bate.

9.6.5 *Quid pro quo* van belastingpligtige

'n Verdere maatstaf wat gebruik kan word om die bron of ontstaansrede van 'n ontvangste te bepaal is om vas te stel wat die belastingpligtige gedoen het om dit te verdien. Dit wil sê: Wat was die *quid pro quo*, vir die bedrag wat hy ontvang het?⁴⁹⁵ Daar word in oorweging gegee dat wat rente betref, die belastingpligtige die krediet of leningskapitaal verskaf en dat hy daarvoor vergoeding in die vorm van rente ontvang. Die ontstaansrede van die rente is derhalwe die kredietverskaffing of die beskikbaarstelling van die leningskapitaal.⁴⁹⁶ Dieselfde word by tantieme aan die hand gedoen. Tantieme word deur 'n belastingpligtige ontvang omdat hy 'n bepaalde tipe immaterieel-goederereg aan iemand anders beskikbaar stel. Dit is wat die belastingpligtige doen en waarvoor die tantieme ontvang word. Die reg wat beding is om tantieme te ontvang is volgens dié benadering nie die ontstaansrede van die tantieme nie.

9.6.6 Produktiewe aanwending van kapitaal

Daar word in oorweging gegee dat die reg op 'n inkomste-stroom wat 'n belastingpligtige vervreem voortspruit uit die produktiewe aanwending van kapitaal. Die vorderingsreg wat 'n belastingpligtige ten opsigte van inkomste het (byvoorbeeld rente, huurgeld of tantieme), is die resultaat van die produktiewe aanwending van die belastingpligtige se kapitaal (leningskapitaal, eiendom of immaterieel-goederereg). Daar word aan die hand gedoen dat wanneer 'n belastingpligtige hierdie reg op inkomste vervreem wat uit die produktiewe aanwending van kapitaal voortspruit hy bloot 'n alternatiewe metode aanwend om sy kapitaal

⁴⁹⁴. Sien hfst 4 par 2.3.1.

⁴⁹⁵. Sien *Tuck v CIR* 1988 3 SA 819 (A), 50 SATC 98 112 113 waar ar Corbett dié riglyn as volg omskryf: "In a case such as the present, however, it seems to me that most problems of characterization could appropriately be dealt with by applying the simple test ... viz by asking what work, if any, did the taxpayer do in order to earn the receipt in question, what was the *quid pro quo* which he gave for the receipt?" Sien par 3 waar die funksie van die bron van 'n ontvangste oorweeg is om die aard van 'n ontvangste te karakteriseer.

⁴⁹⁶. Sien hier bo.

produktief aan te wend.⁴⁹⁷

Die bedrag wat die belastingpligtige ontvang wanneer hy die reg op die inkomste-stroom vervreem, is steeds die produk van geïnvesteerde leningskapitaal of die beskikbaarstelling van die gebruik van kapitaal (immaterieel-goederereg of eiendom) aan 'n derde party. Die bedrag wat vir die vervreemding van 'n reg op 'n inkomste-stroom ontvang word, is derhalwe objektief inkomste.

9.6.7 Ontleding en gevolgtrekking

Die substitusie-riglyn word in Suid-Afrika, Australië en Nieu-Seeland aangewend as 'n primêre riglyn om 'n onderskeid te tref tussen ontvangste van 'n inkomste- of kapitale aard. In wese kom die substitusie-riglyn daarop neer dat die plaasvervangende ontvangste die inkomste- of kapitale aard aanneem van die bedrag of bate wat gesubstitueer of vervang word. Hierdie riglyn vind aanwending wanneer die aard van ontvangste by die volgende tipe transaksies oorweeg word:

- i) Betalings wat as skadevergoeding ontvang word.
- ii) Betalings wat as teenprestasie of vergoeding vir die afstanddoening van regte ontvang word.
- iii) Betalings wat ingevolge 'n versekeringskontrak ontvang word.
- iv) Betalings wat as teenprestasie vir die oordrag van regte ontvang word.

By die toepassing van die riglyn word deurlopend aandag geskenk aan die volgende twee essensiële elemente, naamlik:

- i) die funksie van die plaasvervangende bedrag in die hande van die belastingpligtige, dit wil sê die doel waarvoor dit bestem is; en
- ii) die werklike aard van dit wat vervang word in die hande van die belastingpligtige.⁴⁹⁸

^{497.} In *SIR v The Trust Bank of Africa Ltd* 1975 (3) SA 652 (A), 37 SATC 87 maak ar Botha op 104 die vlg opm oor die moontlikheid dat alternatiewe metodes aangewend kan word om 'n besigheid met aandele te bedryf. "The business of such an investment-dealing company is to make a profit on shares by either holding or selling them. These are merely alternative methods of dealing with the shares for the purpose of making a profit out of them. In either event there would be "a productive use of capital employed to earn profits" - per Solomon JA in *Overseas Trust Corporation Ltd v CIR* 1926 AD 444 {see Case No 2 SA Tax Cases Page 71} at 457." Daar word in oorweging gegee dat 'n belastingpligtige ook alternatiewe metodes kan aanwend om kapitaal produktief aan te wend. Die verkoop van 'n reg op 'n inkomste-stroom wat die resultaat van die produktiewe aanwending van kapitaal is, kan as so 'n alternatiewe aanwendingsmetode beskou word.

^{498.} Sien tov Nieu-Seeland *Duff v CIR* [1982] NZLR 710 716; *CIR v City Motor Service Ltd* [1969] NZLR 1010 1026, tov Australië *FCT v Slaven* (1984) 1 FCR 11 22; *Commissioner of Taxation (NSW) v Meeks* (1915) 19 CLR 568 580 en tov Suid-Afrika *CIR v Illovo Sugar Estates Ltd* 1951 1 SA 306 (N), 17 SATC 387 393; *Taeuber and Corssen (Pty) Ltd v SIR* 1975 3 SA 649 (A), 37 SATC 129 140; *Estate A G Bourke v CIR* 1991

Laasgenoemde ondersoek is noodsaaklik, want die aard van die plaasvervangende bedrag is dieselfde as die bate of bedrag wat gesubstitueer word. Die werklike aard van die betrokke bate of bedrag in die besigheid van die belastingpligtige moet oorweeg word. In die konteks is dit belangrik om vas te stel of die plaasvervangende bedrag betrekking het op die inkomste-produiserende struktuur van die belastingpligtige, en of dit bloot in die gewone loop van die bedryf van die belastingpligtige se besigheid ontvang is. By die oorweging van hierdie onderskeid is die feit dat die plaasvervangende bedrag betaal word vir die verlies van 'n substansiële deel van die inkomste-produiserende struktuur van die belastingpligtige soms 'n faktor wat in ag geneem word.

Die toepassing van die substitusie-riglyn kan soms 'n kwessie van graad wees wat neerkom op die vel van 'n waarde-oordeel deur die hof. Dit is veral so waar beslis moet word wat die aard van die vervangende bate of bedrag in die hande van die belastingpligtige is.⁴⁹⁹

Daar word in oorweging gegee dat die substitusie-riglyn by die realisering van 'n bate wel toepassingsmoontlikhede in die Suid-Afrikaanse inkomstebelastingreg het, maar dat dit 'n beperkte aanwendingsveld behoort te hê. Daar word voorgestel dat dit slegs as die relevante riglyn oorweeg word wanneer 'n belastingpligtige die regte realiseer wat hy verkry het deur sy kapitaal of vermoë produktief aan te wend. Dit kom dus bloot neer op 'n alternatiewe metode waardeur die belastingpligtige sy kapitaal produktief aanwend. Die besigheid- en die "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn is steeds die relevante riglyne wat toegepas behoort te word wanneer ander bates vervreem word.

9.7 Subjektiewe ingesteldheid

Daar word aan die hand gedoen dat die hofe met die toepassing van die substitusie-riglyn nie deurentyd 'n absolute objektiewe benadering volg nie. Wat die eerste komponent van die substitusie-riglyn betref, naamlik welke bate deur skadevergoeding vervang is,⁵⁰⁰ kom die hof soms tot 'n gevolgtrekking deur bloot 'n objektiewe afleiding uit die waarneembare feite te maak. Die skadevergoeding kan betaal wees vir bates wat in 'n brand verwoes is.

Wat die tweede komponent betref, naamlik die vasstelling van die werklike aard van die bates in die besigheid van die belastingpligtige, word aan die hand gedoen dat die hofe soms nie bloot op grond van 'n abstrakte oorweging van die objektiewe feite tot 'n

1 SA 661 (A), 53 SATC 86 93.

⁴⁹⁹. Sien tov Engeland *IRC v Fleming & Co (Machinery) Ltd* 33 TC 57 63; *Wiseburgh v Dornville* [1956] 1 All ER 754 759, tov Australië *Allied Mills Industries Pty Ltd v FCT* (1989) 20 ATR 457 463 en tov Suid-Afrika *ITC 1259* (1976) 39 SATC 65 68; *ITC 1341* (1980) 43 SATC 215 221.

⁵⁰⁰. Sien par 10.1 waar die twee komponente van die substitusie-riglyn bespreek word.

gevolgtrekking kom nie. Die verwysingsraamwerk waarbinne die werklike aard van die bates in die besigheid van die belastingpligtige deur die hof bepaal word, kan 'n subjektiewe grondslag hê. Wanneer beoordeel moet word of die bates wat vernietig is vaste of bedryfskapitaal is, sal die doel waarvoor die bates deur die belastingpligtige aangewend is van deurslaggewende belang wees.⁵⁰¹

Waar die belastingpligtige vergoed is vir 'n inperking op sy inkomste-produiserende vermoë het die hof beslis dat die subjektiewe ingesteldheid van die partye wat by die onderhandelings betrokke was, die maatskappy⁵⁰² en die belastingpligtige, wel 'n rol gespeel het om die werklike aard vas te stel van die bedrag wat aan hom betaal is. Die doel wat die partye klaarblyklik wou bereik, was om die belastingpligtige te vergoed vir die afstanddoening van sy reg om te eis vir die inperking van sy verdienvermoë. Dit was skynbaar ook die resultaat wat die belastingpligtige wou bereik, want hy het die aanbod aanvaar wat die maatskappy te dien gevolge aan hom gemaak het.⁵⁰³ Hierdie faktor is deur die hof in ag geneem om tot die gevolgtrekking te kom dat die bedrag nie as plaasvervanging vir 'n salaris aan die belastingpligtige betaal is nie.

Die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige was ook 'n faktor wat die hof in ag geneem het om tot die gevolgtrekking te kom dat 'n betaling gemaak is om die belastingpligtige te vergoed vir die verlies aan toekomstige winste. Die spesiale hof beslis dat die bedoeling waarmee die bedrag deur die onderskeie partye betaal en ontvang is van belang is om die inkomstebelastingaard van die bedrag vas te stel.⁵⁰⁴

In die Australiese reg blyk dit uit die regspraak dat die die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige nie 'n deurslaggewende oorweging by die toepassing van die substitusie-

⁵⁰¹. Sien par 8.4 vir 'n bespreking van die subjektiewe grondslag van die onderskeid tussen vaste en bedryfskapitaal.

⁵⁰². By 'n mpy is dit die doel van die direkteure of persone in beheer van die mpy wie se subjektiewe ingesteldheid oorweeg moet word. Sien *CIR v Richmond Estates (Pty) Ltd* 1956 1 SA 602 (A), 20 SATC 355 361 waar die vlg oor die bedoeling van 'n mpy gesê is: "A company is an artificial person 'with no body to kick and no soul to damn' and the only way of ascertaining its intention is to find out what its directors acting as such intended." In *SIR v The Trust Bank of Africa Ltd* 1975 (3) SA 652 (A), 37 SATC 87 neem die hof 'n ooreenstemmende standpunt in en beslis op 102: "The appellant being a company, its intention must be sought in the thoughts and acts of the persons who manage and control it."

⁵⁰³. Hierdie afleiding word uit die vlg gedeelte van die bevinding op 151-152 gemaak: "The evidence of the appellant on this point is that it was suggested to him 'That if he agreed not to sue for defamation, they would increase the payment to him from R10 000 to R40 000'. This proposition was accepted by him there and then and the matter was concluded. The R10 000 was in lieu of salary and the true purpose of the payment of the additional R30 000 was hush money to avoid the adverse publicity which the A Co would suffer if such an action were to come before the courts." (Kursivering bygevoeg.)

⁵⁰⁴. Sien 431: "What appears to us to be more important is the intention with which the money was paid and received by the respective parties."

riglyn is nie. Die howe beoordeel bloot objektief watter bedrae vervang is. Die doel en die werklike gevolg van die betalings wat die belastingpligtige ontvang, word oorweeg om die aard daarvan te bepaal.⁵⁰⁵ Waar daar sprake is van doel verwys dit eerder na die doel van die persoon wat die betaling maak, dit wil sê die rede waarop die betaling gemaak word.⁵⁰⁶

10 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is aandag gegee aan

- i) die riglyne wat die howe in Suid-Afrika geformuleer het om 'n onderskeid tussen ontvangste van 'n inkomste- en van 'n kapitale aard te maak; en
- ii) die rol wat die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige in die toepassing van die geïdentifiseerde riglyne speel.

Die volgende riglyne is deur die howe geformuleer:

- i) die bron-riglyn;
- ii) die objektiewe inkomste-riglyn;
- iii) die besigheid-riglyn;
- iv) die "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn;
- v) die "vaste teenoor bedryfskapitaal"-riglyn; en
- vi) die substitusie-riglyn.

10.1 Bron-riglyn

Die bron van 'n ontvangste kan as 'n oorkoepelende riglyn oorweeg word om die aard van 'n ontvangste te karakteriseer. Die begrip "bron" beteken die ontstaansrede waarom die belastingpligtige die bedrag ontvang. Die ontstaansrede van die ontvangste hou verband met die werk of aktiwiteite wat die belastingpligtige verrig om die bedrag te ontvang.

^{505.} In *FCT v Dixon* (1952) 86 CLR 540 het die belastingpligtige by die Australiese weermag aangesluit en gedurende sy dien tydperk het sy werkgewer aan hom 'n bedrag betaal wat gelyk was aan die verskil tussen sy salaris en sy soldy. Judge Fullagar beslis op 568: "What is, to my mind, decisive is that the expressed object and the actual effect of the payments made was to make an addition to the earnings, the undoubted income, of the respondent. ... But it is intended to be, and is in fact, a substitute for - the equivalent *pro tanto* of - the salary or wages which would have been earned and paid if the enlistment had not taken place. As such, it must be income, even though it is paid voluntarily and there is not even a moral obligation to continue making the payments. It acquires the character of that for which it is substituted and that to which it is added."

^{506.} Sien *FCT v Dixon* (1952) 86 CLR 540 569.

10.2 Objektiewe Inkomste-riglyn

Volgens die objektiewe inkomste-riglyn is "inkomste" bedrae wat verkry word deur kapitaal produktief aan te wend. Hierdie riglyn is gebaseer op 'n uitsluitlik objektiewe maatstaf wat aandui dat 'n ontvangste inherent inkomste is. Die objektief waarneembare maatstaf is bloot of die bedrae uit die produktiewe aanwending van kapitaal of uit die arbeid en vernuf van die belastingpligtige ontvang word. Die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige is nie 'n deurslaggewende faktor by die toepassing van die objektiewe inkomste-riglyn nie.

10.3 Besigheid-riglyn

Die besigheid-riglyn het twee essensiële eienskappe, naamlik:

- i) die belastingpligtige moet 'n besigheid bedryf; en
- ii) hy moet ten doel hê om 'n wins te maak, dit wil sê die besigheid as deel van 'n winsbejag-onderneming of -skema bedryf.

Die besigheid-riglyn het 'n subjektiewe grondslag. Die subjektiwiteit van die besigheid-riglyn manifesteer in die vraag of die belastingpligtige met die aktiwiteite wat verrig is ten doel het om 'n besigheid te bedryf. Alle relevante omringende feite en omstandighede en die onderlinge verhouding wat daar tussen sodanige omstandighede bestaan, moet oorweeg word om te bepaal of die belastingpligtige ten doel gehad het om 'n besigheid te bedryf. Die howe vel 'n waarde-oordeel oor die handeling of aktiwiteite wat verrig is om vas te stel of die belastingpligtige beoog het om 'n besigheid te bedryf. Die hof vel hierdie waarde-oordeel deur die betrokke feitestel te vergelyk met sekere maatstawwe wat aanduidend is van die tipiese eienskappe van die besigheid wat na bewering bedryf word. Die howe baseer die waarde-oordeel wat hulle vel op gewone gesonde verstand en besigheidstandaarde.

Die vereiste dat die besigheid met 'n winsmaak-doel bedryf moet word, impliseer dat die spesifieke handeling oorweeg word wat tot die wins aanleiding gegee het. Dit is nie voldoende dat die doel om wins te maak bloot voortspruit uit die globale of algemene doel waarmee 'n besigheid bedryf word nie. Die volgende faktore moet ook ten opsigte van die winsmaak-doel in ag geneem word:

- i) Die blote hoop om toevallig 'n uiteindelijke wins te maak in die uitvoering van 'n ander doel is nie voldoende nie; en
- ii) die feit dat die belastingpligtige die moontlikheid voorsien om 'n wins te maak en hom daarmee vereenselwig, is nie bepalend nie.

10.4 "Besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn

Dit blyk 'n gevestigde riglyn te wees dat waar die aard van realisasiewinste uit 'n eenmalige

transaksie oorweeg word die volgende riglyn toepassing vind: Is die wins by wyse van 'n besigheidsbedrywigheid in die loop van 'n skema van winsbejag gemaak? Die besigheid-riglyn sal nie in sodanige omstandighede toepassing vind nie omdat daar nie kontinuïteit is nie.

Die frase "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema" verwys na twee begrippe, naamlik:

- i) 'n besigheidsbedrywigheid; en
- ii) 'n winsbejagskema.

Hierdie elemente is opsigselfstaande eienskappe van die "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn wat albei teenwoordig moet wees voordat dié riglyn toegepas kan word.

'n Besigheidsbedrywigheid is nie noodwendig 'n transaksie wat kontinu is en in die loop van die bedryf van 'n besigheid aangegaan is nie. Dit sluit ook 'n enkele transaksie in wat nie in die loop van die bedryf van 'n besigheid aangegaan is nie, maar wat van 'n besigheids-, bedryfs- of kommersiële aard is.

Die frase "skema van winsbejag" beteken: die bedoeling om by wyse van 'n geformuleerde metode 'n voorgenome handeling uit te voer om 'n bepaalde resultaat of gevolg te bereik, naamlik om wins te maak. 'n Winsbejagskema moet voorbedagtelik en doelbewus uitgevoer word om wins te maak. 'n Transaksie wat aangegaan word met bloot die hoop om uiteindelik toevallig in die uitvoering van 'n ander oogmerk 'n wins te maak, sal nie as 'n skema van winsbejag nie kwalifiseer.

Die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige is die grondslag van die "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn. Alle relevante omringende feite en omstandighede moet oorweeg word om te bepaal of die belastingpligtige ten doel gehad het om 'n besigheidsbedrywigheid in die loop van 'n winsbejagskema aan te gaan.

10.5 "Vaste teenoor bedryfskapitaal"-riglyn

Die howe wend die "vaste teenoor bedryfskapitaal"-riglyn aan as 'n sekondêre riglyn om die inkomste- of kapitale aard van 'n gerealiseerde bate te bepaal.

Die onderskeid tussen vaste en bedryfskapitaal blyk slegs relevant te wees om die inkomste- of kapitale aard van realisasiewinste te bepaal indien dit vasstaan dat die belastingpligtige 'n besigheid of bedryf beoefen.

Vaste kapitaal word in 'n maatskappy geïnvesteer om dit min of meer in voor- en teenspoed (relatief gesproke) permanent te hou en te gebruik om inkomste te verdien. Sodanige bate

sal slegs vervreem word indien onverwagte, ongewone en spesiale omstandighede dit noodsaak. By vlottende of bedryfskapitaal is daar 'n bedoeling om die kapitaal herhaaldelik te gebruik deur tydelik daarvan afstand te doen en dit in die besigheid in omloop te plaas. Dit kan die vorm aanneem van geld, goedere of ander bates. Die bedoeling is egter dat bedryfskapitaal met 'n toevoeging of vermeerdering in waarde na die maatskappy sal terugkom.

Die onderskeid tussen vaste en bedryfskapitaal het 'n subjektiewe basis, naamlik die doel waarvoor die belastingpligtige die betrokke bates in sy besigheid aanwend. Die onderskeid tussen vaste en bedryfskapitaal is dus nie permanent en onveranderlik van aard nie. Die vaste of bedryfskapitale aard van 'n bate is wisselend, afhangende van die doel waarvoor die belastingpligtige die betrokke bate hou.

Die "vaste teenoor bedryfskapitaal"-riglyn is 'n funksionêre riglyn en kan 'n oplossing bied om die aard van ontvangste te bepaal:

- i) Waar 'n bate gerealiseer word en daar onsekerheid bestaan oor die werklike aard en omvang van die besigheidsaktiwiteite van die belastingpligtige; en
- ii) wat as skadevergoeding vir die verlies van of skade aan 'n bate betaal word. In sodanige geval is dit noodsaaklik om die ware aard van die vervangde of beskadigde bate in die besigheid van die belastingpligtige te bepaal.

10.6 Substitusie-riglyn

Die substitusie-riglyn word aangewend om die aard van ontvangste by die volgende tipe transaksies te bepaal:

- i) betalings wat as skadevergoeding ontvang word;
- ii) betalings wat as teenprestasie of vergoeding vir die afstanddoening van regte ontvang word;
- iii) betalings wat ingevolge 'n versekeringskontrak ontvang word; en
- iv) betalings wat as teenprestasie vir die oordrag van regte ontvang word.

In wese kom die substitusie-riglyn daarop neer dat die plaasvervangende ontvangste die inkomste- of kapitale aard aanneem van die bedrag of bate wat gesubstitueer of vervang word.

Daar word aan die hand gedoen dat die substitusie-riglyn twee essensiële elemente het:

- i) Die funksie van die plaasvervangende bedrag in die hande van die belastingpligtige, dit wil sê die doel waarvoor dit bestem is, moet bepaal word; en
- ii) verder moet die werklike aard van dit wat vervang word in die hande van die belastingpligtige bepaal word.

Die hof oorweeg met die toepassing van die substitusie-riglyn in die algemeen nie die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige nie. Die hof bepaal bloot objektief wat vervang word. Dit is egter nie 'n absolute reël nie, want die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige speel soms 'n rol om die aard van die item te bepaal wat vervang word.

HOOFSTUK 10

SUBJEKTIEWE INGESTELDHEID VAN 'N BELASTINGPLIGTIGE

1	INLEIDING.....	404
2	STANDPUNTE VAN AKADEMIESE SKRYWERS.....	405
3	AARD VAN SUBJEKTIEWE INGESTELDHEDE.....	407
	3.1 Inleiding.....	407
	3.2 Relevante tipe subjektiewe ingesteldheid.....	408
	3.2.1 Inleiding.....	408
	3.2.2 Doel en bedoeling.....	410
	3.2.2.1 Algemeen.....	410
	3.2.2.2 Realisasie-entiteite.....	416
	3.2.2.3 Gevolgtrekking en aanbeveling.....	417
	3.2.3 Doel en motief.....	419
	3.2.4 Doel en verwagting.....	423
	3.2.5 Doel en onafwendbare gevolge.....	428
	3.3 Meervoudige doelwitte.....	430
	3.3.1 Inleiding.....	430
	3.3.2 Dominante (oorheersende) doel.....	431
	3.3.2.1 Algemeen.....	431
	3.3.2.2 Kwessie van graad.....	432
	3.3.3 Gelykwaardige hoofdoelwitte.....	432
	3.3.4 Middele of metodes.....	433
	3.3.5 Onmiddellike en uiteindelijke doelwitte.....	434
4	SAMEVATTING.....	436

1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk sal probeer word om groter sekerheid te kry oor die volgende aspekte in die Suid-Afrikaanse inkomstebelastingreg:

- i) Maak die houe 'n onderskeid tussen die verskillende tipes subjektiewe ingesteldhede wat 'n belastingpligtige kan openbaar wanneer die besigheid- of "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn toegepas word om die aard van ontvangste te bepaal;¹

¹ Sien hfst 9 par 7 waar aangedui is dat die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige die grondslag vorm van dié riglyne.

- ii) identifiseer die howe 'n bepaalde tipe subjektiewe ingesteldheid² van 'n belastingpligtige wat in hierdie konteks relevant is en as 'n deurslaggewende oorweging in ag geneem moet word; en
- iii) pas die howe die benadering wat hulle volg konsekwent toe.

In bogemelde ondersoek sal verwys word na die standpunte van akademiese skrywers en die benadering wat die howe in Australië en Nieu-Seeland volg.

Die doel van hierdie bespreking is om vas stel of dit in die konteks van die inkomstebelastingreg tot groter regsekerheid aanleiding sal gee indien die howe konsekwent 'n bepaalde tipe subjektiewe ingesteldheid van 'n belastingpligtige as deurslaggewende beskou by die toepassing van bogemelde riglyne.

2 STANDPUNTE VAN AKADEEMIESE SKRYWERS

Skrywers in die Suid-Afrikaanse inkomstebelastingreg huldig uiteenlopende standpunte ten opsigte van die tipe subjektiewe ingesteldheid van 'n belastingpligtige wat vir doeleindes van die inkomstebelastingreg relevant is.³

Van Niekerk⁴ is van mening dat alhoewel dit in die straf- en deliktereg nodig, of selfs wenslik, mag wees om tussen motief en opset te onderskei, 'n soortgelyke onderskeid in die belastingreg nie tot groter duidelikheid of tot die oplossing van probleme sal kan bydra nie.

Emslie⁵ is van mening dat dieselfde onderskeid wat tussen motief en bedoeling in die strafreg getref word, ook in die belastingreg getref behoort te word. Hy betuig instemming met die standpunt van regter Conradie in *Income Tax Case 1418*⁶, naamlik dat 'n belastingpligtige geag sal word die redelike en natuurlike gevolge van sy daade te bedoel.

² Blum 1967 *U Chicago L Rev* 488 stel die kritieke vraag vir die onderskeid tussen die verskillende subjektiewe ingesteldhede van 'n belastingpligtige in die inkomstebelastingreg as volg: "Turning to income tax law, the threshold question is whether a parallel set of distinctions [as in criminal law] is required, or whether we can safely use motive, intend, and purpose as loose synonyms without sacrificing clarity."

³ Broomberg 1998 *Tax Planning* 69 wys daarop dat regters en regsgeleerdes in Suid-Afrika versuim het om in die konteks van die onderskeid tussen inkomste en kapitaal 'n duidelike onderskeid te tref tussen objektiewe en subjektiewe toetse en die tipes subjektiewe ingesteldhede wat by 'n belastingpligtige teenwoordig kan wees.

⁴ Van Niekerk 1972 *THRHR* 106-107: "By die behandeling van die rol wat doel en motief in die belastingreg speel, word die betrokke woorde dan ook as sinonieme gebruik."

⁵ Emslie 1988 *Tax Planning* 29.

⁶ In *ITC 1418* (1986) 49 SATC 42 44 huldig r Conradie die vlg standpunt: "As in the criminal law, I believe that in this context a person must be taken to intend the reasonable and natural consequences of his acts, and if the reasonable and natural consequences of the acts of the taxpayer are that he will acquire a property and very shortly there afterward dispose of it, without deriving any income from it, it seems to me that it can only be a transaction on revenue account."

Emslie en Davis⁷ se sienswyse is dat waar daar 'n verskil tussen die belastingpligtige se motief en bedoeling is, eerder op sy "objektiewe" bedoeling gelet moet word om die aard van 'n ontvangste te bepaal. Dié skrywers gee in oorweging dat waar die doel van 'n belastingpligtige bepaal moet word om die aard van 'n ontvangste te bepaal, moet die redelike en natuurlike gevolge van sy daad bepaal word. Hulle beweer dat dieselfde benadering as in die strafreg gevolg moet word. Hulle voer ook aan dat sodanige benadering in lyn is met die vereistes wat in die definisie van "bruto inkomste"⁸ gestel word. Hierdie vereistes het klaarblyklik 'n objektiewe grondslag.

Dit wil voorkom of voorgemelde skrywers neig in die rigting van die benadering wat ten opsigte van die doel van onkoste in Australië ingeslaan is. Die objektiewe doel is daar die deurslaggewende oorweging. Die objektiewe doel word afgelei deur bloot die objektiewe omringende omstandighede wat met die transaksie verband hou, te oorweeg. Hierdie objektiewe omstandighede sal volgens algemeen menslike ondervinding geneig wees om sekere "noodwendige" gevolge tot stand te bring wat 'n aanduiding van die objektiewe doel sal gee. Die grondslag van die ondersoek is nie die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige nie. Dit wil sê, die objektief bepaalbare omringende omstandighede word nie oorweeg om die beweerde subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige te bewys nie.⁹

Broomberg¹⁰ is nie bereid om die onderskeid tussen bedoeling en motief bloot as niksseggend af te maak nie. Hy is van mening dat die onderskeid nie geïgnoreer kan word nie. Volgens hom sal daar slegs groter sekerheid en orde in die belastingreg verkry word indien die onderskeid tussen die motief en bedoeling van 'n belastingpligtige erken word.

7. Sien Emslie en Davis 1990 SALJ 1 wat die vlg aanvoer: "In determining a taxpayer's 'intention' for the purpose of characterising an amount as capital or revenue, regard should be had to the reasonable and natural consequences of his acts (as in the criminal law), that is, his objective intention and not merely his subjective motivation. Not only is this in accordance with applicable principles of criminal law, but it meets the requirements of the definition of gross income in which the question whether a receipt or accrual is of a capital nature appears to be objective."

8. Sien a 1 van die Inkomstebelastingwet.

9. Sien *Magna Alloys & Research Pty Ltd v FCT* (1980) 11 ATR 276 279.

10. Broomberg 1972 SALJ 461 huldig die vlg mening: "But suppose that a difference does in fact exist, if we then turn a blind eye on it, it could just happen that we lose our remaining good eye." En op 462: "Quite possibly some of these cases could be distinguished, but it does seem as though order and certainty will not be achieved in this regard unless and until the distinction between income (*sic*) and intention is recognized." Daar word aanvaar dat Broomberg hier na die onderskeid tussen motief en bedoeling verwys. Blum 1967 *U Chicago L Rev* 493 vn 22 verwys na die siening van Paul "Motive and Intent in Federal Tax Law" *Selected Studies in Federal Taxation* (1938) 257-258 wat die standpunt ondersteun dat die versuim om onderskeid tussen die verskillende tipes subjektiewe ingesteldhede van 'n belastingpligtige te maak, verwarring in belasting sake veroorsaak. Hy sê: "Much confusion in tax cases has been caused by the fact that many courts and writers cheerfully used the terms 'intent' and 'motive' as though the two words were exactly interchangeable in meaning ..."

Broomberg¹¹ stel die belangrikheid van die onderskeid tussen bogemelde begrippe later veel sterker en beklemtoon drie subjektiewe ingesteldhede wat volgens hom vir doeleindes van die inkomstebelastingreg relevant is. Hy poog om 'n onderskeid tussen bedoeling, motief en oorweging ("contemplation") te maak en die relevante ingesteldheid te identifiseer wat deurslaggewend is om ontvangste van 'n inkomste- en kapitale aard te onderskei.

3 AARD VAN SUBJEKTIEWE INGESTELDHEDE

3.1 Inleiding

In die inkomstebelastingreg verwys die howe onder meer na die volgende tipes subjektiewe ingesteldhede wat 'n individu kan openbaar, naamlik sy doel, motief, bedoeling en die omstandighede wat hy voorsien wanneer die besigheid- of "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn toegepas word om die aard van ontvangste te bepaal.¹² Daar word aan die hand gedoen dat in 'n psigologiese konteks 'n teoretiese

¹¹. Broomberg *Tax Strategy Seminar* 29-30 maak die vlg onderskeid: "Jurisprudence recognises three main types of subjective states of mind. (a) INTENTION: In tax terms, that would mean acquiring an asset intending to keep it but to dispose of it again. (b) MOTIVE: Given that an asset was acquired with the intention of disposing of it again, the motive is the reason why the taxpayer acquired the asset with that intention; e.g. the motive in acquiring shares might have been to secure control over a company, (*Marshall Industrials*), or to acquire an agency (*LHC Corporation*) or to operate a share incentive scheme. Of course, the motive may have been to make a profit on the sale of the asset. (c) CONTEMPLATION: Given that the taxpayer acquired the asset e.g. to use it for some specific purpose and not with the object of making a profit on the resale; but the taxpayer did foresee that he would make a profit when the asset was resold after it had served the specific purpose for which it had been acquired. 12. Which of these three types of 'state of mind' determine the capital or revenue nature of the proceeds of a disposal of an asset? The relevance of the question is self evident, since the outcome of the tax issue could depend upon which state of mind prevails."

¹². Sien *ITC 1185* (1972) 35 SATC 122 123 waar r Miller sê: "It is the function of the court to determine on an objective review of all the relevant facts and circumstances what the motive, purpose and intention of the taxpayer were." In *ITC 1283* (1978) 41 SATC 36 bevind die hof op 44: "In these circumstances we have come to the conclusion that [the taxpayer's] ... sole motive in acting as he did was to turn his capital ... into a commodity which could be readily converted into rands." In *CIR v Stott* 1928 AD 252, 3 SATC 253 sê ar Wessels die vlg op 259: "There was nothing in that to suggest any intention to do the business of a landjobber." En op 261-262: "The intention of the purchaser had been regarded as one of the tests whether he is making a trade of buying and selling land as a profit." Daar is ook in die vlg beslissings na die bedoeling van die belastingpligtige verwys: *CIR v Richmond Estates (Pty) Ltd* 1956 1 SA 602 (A), 20 SATC 355 36; *Natal Estates Ltd v SIR* 1975 4 SA 177 (A), 37 SATC 193 220; *John Bell & Co (Pty) Ltd v SIR* 1976 4 SA 415 (A), 38 SATC 87 103; *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271 280. In *Overseas Trust Corporation Ltd v CIR* 1926 AD 444, 2 SATC 71 beskou hr Innes die feit dat die belastingpligtige voorsien het dat hulle die voordele gaan ontvang as 'n relevante faktor. Hy sê op 76: "It followed from facts which were within the knowledge of the contracting parties, and the resulting benefits must have been within their contemplation and intention. The profits of such transaction were not of the nature of capital." In *CIR v Lydenburg Platinum Ltd* 1929 AD 137, 4 SATC 8 verwys ar Stratford na die omstandighede wat die direksie voorsien het as 'n relevante faktor. Hy sê op 18: "Whether at the date of purchase the Board had definitely formed the intention to secure those profits by resale, or by mining, was not necessary to say, for the facts of the case convinced his Lordship that a profitable resale or resales were certainly in their contemplation." Sien ook *COT, SR v Levy* 1952 2 SA 413 (A), 18 SATC 127 136. Sien egter *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271 281 waar ar Smalberger

onderskeid getref kan word tussen die betekenis van die begrippe "doel", "motief", "bedoeling" en "voorsien" indien dit in 'n eng sin oorweeg word.¹³ Daar word verder in oorweging gegee dat dié onderskeid ook deur standpunte en uitsprake in die strafreg ondersteun word.¹⁴

Daar is veral twee aspekte wat van belang is wanneer die aard van die subjektiewe ingesteldheid van 'n belastingpligtige in die regspraak by die toepassing van die besigheid- of "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn oorweeg word,¹⁵ naamlik:

- i) die verskillende tipes subjektiewe ingesteldhede wat 'n belastingpligtige volgens die howe by die aangaan van transaksies openbaar en wat hulle as beslissend beskou om die inkomste- of kapitale aard van ontvangste te bepaal; en
- ii) die feitestel waar meer as een tipe subjektiewe ingesteldheid deur die belastingpligtige openbaar word met die aangaan van die betrokke transaksie. In sodanige omstandighede moet die howe beoordeel wat die dominante subjektiewe ingesteldheid is wat deurslaggewend sal wees.

3.2 Relevante tipe subjektiewe ingesteldheid

3.2.1 Inleiding

In die Suid-Afrikaanse regspraak is standpunt ingeneem oor die tipe subjektiewe ingesteldheid van 'n belastingpligtige¹⁶ wat vir doeleindes van die inkomstebelastingreg

die vlg opm maak: "Contemplation is not to be confused with intention in the above sense. In a tax case one is not concerned with what possibilities, apart from his actual purpose, the taxpayer foresaw and with which he reconciled himself. One is solely concerned with his object, his aim, his actual purpose." Wat die wesenlikheid van die doel van die belastingpligtige in die inkomstebelastingreg betref, sien *SIR v The Trust Bank of Africa Ltd* 1975 2 SA 652 (A), 37 SATC 87 106 waar die ar Botha as vlg beslis: "[I]n an enquiry as to the intention with which a transaction was entered into for the purpose of the law relating to income tax, a court of law is not concerned with that kind of subjective state of mind required for the purposes of the criminal law, but rather with the purpose for which the transaction was entered into." In *CIR v George Forest Timber Co Ltd* 1924 AD 516, 1 SATC 20 verwys hr Innes op 22 ook na die doel van die belastingpligtige as die deurslaggewende oorweging: "But the property was actually dealt with in accordance with the purpose for which it was acquired: namely, the production of revenue through the channel of the company's ordinary business." Broomberg 1998 *Tax Planning* 70-71 identifiseer ook drie tipes subjektiewe ingesteldhede van 'n individu wat na sy mening in die regspraak erken word, nl bedoeling, motief en dit wat voorsien word.

¹³. Sien hfst 5 par 2.3.2, par 2.3.3, par 2.3.4 en par 2.3.5 waar dié standpunte in groter besonderhede bespreek word.

¹⁴. Sien hfst 5 par 3.

¹⁵. Sien hfst 9 par 7 waar die subjektiewe grondslag van die besigheid- en "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn bespreek word.

¹⁶. By 'n nie-natuurlike persoon, soos 'n mpy of trust, sal die individue in beheer van die entiteit se subjektiewe ingesteldheid oorweeg word. Sien *CIR v Richmond Estates (Pty) Ltd* 1956 1 SA 602 (A), 20 SATC 355 361; *SIR v The Trust Bank of Africa Ltd* 1975 2 SA 652 (A), 37 SATC 87 102; *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271 281.

relevant is. Daar is aangedui dat die bedoeling waarmee 'n individu 'n transaksie aangaan nie betrekking het op die tipe subjektiewe ingesteldheid wat vir doeleindes van die strafreg vereis word nie.¹⁷ In die konteks van die inkomstebelastingreg verwys die bedoeling waarmee 'n transaksie aangegaan word na die doel waarvoor die belastingpligtige die transaksie afgesluit het.¹⁸ Dit wil sê, die bedoeling van 'n belastingpligtige, in die sin van sy doel,¹⁹ het betrekking op die toekomstige resultaat wat hy met die transaksie wil bereik.²⁰

Die bogemelde uitgangspunt het twee komponente, naamlik:

- i) Die doel waarvoor die belastingpligtige 'n bepaalde transaksie aangaan is vir doeleindes van die inkomstebelastingreg die deurslaggewende subjektiewe ingesteldheid; en
- ii) waar na die bedoeling van die belastingpligtige verwys word, het dit inderdaad betrekking op die doel waarvoor die belastingpligtige die transaksie aangegaan het.

Die vraag is egter of die howe deurlopend die doel van die belastingpligtige as die deurslaggewende subjektiewe ingesteldheid erken het by die toepassing van die besigheid- en "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn.

Hier onder sal probeer word om aan die hand van relevante regspraak hierdie uitgangspunt te beoordeel. Verder sal ook oorweeg word of die howe deurlopend die begrippe "doel" en "bedoeling" as sinonieme gebruik het en watter rol die ander subjektiewe ingesteldhede van

^{17.} Sien hfst 5 par 3 vir 'n bespreking van die tipes subjektiewe ingesteldhede wat in die strafreg onderskei word. Die begrip "bedoeling" in die strafreg kan betrekking hê op (i) bloot die bedoeling om die handeling as sodanig te verrig, dws 'n onmiddellike bedoeling wat verband hou met die daad wat tot gevolg het dat die handeling verrig word wat die misdryf daarstel; en (ii) die moontlike gevolge wat 'n individu voorsien en waarmee hy hom vereenselwig wanneer hy 'n handeling verrig. Wat lg betekenis betref, sien die uitgangspunt van r Conradie in *ITC 1418* (1986) 49 SATC 42 44 waar hy sê: "As in the criminal law, I believe that in this context a person must be taken to intend the reasonable and natural consequences of his acts, and if the reasonable and natural consequences of the acts of the taxpayer are that he will acquire a property and very shortly there afterward dispose of it, without deriving any income from it, it seems to me that it can only be a transaction on revenue account."

^{18.} Hierdie betekenisformulering stem ooreen met die wyer psigologiese betekenis van die begrip "bedoeling". Die begrip "bedoeling" in die wye sin van die woord verwys na dit wat 'n individu probeer bereik deur 'n handeling te verrig, dit wil sê die oogmerk of doel van die individu. Sien hfst 5 par 2.3.2.

^{19.} Sien par hfst 5 2.3.3 waar die betekenis van die begrip "doel" in 'n psigologiese konteks aanweeg word. Daar word aangedui dat die begrip "doel" dui op die tipe subjektiewe ingesteldheid van 'n individu wat 'n verduidelikende rede verskaf waarom 'n bepaalde handeling verrig word. 'n Doel is iets wat 'n individu probeer realiseer as gevolg van sekere stappe wat geneem word of sekere metodes of middele wat aangewend word. Die beoogde doel word onderskei van die middele wat aangewend word om dit te verwesenlik.

^{20.} Sien *SIR v The Trust Bank of Africa Ltd* 1975 2 SA 652 (A), 37 SATC 87 106 waar die appèlhof as vlg beslis: "[I]n an enquiry as to the intention with which a transaction was entered into for the purpose of the law relating to income tax, a court of law is not concerned with that kind of subjective state of mind required for the purposes of the criminal law, but rather with the purpose for which the transaction was entered into." Hierdie uitgangspunt word in *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC

die belastingpligtige by die toepassing van bogemelde riglyne speel.

3.2.2 Doel en bedoeling

3.2.2.1 Algemeen

Die howe het in verskeie uitsprake die begrippe “doel” en “bedoeling” as sinonieme gebruik word om die tipe subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige aan te dui wat 'n verduidelikende rede verskaf waarom hy 'n bepaalde handeling verrig het, byvoorbeeld om 'n bate aan te koop.²¹ In 'n psigologiese konteks is dit moontlik om 'n onderskeid tussen betekenis van dié twee begrippe te tref.²² In die inkomstebelastingregspraak word die begrippe “doel” en bedoeling” ook nie deurlopend as gelykbetekend beskou nie. Daar word 'n onderskeid getref tussen die doel waarvoor 'n belastingpligtige 'n handeling verrig en die bedoeling waarmee 'n handeling verrig word.

Wanneer die doel waarvoor 'n bate aangekoop is, vasgestel moet word gee die howe aandag aan 'n verskeidenheid faktore, wat objektief sowel as subjektief van aard is. Daar word in die regspraak beklemtoon dat die objektiewe omringende faktore in sekere omstandighede, byvoorbeeld by 'n maatskappy wat in beleggings handel dryf, 'n belangriker rol kan speel om die doel waarvoor die aandele aangekoop is, vas te stel, as die bedoeling waarmee die aandele verkry is.²³

271 281 bevestig.

- ²¹. Sien *CIR v Stott* 1928 AD 252, 3 SATC 253. Ar Wessels sê op 259: "There was nothing in that to suggest any *intention* to do the business of a landjobber." En op 261-262: "The *intention* of the purchaser had been regarded as one of the tests whether he is making a trade of buying and selling land as a profit. ... It was unnecessary to go so far as to say that the *intention with which an article or land was bought* was conclusive as to whether the proceeds derived from a sale were taxable or not." En op 258: "In 1918 he sold the two acres at Winkelspruit, Natal, which he had bought for the *purpose* of a seaside residence." En op 261: "There was therefore no proof that the taxpayer conceived a scheme of making profits by buying land for the *purpose* of cutting it up and selling it in lots." (Kursivering bygevoeg.) Indien die begrip “bedoeling” in die aanhaling op 261-262 hierbo betrekking het op die kategoriese bedoeling om 'n handeling te verrig, sou ar Wessels nie verwys het na “the *intention with which an article or land was bought*” nie, maar eerder na “the *intention to buy an article or land*”. (Kursivering bygevoeg.) Die woorde “with which” dui op 'n resultaat (doel) wat met die aankoophandeling bereik wil word. Sien ook *Crowe v CIR* 1930 AD 122, 4 SATC 133 139; *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271 280.
- ²². Sien die onderskeid wat in hfst 5 par 2.3.3. en 2.3.2 getref word. In 'n enger psigologiese konteks beteken die begrip “bedoeling” die kategoriese bedoeling om 'n handeling daar en dan te verrig. Sodanigê bedoeling het 'n besonder noue band met doelbewuste gedrag. Die bedoeling van 'n individu gee dus aanleiding tot 'n bedoelde (“intentional”) handeling of daad. Die metode of middel wat 'n individu aanwend om sy doel te verwesenlik, kan onder meer 'n bedoelde handeling wees wat hy verrig. Gewoonlik is die doel onderskeibaar van die bedoelde handeling wat die individu verrig om die beoogde resultaat tot stand te bring. Dit wil sê, die bedoeling van die individu om die handeling te verrig, sal nie normaalweg as een van die oogmerke met die verrigting van 'n handeling beskou word nie.
- ²³. In *SIR v The Trust Bank of Africa Ltd* 1975 2 SA 652 (A), 37 SATC 87 104 maak ar Botha die volgende stelling: “[T]he objective factors, such as the objects of the company as set out in its memorandum of association, the actual nature of the company's business, the normal business carried on by companies of that type, and the

Daar word aan die hand gedoen dat voorgemelde stelling slegs logies sin maak indien van die standpunt uitgegaan word dat die doel waarvoor 'n spesifieke handeling aangegaan is, in dié betrokke geval die aankoop van 'n bate, nie gelykbetekenend is aan die bedoeling waarmee die bate verkry is nie.²⁴ Die begrip "bedoeling" in hierdie konteks dui nie sonder meer op die doel wat met die handeling beoog is nie, maar is 'n faktor wat in ag geneem word om die doel van die betrokke handeling, naamlik die aankoop van die bate, te bepaal. Die doel waarvoor die bate aangekoop is, naamlik die resultaat wat daarmee bereik wou word, is die bepalende subjektiewe ingesteldheid wat as grondslag dien om vas te stel of die maatskappy met die betrokke bates wou handel dryf.

Daar word in oorweging gegee dat die verwysing na die bedoeling waarmee die bate aangekoop is, betrekking het op toekomstige bedoelde handelinge wat met die bate verband hou, byvoorbeeld of die bate verkry is met die bedoeling om dit teen 'n wins te verkoop of te voortdurend te hou. Die bedoeling om die bate te verkoop of om dit te hou, sal nie normaalweg as die doel beskou word waarvoor die bate aangekoop is nie.²⁵

Dit blyk ook duidelik uit die regspraak dat die kategorieëse bedoeling om 'n bate teen 'n wins te verkoop, selfs al is dit onmiddellik, nie die deurslaggewende oorweging is om die aard van die realisasiewins te bepaal nie en onderskei kan word van die doel waarvoor die bate aangekoop is.²⁶ Die bedoeling waarmee 'n bepaalde bate aangekoop is, naamlik om dit teen

nature of the transaction, may, in an enquiry as to *the purpose for which specific shares were acquired* by such a company, assume greater significance than *the intention with which those shares were acquired ...*" (Kursivering bygevoeg.)

- ²⁴. Later in bg uitspraak beslis ar Botha op 106 dat die bedoeling waarmee 'n belastingpligtige in die konteks van die inkomstebelastingreg 'n transaksie aangaan, nie dieselfde is as in die strafreg nie. Die tipe subjektiewe ingesteldheid wat in die belastingreg belangrik is, is die doel waarvoor die transaksie aangegaan is. Uit dié stelling wil dit voorkom of die regter nie "bedoeling" en "doel" as twee verskillende tipes subjektiewe ingesteldhede beskou nie, maar dat die "bedoeling" van 'n belastingpligtige in die inkomstebelastingreg inderdaad 'n begrip is wat gebruik word om die "doel" van die belastingpligtige aan te dui. Daar word aan die hand gedoen dat daar wel psigologies 'n onderskeid tussen die begrippe "doel" en "bedoeling" getref kan word. Sien in dié verband hfst 5 par 2.4.2 en 2.4.3. Dit blyk ook uit die aanhaling in die vorige vn dat die begrippe "doel" en "bedoeling" nie dieselfde betekenis het nie.
- ²⁵. Sien hfst 5 par 2.3.3 vir 'n onderskeid tussen die begrippe "doel" en "bedoeling". Die doel is onderskeibaar van die handelinge wat verrig word om die doel te realiseer en het betrekking op die resultaat wat met die verrigting van die handelinge bereik wil word. Die bedoeling hou verband met doelbewuste handelinge wat verrig word om 'n doel te realiseer. In *SIR v The Trust Bank of Africa Ltd* 1975 2 SA 652 (A), 37 SATC 87 104 108 was die doel waarvoor die aandele aangekoop is die uitbreiding van Trust Bank se bankbesigheid, die inkomste-produiserende onderneming van die maatskappy, en nie om 'n skema van winsbejag te bedryf nie.
- ²⁶. Hierdie benadering word ook in Nieu-Seeland gevolg. Sien *Plimmer v CIR* [1958] NZLR 147 151-152 waar *chief justice* Barrowclough beslis dat die voorkeuraandele verkry is met die bedoeling om dit te verkoop, maar nie met sodanige doel nie. Die verkoop van die voorkeuraandele was nie die doelwit wat die belastingpligtige in gedagte gehad het nie. Die voorkeuraandele is nie gekoop met die doel of doelwit om dit te verkoop nie. Die aandele is bloot gekoop omdat die belastingpligtige onder "verpligting" was om dit te koop. Dit is al manier waarop die gewone aandele verkry kon word. Sien ook *Land Projects Ltd v CIR* [1964]

'n wins te realiseer, kan die metode of middel wees wat die belastingpligtige aanwend om sy doel te verwesenlik.²⁷ Die doel kan verband hou met 'n resultaat wat nie betrekking het op die bedoeling om die bate teen 'n wins te verkoop nie. Die doel waarvoor die betrokke bate aangekoop is, kan betrekking hê op:

- i) die uitbreiding van die bepaalde tipe besigheid van die belastingpligtige;²⁸
- ii) die verkryging van 'n strategiese belegging wat 'n voortdurende voordeel vir die belastingpligtige kan verseker;²⁹
- iii) die belegging van surplus fondse tot die beste voordeel van die belastingpligtige;³⁰
- iv) die verkryging van 'n bepaalde tipe eiendom³¹ of slegs 'n gedeelte van 'n eiendom;³²

NZLR 723 waar die belastingpligtige 'n gedeelte van 'n plaas vir onderverdeling wou koop. Die mpy is gedwing om die hele plaas, met die lewende hawe, te koop. Die lewende hawe is onmiddellik verkoop. Die hof beslis dat die lewende hawe aangekoop is met die bedoeling om dit onmiddellik te verkoop, maar dit is nie vir daardie doel gekoop nie. Dit is aangekoop met die doel om die belastingpligtige in staat te stel om die verlangde gedeelte van die eiendom te koop. Sien verder *Railway Timber Co Ltd v CIR* [1977] 1 NZLR 655 664. Sien verder hfst 7 par 4.2.2.

^{27.} In *Crowe v CIR* 1930 AD 122, 4 SATC 133 het Crowe duidelik die kategoriese bedoeling gehad om die wattelplantasies te koop en onmiddellik die wattelbas en stompe teen 'n wins te verkoop. Die onmiddellike vervreemding van die wattelbas en stompe, is die metode of middel wat Crowe aangewend het om sy doel te verwesenlik. Die onmiddellike doel wat Crowe wou bereik, was die teruggawe van die kapitaal wat in die wattelplantasies geïnvesteer is. Hy het die kapitaal wat hy in die aankoop van die plantasies geïnvesteer het onmiddellik gerealiseer, omdat hy nie oor die nodige krediet of kontant beskik het om die plaas met die plantasies te dra nie. Ar Stratford bevind op 138: "If the appellant put his capital into the purchase of the plantation, he took it out again immediately because he did not want it there - he could not afford to have it there - he wanted the farm denuded of the trees, he had neither credit nor cash capital to carry the whole. Both in intention and in fact this was literally what occurred." In *CIR v Paul* 1956 3 SA 335, 21 SATC 1 was die blote feit dat Paul die kategoriese bedoeling gehad het om 'n gedeelte van die eiendom teen 'n wins te realiseer, nie deurslaggewend nie. Die realisasiehandeling sou as 'n middel beskou kon word waardeur die uiteindelijke of deurslaggewende doel verwesenlik kon word, naamlik om 'n bepaalde kleinhoewe uit te hou teen die laagste koste. Hr Centlivres beslis op 9: "[W]hat the respondent was really interested in was to obtain a small holding and not to make a profit. That ... was the respondent's main or dominant purpose." In *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271 was die feit dat die trustees kategories bedoel het om die aandele aan die deelnemers te verkoop, nie van beslissende belang om die aard van die wins wat gemaak is, te bepaal nie. Die doel wat hulle wou bereik, was om die aandele aan werknemers oor te dra wat as deelnemers van die aandele-aansporingskema gekwalifiseer het. Die metode of middele wat die trustees aangewend het om hulle doel te bereik, was op aandele in die werkgewermaatskappy in te skryf en dit aan die deelnemers te verkoop.

^{28.} In *SIR v The Trust Bank of Africa Ltd* 1975 2 SA 652 (A), 37 SATC 87 het die mpy 'n bankbesigheid bedryf en in die loop van hierdie besigheid sekere aandeletansaksies aangegaan. Die aandele is onder meer aangekoop met die doel om by te dra tot die uitbreiding van Trust Bank se bankbesigheid.

^{29.} In *CIR v Nedbank Ltd* 1986 3 SA 391 (A), 48 SATC 73 het Nedbank besluit om voorkeuraandele in Sasol op te neem met die doel om besigheid vir Nedbank te kry en om 'n deurbraak in die Afrikaanse besigheidsgemeenskap te maak. Die doel met die transaksie was van deurslaggewende belang. Dit is aangegaan met die doel om bykomende voordele in die vorm van addisionele bankbesigheid vir Nedbank te verkry.

^{30.} In *CIR v Stott* 1928 AD 252, 3 SATC 253 het Stott sekere eiendom aangekoop met die oogmerke om surplusfondse tot die beste voordeel te belê en om 'n woning by die see te verkry. Dit is die resultaat wat hy wou bereik.

- v) die verkryging van die bate om 'n gedeelte daarvan te realiseer omdat die belastingpligtige nie oor voldoende krediet of kontant beskik om die volle koopsom te finansier nie;³³
- vi) die verkryging van 'n bate om dit aan ander persone beskikbaar te stel, byvoorbeeld waar aandele deur 'n trust aan deelnemers verkoop word ingevolge 'n aandele-aansporingskema;³⁴ of
- vii) die verkryging van 'n bate om dit tot voordeel van ander persone te realiseer.³⁵

Daar word verder aan die hand gedoen dat die doel waarna die howe in Suid-Afrika verwys, nie betrekking het op 'n objektiewe doel waarvan daar in die Australiese reg sprake is nie, dit wil sê die daarstelling van 'n objektiewe feitetoestand waarin die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige geen rol speel nie.³⁶ Die objektiewe doel word gewoonlik vasgestel

^{31.} In *CIR v Paul* 1956 3 SA 335, 21 SATC 1 Paul ten doel gehad om 'n klein plasie aan te koop. Hy wou 'n sekere gedeelte van 'n plaas koop, maar die eienaar wou slegs die hele eiendom verkoop. Paul het die hele eiendom gekoop. Paul het bedoel om daardie gedeelte wat hy nie self nodig het nie teen 'n wins te verkoop. Die verkoophandeling was egter in die uitvoering van die doel waarvoor hy die eiendom verkry het, nl om 'n klein plasie te bekom. Sien ook *CIR v Stott* 1928 AD 252, 3 SATC 253 waar Stott 'n strandeiendom wou verkry.

^{32.} Sien *CIR v Stott* 1928 AD 252, 3 SATC 253 en *CIR v Paul* 1956 3 SA 335, 21 SATC 1. Sien egter Pearce 1980 BTR 389 waar hy verwys na die geval waarin 'n belastingpligtige bedoel om eiendom as 'n belegging te verkry, maar om dit te kan doen, moet hy 'n gedeelte van die eiendom verkoop wat hy gaan verkry. Pearce beskou dit as 'n geval waar die belastingpligtige "has to trade in order to acquire his investment". Hy verwys in dié konteks na *Iswera v Commissioner of Inland Revenue* [1965] 1 WLR 663 waar 'n belastingpligtige eiendom vir 'n privaatdoel gekoop het, maar sekere gedeeltes van die eiendom afverkoop het om die aanvanklike aankoop te finansier. Lord Reid is van mening dat indien die metode wat 'n belastingpligtige aanwend om 'n sekere doel te bereik al die eienskappe van 'n bedryf het, sy doel alleen nie deurslaggewend is nie. Hy sê op 668: "If, in order to get what he wants, the taxpayer has to embark on an adventure which has all the characteristics of trading, his purpose or object alone can not prevail over what he in fact does. But if his acts are equivocal his purpose or object may be a very material factor when weighing the total effect of all the circumstances." Volgens Lord Reid het die objektiewe handelinge of aktiwiteite van die belastingpligtige 'n aanduiding gegee dat 'n bedryf beoefen word. Daar word aan die hand gedoen dat Lord Reid impliseer dat dit moontlik is om vas te stel of 'n bedryf beoefen word deur bloot die objektief waarneembare omstandighede en feite, wat ook die handelinge en aktiwiteite van die belastingpligtige insluit, te beoordeel. Sien egter die standpunt wat in hfst 9 par 7 ingeneem is oor die subjektiewe grondslag van die besigheid-riglyn.

^{33.} Sien *Crowe v CIR* 1930 AD 122, 4 SATC 133 138 139 het Crowe die kapitaal wat hy in die aankoop van die plantasies geïnvesteer het onmiddellik gerealiseer, omdat hy nie oor die nodige krediet of kontant beskik het om die plaas met die plantasies te dra nie. Crowe het ten doel gehad om die plaaseiendom te koop. Crowe het nie die wattelplantasies gekoop en verkoop het met die doel om dit in die gewone loop van sy besigheid te realiseer deur 'n wins daaruit te maak nie.

^{34.} In *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271 het die hof aandag gegee aan die doel wat die trustees van die trust met die koop en verkoop van die aandele wou bereik. Die resultaat wat hulle wou bereik, was om die aandele aan werknemers oor te dra wat as deelnemers van die aandele-aansporingskema gekwalifiseer het.

^{35.} Dit kom veral voor by realisasie-entiteite. Sien par 3.2.2.2.

^{36.} Urquhart *Income Tax* par 5.2 5-7 gee in oorweging dat die bedoeling van die belastingpligtige nie werklik in 'n belastingdispuut in geskil is nie. Die objektiewe feitestel voor die hof is na bewering in geskil en kan deur die

deur bepaalde objektiewe, omringende omstandighede wat met die transaksie verband hou, te oorweeg. Hierdie objektiewe omstandighede sal volgens menslike ondervinding geneig wees om sekere "noodwendige" gevolge tot stand te bring wat 'n aanduiding van die objektiewe doel sal gee.³⁷ Die substantiewe ondersoek wat in die *Trust Bank*-beslissing geïdentifiseer is, het betrekking op die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige. Die doel wat ter sprake is, is nie bloot 'n geneigdheid wat ongeag die subjektiewe doel van die belastingpligtige gebaseer is op 'n afleiding uit die objektief omringende omstandighede nie. Die subjektiewe doel van die belastingpligtige word vasgestel deur die objektief omringende omstandighede asook die bedoeling van die belastingpligtige te oorweeg.

Bogemelde onderskeid wat tussen die betekenisse van die begrippe "doel" en "bedoeling" getref word, is in Australiese en Nieu-Seelandse regspraak onderskryf. Daar is beslis dat die woorde "purpose" en "intention" gewoonlik nie sinonieme is nie. Die gewone taalkundige betekenis van die begrip "doel" beteken iets meer as die begrip "bedoeling".³⁸ Die begrip "purpose" kan in die algemeen beskou word as die doelwit wat die belastingpligtige beoog. Die begrip "intention" dui op die aktiwiteit om psigies 'n besluit ten opsigte van 'n sekere aktiwiteit te neem.³⁹ Hierdie bedoelde aktiwiteit kan bloot 'n noodsaaklike insidentele stap wees wat uitgevoer word om die doel te verwesenlik wat die

getuienis van die belastingpligtige opgehelder word. Die hof moet uit die feitestel 'n objektiewe waardebeplating maak. Daar word in oorweging gegee dat die *Trust Bank*-beslissing eerder gesag is vir die standpunt dat die doel van die belastingpligtige in die inkomstebelastingreg inderdaad van deurslaggewende belang is. Ar Botha probeer om die tipe subjektiewe ingesteldheid te beklemtoon wat in die inkomstebelastingreg van belang is. Die tipe subjektiewe ingesteldheid wat in die inkomstebelastingreg van belang is, is die doel waarmee 'n transaksie aangegaan is. Dit verskil van die tipe subjektiewe ingesteldheid wat in die strafreg relevant is.

- ³⁷. Sien in die Australiese reg *Magna Alloys & Research Pty Ltd v FCT* (1980) 11 ATR 276 279 waar *judge* Brennan die vlg onderskeid tussen 'n subjektiewe en objektiewe doel in die konteks van die aftrekking van 'n onkoste maak: "Purpose may be either a subjective purpose - the taxpayer's purpose - where it means the object which the taxpayer intends to achieve by incurring the expenditure; or it may be an objective purpose, meaning the object which the incurring of the expenditure is apt to achieve. Both motive and subjective purpose are states of mind and they are to be distinguished from objective purpose, which is an attribute of a transaction. An objective purpose is attributed to a transaction by reference to all the known circumstances; whereas subjective purpose and motive, being states of mind, are susceptible of proof not by inference alone but also by direct evidence, for a state of mind may be proved by the testimony of him whose state of mind is relevant to a fact in issue." Sien ook *Ure v FCT* (1980) 50 FLR 219 waar *judge* Brennan op 224 sê: "The purposes for which money is laid out is an issue of fact, turning upon the objective circumstances which human experience would judge to be relevant to the issue ..."
- ³⁸. Sien *Plimmer v CIR* [1958] NZLR 147 151 waar die hof die vlg uiteensetting gee: "A man's purpose is usually, and more naturally, understood as the object which he has in view or in mind. One can scarcely have a purpose of selling without having also an intention of selling, but, in ordinary language, 'purpose' connotes something added to 'intention', and the two words are not ordinarily regarded as synonyms." Sien ook *Davis v CIR* [1959] NZLR 635 638; *CIR v Walker* [1963] NZLR 339 362; *Railway Timber Co Ltd v CIR* [1977] 1 NZLR 655 663.
- ³⁹. Sien *Henry Jones (IXL) Ltd v FCT* (1991) 22 ATR 328 355. Die onderskeid wat tussen voorgemelde begrippe getref word, stem ooreen met die psigologiese onderskeid. Sien hfst 5 par 2.3.2 en par 2.3.3.

belastingpligtige beoog.⁴⁰

In Nieu-Seeland het die feit dat die belastingpligtige in sekere omstandighede "verplig was" om 'n bate te koop wat later teen 'n wins verkoop is, skynbaar swaar geweeg om tot die beslissing te kom dat winsmaking nie die beoogde resultaat met die verkryging van die bate kon gewees het nie.⁴¹ Hierdie aspek is nie uitdruklik in die Suid-Afrikaanse inkomstebelastingreg beklemtoon nie, maar die onvrywillige aankoop van bates het in sekere beslissings wel 'n rol gespeel. Waar die belastingpligtige deur omstandighede genoodsaak was om 'n bepaalde bate te koop om sodoende sy doel te verwesenlik het die winsgewend verkoop van die bate, of 'n gedeelte daarvan, later nie 'n deurslaggewende rol gespeel nie. In sodanige hofbeslissings is die latere winsgewende verkoop bloot beskou as die metode waardeur die belastingpligtige sy doel bereik het.⁴²

Daar word aan die hand gedoen dat die versuim om 'n duidelike onderskeid te tref tussen die doel en bedoeling van 'n belastingpligtige die suiwer aanwending van die besigheid- en "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn nadelig kan beïnvloed en sodoende regsekerheid kan belemmer. Daar word aan die hand gedoen dat die uitsluitlike en deurlopende gebruik van die begrip "doel" in die regspraak meer sekerheid sal verleen oor die aard van die tipe subjektiewe ingesteldheid wat relevant is. Die gebruik van die begrip "bedoeling" om die doel aan te dui waarvoor 'n bate aangekoop word, skep verwarring, want dit kan ook betrekking hê op die kategorieuse bedoeling om die aankoop- of verkoophandeling, of beide, te verrig.

⁴⁰. Dié standpunt word in die Nieu-Seelandse reg bevestig. In *CIR v Walker* [1963] NZLR 339 362 maak die hof 'n onderskeid tussen die dominante doel en die bedoeling van die belastingpligtige. Die belastingpligtige het aangekoopte eiendom wat hy nie nodig gehad het nie, opgedeel en verkoop. Hy het van die begin af bedoel om die eiendom te onderverdeel en te verkoop. *Judge North* doen op 362 aan die hand dat die belastingpligtige se bedoeling om die eiendom te onderverdeel en te verkoop, bloot 'n noodsaaklike insidentele stap in die uitvoering van sy werklike of dominante doel was. Hy bevestig die standpunt dat die begrip "purpose" nie dieselfde beteken as die begrip "intention" nie.

⁴¹. Sien *Plimmer v CIR* [1958] NZLR 147 151-152 waar *chief justice Barrowclough* beslis dat die voorkeuraandele verkry is met die bedoeling om dit te verkoop, maar nie met sodanige doel nie. Die verkoop van die voorkeuraandele was nie die doelwit wat die belastingpligtige in gedagte gehad het nie. Die voorkeuraandele is nie gekoop met die doel of doelwit om dit te verkoop nie. Die aandele is bloot gekoop omdat die belastingpligtige onder verpligting was om dit te koop. Dit is al manier waarop die gewone aandele verkry kon word. Sien ook *Land Projects Ltd v CIR* [1964] NZLR 723 waar die belastingpligtige 'n gedeelte van 'n plaas vir onderverdeling wou koop. Die mpy is gedwing om die hele plaas, met die lewende hawe, te koop. Die lewende hawe is onmiddellik verkoop. Die hof beslis dat die lewende hawe aangekoop is met die bedoeling om dit onmiddellik te verkoop, maar dit is nie vir daardie doel gekoop nie. Dit is aangekoop met die doel om die belastingpligtige in staat te stel om die verlangde gedeelte van die eiendom te koop. Sien verder *Railway Timber Co Ltd v CIR* [1977] 1 NZLR 655 664 en verder hfst 7 par 4.2.2.

⁴². Sien *CIR v Stott* 1928 AD 252, 3 SATC 253; *Crowe v CIR* 1930 AD 122, 4 SATC 133; *CIR v Paul* 1956 3 SA 335, 21 SATC 1.

3.2.2.2 Realisasie-entiteite

Daar is erkenning verleen aan die idee van 'n realisasie-entiteit in die inkomstebelastingreg waar die belasbaarheid van realisasiewinste oorweeg word.⁴³ Kortliks kom dié idee op die volgende neer: Indien 'n maatskappy geïnkorporeer word met die doel om die realisering van eiendom te vergemaklik en die maatskappy doen nie meer as om bloot as 'n medium op te tree waardeur die belange van die aandeelhouders in die eiendom gerealiseer word nie, sal die surplusse wat met die verkoop van die eiendom gemaak word nie as bedryfswinste beskou word nie, maar as ontvangste van 'n kapitale aard.⁴⁴ Daar is twee belangrike oorwegings, naamlik:

- i) die eiendom moes in die oorspronklike eienaar se hande van 'n kapitale aard gewees het; en
- ii) die realisasiemaatskappy moes nie begin het om met die eiendom handel te dryf deur dit as handelsvoorraad te gebruik nie.

Daar word aan die hand gedoen dat die logiese regverdigingsgrond vir die aanvaarding van die idee van 'n realisasie-entiteit in die inkomstebelastingreg die doel-benadering is. Die doel, en waar daar meer as een doel is, die dominante doel wat met die inlywing of registrasie van die realisasie-entiteit beoog word, is deurslaggewend. Die feit dat die persone in beheer van 'n realisasie-entiteit⁴⁵ kategoriees bedoel om sekere handeling te verrig, soos die realisering van vaste kapitaalbaties teen 'n wins, is nie genoeg om die afleiding te regverdig dat 'n besigheid in die loop van 'n winsbejagskema bedryf is nie. Die kategoriees bedoeling van die persone in beheer van die realisasie-entiteit om sekere handeling te verrig, naamlik om die eiendom aan te koop en tot die beste voordeel te realiseer, word gewoonlik bloot as 'n middel beskou wat aangewend word om die dominante doel te bereik.⁴⁶ Die verrigting van

^{43.} Sien *Realization Co v COT*, SR 1951 1 SA 177 (SR), 17 SATC 139; *Berea West Estates (Pty) Ltd v SIR* 1976 2 SA 416 (A), 38 SATC 43; *J M Malone Trust v SIR* 1977 2 SA 819 (A), 39 SATC 83.

^{44.} In *Berea West Estates (Pty) Ltd v SIR* 1976 2 SA 416 (A), 38 SATC 43 59 verwys ar Holmes na Engelse gesag, Sims ea *Simon's Taxes* 3 uitg B1.214 wat die vlg sê: "If a company is formed for the purpose of facilitating the realisation of property and the company does no more than act as the means whereby the interests of its shareholders may be properly realised in the property, surpluses made from sales of the property are not taxable as trading profits since such surpluses are capital receipts." Sien ook *J M Malone Trust v SIR* 1977 2 SA 819 (A), 39 SATC 83 waar erkenning verleen is aan die idee van 'n realisasie-trust.

^{45.} By 'n mpy is dit die doel van die direkteure of persone in beheer van die mpy wie se subjektiewe ingesteldheid met die verrigting van 'n bepaalde handeling relevant is. Sien *CIR v Richmond Estates (Pty) Ltd* 1956 1 SA 602 (A), 20 SATC 355 361 waar die vlg oor die bedoeling van 'n mpy gesê is: "A company is an artificial person 'with no body to kick and no soul to damn' and the only way of ascertaining its intention is to find out what its directors acting as such intended." Sien ook *SIR v The Trust Bank of Africa Ltd* 1975 2 SA 652 (A), 37 SATC 87 102.

^{46.} In *Berea West Estates (Pty) Ltd v SIR* 1976 2 SA 416 (A), 38 SATC 43 maak die hof op 65 die vlg bevinding: "I think the correct way of putting it would be to say that the beneficiaries set up the company for the purpose of facilitating the realization of the land, and that the company, in which they became the shareholders, was

hierdie bedoelde handeling word in die algemeen nie as die bereiking van 'n doel beskou nie.⁴⁷ Die doel van die persone in beheer van die realisasie-entiteit moet oorweeg word. Die handeling wat verrig word in die uitvoering van dié doel word deur die hof oorweeg om 'n afleiding te maak aangaande die "werklike" doel van die belastingpligtige. In hierdie proses vergelyk die hof die feitestel wat tot stand gekom het met die eiesoortige eienskappe van die tipe besigheid wat na bewering bedryf word.⁴⁸ Indien daar 'n groot mate van ooreenstemming is, maak hulle die afleiding dat dit die werklike doel van die belastingpligtige was om die betrokke tipe besigheid te bedryf.⁴⁹

3.2.2.3 Gevolgtrekking en aanbeveling

Daar word aan die hand gedoen dat die konsekwente gebruik van die begrip "doel" by die toepassing van die besigheid- en "besigheidsbedrywighede in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn in die Suid-Afrikaanse regspraak tot groter regsekerheid aanleiding sal gee. Die begrippe "doel" en "bedoeling" behoort nie as sinonieme gebruik te word nie, omdat

- i) die gewone taalkundige betekenis van die begrippe verskil;
- ii) daar psigologies 'n onderskeid tussen die betekenis van dié begrippe gemaak kan word indien dit in 'n eng sin oorweeg word; en
- iii) dié begrippe in die inkomstebelastingregspraak nie deurlopend as gelykbetekenend beskou is nie.

Die versuim om 'n duidelike onderskeid te tref tussen die doel waarvoor 'n handeling aangegaan word en die bedoeling waarmee 'n handeling aangegaan kan tot 'n onsamehangende toepassing van voorgemeelde riglyne aanleiding gee. Verwarring kan veral veroorsaak word deur die feit dat die bedoeling waarmee 'n handeling verrig word normaalweg nie as een van die oogmerke met die verrigting van 'n handeling beskou word nie. Die bedoeling waarmee 'n handeling verrig word, kan betrekking hê op toekomstige handeling wat die belastingpligtige wil verrig.⁵⁰ Die bedoeling waarmee 'n belastingpligtige

merely the machinery for realizing their interest in the land." (Kursivering bygevoeg.)

⁴⁷ Sien hfst 5 par 2.3.3 waar die betekenis van die begrip "doel" in 'n psigologiese konteks oorweeg word.

⁴⁸ Die vergelykingsmaatstawwe wat die hof identifiseer, is gebaseer op gesonde verstand en besigheid- of kommersiële standaarde wat normaalweg eiesoortig is aan 'n besigheid wat soortgelyk is aan die tipe besigheid wat die belastingpligtige na bewering bedryf. Sien hfst 9 par 5.3.2.5 waar hierdie uitgangspunt verder bespreek word.

⁴⁹ In *Berea West Estates (Pty) Ltd v SIR* 1976 2 SA 416 (A), 38 SATC 43 62 was die doel wat die direkteure van Berea West wou bereik bloot die realiserings van die eiendom. Die mpy is opgerig met die doel om die realiserings van die eiendom te vergemaklik. Die aktiwiteite van die mpy het nie ooreengestem met die kenmerkende bedrywighede van 'n handelsmpy wat 'n besigheid bedryf het deur in eiendom handel te dryf nie.

⁵⁰ Fitzgerald *Jurisprudence* 367 wys op die vlg betekenis wat die woord "intention" kan hê: "[Intention] may

'n bate verkry, kan byvoorbeeld wees om nie die bate permanent te hou nie, maar om dit onmiddellik te verkoop of om dit in die toekoms teen 'n wins te verkoop.⁵¹ Die bedoeling om 'n bepaalde toekomstige handeling te verrig, kan bloot 'n noodsaaklike insidentele stap in die uitvoering van die belastingpligtige se werklike doel wees. Die risiko bestaan dat hierdie bedoelde handeling tot die werklike doel van die belastingpligtige verhef kan word indien die begrippe "doel" en "bedoeling" as sinonieme beskou word.

Daar word in oorweging gegee dat belastingpraktisyns die onderstaande benadering kan volg om konsekwent by die toepassing van die besigheid- en "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn 'n onderskied tussen die eng betekenis van die begrippe "doel" en "bedoeling" te tref.⁵²

- i) Die werklike doel waarvoor 'n belastingpligtige 'n handeling aangaan moet geïdentifiseer word.
 - (a) 'n Doel is die resultaat wat die belastingpligtige probeer realiseer as gevolg van sekere stappe wat geneem word of sekere metodes of middele wat aangewend word. Die resultaat kan 'n sekere beoogde feitetoestand of omstandigheid wees.⁵³ In die konteks van bogemelde riglyne is die relevante vraag of die belastingpligtige ten doel het om 'n besigheid te bedryf of 'n besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n skema van winsbejag aan te gaan. Indien die vraag positief beantwoord word, sal die ontvangste wat daaruit voortvloei van 'n inkomste-aard en belasbaar wees.
 - (b) Die doel van die belastingpligtige kan geïdentifiseer word deur objektief omringende omstandighede⁵⁴ en subjektiewe faktore, soos sy bedoeling om

consist of *an intention to perform some future act*, an intention to bring about certain consequences or perhaps merely an intention to do the act itself." (Kursivering bygevoeg.) Sien ook Anscombe *Intention* 6.

⁵¹. Sien die vlg regspraak waar sodanige bedoeling teenwoordig was: *CIR v Stott* 1928 AD 252, 3 SATC 253; *Crowe v CIR* 1930 AD 122, 4 SATC 133; *CIR v Paul* 1956 3 SA 335, 21 SATC 1; *SIR v The Trust Bank of Africa Ltd* 1975 2 SA 652 (A), 37 SATC 87; *CIR v Nedbank Ltd* 1986 3 SA 391 (A), 48 SATC 73; *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271. Sien in die Nieu-Seelandse regspraak *Plimmer v CIR* [1958] NZLR 147; *CIR v Walker* [1963] NZLR 339; *Land Projects Ltd v CIR* [1964] NZLR 723; *Railway Timber Co Ltd v CIR* [1977] 1 NZLR 655 en in die Australiese regspraak *Henry Jones (IXL) Ltd v FCT* (1991) 22 ATR 328.

⁵². Sien hfst 9 par 10.2.2 waar die toepassing van die betrokke riglyne en die subjektiewe grondslag daarvan bespreek word.

⁵³. Die resultaat kan bv wees 'n belegging (vaste kapitaalbate) teen beste voordeel te realiseer; om surplus eiendom wat as 'n belegging gehou word en wat nie benodig word nie teen 'n wins te realiseer, om 'n gedeelte van die kapitaal wat in die aankoop van 'n vaste kapitaalbate geïnvesteer is onmiddellik te realiseer, omdat die belastingpligtige nie oor die nodige krediet of kontant beskik het om die volle koopsom van die bate te dra nie of om bates teen 'n wins te verkoop in die uitvoering 'n oorhoofse doel, nl om die aandele aan werknemers oor te dra wat as deelnemers van 'n aandele-aansporingskema gekwalifiseer het.

⁵⁴. Sien hfst 9 par 5.3 vir 'n bespreking van die objektiewe faktore wat oorweeg kan word.

sekere toekomstige handeling te verrig, in ag te neem.⁵⁵

- ii) Die bedoeling waarmee die belastingpligtige die betrokke handeling aangaan moet geïdentifiseer word.
 - (a) Dié doel wat 'n belastingpligtige beoog is onderskeibaar van die handeling wat die belastingpligtige verrig om die doel te realiseer. Wanneer 'n belastingpligtige iets doen met 'n sekere doel, word metodes of middele aangewend, byvoorbeeld handeling verrig, om die beoogde doel te bereik.
 - (b) Die belastingpligtige se bedoeling hou verband met hierdie doelbewuste toekomstige handeling wat verrig word om 'n doel te verwesenlik. 'n Belastingpligtige kan byvoorbeeld bedoel om 'n bate teen 'n wins te verkoop om aan sy doel uitvoering te gee. Realisasie-entiteite is sprekende voorbeelde.
- iii) Daar moet verder probeer word om 'n onderskeid te tref tussen meerdere doelwitte en bloot handeling wat aangegaan word om dié doelwitte te verwesenlik.⁵⁶ Daar moet veral gewaag word teen die geneigtheid om handeling wat verrig word om 'n bepaalde doel te verwesenlik as doelwitte te beskou wat gelyktydig nagevolg word.

3.2.3 Doel en motief

Daar word nie deurlopend in die inkomstebelastingregpraak 'n duidelike onderskeid getref tussen die betekenis van die begrippe "doel" en "motief" nie.⁵⁷ Daar is egter verskeie inkomstebelastinghofbeslissings waar die begrip "motief" in 'n eksterne sin gebruik word.⁵⁸

^{55.} Sien *SIR v The Trust Bank of Africa Ltd* 1975 2 SA 652 (A), 37 SATC 87 102 waar ar Botha die vlg stelling maak: "The circumstances relating to the sale of the shares, which have been detailed, are mainly relevant in so far as they throw light upon the purpose for which the shares were acquired." En op 104: "[T]he objective factors, such as the objects of the company as set out in its memorandum of association, the actual nature of the company's business, the normal business carried on by companies of that type, and the nature of the transaction, may, in an enquiry as to the purpose for which specific shares were acquired by such a company, assume greater significance than the intention with which those shares were acquired ..."

^{56.} Psigologies word die idee erken dat indien 'n individu verskeie doelwitte met die verrigting van 'n handeling het tussen deurslaggewende en nuwe-oogmerke onderskei kan word. Sien hfst 5 par 2.3.3. Hierdie moontlikheid is ook in die inkomstebelastingreg erken. Sien par 3.3 waar meervoudige doelwitte bespreek word.

^{57.} In *Solaglass Finance Co (Pty) Ltd v CIR* 1991 2 SA 257 (A), 53 SATC 1 maak ar Botha op 24-25 die vlg stelling in die konteks van a 23(g) van die *Inkomstebelastingwet*: "So, for instance, the distinction between 'motive' and 'purpose' in this context seems to me to be a nebulous one: it may sometimes be found to be helpful, but at other times it may be conducive more to confusion than to clarity. Sien ook die opm wat *lord Wright* in *Crofter Hand Woven Harris Tweed Co v Veitch* (1942) AC 435 469 maak "(t)he words 'motive', 'object', 'purpose' are in application to practical matters difficult strictly to define or distinguish."

^{58.} Sien hfst 5 par 2.3.4; Pollock *Jurisprudence* 139 142-143; *Lynch v DPP* (1975) 1 All ER 913 934; *Hyam v DPP* [1975] AC 55 73. Sien ook *S v COT* 1961 (SR), 24 SATC 744 waar die hof beslis: "His true motive has to be determined objectively, by inference, from his whole course of conduct viewed in the light of all the surrounding circumstances."

Dit wil sê, dit word gebruik as 'n aanduiding van 'n beoogde feitestel wat 'n individu beweeg om 'n handeling te verrig. Motief in dié konteks is toekomsgerig en dui op 'n bepaalde doel of resultaat wat 'n individu met die verrigting van 'n handeling wil teweegbring. Die begrip "motief" word hoofsaaklik in die inkomstebelastingregspraak as 'n sinoniem vir die doel van 'n belastingpligtige gebruik.⁵⁹ Daar is ook skrywers wat die standpunt huldig dat die begrip "motief" voorgemelde betekenis het.⁶⁰

Daar is egter regspraak waarin die begrip "motief" in 'n enger interne sin gebruik word om die emosionele of psigiese toestand van 'n individu aan te dui wat 'n handeling inisieer.⁶¹ In dié konteks word 'n individu se handeling verduidelik deur te verwys na die inherente "emosionele" oorsprong daarvan, en nie na die toekomsgerigte doel of oogmerk wat die dader daarmee mag beoog nie.⁶²

Die aanwending van die enger betekenis van die begrip "motief" word ook gevind in die Suid-Afrikaanse inkomstebelastingregspraak. Die enger benadering het betrekking op

^{59.} Daar word aan die hand gedoen dat die vlg aanhalings uit hofuitsprake hierdie standpunt onderskryf. Sien *African Life Investment Corporation (Pty) Ltd v SIR* 1969 4 SA 259 (A), 31 SATC 163 177: "Of more importance, in the present case, than the provisions of the memorandum, are the *motives* underlying the purchases and sales and the manner in which they were conducted. I have already mentioned the contention as to the *dominant purpose*." *COT v Glass* 1962 (1) SA 872 (FC), 24 SATC 499, 515: "If his *real motives* were so mixed that he may be fairly said to have been substantially and almost equally moved by both, the fact that he preferred one potential result to another would not, I think, amount to a *dominant purpose*." *LHC Corporation of SA (Pty) Ltd v CIR* 1950 4 SA 640 (A), 17 SATC 125 134: "If, therefore, as I have assumed in the company's favour, the finding of the special court meant that in view of the *object or motive* of the purchase and the consequent absence of a positive contemplation of resale, the nature of the transaction was not sharedealing but the acquisition of fixed capital, it was a finding that could not reasonably be reached." (Kursivering bygevoeg.) Dieselfde benadering word in die Nieu-Seelandse regspraak gevolg. Sien *CIR v National Distributors Ltd* [1989] 3 NZLR 661 667. In die Australiese regspraak is ook nie 'n duidelike onderskeid tussen die begrippe "motief" en "doel" gemaak nie. In *XCO Pty Ltd v FCT* (1971) 124 CLR 343 wys *judge* Gibbs daarop dat motief nie met doel verwar moet word nie. Hy verduidelik nie die grondslag van die onderskeid wat hy tussen die motief en doel van die belastingpligtige tref nie.

^{60.} Sien *Broomberg Tax Strategy Seminar* 29-30. Avery Jones 1983 *BTR* 10 is egter van mening dat die enger betekenis van die begrip "motive" gebruik moet word. Hy gee in oorweging op 10: "[Purpose] is what is in the person's mind when he does an act. It will be argued later that it is the same as 'object', 'end' and 'with a view to'. Unfortunately 'motive' is sometimes used to mean the same, but this is less correct and will be used hereafter in the main sense only." Die hoofsin waarin Avery Jones die begrip "motief" gebruik, is nl dat motief die emosie is wat tot 'n handeling aanleiding gee. Daar word aan die hand gedoen dat lg standpunt ooreenstem met die psigologiese betekenis van dié begrip. Sien hfst 5 par 2.3.4.

^{61.} Sien in *The Master v Thompson's Estate* 1961 2 SA 20 (FC), 24 SATC 157 waar *judge* Briggs die emosionele ondertoon van die begrip "motive" beklemtoon. Hy oorweeg die betekenis van dié begrip in die konteks van wat 'n skenking is. Hy sê op 174: "Where the word 'intention' is used in this connection I think it is used in the wide sense of volition aimed at a result, though perhaps without the emotional element which inheres in the word 'motive'." Sien ook die onderskeid wat in *Loxton v FCT* (1973) 3 ATR 467 472 in die Australiese regspraak tussen die begrippe "motief" en "doel" gemaak word. Die hof sê op 472: "However, in the present case the desire to obtain a taxation deduction was not merely the motive which impelled the appellant to acquire the shares and the option; it was the object which he had in view in acquiring them."

^{62.} Sien die psigologiese onderskeid wat in hfst 5 par 2.3.4 tussen die interne en eksterne motief van 'n individu

omstandighede waar die innerlike motief of emosie van die belastingpligtige hom beweeg om die handeling te verrig. Dit dui egter nie op die toekomstige doel wat hy met hierdie handeling wou bereik nie.⁶³ Die feit dat 'n belastingpligtige filantropiese motiewe het en handeling om sentimentele redes verrig, is 'n subjektiewe faktor wat die howe in ag neem om tot 'n gevolgtrekking te kom aangaande sy doel, naamlik of hy beoog om 'n besigheid in die loop van 'n winsbejag-skema te bedryf.⁶⁴

Dit wil voorkom of daar in dié saak 'n onderskeid gemaak kan word tussen die motief van die belastingpligtige in die eng sin van die woord en sy werklike doel. Die emosie wat die handeling geïnisieer het om die olifante te skiet, was die feit dat hy die plaaslike bevolking jammer gekry het en wou help. Die doel wat hy wou bereik, was klaarblyklik 'n baie onmiddellike doel, naamlik om die olifante te skiet. Dit was nie om 'n besigheid te bedryf of by 'n besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n skema van winsbejag betrokke te raak deur die ivoor en velle teen 'n wins te verkoop nie.

In die Australiese regspraak is nie 'n duidelike onderskeid tussen die begrippe "motief" en "doel" getref nie. Die howe wys daarop dat motief nie met doel verwar moet word nie, maar die grondslag van die onderskeid wat tussen die motief en doel van die belastingpligtige getref word, word nie duidelik aangedui nie.⁶⁵

getref is.

^{63.} Sien *CIR v Stott* 1928 AD 252, 3 SATC 253 256 waar die hof verwys na die uitspraak in die spesiale hof en sê: "The Special Court found that this farm was bought primarily from philanthropic motives to assist the natives."

^{64.} Sien *CIR v Stott* 1928 AD 252, 3 SATC 253. Stott se mensiewendheid het hom beweeg om eiendom te koop om te verhoed dat die plaaslike inwoners afgesit word. Die feit dat Stott die inwoners jammer gekry het, is 'n aanduiding van sy emosie wat tot die handeling aanleiding gegee het. Dit dui egter nie op die toekomstige doel wat hy met hierdie handeling wou bereik nie. Sy doel, naamlik die resultaat wat hy wou bereik, was klaarblyklik om die eiendom as 'n belegging te verkry, of moontlik om net die eiendom te hou. Sy doel was nie om dit in die loop die bedryf van 'n besigheid as deel van 'n skema van winsbejag aan te wend nie. Sien ook *ITC 1510* (1989) 54 SATC 30 waar die belastingpligtige olifante gejag het vir ontspanningsdoeleindes en om die plaaslike bevolking te help. Dit wil voorkom of daar in dié saak 'n onderskeid gemaak kan word tussen die motief van die belastingpligtige in die eng sin van die woord en sy werklike doel. Die emosie wat die handeling geïnisieer het om die olifante te skiet, was die feit dat hy die plaaslike bevolking jammer gekry het en wou help. Die doel wat hy wou bereik, was klaarblyklik 'n baie onmiddellike doel, naamlik om die olifante te skiet. Dit was nie om 'n besigheid te bedryf of by 'n besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n skema van winsbejag betrokke te raak deur die ivoor en velle teen 'n wins te verkoop nie.

^{65.} In *Newton v FCT* (1958) 98 CLR 1 8 het die *privy council* aangedui dat die woord "doel" nie "motief" beteken nie en die vlg gesê oor die betekenis van die begrip "doel": "The word "purpose" means not motive, but the effect which it is sought to achieve - the end in view. The word "effect" means the end accomplished or achieved." Sien *XCO Pty Ltd v FCT* (1971) 124 CLR 343. *Judge Gibbs* maak op 351 die vlg onderskeid tussen die motief en doel van die belastingpligtige: "On behalf of XCO, it was said that it was intended that a profit should be made only so that a ruling might be obtained on the question whether repayments would be taxable. To attribute any weight to this fact would be to confuse motive with purpose. The purpose of the scheme was to make a profit, even though the motive for making the profit was to lay the foundation for a test case. It hardly needs saying that the motive with which a profit is made is irrelevant to the question whether the scheme which yielded the profit was a profit-making scheme." Daar word aan die hand gedoen dat die

In Nieu-Seeland het die howe ook aangedui dat dit in 'n gegewe feitestel noodsaaklik mag wees om 'n versigtige onderskeid te tref tussen die begrippe "motief", "bedoeling" en "doel", selfs al sou die gedagtes wat deur die onderskeie woorde oorgedra word, vermeng sodat daar nie 'n duidelike skeidslyn is nie.⁶⁶ Daar word aan die hand gedoen dat die howe nie werklik 'n onderskeid tref tussen die betekenisse van die begrippe "motief" en "doel" nie. Die begrip "motief" word bloot in 'n eksterne sin gebruik, synde die boogde resultaat of doelwit wat 'n persoon teweeg wil bring. In hierdie konteks verskil die betekenis van die begrip "motief" nie van die betekenis van die begrip "doel" nie.⁶⁷ Die begrip "motief" word soms gebruik om die uiteindelijke doel aan te dui wat met 'n handeling beoog is, byvoorbeeld waar aandele teen 'n wins verkoop word met die "motief" om die belegging teen inflasie te beskerm. Die verkoop van die aandele teen 'n wins is in sodanige omstandighede as die onmiddellike doel geïdentifiseer.⁶⁸ Daar word aan die hand gedoen dat hierdie onderskeid nie tot groter regsekerheid bydra nie. In wese is hier bloot sprake van meer as een doel wat die belastingpligtige met 'n spesifieke handeling beoog. Hy kan 'n onmiddellike tussentydse doel of 'n verderliggende uiteindelijke resultaat beoog. Dié feit sal nie sondermeer die verderliggende doel in 'n motief van die belastingpligtige verander nie.

Daar word voorgestel dat die begrip "motief" deurlopend in die regspraak en deur skrywers in 'n enger "interne" sin gebruik word. Die onderskeid tussen dié begrippe "motief" en "doel" sal slegs in sodanige omstandighede van waarde wees en groter regsekerheid bevorder. "Motief" in die eng sin van die woord dui nie op die einddoel (die toekomstige feitetoestand) wat met die bepaalde handeling bereik wil word nie,⁶⁹ maar gee 'n aanduiding van die geesteshouding van 'n individu. Die geesteshouding van 'n individu dui op 'n sekere psigiese geaardheid of geneigdheid, byvoorbeeld jaloesie of mensliewendheid, wat die individu openbaar en wat 'n handeling kan inisieer. "Motief" in laasgenoemde sin is vir inkomstebelastingdoeleindes nie 'n absolute deurslaggewende oorweging nie, maar kan 'n

betekenis van die begrip "motief" in die voorgemelde konteks nie duidelik van die begrip "doel" onderskeibaar is nie. Die daarstelling van 'n feitestel wat as toetszaak kon dien, dui bloot op 'n verdere doel wat met die transaksies in oorweging beoog is. Dit is nie 'n aanduiding van die geesteshouding van die persone in beheer van XCO wat die transaksies geïnisieer het nie.

⁶⁶. In *CIR v National Distributors Ltd* [1989] 3 NZLR 661 sê *judge* Richardson op 666-667: "In some factual situations it may be necessary to draw a careful distinction between motives and intentions and purposes, even though the ideas conveyed by the respective words merge into each other without a clear line of differentiation ..."

⁶⁷. Sien hfst 5 par 2.3.4 waar die onderskeid en betekenis tussen die eksterne en interne motief van 'n individu bespreek word.

⁶⁸. Die vlg stelling van *judge* Richardson in *CIR v National Distributors Ltd* [1989] 3 NZLR 661 op 667 bevestig hierdie stelling: "[I]f the taxpayer's dominant purpose in acquiring the property is to sell it in the future at a price which, allowing for inflation, corresponds with or is better than its price at the time of purchase his statutory purpose is to sell the property even though his motive is to protect his savings from inflation."

⁶⁹. Sien hfst 5 par 2.3.3 en 2.3.4 waar die psigologiese onderskeid getref word tussen die begrippe "doel" en

rol speel om die doel van die belastingpligtige te bepaal.⁷⁰

3.2.4 Doel en verwagting

Daar is skrywers wat aanvoer dat die volgende omstandighede in die regspraak voorgekom het: Waar 'n belastingpligtige die moontlikheid voorsien om 'n bate winsgewend te verkoop, sal die wins belasbaar wees nieetenaande die feit dat die belastingpligtige beoog om 'n doel of dominante doel te verwesenlik wat normaalweg sodanige wins as van 'n kapitale aard sal oormerk.⁷¹ Volgens dié benadering sal die blote feit dat die moontlikheid voorsien is om by realisasie 'n wins te maak skynbaar as 'n deurslaggewende oorweging beskou word om tot 'n beslissing te kom dat die wins van 'n inkomste-aard is. Hierdie standpunt sal hier onder oorweeg word deur aandag te gee aan die relevansie van die feit dat die belastingpligtige die moontlikheid voorsien het om wins te maak deur bates te realiseer of 'n voordeel te ontvang.

Daar is in die Suid-Afrikaanse inkomstebelastingregspraak aangedui dat die begrip "doel" nie met "verwagting" verwar moet word nie. Vir doeleindes van die inkomstebelastingreg is die moontlikhede wat 'n belastingpligtige voorsien en waarmee hy hom vereenselwig, uitgesluit sy werklike doel, nie relevant nie. Dit is slegs die oogmerk, doelwit of werklike doel⁷² van die belastingpligtige wat relevant is om die inkomste- of kapitale aard van 'n ontvangste te bepaal.⁷³ Hierdie uitgangspunt stel dit duidelik dat 'n belastingpligtige sy werklike doel kan voorsien en homself daarmee kan vereenselwig. Die deurslaggewende oorweging in sodanige omstandighede is die feit dat die belastingpligtige 'n bepaalde handeling aangaan

"motief".

- ^{70.} Sien *COT v BSA Co Investments Ltd* 1966 1 SA 530 (SRAD), 28 SATC 1 6 waar die hof die betekenis van die woorde "purposes of his trade" in die konteks van a 13(2)(a) van die *Income Tax Act 16 of 1954* van die Federasie van Rhodesië en Njassa-land oorweeg is. In *CIR v Stott* 1928 AD 252, 3 SATC 253 en *ITC 1510* (1989) 54 SATC 30 het dit sodanige rol vervul.
- ^{71.} Sien die uiteensetting wat Broomberg *Tax Strategy Seminar* 31 gee van die omstandigheid waarin die verwagting om wins te maak 'n deurslaggewende oorweging is. Hy sê: "The 'Contemplation' School: Even where the taxpayer had an absolving motive, viz. that the asset was acquired for a purpose that would ordinarily stamp the transaction as being on capital account, the fact that the taxpayer contemplated making a profit on the resale, renders the proceeds taxable." Sien ook Broomberg 1998 *Tax Planning* 71.
- ^{72.} Die begrippe "oogmerk", "doel" en "doelwit" word as sinonieme gebruik. Sien Avery Jones 1983 *BTR* 10 18 wat ook aanvoer dat die begrippe "purpose" en "object" sinonieme is.
- ^{73.} Sien *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271 waar ar Smalberger op 281 beslis: "Contemplation is not to be confused with intention in the above sense. In a tax case one is not concerned with what possibilities, apart from his actual purpose, the taxpayer foresaw and with which he reconciled himself. One is solely concerned with his object, his aim, his actual purpose." Sien ook *COT, SR v Levy* 1952 2 SA 413 (A), 18 SATC 127 waar ar Schreiner dit uitdruklik stel dat die verwagting om moontlik in die toekoms 'n wins te maak, nie sonder meer impliseer dat die wins wat uiteindelik by die verkoop van 'n bate gemaak word, belasbaar sal wees nie. Die feitstel wat die belastingpligtige voorsien of wat hy hoop moontlik in die toekoms tot stand sal kom, is nie deurslaggewend nie. Die resultaat wat Levy wou bereik met die aankoop van die eiendom was beslissend. Die hof beslis dat Levy die aandele verkry het met die dominante doel om dit as 'n inkomste-produiserende belegging te hou.

met die doel om 'n spesifieke toekomstige resultaat te verwesenlik. Die wesentliche aspek handel nie oor wat die belastingpligtige voorsien nie. Die doel wat vir doeleindes van die onderskeid tussen ontvangste van 'n inkomste- of kapitale aard relevant is, is dat die belastingpligtige die bedryf van 'n besigheid of uitvoering van 'n besigheidsbedrywigheid in die loop van 'n winsbejagskema beoog.⁷⁴

Die feit dat 'n belastingpligtige die moontlikheid voorsien om 'n wins te maak en homself daarmee vereenselwig, is faktore wat bloot 'n bewysgewende funksie het ten opsigte van die doel van die belastingpligtige.⁷⁵ Hierdie faktore is as sodanig nie beslissend nie en staaf bloot die gevolgtrekking wat ten opsigte van die doel van die belastingpligtige gemaak word. Dié uitgangspunt word in die regspraak bevestig.⁷⁶

Daar word aan die hand gedoen dat 'n onderskeid getref moet word tussen die volgende twee moontlikhede:

- i) waar die beoogde resultaat wat die belastingpligtige tot stand wil bring, dit wil sê sy doel deur hom voorsien word; en
- ii) waar die moontlikheid bloot verwag of voorsien is om 'n bate winsgewend te verkoop en sodanige verwagting nie die werklike doel van die belastingpligtige weerspieël nie.

In eersgenoemde geval is die verwagte gevolge wat as 'n moontlikheid voorsien word nie 'n onafhanklike faktor wat afsonderlik van die doel van die belastingpligtige oorweeg moet word nie. Die feit dat die belastingpligtige verwag het om wins te maak, kan 'n faktor wees wat daartoe bydra om te bewys dat hy ten doel gehad het om die betrokke bate in die loop van sy besigheid te verkry. Dit blyk uit die regspraak dat dit wat die belastingpligtige voorsien betrekking kan hê op die volgende:

⁷⁴ Hierdie stelling word bevestig deur wat Smalberger in die *Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust*-saak op 280. Hy sê: "The application of this test [die "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn] involves a consideration of the *objectives* of the taxpayer (the Trust) and what its *purpose*, or if there was more than one, what its dominant purpose was ... There was no *intention* on the part of the Trust to conduct a business in shares." (Kursivering bygevoeg.) Ar Smalberger wys op 281 daarop dat die begrip "intention" in die konteks van die inkomstebelastingreg die doel beteken waarmee 'n belastingpligtige 'n transaksie aangaan. Sien ook die bespreking in hfst 9 par 7.3.

⁷⁵ Sien die opm van r Galgut in *ITC 1162 33 SATC 201 203-204* in verband met die getuienis van 'n belastingpligtige dat hy 'n bate as 'n belegging winsgewend verkoop het: "This may or may not be the true position. The promoter when giving evidence before the appeal tribunal may well believe this to be the case. That is not the test. He must satisfy the tribunal on a balance of probabilities that at the relevant time this was his dominant or main purpose and in order to do that it seems to me that he will have to satisfy the tribunal as a matter of probability that he had reasonable grounds for believing he could achieve that purpose."

⁷⁶ Sien *Overseas Trust Corporation Ltd v CIR* 1926 AD 444, 2 SATC 71; *CIR v Lydenburg Platinum Ltd* 1929 AD 137, 4 SATC 8; *African Life Investment Corporation (Pty) Ltd v SIR* 1969 4 SA 259 (A), 31 SATC 163; *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271.

- i) dit kan inderdaad die werklike doel wees wat hy wou verwesenlik;⁷⁷ of
- ii) dit kan verenigbaar wees met die besigheid wat hy wou bedryf;⁷⁸ of
- iii) dit kan betrekking hê op 'n sekondêre hoofdoel wat deel was van die besigheid wat bedryf is.⁷⁹

Daar word in oorweging gegee dat die howe in voorgemelde omstandighede nie bevind het dat die eiendom vaste kapitaalbaties was en dat die blote voorsiening dat wins gemaak kon word, die uiteindelijke wins by realisering in belasbare inkomste omskep het nie. Die verwagting om wins te maak was nie 'n deurslaggewende oorweging nie. Die verwagting om

^{77.} Sien *Overseas Trust Corporation Ltd v CIR* 1926 AD 444, 2 SATC 71. Hr Innes maak op 76 die vlg stelling tov die voordele wat Overseas Trust van die "custodian of enemy properties" ontvang het: "the resulting benefits must have been in their contemplation and intention". Dit het in die saak nie bloot gegaan oor die voorsiening van die moontlikheid dat hierdie voordele ontvang kon word nie. Die aandele is aangekoop met die doel om 'n sekere resultaat te verwesenlik, naamlik die ontvangs van voorgemelde voordele as deel van die besigheid wat Overseas Trust bedryf het. Die vlg bevinding op 75 bevestig die standpunt: "The position to be considered was that an investment company whose business it was to buy and sell shares acquired certain shares on terms which entitled it to receive a definite sum of money over and above the purchase price without going through any process of realisation." En op 76: "The acquisition of the shares in question was part of the business which the company had been formed to undertake ..."

^{78.} Sien *CIR v Lydenburg Platinum Ltd* 1929 AD 137, 4 SATC 8 18 waar die "hope and expectation of making substantial gains" deur die hof in ag geneem is om tot 'n beslissing te kom. Dit blyk uit die uitspraak dat Lydenburg Platinum wel ten doel gehad het om as deel van die alternatiewe besigheidsmetodes van die maatskappy 'n wins te maak deur die platindiumdraende eiendom aan te koop en teen 'n wins te verkoop. Daar word in oorweging gegee dat die hof hier nie bevind het dat die eiendom vaste kapitaalbaties was en dat die blote voorsiening dat wins gemaak kon word, die uiteindelijke wins by realisering in belasbare inkomste omskep het nie. Die verwagting om wins te maak, kan hoogstens beskou word as 'n bewysgewende faktor wat die hof in ag geneem het om tot 'n gevolgtrekking te kom aangaande die doel wat met die eiendom beoog is, nl om die eiendom winsgewend in die loop van die besigheid van die maatskappy te verkoop. Hierdie stelling word bevestig in *SIR v Smit* 1965 3 SA 591 (A), 27 SATC 89 96 waar die hof die vlg sê oor die relevansie van die verwysing na dit wat die belastingpligtige voorsien het: "... all that was decided in the *Leydenberg (sic)* case (supra) was that the contemplation of alternative methods of turning an asset to profitable account may be - and was there held to be - quite compatible with a scheme of profit-making." Sien ook in *COT, SR v Levy* 1952 2 SA 413 (A), 18 SATC 127 135 waar ar Schreiner in oorweging gee dat die oorheersende doel van Lydenburg Platinum met die verkryging van die eiendom waarskynlik was om wins uit die verkoop daarvan te maak. Hy maak die gevolgtrekking op grond daarvan dat Lydenburg Platinum mynbedrywighede gestaak het.

^{79.} In *African Life Investment Corporation (Pty) Ltd v SIR* 1969 4 SA 259 (A), 31 SATC 163 het die feit dat die winsgewende verkoop van die aandele voorsien en ten volle verwag is ook bloot bewysgewende waarde gehad. Die deurslaggewende oorweging was dat African Life 'n uitdruklike doel in gedagte gehad het, naamlik om as 'n sekondêre doelwit met aandele handel te dryf as deel van die besigheid van die maatskappy. Die winsgewende verkoop wat voorsien en verwag is, het die doel bevestig wat African Life wou verwesenlik. Die kwessie wat ter sprake was, het dus nie bloot gehandel oor die feit dat die belastingpligtige die moontlikheid voorsien het dat 'n wins gemaak kon word deur aandele te realiseer wat bates van 'n vaste kapitale aard was nie. Hr Steyn gee die vlg uiteensetting op 178: "There was more than a mere hope or expectation that the shares might rise in value. ... Profits were anticipated and fully expected and, in making them, the appellant had in mind a definite purpose, distinguishable from, although not unconnected with, the purpose directed at dividends. ... It would be more in accordance with fact, I consider, to regard the dealing in shares as a secondary object of the appellant, i.e. as part of the appellant's business." Sien ook *Barnato Holdings Ltd v SIR* 1978 2 SA 440 (A), 40 SATC 75.

wins te maak, kan hoogstens beskou word as 'n bewysgewende faktor wat die hof in ag geneem het om tot 'n gevolgtrekking te kom aangaande die doel wat met die eiendom beoog is.

Die tweede moontlikheid hierbo het betrekking op die omstandigheid waar 'n belastingpligtige 'n bepaalde feitestel wat nie 'n doel is wat hy beoog nie voorsien en hom daarmee vereenselwig. Daar word aan die hand gedoen dat dit wat die belastingpligtige in sodanige geval voorsien, byvoorbeeld om bates teen 'n wins te verkoop, nie relevant sal wees vir doeleindes van die oplossing van die inkomste-kapitaal-vraagstuk nie. In *Commissioner for Inland Revenue v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust*⁸⁰ bevind appèlregter Smalberger dat die trustees van die werknemersaandeeltrust die moontlikheid kon voorsien het om met die verkoop van die aandele wins te maak. Dit was egter nie die doel van die maatskappy of die persone in beheer van die trust om op so 'n wyse 'n besigheid of besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n skema van winsbejag te bedryf nie. Die uitsluitlike doel met die verkryging, hou en verkoop van die aandele was om dit oor te dra na werknemers wat daarvoor gekwalifiseer het. Die bedoeling met die verbeuringsbeding was ook nie om 'n wins te maak nie. Die doel met die bepaling was om ongewenste bedankings te verhoed.⁸¹ Die moontlikheid wat die trustees bloot voorsien het om wins te maak, het geen bewysgewende waarde gehad nie, want dit het nie die doel wat die belastingpligtige wou verwesenlik, gestaaft nie.

Bogemeelde benadering is ook in die Nieu-Seelandse regspraak gevolg. Handeling wat die belastingpligtige as 'n moontlikheid in die toekoms voorsien, word nie sonder meer gelyk gestel aan die doel wat hy beoog nie.⁸² In die Australiese regspraak word daar ook 'n

^{80.} *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271. Davis *Finance Week* Desember 3-9 1992 bevestig op 16 die belangrikheid van die beslissing in die *Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust*-saak as 'n saak wat leidende gesag sal bied vir die onderskeid tussen ontvangste van 'n inkomste- en kapitale aard in ons belastingreg.

^{81.} Hy gee op 281 die vlg uiteensetting van die tipe subjektiewe ingesteldheid wat relevant is: "Contemplation is not to be confused with intention in the above sense. In a tax case one is not concerned with what possibilities, apart from his actual purpose, the taxpayer foresaw and with which he reconciled himself. One is solely concerned with his object, his aim, his actual purpose. While they might have contemplated the possibility of profits, it was not the purpose of either the company (Stores) in founding the Trust, or the trustees in conducting the affairs of the Trust, to carry on a profit-making scheme. *The sole purpose of acquiring, holding and selling the shares was to place them in the hands of eligible employees.* The forfeiture provision was not intended to yield a profit. Its purpose was to deter unwanted resignations." (Kursivering bygevoeg.) In die Nieu-Seelandse reg is 'n soortgelyke feitestel oorweeg. In *Equipment Investments Ltd v CIR* [1965] NZLR 89 het die mpy as nomineer opgetree in 'n aandeleskema vir werknemers. Dit was onafwendbaar dat die aandele wat die mpy verkry het, verkoop sou word. Van die aandele is teen 'n wins verkoop. *Chief justice* Barrowclough kom tot die gevolgtrekking dat die doel van *Equipment Investments* met die aankoop van die aandele was om dit te verkoop. Dit was die dominante doel van die mpy. Sien hfst 7 par 4.2.2. vir 'n kritiese bespreking van dié beslissing.

^{82.} In Nieu-Seeland is daar in die konteks van die frase "if the property was acquired for the purpose of selling or

onderskeid getref tussen bloot 'n verwagting dat 'n bepaalde feitetoestand sal intree, naamlik die maak van wins, en die doel wat die belastingpligtige probeer bereik met die verrigting van 'n bepaalde handeling, byvoorbeeld die aankoop van 'n bate.⁸³

Die volgende kernpunte kan deur belastingpraktisyns gebruik word om die relevansie vas te stel van die feitestel wat 'n belastingpligtige voorsien of wat hy verwag tot stand sal kom wanneer die inkomste- en kapitale aard van ontvangste oorweeg word:

- i) Dit is belangrik om in gedagte te hou dat die moontlikheid wat die belastingpligtige voorsien dat 'n sekere feitestel tot stand sal kom, byvoorbeeld dat eiendom teen 'n wins verkoop sal word, nie sonder meer die deurslaggewende oorweging is om die aard van 'n ontvangste vas te stel nie.
- ii) Dit is belangrik dat die volgende omstandighede onderskei word:
 - (a) Waar die beoogde resultaat wat die belastingpligtige tot stand wil bring, voorsien en ten volle verwag word. Die feitestel wat die belastingpligtige voorsien weerspieël bloot sy werklike doel. In dié omstandighede het dit wat die belastingpligtige voorsien en verwag gewoonlik bewysgewende waarde wat die doel van die belastingpligtige staaf.
 - (b) Waar die feitestel wat die belastingpligtige voorsien en verwag nie ooreenstem met die doel wat die belastingpligtige wil verwesenlik nie. Die voorsiene en verwagte feitestel is in sodanige omstandighede nie relevant nie, want dit het nie betrekking op die doel van die belastingpligtige nie.
- iii) Die verwagting dat 'n sekere feitestel tot stand sal kom, byvoorbeeld dat die betrokke eiendom teen 'n wins verkoop sal word, kan hoogstens beskou word as 'n bydraende, omringende omstandigheid wat die howe as 'n bewysgewende faktor in ag neem om tot 'n gevolgtrekking te kom aangaande die doel wat met die eiendom beoog is.

otherwise disposing of it" in a 65(2)(e) van die *Income Tax Act 1976* oorweging geskenk aan die betekenis van die begrip "purpose". Die begrip "purpose" dui daarop dat daar 'n gekristalliseerde doel moet wees. Indien die belastingpligtige bloot verwag dat die eiendom in die toekoms verkoop kan word, is sodanige ingesteldheid nie voldoende vir doeleindes van a 65(2)(e) nie. In *CIR v Walker* [1963] NZLR 339 367 wys *judge North* daarop dat die feit dat die belastingpligtige voorsien of bedoel het om die eiendom teen 'n wins te verkoop, nie noodwendig daartoe aanleiding gee dat sy doel met die transaksies was om 'n wins te maak nie. Sien ook *Beetham v CIR* [1973] 1 NZLR 575 583; *CIR v National Distributors Ltd* [1989] 3 NZLR 661 668. Sien verder hfst 7 par 4.2.5.

⁸³. Dit is veral in die konteks van a 25A van die *Income Tax Assessment Act 1936* relevant. Volgens die eerste deel van a 25A word realisasiewinsse belas waar eiendom verkoop word wat verkry is met die "purpose of profit-making by sale". Die betekenis van die begrip "purpose" in voorgemelde sinsnede is in die regspraak oorweeg. Sien *Loxton v FCT* (1973) 3 ATR 467 472; *FCT v Bidecscope* (1978) 140 CLR 533; *Westfield Ltd v FCT* (1990) 21 ATR 1398 1408.

3.2.5 Doel en onafwendbare gevolge

Die wil voorkom of die howe in sekere omstandighede waarde heg aan die feit dat 'n bepaalde feitestel onafwendbaar is wanneer die aard van ontvangste oorweeg word.⁸⁴ In *Commissioner for Inland Revenue v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust*⁸⁵ beslis appèlregter Smalberger dat die trustees van die werknemers-aandeletrust nie ten doel gehad het om 'n skema van winsbejag te bedryf nie.⁸⁶ Hy maak egter 'n terloopse opmerking dat 'n ander gevolgtrekking moontlik geregverdig sou gewees het indien die maak van 'n wins onafwendbaar was.⁸⁷ Daar word aan die hand gedoen dat die volgende aspekte van dié opmerking relevant is:

- i) Die appèlregter gebruik die woord "might" wat daarop dui dat die onvermydelikheid van winsmaking nie sonder meer tot 'n ander gevolgtrekking aanleiding sou gegee het nie. Daar word aan die hand gedoen dat die appèlregter bloot die moontlikheid aandui dat hy tot 'n ander gevolgtrekking kon gekom het indien die maak van wins onafwendbaar was. Hy verhef nie die onvermydelikheid van winsmaking tot 'n absolute deurslaggewende oorweging wat daarop sal dui dat die betrokke besigheidsaktiwiteit⁸⁸ aangegaan is met die doel om wins te maak nie.
- ii) Die appèlregter maak bogemelde opmerking in die konteks van die vraag of die trustees van die trust ten doel gehad het om 'n wins te maak. Die stelling hou dus verband met die winsmaak-vereiste van die besigheid- of "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn.⁸⁹

Daar word aan die hand gedoen dat dié opmerking nie die aanwending van die doelmaatstaf by die toepassing van voorgemelde riglyne behoort te beïnvloed nie. Die onvermydelikheid van sekere gevolge wat intree, byvoorbeeld dat wins gemaak sal word, kan nie opsigselfstaande aandui dat die aandele in die bedryf van 'n besigheid of in die

^{84.} Sien *CIR v Nussbaum* 1996 (A), 58 SATC 283 293 waar ar Howie die onvermydelikheid van die wins wat die belastingpligtige gemaak het, oorweeg het om tot die gevolgtrekking te kom dat 'n sekondêre besigheid bedryf is deur in aandele handel te dryf.

^{85.} *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271.

^{86.} Hy beslis op 281: "[I]t was not the purpose of either the company (Stores) in founding the Trust, or the trustees in conducting the affairs of the Trust, to carry on a profit-making scheme."

^{87.} Hy sê op 281: "A different conclusion might have been justified if the making of profits was inevitable. But this was not the case." Die faktor van onafwendbaarheid van 'n sekere gevolg het ook in die Nieu-Seelandse reg 'n rol gespeel in 'n hofbeslissing waarin 'n soortgelyke feitestel oorweeg is. In *Equipment Investments Ltd v CIR* [1965] NZLR 89 huldig *chief justice* Barrowclough die standpunt dat die onafwendbaarheid van die verkoop van die aandele daarop dui dat die verkoophandeling inderdaad die dominante doel was wat bereik wou word.

^{88.} Ar Smalberger bevind in elk geval dat die trust nie 'n besigheid bedryf het nie. Hy sê op 280: "On a common sense approach the Trust was not carrying on a business by trading in shares."

^{89.} Sien hfst 9 par 5.5 en par 6.4.3 waar die winsmaak-doel van bg riglyne bespreek word.

uitvoering van 'n besigheidsbedrywigheid in die loop van 'n skema van winsbejag gekoop en verkoop is nie.⁹⁰

Die stelling dat 'n belastingpligtige omstandighede bedoel wat onvermydelik is,⁹¹ dra ook nie by tot groter regsekerheid oor hierdie kwessie nie. Die bedoeling van die belastingpligtige is nie die deurslaggewende oorweging om 'n oplossing te vind vir die inkomste-kapitaalvraagstuk nie.⁹² Die doel van die trustees, in die sin van die verduidelikende rede waarom die aandele gekoop en verkoop word, behoort steeds oorweeg te word. Dit wil sê, die resultaat of resultate wat met die verrigting van sekere handeling verwezenlik wil word, is steeds die deurslaggewende oorweging. Die feit dat 'n transaksie noodwendig tot 'n wins aanleiding sal gee, is bloot een van 'n verskeidenheid van faktore wat die hof kan oorweeg om te bepaal of die belastingpligtige 'n besigheidsaktiwiteit aangegaan het met die doel om wins te maak.⁹³

In die Nieu-Seelandse⁹⁴ regspraak is die onafwendbaarheid van die verkoop van die betrokke bates een van die faktore wat die hof beïnvloed om tot die gevolgtrekking te kom dat die bates aangekoop is met die doel om dit te verkoop. Die gevolgtrekking wat uit dié regspraak gemaak kan word, is dat die onvermydelikheid van die feitestel wat tot stand gekom het bloot 'n faktor was wat die hof in ag geneem het om 'n afleiding aangaande die doel van die belastingpligtige te maak. Die Nieu-Seelandse hofbeslissing het op spesifieke wetsbepalings betrekking wat verskil van die Suid-Afrikaanse wetgewing. As sodanig is dit nie direk relevant nie. Wat egter insiggewend is, is dat die onvermydelikheid van 'n bepaalde feitestel nie abosluut deurslaggewend is nie, maar bloot 'n faktor is wat die hof in oorweging geneem het om 'n beslissing aangaande die doel van die belastingpligtige te

^{90.} In *CIR v Middelman* 1989 (K), 52 SATC 323 maak r Berman die vlg opm op 326: "Certainly respondent made an overall profit on the sales of shares, indeed, in the rising market which existed during the tax years in question profit-making was inevitable." Die feit dat winsmaking onvermydelik was het nie die regter beïnvloed om tot die gevolgtrekking te kom dat die wins belasbaar was nie. Daar was ander faktore wat die doel om wins te maak genegeer het. Sien 328.

^{91.} Sien *ITC 1547* (1992) 55 SATC 19 24 waar die hof die vlg stelling maak: "The inevitable must be taken to have been intended."

^{92.} Sien par 4.2.2 waar die onderskeid tussen die begrippe "doel" en "bedoeling" aangedui word.

^{93.} Sien *SIR v The Trust Bank of Africa Ltd* 1975 2 SA 652 (A), 37 SATC 87 104 waar ar Botha die vlg stelling maak oor die faktore wat in ag geneem kan word om die doel van 'n belastingpligtige te bepaal: "[T]he objective factors, such as the objects of the company as set out in its memorandum of association, the actual nature of the company's business, the normal business carried on by companies of that type, and the nature of the transaction, may, in an enquiry as to the purpose for which specific shares were acquired by such a company ..." (Kursivering bygevoeg.) Dit is veral die aard van die transaksie wat in die onderhawige konteks relevant is.

^{94.} Sien *Equipment Investments Ltd v CIR* [1965] NZLR 89 waar chief justice Barrowclough die vlg beslis op 93: "It was the inevitability of sale in this case that was one of the factors that led me to the conclusion that the shares were purchased for the purpose of resale and not, for example, for retention." Dié beslissing is in die konteks van a 65(2)(e) van die *Income Tax Act 1976* geneem, wat o m bepaal dat die realisasiewins belasbaar sal wees "if the property was acquired for the purpose of selling or otherwise disposing of it". Sien

maak.

In die Australiese⁹⁵ regspraak is die feit dat 'n bepaalde transaksie onvermydelik tot 'n wins aanleiding gegee het as 'n bydraende faktor geïdentifiseer om die gevolgtrekking te maak dat die maak van wins 'n gereelde en gewone insident in die bedryf van die besigheid van die belastingpligtige was.⁹⁶

Daar word in oorweging gegee dat die Australiese uitgangspunt wel in die Suid-Afrikaanse inkomstebelastingreg toepassing kan vind. Die onvermydelikheid van 'n sekere gebeurtenis, byvoorbeeld dat bates gereeld teen 'n wins verkoop word, kan 'n faktor wees wat daartoe bydra om die gevolgtrekking te regverdig dat 'n bepaalde transaksie 'n gereelde en gewone insident van die besigheid van die belastingpligtige is. Dit sal veral relevant wees waar die hof moet oorweeg of 'n bepaalde aktiwiteit binne die omvang van die besigheid van die belastingpligtige val.

3.3 Meervoudige doelwitte

3.3.1 Inleiding

'n Belastingpligtige kan meer as een doel met die verrigting van 'n handeling beoog. Die doelwitte wat nagestreef word, kan almal op dieselfde vlak wees, maar dit is nie noodwendig so nie. Sekere doelwitte kan ondergeskik aan ander wees.⁹⁷ Waar 'n belastingpligtige meervoudige doelwitte het, is die algemene uitgangspunt in die regspraak dat die enigste deurslaggewende beweegrede vir inkomstebelastingdoeleindes is, uit praktiese sowel as beginseloorwegings, om die dominante faktor te bepaal wat hom beïnvloed het om die transaksie aan te gaan en daaraan uitvoering te gee.⁹⁸ Hierdie stelling kan egter nie ongekwalfiseerd aanvaar word nie. In die regspraak is ook omstandighede geïdentifiseer

hfst 7 par 4.1.

^{95.} Sien *FCT v GKN Kwikform Services Pty Ltd* (1990) 21 ATR 1532. Die hof beslis op 1534: "[I]t is equally true that the inclusion of the clause in the contracts of hire and its implementation in the event of short-returns had the inevitable and known consequence that the compensation received for short-returns would be greater than the cost price to Services of the goods which were hired.

^{96.} In *FCT v GKN Kwikform Services Pty Ltd* (1990) 21 ATR 1532 bevind *judge Davis* op 1534: "What is important under s.25(1) of the Act is whether the profit derived was a regular and ordinary incident of the carrying on of the business undertaking. ... In the present case, there is no doubt that what occurred was a regular and ordinary incident of Services' business."

^{97.} Sien die uiteensetting in 'n psigologiese konteks in die hfst 5 par 2.3.3.

^{98.} Sien *COT, SR v Levy* 1952 2 SA 413 (A), 18 SATC 127 waar ar Schreiner die vlg uiteensetting op 135-136 gee: "For, assuming the latter to be the position, it seems to me that where the purposes of an individual taxpayer are mixed the only course, on principle as well as for practical reasons, is to seek and give effect to the dominant factor operating to induce him to effect the purchase." Sien ook *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271 281 waar ar Smalberger op 280 die dominante doelmaatstaf bevestig. Hy sê: "The application of this test involves a consideration of the objectives of the taxpayer (the Trust) and what its purpose, or if there was more than one, what its dominant purpose was ..."

waar die belastingpligtige meervoudige doelwitte beoog, maar 'n bepaalde doel nie as dominant gekarakteriseer kan word nie. Sodanige doelwitte kan as gelykwaardig beskou word wat eweveel die belastingpligtige beïnvloed om 'n bepaalde transaksie aan te gaan.⁹⁹

Daar word aan die hand gedoen dat belastingpraktisyns die volgende omstandighede behoort te onderskei waar 'n belastingpligtige meer as een doel met die verrigting van 'n handeling beoog:

- i) 'n dominante doel wat die deurslaggewende beweegrede is waarvoor 'n transaksie aangegaan word;
- ii) gelykwaardige hoofdoelwitte wat op dieselfde vlak is en in 'n gelyke mate verduidelikende redes verskaf waarom die belastingpligtige 'n bepaalde handeling aangaan; en
- iii) bloot verskillende handelinge wat neerkom op verskillende maniere of metodes wat aangewend word om 'n bepaalde doel te verwesenlik.

Hieronder sal bogemelde omstandighede in meer besonderhede oorweeg word deur na die relevante regspraak te verwys.

3.3.2 Dominante (oorheersende) doel

3.3.2.1 Algemeen

Daar is sprake van 'n dominante doel wat die belastingpligtige beoog wanneer die betrokke doel deurslaggewend is en in wese die besluit beïnvloed het om die betrokke transaksie aan te gaan.¹⁰⁰ 'n Dominante doel bestaan waar die alternatiewe doel, selfs al word dit voorsien en al is dit 'n materiële faktor in die algemene besluit om die betrokke transaksie aan te gaan, geheel en al sekondêr is en dit nie 'n wesenlike rol in die gedagtes van die belastingpligtige gespeel het nie. Waar 'n oorheersende doel ter sprake is, speel die ander doelwitte gewoonlik 'n onbeduidende rol in die besluit van die belastingpligtige om die betrokke transaksie aan te gaan.¹⁰¹

^{99.} Sien *African Life Investment Corporation (Pty) Ltd v SIR* 1969 4 SA 259 (A), 31 SATC 163 174-175.

^{100.} In *ITC 1355* (1981) 44 SATC 132 136 maak die hof die vlg opm oor wanneer 'n doel oorheersend is: "If the court is able to find that there was a dominant purpose, which operated decisively or very substantially in the processes which led to the decision to acquire the property, the court will give effect to that dominant purpose or intention ..."

^{101.} Sien *SIR v The Trust Bank of Africa Ltd* 1975 3 SA 652 (A), 37 SATC 87 102. Sien ook *COT v Glass* 1962 1 SA 872 (FC), 24 SATC 499 515 waar die hof die vlg uiteensetting gee: "I think the conclusion to be drawn from these authorities is that a dominant purpose exists where the alternative objective, though perhaps in contemplation and even a material factor in the general decision to buy, was entirely secondary and did not operate to a substantial extent on the taxpayer's mind."

3.3.2.2 Kwessie van graad

Dit blyk uit die regspraak dat die vasstelling van die dominante doel nie altyd voor die handliggend is nie. Die onderskeid is subtiel en daar is nie 'n alomvattende maatstaf wat aangewend kan word om vas te stel welke doel dominant is nie. Die vasstelling van die dominante doel deur die howe is 'n kwessie van graad wat van die omstandighede van die betrokke geval afhang. Alle relevante faktore en omringende omstandighede word deur die howe oorweeg wat 'n waarde-oordeel vel om die dominante doel vas te stel.¹⁰²

3.3.3 Gelykwaardige hoofdoelwitte

Indien die belastingpligtige in gelyke mate en in wese deur meervoudige doelwitte beïnvloed is om 'n sekere handeling te verrig, kan die een nie as dominant met betrekking tot die ander beskou word nie.¹⁰³ Sodanige doelwitte kan as gelykwaardig beskou word waar die een doelwit nie ondergeskik is aan die ander doelwitte wat die belastingpligtige nastreef nie. 'n Gelykwaardige doel:

- i) is 'n verdere doel wat gelyktydig met ander doelwitte nagevolg word by wyse van 'n addisionele, alhoewel ondergeskikte, aktiwiteit wat daarop gerig is en beoog om 'n sekere feitetoestand tot stand te bring, byvoorbeeld om 'n wins te maak; en
- ii) sal as 'n hoofdoel beskou kan word wat nie bloot insidenteel tot 'n deurslaggewende dominante doel is nie.¹⁰⁴

^{102.} In *African Life Investment Corporation (Pty) Ltd v SIR* 1969 4 SA 259 (A), 31 SATC 163 wys hr Steyn daarop dat die vraag of 'n bepaalde doel dominant is, 'n kwessie van graad is. Hy sê op 175: "Whether or not a purpose is dominant in the sense that another co-existing purpose may be effected at a profit without attracting liability for tax, is a *matter of degree* depending on the circumstances of the case." In *SIR v The Trust Bank of Africa Ltd* 1975 2 SA 652 (A), 37 SATC 87 sê ar Botha op 102: "Bearing in mind that when there are mixed purposes the question as to whether one of them can be regarded as being the dominant one is essentially a *matter of degree* ..." In *CIR v Guardian Assurance Co SA Ltd* 53 SATC 129 151 maak war Kriegler die vlg opm oor die identifisering van 'n oorheersende doel: "The distinction is a subtle one and is to be made upon a conspectus of the relevant facts. There is no simple and universally valid litmus test, the decision whether particular income falls on the one side of the ill-defined borderline between capital and revenue or on the other being 'a *matter of degree* depending on the circumstances of the case'." Dié uitgangspunt word ook in Australië gevolg. Sien *FCT v Cyclone Scaffolding Pty Ltd* (1987) 19 ATR 674 waar *chief justice* Bowen die vlg sê op 677: "It is true that in determining whether a particular purpose is substantial, an *element of judgment* is called for." [Kursivering in bogemelde aanhalings bygevoeg.]

^{103.} Sien *COT v Glass* 1962 1 SA 872 (FC), 24 SATC 499 515 waar die hof die vlg uiteensetting gee: "If his real motives were so mixed that he may be fairly said to have been substantially and almost equally moved by both, the fact that he preferred one potential result to another would not, I think, amount to a dominant purpose." Daar word aan die hand gedoen dat die verwysing na "motives" in 'n wye sin is en dui op die oogmerke van die belastingpligtige en nie sy interne motiewe in die sin van sy emosies nie. Sien hfst 5 par 4.2.3. Sien ook *African Life Investment Corporation (Pty) Ltd v SIR* 1969 4 SA 259 (A), 31 SATC 163 waar die hof erkenning verleen aan die idee van gelykwaardige doelwitte.

^{104.} Sien *African Life Investment Corporation (Pty) Ltd v SIR* 1969 4 SA 259 (A), 31 SATC 163 waar hr Steyn die vlg uiteensetting gee op 174-175: "A purpose may be a main purpose without being dominant in this sense. I shall not attempt a precise definition of the distinction, but there would, I consider, be such a main purpose where there is a further purpose simultaneously pursued by way of an additional, albeit subsidiary, activity

eiendom ontwikkel en onderverdeel en die erwe verkoop. Hierdie handeling het egter betrekking op die metode wat aangewend word om die beoogde resultaat te verwesenlik, naamlik om die eiendom tot beste voordeel te realiseer. Die kategorie se bedoeling om die betrokke handeling te verrig is nie die deurslaggewende oorweging by die vraag of die realisasiewinste belasbaar is nie.¹¹⁰

Daar is in die Nieu-Seelandse regspraak nie deurlopend 'n duidelike onderskeid getref tussen die doel of doelwit en die metode waarmee die doel of doelwit bereik gaan word nie.¹¹¹ Daar is beslis dat indien 'n verkoop beoog word, dit nie saak maak dat die verkoop slegs 'n metode is om 'n einddoel te bereik nie.¹¹² Dit wil sê, die verkoop wat 'n metode is om 'n einddoel te bereik, kan ook die relevante dominante doel wees. Daar is egter ook aangedui dat die aktiwiteit of metode waardeur die doel bereik kan word op sigself nie die doel is wat ondersoek behoort te word nie.¹¹³ Daar is verder aangedui dat die belastingpligtige se bedoeling om die eiendom te verdeel en te verkoop, bloot 'n noodsaaklike insidentele stap in die uitvoering van sy werklike of dominante doel was.¹¹⁴

3.3.5 Onmiddellike en uiteindelijke doelwitte

Waar die belastingpligtige meerdere doelwitte beoog kan almal op dieselfde vlak wees, maar dit is nie noodwendig so nie. Doelwitte kan soms 'n hiërargie vorm. 'n Onmiddellike doel kan beoog word om iets te doen as deel van 'n plan om 'n uiteindelijke hoër-vlak-doel te realiseer. Die onmiddellike doel kan bloot 'n tussentydse doel wees wat noodsaaklik is om die hoër-vlak-doel te implementeer. Die verderliggende hoër-vlak-doel kan deurslaggewend wees

Malone Trust v SIR 1977 2 SA 819 (A), 39 SATC 83.

^{110.} Sien par 3.2.2.2.

^{111.} Hierdie versuim kan hou verband met die bepalings van a 65(2)(e) van die *Income Tax Act 1976* wat o m bepaal dat die vlg winste belasbaar sal wees "all profits or gains derived from a sale or other disposition of any real or personal property or any interest therein, ... if the property was acquired for the purpose of selling or otherwise disposing of it, ..." Die howe het beslis dat indien eiendom aangekoop is met die doel om dit te verkoop, is die realisasiewins belasbaar. Die verkoop van eiendom kan in sekere omstandighede 'n metode wees waardeur die dominante doel bereik word. Sien die minderheidsuitspraak van *judge Doogue* in *CIR v National Distributors Ltd* [1989] 3 NZLR 661 676 hieronder.

^{112.} Dit is die strekking van die meerderheidsuitspraak in *CIR v National Distributors Ltd* [1989] 3 NZLR 661.

^{113.} Sien *CIR v National Distributors Ltd* [1989] 3 NZLR 661 waar *judge Doogue* in sy minderheidsuitspraak beslis op 676: "The wording of the second limb of s 65(2)(e), suggests that the activity or method of achieving the purpose is itself the purpose which has to be investigated. That is a misuse of the word 'purpose'." Hierdie benadering word bevestig deur die psigologiese betekenis van die begrip "doel". Sien hfst 5 par 2.3.3 waar die vlg standpunt ingeneem word: Wanneer 'n individu iets doen met 'n sekere doel, word metodes of middele aangewend, bv handeling verrig, om die beoogde doel te bereik. Die doel is onderskeibaar van die bedoelde handeling wat die individu verrig om die doel te realiseer. Die bedoelde handeling is gewoonlik nie die beoogde doel nie.

^{114.} Sien ook die Nieu-Seelandse regspraak in *CIR v Walker* [1963] NZLR 339 waar *judge North* op 362 aan die hand doen dat die belastingpligtige se bedoeling om die eiendom te verdeel en te verkoop, bloot 'n noodsaaklike insidentele stap in die uitvoering van sy werklike of dominante doel was.

Daar word aan die hand gedoen dat dit in laasgenoemde omstandighede nie moontlik is om 'n dominante doel wat absoluut deurslaggewend is met betrekking tot die hoofdoel te bepaal nie. Die alternatiewe hoofdoelwitte is op dieselfde vlak en die besluite van die belastingpligtige word op 'n gelyke grondslag daardeur beïnvloed.¹⁰⁵ In sodanige omstandighede is daar nie 'n hiërargie van doelwitte waar een doelwit die dominante deurslaggewende doelwit is nie.

3.3.4 Middele of metodes

By meervoudige doelwitte is dit ook belangrik om 'n onderskeid te tref tussen die verrigting van 'n handeling en die resultaat wat met die verrigting van 'n handeling bereik wil word.¹⁰⁶ Die bedoeling om 'n handeling te verrig, is normaalweg nie een van die doelwitte wat met die verrigting van 'n handeling beoog word nie. Die begrip "doel" het eerder betrekking op die resultaat wat met die verrigting van 'n handeling bereik wil word. Die resultaat kan 'n sekere beoogde feitetoestand of omstandigheid wees.¹⁰⁷

Hierdie onderskeid tussen die middele wat aangewend word om 'n bepaalde doel te bereik en die doel opsigself word duidelik by realisasie-entiteite geïllustreer. Die realisasie-entiteit is bloot 'n medium wat deur die belanghebbendes gebruik word om hulle belang in die eiendom te realiseer.¹⁰⁸ Die realisasie-entiteit word gewoonlik deur die belanghebbendes gestig of geïnkorporeer met die doel om die realisering van die eiendom tot beste voordeel te vergemaklik.¹⁰⁹ Hulle wend sekere metodes of middele aan om die beoogde resultaat tot stand te bring. Hulle kan byvoorbeeld 'n ooreenkoms aangaan, 'n maatskappy inlyf, die

calculated and intended to yield a profit."

^{105.} Dit wil voorkom of hierdie uitgangspunt ook deur ar Schreiner in *LHC Corporation of SA (Pty) Ltd v CIR* 1950 4 SA 640 (A), 17 SATC 125 en *Marshall Industrials Ltd v CIR* 1951 3 SA 581 (A), 17 SATC 378 gevolg is. Hy het nie die doel waarvoor die aandele aangekoop is (nl om onderskeidelik sekere agentskappe en die beheer oor 'n mpy te verkry) as die deurslaggewende doel beskou nie. Sien par 3.3.2.2.

^{106.} Sien par 3.2.2 waar 'n onderskeid tussen die doel waarvoor 'n handeling aangegaan is en die bedoeling waarmee 'n handeling aangegaan is.

^{107.} Sien die uiteensetting in hfst 5 par 2.3.3. Sien ook *Malan v KBI* 1981 (2) SA 91 (K) 94, 43 SATC 1 5 waar r Grosskopf die vlg opm maak: "n Persoon wat beoog om 'n wins op een van twee maniere te maak, het egter nie noodwendig 'n 'oorheersende bedoeling' bloot deurdat hy een van hierdie maniere bo die ander verkies nie. In so 'n geval mag die hof bevind dat albei maniere deel vorm van 'n enkele skema van winsbejag, wat op alternatiewe maniere tot uitvoering gebring kan word."

^{108.} In *Berea West Estates (Pty) Ltd v SIR* 1976 2 SA 416 (A), 38 SATC 43 maak ar Holmes die vlg opm op 65: "I think the correct way of putting it would be to say that the beneficiaries set up the company for the purpose of facilitating the realization of the land, and that the company, in which they became the shareholders, was merely the machinery for realizing their interest in the land." (Kursivering bygevoeg.)

^{109.} In *Realization Co v COT*, SR 1951 1 SA 177 (SR), 17 SATC 139 157, waar dit ook gehandel het oor die gebruik van 'n realisasiempy, bevestig judge Beadle dat in die geval van 'n realisasiempy die hoofdoel is om die kapitaal te herwin. Indien daar in dié proses wins gemaak word, bv waar eiendom teen 'n wins gerealiseer word, kan dit as sekondêre motiewe beskou word wat ondergeskik is aan en insidenteel is tot voorgemelde hoofdoel. Sien ook *Berea West Estates (Pty) Ltd v SIR* 1976 2 SA 416 (A), 38 SATC 43; *J M*

wat sekere regsgevolge sal laat intree. 'n Tussentydse doel kan ook bloot 'n aanduiding gee van die wyse of metode waarop die deurslaggewende doel bereik kan word.¹¹⁵

In *Lace Proprietary Mines Limited v Commissioner for Inland Revenue*¹¹⁶ was die onmiddellike doel met die herverkryging van die mynregte om uit 'n onwingsgewende transaksie te kom.¹¹⁷ 'n Verderliggende resultaat het verband gehou met die doel om die mynregte in die bedryf van die besigheid van Lace te gebruik. Hoofregter Stratford bevind uitdruklik dat die doel met die herverkryging van die mynregte nie was om dit vir mynaktiwiteite te gebruik nie, maar om dit teen 'n wins te verkoop in die loop van die besigheid van die maatskappy.¹¹⁸ Hierdie verderliggende doel was deurslaggewend.

In die Nieu-Seelandse regspraak is daar aangevoer dat die uiteindelijke doel waarvoor 'n handeling verrig is die dominante doel is. Enige tussentydse of onmiddellike doel, selfs al het dit betrekking op die verkoop van 'n bate, behoort nie in oorweging geneem te word nie. Hierdie standpunt is nie deur die howe aanvaar nie.¹¹⁹

Die ondersoek om te bepaal wat die dominante doel van die belastingpligtige met die aankoop van eiendom is, kan ingewikkeld word waar daar verskillende oogmerke is wat op die kort, medium of lang termyn nagevolg word.¹²⁰ Daar is nie regspraak wat die standpunt bevestig dat die onmiddellike, tussentydse of uiteindelijke doel konsekwent as die dominante doel beskou behoort te word nie. Daar word aan die hand gedoen dat die chronologie van die doelwitte wat 'n belastingpligtige beoog, nie 'n faktor is wat die wesenlikheid van 'n bepaalde doel aandui nie. Wanneer die dominante doel bepaal word waar meervoudige

^{115.} Raz *Practical Reasoning* 15. Simester 1990 *Auck UL Rev* 390 verwys na die moontlikheid dat daar 'n reeks handeling kan wees wat verrig word om 'n doel te verwesenlik. In dié verband verwys hy na toekomstige bedoeling ("future intent"). Hy is van mening dat die onmiddellike doel van handeling A kan wees om 'n individu in staat te stel om 'n toekomstige bedoelde handeling B te verrig. Die onmiddellike doel sal in sodanige omstandighede bloot 'n tussentydse doel wees. Die doel met die verrigting van die toekomstige bedoelde handeling B kan die uiteindelijke doel van handeling A wees. Vlg. Raz *Practical Reasoning* 15 sal dit dan die deurslaggewende doel wees. Sien hfst 5 par 2.3.3.

^{116.} *Lace Proprietary Mines Ltd v CIR* 1938 AD 267, 9 SATC 349.

^{117.} Die hr sê op 360: "On the facts of the case it is clear that they were thrown back into the hands of the appellant company because of the collapse of the buyer - a forced re-acquisition *the motive for the acceptance* of which was, apparently, that this was the best way out of an unprofitable bargain." (Kursivering bygevoeg.)

^{118.} Die hr maak die vlg beslissing op 361: "[I]n my judgment the facts of the case, paying due regard to the company's policy as disclosed in the minutes, afford strong support to the finding ... that the *intention of the company* on the re-acquisition of these mining rights was to hold them for *the purpose of resale at a profit*. They were so sold and this concluded a business operation in carrying out a scheme of profit-making. The resulting profit was, therefore, rightly held to be taxable." (Kursivering bygevoeg.)

^{119.} Sien *Bedford Investments Ltd v CIR* [1955] NZLR 978; *Equipment Investments Ltd v CIR* [1965] NZLR 89; *CIR v Hunter* [1970] NZLR 116; *Holden v CIR* [1974] 2 NZLR 52; *Menneer v CIR* [1974] 2 NZLR 52.

^{120.} Die vasstelling van die dominante doel is 'n kwessie van graad wat van die omringende omstandighede van die betrokke saak afhang. Sien *African Life Investment Corporation (Pty) Ltd v SIR* 1969 4 SA 259 (A), 31

doelwitte nagevolg word, is dit belangrik om erkenning te verleen aan die idee dat 'n onmiddellike of tussentydse doel met 'n bepaalde handeling bloot 'n noodsaaklike insidentele stap kan wees om aan die dominante verderliggende doel uitvoering te gee. Die metode wat gevolg word om 'n meer omvattende doel te bereik, is nie noodwendig opsigself 'n dominante doel van die belastingpligtige nie.¹²¹

4 SAMEVATTING

Daar word aan die hand gedoen dat die volgende uitgangspunte ten opsigte van die tipe subjektiewe ingesteldheid wat van deurslaggewende belang is vir die konsekwente en suiwer toepassing van die besigheid- en "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn 'n praktiese bydrae tot groter regsekerheid kan lewer.

i) Doel

Die deurslaggewend oorweging is die doel van die belastingpligtige. Die substantiewe ondersoek het betrekking op die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige. Die doel wat ter sprake is, is nie bloot 'n geneigdheid wat gebaseer is op 'n afleiding uit die objektiewe, omringende omstandighede nie.

Die betekenis wat aan die begrip "doel" in die Suid-Afrikaanse regspraak toegeken is, stem ooreen met die psigologiese betekenis van dié begrip. Die doel van 'n belastingpligtige¹²² verskaf 'n verduidelikende rede waarom hy 'n bepaalde handeling verrig. Hierdie verduidelikende rede is toekomstgerig en het betrekking op 'n feitestel wat die belastingpligtige beoog om tot stand te bring deur sekere stappe te neem of sekere metodes of middele aan te wend.

Indien die begrip "doel" konsekwent in voorgemelde betekenis in hofbeslissings gebruik word, sal dit tot groter regsekerheid aanleiding gee oor die tipe subjektiewe ingesteldheid wat die howe as deurslaggewend beskou.

SATC 163 175.

^{121.} Die beslissing in *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271 ondersteun dié benadering. Die verkoop van die aandele aan die werknemers was 'n metode wat gevolg is om die dominante uiteindelijke doel te bereik, nl die implementering en uitvoering van die aandele-aansporingskema. Sien ook die realisasie-entiteit sake: *Realization Co v COT*, SR 1951 1 SA 177 (SR), 17 SATC 139; *Berea West Estates (Pty) Ltd v SIR* 1976 2 SA 416 (A), 38 SATC 43; *J M Malone Trust v SIR* 1977 2 SA 819 (A), 39 SATC 83. In dié sake is die realisasie-entiteit gestig, die bates aangekoop en verkoop met die uiteindelijke doel om 'n belegging te realiseer.

^{122.} Die begrip "doel" het betrekking op die subjektiewe ingesteldheid van 'n individu. Om dié rede is dit by 'n nie-natuurlike persoon nodig om die doel van die persone wat die besluite neem te oorweeg.

ii) Meervoudige doelwitte

'n Belastingpligtige mag meervoudige doelwitte met die verrigting van 'n handeling beoog. Dit hou verband met die resultaat of reeks resultate wat met die verrigting van 'n handeling bereik wil word. Waar 'n belastingpligtige meer as een doel met die verrigting van 'n handeling beoog moet uitvoering gegee word aan die dominante doel. Die volgende aspekte is faktore wat by die vasstelling van die dominante doel in ag geneem behoort te word:

- (a) Die dominante doel dui die deurslaggewende beweegrede aan waarvoor 'n transaksie aangegaan word. 'n Dominante doel bestaan waar die alternatiewe doel, selfs al word dit voorsien en al is dit 'n materiële faktor in die algemene besluit om sekere handeling aan te gaan, geheel en al sekondêr en insidenteel is en nie 'n wesenlike rol in die gedagtes van die belastingpligtige gespeel het nie. Die dominante doel absorbeer die sekondêre doel en relegier die middele wat uitgevoer word om laasgenoemde te bereik tot bloot insidentele aktiwiteite.
- (b) Die vasstelling van die dominante doel is 'n kwessie van graad en die howe vel 'n waarde-oordeel deur die relevante omringende omstandighede in ag te neem.
- (c) 'n Doel kan ook 'n hoofdoel wees sonder om in voorgemelde sin dominant te wees. Sodanige hoofdoel wat nie dominant is nie, sal bestaan wanneer daar 'n verdere doel is wat gelyktydig nagevolg word by wyse van 'n addisionele, alhoewel ondergeskikte, aktiwiteit wat daarop gerig en bedoel is om 'n sekere resultaat te bereik. Die belastingpligtige word in gelyke mate en in wese deur albei doelwitte beïnvloed om 'n sekere handeling te verrig, daarom kan die een nie as dominant bo die ander beskou word nie.

iii) Bedoeling

Die begrippe “doel”, “motief” en “bedoeling” word in die Suid-Afrikaanse regspraak meestal as sinonieme vir die begrip “doel” gebruik. Die gebruik van begrippe soos “motief” en “bedoeling” skep verwarring, want:

- (a) die betekenis van dié begrippe is nie beperk tot die doel van 'n belastingpligtige nie; en
- (b) dit word nie deurlopend in die regspraak as sinonieme gebruik nie.

Daar behoort veral nie na die bedoeling van die belastingpligtige verwys te word wanneer inderdaad bedoel word die doel waarvoor die belastingpligtige die transaksie aangegaan het nie. Die begrip “bedoeling” behoort gebruik te word wanneer verwys word na die kategoriese bedoeling van die belastingpligtige om 'n bepaalde handeling te verrig. Die versuim om die begrip “bedoeling” in die konteks te gebruik kan onsekerheid skep omdat

- (a) die gewone taalkundige betekenis van die begrippe verskil;

- (b) daar psigologies 'n onderskeid tussen die betekenis van dié begrippe gemaak kan word indien dit in 'n eng sin oorweeg word; en
- (c) dié begrippe in die regspraak nie deurlopend as gelykbetekenend beskou is nie.

Indien die begrippe "doel" en "bedoeling" as sinonieme gebruik word, kan dit impliseer dat die grondslag van die besigheid- en "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn verband hou met die bedoeling om 'n bepaalde handeling te verrig en nie met die resultaat wat met die verrigting van 'n handeling beoog word nie.

iv) Motief

Die begrip "motief" word hoofsaaklik in die regspraak 'n wyer eksterne sin gebruik om die doel aan te dui waarmee 'n handeling verrig word.

Die begrip "motief" behoort deurlopend in die regspraak en deur skrywers in 'n enger "interne" sin gebruik word. "Motief" in die eng sin van die woord dui nie op die einddoel (die toekomstige feitetoestand) wat met die bepaalde handeling bereik wil word nie, maar gee 'n aanduiding van die geesteshouding van 'n individu. Die geesteshouding van 'n individu dui op 'n sekere psigiese geaardheid of geneigdheid, byvoorbeeld jaloesie of mensliewendheid, wat die individu openbaar en wat 'n handeling kan inisieer, "Motief" in laasgenoemde sin is vir inkomstebelastingdoeleindes nie 'n deurslaggewende oorweging nie.

v) Voorsiene en verwagte feitestel

Die moontlikhede wat 'n belastingpligtige voorsien of verwag en waarmee hy hom vereenselwig, is nie deurslaggewend nie. Die deurslaggewende oorweging is die werklike doel van 'n belastingpligtige. Die werklike doel van die belastingpligtige en die omstandighede wat hy voorsien of verwag, is nie noodwendig dieselfde nie.

Die verwagting dat 'n sekere feitestel tot stand sal kom, kan hoogstens beskou word as 'n bydraende, omringende omstandigheid wat die howe as 'n bewysgewende faktor in ag neem om tot 'n gevolgtrekking te kom aangaande die doel van die belastingpligtige.

vi) Onafwendbaarheid

Die onafwendbaarheid van die moontlikheid dat sekere gevolge sal intree, byvoorbeeld dat wins gemaak sal word by die verkoop van bates, behoort nie die toepassing van die doelmaatstaf te beïnvloed nie. Dit kan nie opsigselfstaande aandui dat die aandele as deel van 'n besigheid of in die loop van 'n besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n skema van winsbejag gekoop en verkoop is nie. Die onafwendbaarheid van die maak van 'n wins kan hoogstens 'n faktor wees wat die hof in ag neem om 'n gevolgtrekking te maak ten opsigte van die doel wat die belastingpligtige met die verrigting van bepaalde handeling wil bereik.

Die onvermydelikheid van 'n sekere gebeurtenis, byvoorbeeld dat bates gereeld teen 'n wins verkoop word, kan ook 'n faktor wees wat daartoe bydra om die gevolgtrekking te regverdig dat 'n bepaalde transaksie 'n gereelde en gewone insident van die besigheid van die belastingpligtige is. Dit sal veral relevant wees waar die hof moet oorweeg of 'n bepaalde aktiwiteit binne die omvang van die besigheid van die belastingpligtige val.

HOOFSTUK 11

METODOLOGIE

1	INLEIDING	440
2	TOEPASLIKE RIGLYN	442
2.1	Regsaard	442
2.2	Bron	443
2.3	Toepaslike riglyn	443
3	TOEPASSINGSPROSES	445
3.1	Objektiewe inkomste-riglyn	445
3.2	Besigheid- of "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn	446
3.3	"Vaste teenoor bedryfskapitaal"-riglyn	449
3.4	Substitusie-riglyn	450
4	GEVOLGTREKKING	453

1 INLEIDING

Die wetgewer gebruik soms wye terme in wetgewing waar hy onseker is oor die omstandighede wat die wetsvoorskrif moet aanspreek. Die gebruik van wye terme veroorsaak dat onvoorsiene omstandighede binne die trefwydte van 'n wet of wetsbepaling gebring word. Die wetgewer in Suid-Afrika het die sinsnede "van 'n kapitale aard" in die omskrywing van "bruto inkomste" in artikel 1 van die *Inkomstebelastingwet* gebruik om die trefwydte van inkomstebelasting af te baken.¹ Die wetgewer het nie probeer om die betekenis van die frase "van 'n kapitale aard" statutêr te omskryf nie² en die betekenisbepaling daarvan by uitstek aan die howe oorgelaat.³ Die wetgewer dra sodoende 'n aansienlike diskresie aan die howe oor. Die primêre rigtingwysers by die betekenisvasstelling van die frase "van 'n kapitale aard" kan gewoonlik gevind word in die riglyne wat die howe ontwikkel. Die riglyne omskryf die standarde of maatstawwe wat oorweeg moet word om te bepaal of 'n ontvangste van 'n inkomste- of kapitale aard is.

Die resultaat van die toepassing van die betrokke riglyn op die feitestel in oorweging is die

1. Sien hfst 3 par 3.4 waar wye term as wetskeppingstegniek oorweeg word.

2. Sien die beperkinge op die wetgewer se wetskeppingsvermoë in hfst 3 par 3.3.

3. Sien De Koker *Silke* par 3.1 3-3; Emslie en Jooste 1989 *SALJ* 292 294.

gevolgtrekking dat die ontvangste van 'n inkomste- of kapitale aard is.⁴ Eers nadat die gevolgtrekking gemaak is dat die ontvangste van 'n kapitale aard is, kan die regsgevolge intree wat voorgeskryf word, naamlik dat die ontvangste nie ten volle as "bruto inkomste" belasbaar is nie, maar dat slegs 'n sekere persentasie van die kapitaalwins ten opsigte van die ontvangste belasbaar kan wees.⁵

Daar is geen enkele en oorkoepelende riglyn wat in alle omstandighede gevolg kan word om in die feitestel in oorweging te bepaal wat die betekenis van die frase "van 'n kapitale aard" is nie.⁶ Die howe het verskeie toepaslike riglyne geformuleer as rigtingwysers om aan te dui onder watter omstandighede 'n bepaalde ontvangste van 'n inkomste- of kapitale aard is.⁷ By die oorweging van die aard van 'n ontvangste sal die howe 'n waarde-oordeel vel om die relevante riglyn te identifiseer. Die howe sal 'n waarde-oordeel vel, wat bloot op 'n graadverskil gebaseer kan wees, deur die betrokke individuele omstandighede in ag te neem.⁸ Dit is derhalwe van die uiterste belang dat die relevante riglyn geïdentifiseer en toegepas word.

Daar word aan die hand gedoen dat 'n samehangende metodologie geformuleer kan word wat die howe, wetsuitleggers en belastingpraktisyns kan aanwend om op 'n logiese en konsekwente wyse die relevante riglyn te identifiseer en toe te pas om die inkomste- of kapitale aard van die betrokke ontvangste in oorweging te bepaal. Die metodologie is gebaseer op regspraak in Suid-Afrika en 'n vergelykende ondersoek wat met betrekking tot die regsposisie in Australië en Nieu-Seeland gedoen is.⁹ Die aanwending van hierdie metodologie sal tot groter regsekerheid in die inkomstebelastingreg aanleiding omdat die identifisering en toepassing van die relevante riglyn op die feitestel in oorweging op 'n gestruktureerde en gefundeerde grondslag sal plaasvind.

Die stappe waaruit sodanige metodologie bestaan, word hier onder uiteengesit.

⁴ Sien hfst 3 par 5.4 waar aandag gegee word aan riglynformulering deur die howe.

⁵ Moontlike spesifieke insluitings by "bruto inkomste" word nie in ag geneem nie. 'n Gedeelte van ontvangste van 'n kapitale aard (25% van die netto kapitaalwins in die geval van individue en 'n spesiale trust en 50% in ander gevalle) word as belasbare kapitaalwins belas. Sien die omskrywing van "bruto inkomste" in a 1 saamgelees met a 26A en die Agste Bylae tot die *Inkomstebelastingwet*.

⁶ Sien *COT v Booyens Estates Ltd* 1918 AD 576, 32 SATC 10 15-16; *John Bell & Co (Pty) Ltd v SIR* 1976 4 SA 415 (A), 38 SATC 87 101; *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271 279. Dieselfde benadering word in die Engelse inkomstebelastingreg nagevolg. Sien *Van den Berghs Ltd v Clark (Inspector of Taxes)* [1935] AC 431 438; *Strick v Regent Oil Co Ltd* (1965) 43 TC 1 40.

⁷ Sien hfst 9 vir 'n bespreking van die verskillende riglyne, bv die objektiewe inkomste-riglyn; die besigheid-riglyn, die "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn, die "vaste kapitaal teenoor die bedryfskapitaal"-riglyn en die substitusie-riglyn.

⁸ Sien hfst 3 par 5.4.2 wat handel oor riglynformulering deur die howe.

⁹ Vir die regsposisie in Nieu-Seeland, Australië en Suid-Afrika sien hfst 7, hfst 8 en hfst 9.

2 TOEPASLIKE RIGLYN

2.1 Regsaard

Die premis wat die riglynformulering deur die howe ten grondslag lê, is inderdaad gebaseer op 'n klassifikasie van die onderliggende transaksies wat tot die ontvangste aanleiding gee. Enige poging om die relevante inkomste-kapitaal riglyn te identifiseer en toe te pas voordat definitiewe sekerheid oor die werklike regsaard van die betrokke transaksie verkry is, sal derhalwe waardeloos wees.¹⁰

Die eerste stap in die riglyntoepassingsproses is derhalwe die vasstelling van die werklike regsaard van die ontvangste-genererende transaksie. Probleme kan egter ontstaan indien die partye tot die transaksie om 'n bepaalde rede probeer om die werklike aard of karakter van die transaksie te verbloem. Die howe spreek hierdie kwessie aan deur 'n fundamentele leerstelling van die Suid-Afrikaanse reg toe te pas wat ook in die inkomstebelastingreg nagevolg word. Die howe gee by die beoordeling van die regsgevolge van die transaksie slegs aan die ware bedoeling van die partye gevolg en nie aan 'n skyn wat die partye probeer om tot stand te bring nie. Anders gestel, die howe oorweeg die wese van 'n transaksie en nie die vorm daarvan nie.¹¹ Die vraag of die partye die ware ooreenkoms tussen hulle verbloem deur 'n skynkontrak aan te gaan, is 'n feitevraag en geen algemene reël kan neergelê word nie.

Die howe gee onder meer aandag aan die volgende faktore om vas te stel wat die ware ooreenkoms tussen die partye is:

- i) Die howe vergelyk die terme van die ooreenkoms wat oënskynlik gesluit is met die wesenlike eienskappe van die tipe kontrak wat na bewering deur die partye aangegaan is, om vas te stel of die ooreenkoms in oorweging bloot 'n skynkontrak is. Ongewone terme of bedinge in 'n kontrak wat nie kenmerkend aan daardie besondere tipe kontrak is nie, word dikwels as deurslaggewende aanduidings van simulاسie beskou. Denkbeeldige en teenstrydige bepalings in verskillende kontrakte wat deel uitmaak van 'n vooraf bedinkte skema, kan daarop dui dat daar in werklikheid 'n stilswyende verstandhouding tussen die partye is wat nie openbaar is nie.
- ii) Die regte en verpligtinge van die partye word ook opgeweeg teen die regte en verpligtinge wat gewoonlik voorkom by die tipe kontrak wat na bewering aangegaan is. Soms is die regte en verpligtinge wat vir die onderskeie partye beding word so ongehoord en onrealisties dat dit die beweerde bedoeling van die partye onder

¹⁰ Sien hfst 9 par 3.3 waar die grondslag van die transaksie-gebaseerde riglyne bespreek word.

¹¹ Sien hfst 6 par 2 waar die *plus valet*-stelreël bespreek word.

verdenking bring.

- iii) Die vorm van die kontrak, en veral die terminologie wat eie aan 'n sekere tipe kontrak is, word deur die howe as sterk aanwysende faktore beskou om 'n afleiding te maak oor die kontrak wat die partye werklik bedoel het om aan te gaan.
- iv) Die doel wat die kontrakparty met die aangaan van die ooreenkoms wil bereik, is 'n faktor wat oorweeg word om simulاسie aan te dui. Die doelwit van die partye moet versoenbaar wees met die kontrak wat na bewering tot stand gekom het.
- v) Die ekonomiese realiteite van 'n transaksie kan ook aandui dat die partye inderdaad nie die kontrak beoog het wat hulle na bewering gesluit het nie.¹²

2.2 Bron

Die tweede stap wat aaneenskakel met die werklike regs aard van die transaksie is om die bron van die ontvangste vas te stel. Die begrip "bron" beteken die ontstaansrede waarom die belastingpligtige die bedrag ontvang. Die ontstaansrede van die ontvangste hou verband met die werk of aktiwiteite wat die belastingpligtige verrig om die bedrag te ontvang. Hierdie werk of aktiwiteite van die belastingpligtige kan verskillende vorme aanneem, naamlik:

- i) 'n besigheid wat hy bedryf;
- ii) 'n onderneming wat hy beoefen;
- iii) 'n persoonlike poging van 'n geestelike of fisieke aard; of
- iv) die aanwending van kapitaal deur:
 - (a) dit self te gebruik om inkomste te verdien; of
 - (b) die gebruik daarvan aan iemand anders beskikbaar te stel.¹³

Die aard van die belastingpligtige se aktiwiteite en die aard van die transaksie is interafhanklik en nou verwant. Die aard van dit wat die belastingpligtige gee, kan as 'n onontbeerlike hulpmiddel beskou word om die aard van die transaksie waaruit die belastingpligtige die bedrag ontvang, te bepaal. Die aktiwiteit wat die belastingpligtige verrig kan 'n aanduiding gee van die betrokke tipe transaksie en die relevante riglyn wat in die omstandighede aanwending behoort te vind.¹⁴

2.3 Toepaslike riglyn

Sodra sekerheid bestaan oor die regs aard van die ontvangste-genererende handeling en wat die bron van die ontvangste is, kan besluit word watter aangewese riglyn of riglyne

¹² Sien hfst 6 par 2.9 waar hierdie faktore in meer besonderhede bespreek word.

¹³ Sien hfst 4 par 2.4.4 en par 3.4.7 en hfst 9 par 3 waar die bron-begrip oorweeg word.

aangewend moet word om die inkomstebelastingaard van die ontvangste te bepaal. Dit is van kardinale belang dat die toepaslike riglyn aangewend word. Die toepassing van 'n verkeerde riglyn sal tot regsonsekerheid en verwarring aanleiding gee.¹⁵

Die objektiewe inkomste-riglyn is as 'n maatstaf nie deurtastend genoeg om die aard van 'n realisasiewins by die verkoop van 'n bate te bepaal nie. Om die objektiewe inkomste-riglyn alleenstaande toe te pas, bied nie in sodanige omstandighede 'n oplossing nie, want die belastingpligtige wend in elk geval sy kapitaal aan wanneer hy die bate aankoop en verkoop.¹⁶

Die "vaste teenoor bedryfskapitaal"-riglyn vind ook nie aanwending nie waar die feitestel daarop dui dat 'n besigheid nie bedryf is nie.¹⁷

Waar kapitaal produktief aangewend word en 'n bate word nie gerealiseer nie, is dit nie doelmatig om die besigheid- of die "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn toe te pas nie. Die objektiewe inkomste-riglyn behoort eerder aangewend te word deur te oorweeg wat die opbrengs is wat die belastingpligtige op die prokutiewe aanwending van sy kapitaal ontvang het.

Waar die ontvangste-genererende handeling nie op die realisering van 'n bate neerkom nie, kan die volgende riglyne aangewend word:

- i) waar die belastingpligtige sy kapitaal produktief aanwend, die objektiewe inkomste-riglyn;¹⁸ en
- ii) waar die belastingpligtige 'n bedrag ontvang vir 'n bedrag of bate wat gesubstitueer of vervang word, die substitusie-riglyn.¹⁹

Waar 'n bate gerealiseer (verkoop) word, kan die volgende riglyne aangewend word:

- i) waar 'n alleenstaande transaksie beoordeel word, die "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn;²⁰
- ii) waar daar meervoudige transaksies is, die besigheid-riglyn;²¹

^{14.} Sien hfst 9 par 3.1 waar die bron of ontstaansrede van 'n ontvangste ondersoek word.

^{15.} Die minderheidsuitspraak in *CIR v Pick 'n Pay Employee Share Purchase Trust* 1992 4 SA 39 (A), 54 SATC 271 is 'n sprekende voorbeeld.

^{16.} Sien hfst 9 par 4.4.4 waar die aanwending van die objektiewe inkomste-riglyn by die realisering van bates oorweeg word.

^{17.} Sien hfst 9 par 8.2 waar die "bedryf van besigheid"-voorvereiste by die toepassing van die "vaste teenoor bedryfskapitaal" riglyn bespreek word.

^{18.} Sien hfst 9 par 4 waar die objektiewe inkomste-riglyn in besonderhede bespreek word.

^{19.} Sien hfst 9 par 9 waar die verskillende aanwendingsmoontlikhede van die substitusie-riglyn oorweeg word.

^{20.} Sien hfst 9 par 6.

^{21.} Sien hfst 9 par 5.

- iii) waar dit vasstaan dat die belastingpligtige 'n besigheid bedryf het en die kwessie is of die bate in die loop van die betrokke besigheid gerealiseer is, die "vaste teenoor bedryfskapitaal"-riglyn;²² en
- iv) waar 'n belastingpligtige die regte realiseer wat hy verkry het deur sy kapitaal of vermoë produktief aan te wend, die substitusie-riglyn.²³

3 TOEPASSINGSPROSES

3.1 Objektiewe inkomste-riglyn

Die maatstaf wat vir die toepassing van die objektiewe inkomste-riglyn oorweeg moet word, is objektief bepaalbaar en die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige speel nie 'n deurslaggewende rol om die aard van die ontvangste te karakteriseer nie. Die grondslag van die riglyn is 'n bepaalde objektiewe aktiwiteit, naamlik die produktiewe aanwending van kapitaal of die arbeid en vernuf van die belastingpligtige. Die verrigting van 'n objektiewe aktiwiteit bring as sodanig mee dat sekere regsgevolge intree vir die belastingpligtige, naamlik die verkryging van bedrae wat inherent inkomste is.²⁴

Dié objektiewe faktore is op sigself deurslaggewend. Die objektief waarneembare maatstaf is bloot of die bedrae uit die produktiewe aanwending van kapitaal ontvang word of uit die arbeid en vernuf van die belastingpligtige verdien word. Dit wil sê, bedrae wat deur die produktiewe aanwending van kapitaal of deur die arbeid en vernuf van die ontvanger verdien word, sal, onafhanklik van die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige, inherent van 'n inkomste-aard en belasbaar wees.²⁵

Daar word weereens beklemtoon dat daar eerstens sekerheid oor die wese van 'n transaksie verkry moet word voor daar vasgestel kan word of die bedrae wat ontvang word die produk van geïnvesteerde kapitaal is of deur die arbeid en vernuf van die ontvanger verdien word. Dié aspek is van kritiese belang vir die suiwer toepassing van die objektiewe inkomste-riglyn. Die rede hiervoor is dat ontvangste kan voortspruit uit 'n sekere tipe transaksie, byvoorbeeld die verkoop van 'n bate of die vervanging van 'n bedrag of bate, waar die toepassing van die objektiewe inkomste-riglyn nie deurtastend genoeg is om die inkomste- of kapitale aard van die ontvangste te bepaal nie.²⁶

²² Sien hfst 9 par 8.5.1.

²³ Sien hfst 9 par 9.6.6 waar die produktiewe aanwending van kapitaal in die kontels van die substitusie-riglyn bespreek word.

²⁴ Sien hfst 9 par 4 waar die objektiewe inkomste-riglyn bespreek word.

²⁵ Sien hfst 9 par 4.1.

²⁶ Sien hfst 9 par 4.4.4 waar die aanwending van die objektiewe inkomste-riglyn by die realisering van 'n bate oorweeg word.

Waar 'n bate nie gerealiseer word nie, soos byvoorbeeld waar 'n beleggingsinstrument teen sigwaarde afgelos word, is dit absoluut noodsaaklik om aanvanklik die objektiewe inkomste-riglyn toe te pas. Die toepassing van die besigheid- of "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn, sonder om te oorweeg of die bedrag wat die belastingpligtige ontvang nie bloot inkomste ingevolge die objektiewe inkomste-riglyn is nie, kan tot 'n verkeerde gevolgtrekking aanleiding gee. Die gevolgtrekking kan verkeerdelik gemaak word dat die premie wat by aflossing ontvang word nie belasbaar is nie omdat die belastingpligtige nie 'n besigheid of 'n skema van winsbejag bedryf het nie. Die premie mag egter van 'n inkomste aard wees omdat dit 'n bedrag is wat uit die produktiewe aanwending van kapitaal voortspruit, nieteenstaande die feit dat 'n besigheid of skema van winsbejag nie bedryf is nie.²⁷

3.2 Besigheid- of "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn

Waar 'n kapitaalbate gerealiseer word, kan 'n belastinggeskil ontstaan indien die Suid-Afrikaanse Inkomstediens die realisasiewins belas. Die realisasiewins sal aan inkomstebelasting onderhewig wees indien dit in die bedryf van 'n besigheid of in die loop van 'n besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n skema van winsbejag gemaak is.²⁸

Om vas te stel of die realisasiewins in die bedryf van 'n besigheid of besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n skema van winsbejag gemaak is, voorveronderstel 'n oorweging van die subjektiewe ingesteldheid van die belastingpligtige. Die relevante subjektiewe ingesteldheid wat oorweeg moet word is die doel van die belastingpligtige. Die doel van 'n belastingpligtige²⁹ verskaf 'n verduidelikende rede waarom hy 'n bepaalde handeling verrig. Hierdie verduidelikende rede is toekomsgerig en het betrekking op 'n feitestel wat die belastingpligtige beoog om tot stand te bring deur sekere stappe te neem of sekere metodes of middele aan te wend.³⁰ Die doel van die belastingpligtige met die bate moet oorweeg word by die aankoop van die bate, gedurende die tydperk wat die bate gehou is asook op die tydstip wat die bate gerealiseer is.³¹

^{27.} Sien hfst 9 par 4.4.5. vir 'n meer volledige bespreking van die toepassing van die objektiewe inkomste-riglyn by die realisering en aflossing van finansiële instrumente.

^{28.} Die besigheid-riglyn word aangewend waar daar 'n reeks besigheidstransaksies is wat die nodige kontinuïteit daarstel vir die bedryf van 'n besigheid. Daarteenoor kan 'n besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n skema van winsbejag ook ten opsigte van 'n enkele besigheidstransaksie uitgevoer word.

^{29.} Die begrip "doel" het betrekking op die subjektiewe ingesteldheid van 'n individu. Om dié rede is dit by 'n nie-natuurlike persoon nodig om die doel van die persone wat die besluite neem te oorweeg.

^{30.} Sien hfst 10 par 3.2 waar die relevante tipe subjektiewe ingesteldheid bespreek word.

^{31.} Sien hfst 9 par 7 waar die subjektiewe grondslag van die besigheid-riglyn en die "besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n winsbejagskema"-riglyn bespreek word.

Die doel wat oorweeg word verwys nie na die objektiewe doel wat aan 'n transaksie toegeskryf kan word deur op 'n abstrakte wyse die feitestel in oorweging te beoordeel nie. Die premis wat die objektiewe doel-benadering ten grondslag lê, is die klassifikasie van die handeling wat die belastingpligtige verrig het. Indien die belastingpligtige sekere handeling op 'n sekere wyse verrig en dit ooreenstem met daardie tipe handeling wat gewoonlik kenmerkend aan die soort besigheid is wat na bewering bedryf word, sal hy geag word om 'n besigheid te bedryf ongeag of hy ten doel het om 'n besigheid te bedryf.³²

Die relevante doel het betrekking op die doel waarvoor die belastingpligtige 'n handeling of aktiwiteit verrig het. Die doel om 'n besigheid te bedryf of 'n besigheidsbedrywigheid in die uitvoering van 'n skema van winsbejag aan te gaan, verwys na die resultaat of doelwit wat die belastingpligtige wil bereik.³³

